# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

# SAKELYS

## vir die

# VEERTIENDE SINODE

## gehou te Pretoria

01 September tot 04 September 2013

**VERTROULIK!**

***Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat die Sinode oor sake daarin besluit het nie***

**SAAMGESTEL DEUR DIE SENTRALE KERKEKOMMISSIE**
**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

**Uitleg:** Sentrale Kerkekommissie

**Gedruk & gebind deur:** Exutate Facilitation (Pty) Ltd

Kontakno.: 082 932 8400
Faks: 086 764 9210
E-pos: riaan@exutate.co.za

# INHOUDSOPGAWE

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| **1.** | **VOORWOORD** | | **i** |
| **2.** | **ORDEREËLINGS** | | **ii** |
| **3.** | **DAGPROGRAM** | | **iii** |
| | | | |
| | **VERSLAE VAN** | | |
| | | | |
| **4.** | **SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)** | | **1** |
| 4.1 | Bylae SKK1 | Reiskoste van reisende leraars………………………………………………………….......... | **13** |
| 4.2 | Bylae SKK2 | Bedieningswerk – hulp aan gemeentes……………………………………………………….. | **15** |
| 4.3 | Bylae SKK3 | Emeritushulpfonds..…………………………………………………………………………… | **17** |
| 4.4 | Bylae SKK4 | Groeteboodskappe..…………………………………………………………………………… | **18** |
| 4.5 | Bylae SKK5 | Verslag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA).......………………………………….... | **20** |
| | | | |
| **5.** | ***AD HOC*-KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING** | | **25** |
| | | | |
| **6.** | **KURATORIUM (KUR)** | | **26** |
| 6.1 | Bylae Kur1 | Beweging Teologiese Studiefondse 2010-2012.............................................................................. | **35** |
| | | | |
| **7.** | **KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF (KKa)** | | **36** |
| 7.1 | Bylae KKa1 | Stukke van gemeentes ontvang 2010-2012.................................................................................. | **41** |
| 7.2 | Bylae KKa2 | In Memoriam................................................................................................................................. | **47** |
| | | | |
| **8.** | **KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPLEIDING (KOO)** | | **53** |
| | | | |
| **9.** | **GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK)** | | **54** |
| 9.1 | Bylae GKK1 | Name van gemeentes m.b.t. 15%...………………………………………………………….... | **71** |
| 9.2 | Bylae GKK2 | Ooreenkoms tussen die Sinode van AP Kerk en die Raad van die AP Akademie..……………… | **72** |
| 9.3 | Bylae GKK3 | Geouditeerde finansiële jaarstate 2012...…………………………………………………….... | **77** |
| 9.4 | Bylae GKK3.1 | Verslag van ouditeure 2010 en 2011...………………………………………………………… | **93** |
| 9.5 | Bylae GKK3.2 | Meting van werklike bedrae teen begroting 2010-2012....…………………………………………… | **97** |
| 9.6 | Bylae GKK3.3 | Kommissiewerk 2010-2012.....……………………………………………………………….. | **100** |
| 9.7 | Bylae GKK4 | Begroting 2014...............................................…………………………………………… | **101** |
| 9.8 | Bylae GKK4.1 | GKK-Begroting 2014.........................…………………………………………………………… | **102** |
| 9.9 | Bylae GKK4.2 | Pk.-Begroting 2014......……………………………………………………………………… | **103** |
| 9.10 | Bylae GKK4.3 | Pk. – Die Boodskapper-Begroting 2014......................................................................................... | **104** |
| 9.11 | Bylae GKK4.4 | SKK-Begroting 2014........................................................................................................................ | **105** |
| 9.12 | Bylae GKK4.5 | Reiskostebegroting vir kommissies 2014......................................................................................... | **106** |
| | | | |
| **10.** | **KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV)** | | **107** |
| | | | |
| **11.** | **KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS)** | | **111** |
| 11.1 | Bylae KKS1 | Egskeiding en Status......................................................................................................................... | **169** |
| | | | |
| **12.** | **KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE)** | | **177** |
| | | | |
| **13.** | **PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.)** | | **199** |
| 13.1 | Bylae Pk.1 | Verslag oor DIE BOODSKAPPER en die Jeugblaaie....…………………………………………………… | **205** |
| | | | |
| **14.** | **AFDELING B: VERSLAG VAN DIE RAAD (APA)** | | **209** |
| 14.1 | Bylae APA1 | Stand van fondse 2010-2012........................................................................................................... | **220** |
| 14.2 | Bylae APA2 | Geouditeerde finansiële jaarstate 2012............................................................................................ | **221** |
| 14.3 | Bylae APA2.1 | Verslag van ouditeure 2010 en 2011................................................................................................ | **237** |
| 14.4 | Bylae APA3 | APA Begroting vir 2014...................................................................................................................... | **245** |
| | | | |
| **15.** | ***AD HOC*-KOMMISSIE VIR VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE** | | **246** |
| | | | |
| **16.** | **KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE (KFL)** | | **253** |
| **17.** | **OPENING SINODE – AP AKADEMIE FEESPROGRAM** | | **251** |

# VOORWOORD

Die Veertiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk vind vanjaar weer plaas in die kompleks van AP Kerk Wonderboom. In 2012 kon ons die vyf en twintig jarige bestaan van ons kerkverband vier en vanjaar die vyf en twintigste bestaansjaar van die AP Akademie. Hierdie Sinode staan dus in die teken van dankbaarheid vir alles wat ons uit die hand van die Here ontvang het.

Die omstandighede waaronder ons leef is steeds neerdrukkend en loop oor van probleme. Elke plaaslike gemeente ervaar druk op finansiële terrein terwyl die eise aan ’n ware uitleef van die Bybelse boodskap al dringender word, in ag genome die toenemende aanslag teen die kerk van Jesus Christus. Die Kerk kan nie meer konsentreer op die instandhouding van gemeentestrukture nie. Die aanslag vereis dat die kerk ’n missionêre ingesteldheid moet navolg sodat die boodskap van hoop gehoor sal word. Die uitdagende houding van die vyande van die Christendom en toenemende verflouing binne kerke, roep ons op tot daadwerklike aksie. Paulus skryf aan Timotheüs: *...verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering...* (2 Tim. 4:2).

Ons leef in ’n land met ongelowiges oral om ons en die geleentheid om hierdie oproep uit te leef is moontlik en noodsaaklik. Na vyf en twintig jaar van vestiging is dit tyd dat ons doelgerig fokus op die opdrag van Jesus Christus in Mt. 28:20: *Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies…*

Mag die besluite van Sinode 2013 getuig van gehoorsaamheid aan die Woord en ons dankbaarheid vir alles wat ons die afgelope vyf en twintig jaar ontvang het.

**Praktiese reëlings**

Afgevaardigdes word op die volgende belangrike sake gewys:

1. Om ’n **kopie van Omsendbrief 2 van 7 Maart 2013** by hulle skribas te bekom en hulle **vertroud te maak met die belangrike inligting daarin.**

2. Om die inhoud van hierdie **SAKELYS as vertroulik te beskou** totdat die Sinode dit afgehandel het en om dit **vooraf aandagtig te bestudeer** aangesien die inhoud tydens die Sinode as gelese beskou sal word.

3. Om ’n **Bybel, PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK** en ’n eksemplaar van die **KERKORDE 2012** saam te bring na die Sinode.

4. Om die ***Ordereëls vir kerklike vergaderings* op bl. 65-72 in die KERKORDE 2012** aandagtig te lees sodat elke afgevaardigde daarvolgens kan optree (dit sal as gelese beskou word by die aanvang van die Sinode).

5. Om onderling te reël dat ná afloop van die Sinode, en ná ontvangs van die **HANDELINGE**, **een afgevaardigde uit elke gemeente sy volledige stel sinodestukke aan die kerkraad vir bewaring en naslaandoeleindes sal oorhandig.**

6. Om **gereeld voorbidding** vir die komende Sinode **te doen**.

Elke afgevaardigde word ’n veilige reis en geseënde deelname aan die Sinode toegebid.



**IZAK BRINK**
(VOORSITTER SKK)

# ORDEREËLINGS

1. Opening met Skriflesing, sang en gebed deur afgevaardigde predikant wat die oudste in jare is (Bep. 41E): prof. FAH van Staden.

2. Waarnemende voorsitter ooreenkomstig Bepaling 41E – voorsitter van vorige Sinode: prof. IA Brink.

3. Waarnemende skriba en hulpskriba totdat skribas verkies is: di. A Hough en HSW Strauss.

4. Verwelkoming deur

   4.1 waarnemende voorsitter;
   4.2 voorsitter, kerkraad AP Kerk Wonderboom.

5. Verslag van Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe.

6. Konstituering.

7. Aanwysing van stemopnemers en -tellers.

8. Kennisname van ordereëls vir kerklike vergaderings (bl. 65-72 in Kerkordeboek 2012) – word as gelese beskou.

9. Verkiesing (Art. 40 en Bepaling 41B en 41F).

10. Benoeming van tydelike kommissies (indeling deur SKK volgens voorkeure en bekwaamhede van afgevaardigdes vooraf op Vorm SIN.3 aangedui). Volgens besluit van die vorige Sinode bestaan tydelike kommissies uit hoogstens 20 lede en alle afgevaardigdes kan dus nie ingedeel word nie.

11. Vasstelling van Sakelys.

12. Goedkeuring van dagprogramme.

13. Broederlike gesprek o.l.v. AP Akademie – Dosente van AP Akademie

14. Verslae van permanente kommissies.

15. Verslae van tydelike kommissies:

| | |
|---|---|
| TKKS | Kerkregtelike Sake |
| TGKK | Finansies (GKK) |
| TKJV | Jeug en Verbondsonderrig |
| TKOO | Onderwys en Opvoeding |
| TKA | Kerkargief |
| TKFL | Formuliere en Liturgie |
| TKKCE | Kerkleer en Christelike Etiek |
| TKB | Besluiteregister van sinodale besluite vir aandag van kerkrade en ringe |
| TKM | Mediaskakeling |
| TKR | Ringsindeling van gemeentes |
| TKV | Verlofaansoeke |
| TKN | Notule (Verwerking en nasien) |
| TKG | Geloofsbriewe |
| TKP | Publikasies en literatuurbekendstelling |
| TKS | Stemtellers |
| TKK | Samestelling van permanente kommissies |

16. Konstituering van permanente kommissies.

17. Verkiesing van Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK):

    - Vier ouderlinge plus sekundi deur die Sinode verkies.
    - Een lid met sekundus uit elk van die volgende sinodale kommissies uit eie geledere benoem: die Sentrale Kerkekommissie (SKK) en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS).
    - Die Rektor van die Afrikaanse Protestantse Akademie of sy verteenwoordiger.
    - (Die Direkteur, administrateur en rekenmeester van die Sentrale Kerkkantoor-personeel dien in adviserende hoedanigheid.)

18. Bedankings.

19. Mosies.
20. Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed.
21. Spreekbeurte: Verteenwoordiger van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
    Argivaris: ds. AS van Staden.
    Publikasies: dr. CA Swanepoel

# DAGPROGRAM

## LET WEL

**1. Die verrigtinge van die Sinode is geslote vir die openbare media totdat die vergadering anders daaroor besluit.**

**2. Indien ’n afgevaardigde vanweë dringende omstandighede vir ’n tydperk afwesig moet wees uit die vergadering moet hy betyds – minstens die vorige dag voor 16:00 – by die Verlofkommissie op die voorgeskrewe vorm aansoek doen.**

**3. Afgevaardigdes word versoek om 10 minute voor die aanvang van sittingstye hulle plekke in te neem vir samesang uit die PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK.**

**4. Afgevaardigdes word versoek om selfone tydens die sinodesitting af te skakel.**

**5. Afgevaardigdes wat ná 09:00 op Maandag 2 September registreer, sal nie stemreg hê alvorens ’n tweede verslag later deur die Sinode behandel is nie.**

**6. Die volgende aanbeveling raak die konstituering van die Sinode:**

**6.1 Die Sinode besluit dat die genoemde gemeentes nie stemreg vir die Sinode van 02/09/2013 tot 04/09/2013 sal hê nie. (Kyk Aanbeveling 11.3 GKK-verslag en Bylae GKK1.)**

## SONDAG 1 SEPTEMBER 2013

| | | |
|---|---|---|
| Opening: | 18:00 | Waargeneem deur AP Akademie (1988-2013), Ned. Herv. Kerk Wonderboom. |
| | | Orreluitvoering en Sangfees |

## MAANDAG 2 SEPTEMBER 2013

| | | |
|---|---|---|
| 07:00 – 09:00 | Registrasie: 1. vir Sinode | |
| | 2. vir verblyf | |
| 09:00 – 10:00 | Kommissie vir Geloofsbriewe stel ná die eerste registrasie verslag op | |
| | Samesang o.l.v. ds. SA Roets | |
| 10:00 – 11:30 | Opening: prof. FAH van Staden | 10:00 – 10:10 |
| | Verwelkoming: waarnemende voorsitter | 10:10 – 10:20 |
| | Verwelkoming: plaaslike kerkraad | |
| | Verslag oor Geloofsbriewe | 10:20 – 11:00 |
| | Konstituering | 11:00 – 11:05 |
| | Aanwysing van stemopnemers en -tellers | 11:05 – 11:15 |
| | Kennisname van Ordereëls | |
| | Verkiesing van voorsitter | |
| | Benoeming van Tydelike Kommissies | |
| | (tydelike kommissies konstitueer wanneer opdragte na hulle verwys is) | |
| 11:30 – 13:00 | Verslag SKK (1 uur 30 min.) | |
| | Tafelgebed | |
| 13:00 – 14:00 | Middagete | |
| | Samesang o.l.v. ds. L Lubbe | |
| 14:00 – 14:05 | Aankondigings | |
| 14:05 – 15:15 | Verslag SKK (1 uur 10 min. – totaal 2 uur 40 min.) | |
| 15:15 – 16:30 | Verslag *Ad hoc*-kommissie vir advies en leiding (lewer en voltooi 15 min.) | |

| | |
|---|---|
| 15:30 – 16:00 | Koffietyd |
| | Samesang o.l.v. ds. DJ Malan |
| 16:00 — 17:30 | Verslag KUR (lewer en voltooi – 1 uur 30 min.) |
| | Tafelgebed |
| 17:30 — 18:30 | Aandete |
| | Samesang o.l.v. ds. WJ Malan |
| 18:30 — 19:00 | Verslag KKa (lewer en voltooi 30 min.) |
| 19:00 — 20:15 | Broederlike gesprek – Die Gereformeerde karakter van die AP kerkverband in die lig van die Kategismus 450 jaar – prof. JAE Adendorff |
| 20:15 — 21:00 | Verslag KOO (lewer en voltooi 45 min.) |
| 21:00 | Verdaging. |

## DINSDAG 3 SEPTEMBER 2013

| | |
|---|---|
| 07:00 — 08:00 | Ontbyt |
| | Samesang o.l.v. ds. MJ Mattheus |
| 08:00 — 08:20 | Bidstond – afgevaardigde ouderling AP Kerk Witbank |
| 08:20 — 08:30 | Aankondigings en reëlings |
| 08:30 — 10:30 | Verslag GKK (2 ure) |
| 10:30 — 11:00 | Teetyd |
| | Samesang o.l.v. ds. PJ Möller |
| 11:00 — 12:00 | Verslag GKK (1 uur – totaal 3 uur) |
| 12:00 — 12:50 | Verslag KJV (50 min. – lewer en voltooi) |
| 12:50 – 13:00 | Boekebekendstelling tydens uitdeel van notule – aankondigings |
| | Tafelgebed |
| 13:00 — 14:00 | Middagete |
| | Samesang o.l.v. ds. MG Müller |
| 14:00 — 15:50 | Verslag KKS (1 uur 50 min.) |
| 15:50 — 16:00 | Aankondigings |
| 16:00 — 16:30 | Koffietyd |
| | Samesang o.l.v. ds. K Myburgh |
| 16:30 — 17:30 | Verslag KKS (1 uur – totaal 2 uur 50 min.) |
| 17:30 — 17:40 | Media verslag |
| 17:40 — 17:50 | Behandeling van notule |
| 17:50 — 18:00 | Verlofaansoeke en aankondigings |
| | Tafelgebed |
| 18:00 — 19:00 | Aandete |
| | Samesang o.l.v. ds. PJL Olivier sr. |
| 19:00 — 20:30 | Verslag KKCE (1 uur 30 min. – lewer en voltooi) |
| 20:30 | Verdaging |
| | Tydelike kommissies vergader |

## WOENSDAG 4 SEPTEMBER 2013

| | |
|---|---|
| 07:00 — 08:00 | Ontbyt |
| | Samesang o.l.v. ds. DE Pretorius |
| 08:00 — 08:20 | Bidstond – afgevaardigde ouderling AP Kerk Zeerust |

| | |
|---|---|
| 08:20 – 08:30 | Aankondigings en reëlings |
| 08:30 – 10:00 | Verslag Pk. (1 uur 30 min. – lewer en voltooi) |
| 10:00 – 10:30 | Verkiesing GKK lede en APA Raadslede |
| 10:30 – 11:00 | Teetyd |
| | Samesang o.l.v. ds. RJ Pretorius |
| 11:00 – 12:00 | Verslag Tydelike kommissies (1 uur) |
| 12:00 – 12:50 | Behandeling van Appèlsake (50 min.) |
| 12:50 – 13:00 | Boekbekendstelling, uitdeel van notule, aankondigings |
| | Tafelgebed |
| 13:00 – 14:00 | Middagete |
| | Samesang o.l.v. ds. LE Prinsloo |
| 14:00 – 15:00 | Verslag Bybelgenootskap (1 uur) |
| 15:00 – 15:50 | Verslag Raad van die APA (50 min.) |
| 15:50 – 16:00 | Aankondigings |
| 16:00 – 16:30 | Koffietyd |
| | Samesang o.l.v. ds. NJ Rautenbach |
| 16:30 – 17:15 | Verslag Ad hoc-kommissie VBO (45 min.) |
| 17:15 – 17:30 | Mediaverslag, behandeling van notule, verlofaansoeke, aankondigings |
| 17:30 – 18:00 | Verslag Tydelike kommissies en konstituering van Permanente kommissies |
| | Tafelgebed |
| 18:00 – 19:00 | Aandete |
| | Samesang o.l.v. ds. C Rautenbach |
| 19:00 – 19:10 | Verslag KFL (10 min.) |
| 19:10 – 20:30 | Laaste mediaverslag, *Censura morum*, Dankbetuigings deur ondervoorsitter, Mosies, Afsluiting, Skriflesing, sang, gebed. |
| | Daarmee eindig die Sinode van 2013. |

## TYDTOEDELING

| | |
|---|---|
| SKK | 2 ure 40 min. |
| *Ad hoc*-kommissie Advies en leiding | 15 min. |
| KUR | 1 uur 30 min. |
| KKa | 45 min. |
| KOO | 45 min. |
| GKK | 3 ure. |
| KJV | 50 min. |
| KKS | 2 ure 50 min. |
| KKCE | 1 uur 30 min. |
| Pk. | 1 uur 30 min. |
| Bybelgenootskap | 1 uur |
| KFL | 10 min. |
| Tydelike kommissies | 2 ure 25 min. |
| Appèlsake | 50 min. |
| *Ad hoc*-kommissie VBO | 45 min. |
| Die Afrikaanse Protestantse Akademie | 50 min. |
| **Totaal** | **21 ure 35 min.** |

# VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)
## Tydperk: 3 September 2010 tot 12 April 2013

## 1. PERSONEEL

Primarii: Prof. IA Brink (voorsitter), prof. JAE Adendorff (onder-voorsitter), ds. HSW Strauss (skriba), ds. PJ Möller, ds. A Boshoff jr., ds. A Hough.

Sekundi: Prof. SD Nel, ds. IP du Preez, prof. J Bosman.

Ds. PJ Möller was aangewys om die SKK op die GKK te verteenwoordig en ds. A Hough as sekundus.

## 2. VERGADERINGS

Dertien vergaderings is in die tydperk gehou en wel op: 02/09/10, 22/09/10, 04/02/11, 15/04/11, 29/07/11, 14/10/11, 17/02/12, 20/04/12, 03/08/12, 27/09/12, 19/10/12, 15/02/13 en 19/04/13.

## 3. SINODALE OPDRAGTE 2010

Die SKK het die volgende opdragte ontvang en uitgevoer soos by elk vermeld:

### 3.1 STEMREG (HANDELINGE 2010, bl. 226, pt. 6.2)

*2010-AANBEVELING GOEDGEKEUR*

*6.2 Die Sinode keur goed dat afgevaardigdes van oorsese gemeentes in hoogs uitsonderlike gevalle via die internet kan registreer vir deelname aan die Sinode met keurstem. Die koste van sodanige skakeling is vir koste van die plaaslike gemeente. Die SKK moet voor die aanvang van die Sinode oor elke sodanige geval, die omstandighede ondersoek en 'n aanbeveling aan die Sinode voorlê.*

Die SKK het geen aansoeke ontvang nie.

### 3.2 BEDIENING AAN LIDMATE IN DIE BUITELAND (HANDELINGE 2010, bl. 227, pt. 3.1.1-3.1.2)

*2010-AANBEVELING GOEDGEKEUR:*

*3.1.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om steeds weë te ondersoek om lidmate wat in die buiteland woon, te bedien.*

*3.1.2 Die Sinode neem kennis van The Independent Church of Francistown se versoek aan die SKK tot engere korrespondensie. Die Sinode gee die SKK opdrag tot verdere samesprekings, soos versoek, ook met die oog op 'n moontlike ooreenkoms tot bedieningshulp.*

Die SKK gee deurlopend aandag aan sulke versoeke. Versoeke is ontvang van indiwidue uit Australië, Kanada en Botswana. Ná ondersoek wil dit voorkom of daar in Botswana met bediening gehelp sal word.

**AANBEVELINGS**

**3.2.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om steeds weë te ondersoek om lidmate wat in die buiteland woon, te bedien.**

**3.2.2 Die Sinode neem kennis dat AP Kerk Dendron 'n leraar beroep met opdrag bediening in *The Independent Church of Francistown* en ander Afrikaners in Botswana.**

### 3.3 WEBBLAD VAN DIE AP KERK (HANDELINGE 2010, bl. 227, pt. 3.3.1)

*2010-AANBEVELING GOEDGEKEUR:*
*3.3.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om ondersoek te doen hoe lidmate wat in die buiteland of in Suid-Afrika op afgesonderde plekke woon, deur middel van die webblad bedien kan word.*

Die SKK is deurlopend met die ontwikkeling van die webblad besig. Heelwat administratiewe koste word hierdeur bespaar. Tans word die webblad ook gebruik vir die bediening van lidmate in die buiteland en in Suid-Afrika. Die SKK het 'n ateljee ingerig om opnames van preke en kort boodskappe te maak en op die webblad te plaas vir gebruik deur gemeentes en lidmate. Die administrasie van die webblad word nou behartig deur 'n personeellid in die Kerkkantoor. Ondersoek is ook gedoen om Woordverkondiging deur middel van elektroniese middele na klein gemeentes te herlei vanuit gasheergemeentes sodat Woordbediening deur 'n leraar elke Sondag in vakante gemeentes kan plaasvind.

**AANBEVELINGS**

**3.3.2 Die Sinode dra dit aan die SKK op om voort te gaan met die ontwikkeling van die webblad sodat dit ook vir bediening gebruik kan word.**

**3.3.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor kerkrade wat reeds eredienste herlei na vakante gemeentes.**

**3.3.4 Die Sinode wys kerkrade daarop dat hulle met die SKK in verbinding kan tree vir meer inligting as hulle 'n behoefte het aan elektroniese bediening.**

### 3.4 KONVENT VAN REFORMATORIESE KERKE (HANDELINGE 2010, bl. 227, pt. 3.4.1)

*2010-AANBEVELING GOEDGEKEUR:*
*3.4.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om met waarnemerstatus by die Konvent aan te bly.*

Aangesien die 2011- en 2012-vergaderings van die Konvent in Kaapstad gehou was, is daar verskoning aangeteken. Die 2013-vergadering in Johannesburg is deur prof. JAE Adendorff en ds. A Boshoff jr. bygewoon. Kontak is behou met die Parlementêre Lessenaar en waardevolle inligting is also bekom.

**AANBEVELING**

**3.4.2 Die Sinode dra dit aan die SKK op om met waarnemerstatus by die Konvent aan te bly.**

### 3.5 SANGFEES 25 STE BESTAANSJAAR (HANDELINGE 2010, bl. 227, pt. 3.6.1)

*2010-AANBEVELING GOEDGEKEUR:*
*3.6.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om te oorweeg of 'n sangfees in 2012 rondom die 25ste bestaansjaar van die AP kerkverband gehou kan word.*

Die SKK het in die verslagtydperk 'n feesnaweek, 21-23 September 2012 met die titel *Want as ek swak is* aangebied. Op Vrydag 21/09 is 'n sangfees by Unisa aangebied. Op 22/09 het 'n baie geslaagde besprekingsforum plaasgevind by die AP Akademie, waarna 'n dinee die aand plaasgevind het. Op Sondag 23/09 is 'n gesamentlike erediens gehou.

**AANBEVELING**

**3.5.1 Die Sinode keur die optrede van die kommissie goed.**

### 3.6 ONTMOET DIE AP KERK (HANDELINGE 2010, bl. 280, pt. 152.1)

*2010-AANBEVLING GOEDGEKEUR:*

*152.1 Die Sinode verwys die publikasie na die SKK en Pk. om dit te hersien. Kerkrade het die geleentheid om voorstelle in te dien voor einde Januarie 2011. Die finale hersiene weergawe moet weer aan die sinode voorgelê word vir finale goedkeuring.*

Die SKK het 'n aantal voorstelle van kerkrade ontvang. Daar was ook kerkrade wat ná die sperdatum gereageer het. Al die skrywes is deur die SKK hanteer.

**AANBEVELING**

**3.6.1 Die Sinode besluit om te volstaan met die publikasie *Ontmoet die APK,* in sy huidige formaat.**

### 3.7 SKRIFLIG OP KERK EN VOLK (HANDELINGE 2010, bl. 280, pt. 152.2)

*2010-AANBEVELING GOEDGEKEUR:*

*152.2 Die Sinode benoem die SKK en die Pk. om Skriflig op Kerk en Volk te hersien. Ander kundiges mag gekoöpteer word. Die hersiene weergawe van die publikasie moet eers weer aan die sinode voorgelê word vir goedkeuring.*

Die SKK het in oorleg met die Pk. besluit om nie op die oomblik hersiening van *Skriflig op Kerk en Volk* te doen nie.

**AANBEVELING**

**3.7.1 Die Sinode neem kennis dat 'n hersiening van die publikasie *Skriflig op Kerk en Volk* nie nou voortgaan nie.**

### 3.8 BYBELVERTALING (HANDELINGE 2010, bl. 232, pt. 4.2.5-4.2.6)

*2010-AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:*

*4.2.5 Die Sinode dra dit aan die AP Kerkafvaardiging by die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek op om die AP kerkverband se oortuiging rakende Skrifgesag aan die kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling in Afrikaans (KABA) te stel. Verder besluit die Sinode dat die AP Kerk se vertalers en afvaardiging na KABA konsekwent die standpunt sal handhaaf dat die ganse Heilige Skrif deur God geïnspireer is.*

*4.2.6 Die Sinode gee opdrag dat die AP Kerkafvaardiging by die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek nie uit die projek moet onttrek nie, selfs al sou KABA nie bereid wees om die standpunt, soos in punt 3.9.2 hierbo gestel, te aanvaar nie. Sodoende kan ons voortdurend getuienis lewer rakende die feit dat die ganse Skrif deur God geïnspireer is.*

Die SKK en die verteenwoordigers op KABA het die standpunte van die Sinode aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika oorgedra. Daar bestaan begrip en respek vir die standpunte van die AP Kerk. Daar is 'n bereidheid om ons te akkommodeer en 'n vertaling met behoud van hoofletters vir die verwysing na Jesus Christus uit te gee.

**AANBEVELING**

**3.8.1 Die Sinode neem kennis van die bereidheid van KABA om die standpunte van die AP Kerk te ontmoet en spreek sy dank uit teenoor die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.**

### 3.9 TUSSEN-KERKLIKE RAAD (HANDELINGE 2010, bl. 229, pt. 10.1-10.2)

*2010-AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:*

*10.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om tussen-kerklike gesprekke voort te sit en indien nodig, kundige persone te koöpteer.*

*10.2 Die Sinode keur goed dat die SKK wanneer daartoe uitgenooi, die vergaderinge van die TKR kan bywoon om gemeenskaplike sake te bespreek.*

Die SKK het geen uitnodiging van die TKR ontvang om vergaderings by te woon nie. Op briewe na die GKSA en die NGK oor gesprek is geen antwoorde ontvang nie.

**AANBEVELING**

**3.9.1 Die Sinode neem kennis van die optrede van die SKK.**

**3.10 AFSNYDATUM VIR ONTVANGS VAN STUKKE VIR SINODE** (HANDELINGE 2010, bl. 235, pt. 4.11.1)

*2010-AANBEVELING GOEDGEKEUR:*
*4.11.1 Die Sinode besluit dat die afsnydatum vir die ontvangs van beskrywingspunte en beswaarskrifte vir die Sinode nie later as 30 Desember van die voorafgaande jaar by die SKK sal wees. Die saak word na die SKK verwys vir oorweging.*

Die SKK het die afsnydatum vir beswaarskrifte en beskrywingspunte na die Sinode oorweeg. Ringe reageer oor die algemeen tydens die ringsitting direk voor die Sinode en is nie gereed om op 30 Desember stukke in te stuur nie. Indien betyds deur kommissies begin word met die opstel van verslae en al die lede saamwerk, kan die verslae met die tyd tot hulle beskikking steeds betyds wees.

**AANBEVELINGS**

**3.10.1 Die Sinode besluit om te volstaan met die tydskedule vir die indien van stukke vir ’n sinodesitting soos die SKK dit reël.**

**3.10.2 Die Sinode besluit om die volgende sinodesitting in 2017 te hou en daarna vierjaarliks.**

**3.10.3 Die Sinode besluit om sy verteenwoordigers op rade buite die Sinodale verband aan te wys totdat die volgende Sinode konstitueer.**

3.10.4 Motivering

Die Sinode se werk word elke sitting in ’n korter tyd afgehandel omdat daar minder verslae op die tafel kom. Die kerkverband funksioneer gesond en sy Kerkorde is in plek. Die stygende kostes vir plaaslike gemeentes maak dit ook nodig dat daar elke vier in plaas van drie jaar vergader word. Indien die sinodesitting in 2017 gehou word, val dit saam met die 500 jarige herdenking van die Hervorming van 1517.

**3.11 DIE OPENINGSREDE BY ’n SINODE** (HANDELINGE 2010, bl. 227, pt. 3.8)

*2010-AANBEVELING GOEDGEKEUR:*
*3.8 Die Sinode dra dit aan die SKK op om in die beplanning van die volgende sinode die opening van die sinode nie op die Sondagaand te hou nie.*

Die SKK het alle moontlike opsies ondersoek en dit blyk nog steeds die beste te wees dat die opening van die Sinode op die Sondagaand plaasvind.

**AANBEVELING**

**3.11.1 Die Sinode neem kennis dat die opening van die Sinode deur die AP Akademie waargeneem is as deel van die viering van hulle 25 ste bestaansjaar.**

### 3.12 WOORDE VAN PSALMS EN GESANGE OP LASERSKYF (HANDELINGE 2010, bl. 228, pt. 3.11.1)

*2010-VOORSTEL GOEDGEKEUR:*

*3.11.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om voort te gaan met die verkryging van die nodige regte om die woorde van die PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK op laserskryf te plaas vir gebruik met digitale borde asook vir die samestelling van 'n konkordansie.*

Die SKK het by NG Kerk Uitgewers (die kopiereghouer) aansoek gedoen om die nodige regte te bekom vir die samestelling van 'n konkordansie van die PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK en om die woorde op laserskyf te plaas vir gebruik met digitale borde. Die SKK het sy aansoek ook aan *Christian Copyright Licensing* gerig. Hulle het die saak ook aan NG Kerk Uitgewers voorgelê. Goedkeuring om met die Konkordansie voort te gaan, is verkry en die Konkordansie sal binnekort verskyn in boekvorm en op laserskyf.

**AANBEVELINGS**

**3.12.1 Die Sinode neem kennis van die verskyning van die Konkordansie en spreek sy dank uit teenoor student H Dafel wat die werk onder leiding van prof. J Bosman gedoen het.**

**3.12.2 Die Sinode neem kennis dat Bybel Media die *PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK* vir gebruik op digitale borde opgestel het en dit versprei. 'n Lisensie moet steeds by CCLI bekom word.**

### 3.13 KERKLIKE HUWELIKSBEVESTIGING (HANDELINGE 2010, bl. 228, pt. 3.13.1-3.13.2)

*2010-AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:*

*3.13.1 Die Sinode keur die verslag goed en besluit om die kerklike verbintenisse van mense, sonder 'n huwelik soos deur wetgewing vereis, nie goed te keur nie.*

*3.13.2 Die Sinode keur goed dat die SKK met ander denominasies onderhandel om die saak verder te hanteer.*

Die SKK het die saak met ander kerke opgeneem, maar hulle het nie 'n mening hieroor gehuldig nie. Slegs die NHK het die saak ondersoek, maar geen besluite is geneem nie. Daar is ook geen bewyse voorgelê van enige pensioenfonds wat op hierdie stadium teen vroue diskrimineer wat pensioen uitbetalings aanbetref, ná hertroue nie. Die landswette is verander sodat pensioen nie teruggehou mag word nie.

**AANBEVELING**

**3.13.3 Die Sinode neem kennis van die optrede van die kommissie.**

## 4. STATISTIEK – 2010 tot 2012

| | RINGE | | | GEMEENTES | | | BELYDENDE LIDMATE | | | | DOOPLIDMATE | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2010 | 2011 | 2012 | 2010 | 2011 | 2012 | 2010 | 2011 | 2012 | Verskil '10-'12 | 2010 | 2011 | 2012 | Verskil '10-'12 |
| Tvl. | 17 | 16 | 16 | 108 | 105 | 102 | 19829 | 19691 | 18552 | -1277 | 5092 | 4948 | 4722 | -370 |
| Natal | 2 | 2 | 2 | 10 | 10 | 9 | 702 | 660 | 628 | -74 | 154 | 129 | 117 | -37 |
| OVS | 8 | 8 | 8 | 45 | 44 | 43 | 4970 | 4849 | 4747 | -223 | 1215 | 1189 | 1175 | -40 |
| Kaap | 10 | 10 | 10 | 62 | 62 | 62 | 5507 | 5442 | 5327 | -180 | 1344 | 1240 | 1215 | -129 |
| SWA | 1 | 1 | 1 | 7 | 7 | 7 | 500 | 488 | 494 | -6 | 154 | 127 | 144 | -10 |
| Totaal | 38 | 37 | 37 | 232 | 228 | 223 | 31508 | 31130 | 29748 | -1760 | 7959 | 7633 | 7373 | -586 |
| Verskil '09-'10 | | -1 | | | 0 | | | -1352 | | | | -415 | | |
| Verskil '10-'11 | | | -1 | | | -4 | | | -378 | | | | -326 | |
| Verskil '11-'12 | | | 0 | | | -5 | | | | -1382 | | | | -260 |

Vanaf 2010 tot 2012 het die gemeentes met 9 verminder, terwyl die belydende lidmate met 1760 en die dooplidmate met 586 verminder het.

Die Ringe is soos volg her-ingedeel:

- Ring van Vereeniging
  (Vereeniging, Heidelberg, Vanderbijlpark, Nigel, Balfour, Meyerton, Zoar, Greylingstad). Ring van Heidelberg val weg.
- Ring van Germiston
  (Benoni, Kempton Park, Brakpan, Delmas, Fonteine, Devon, Grootfontein, Kleinfontein, Germiston, Primrose, Alberton, Johannesburg-Suid). Ring van Benoni val weg.
- Ring van Somerset-Oos
  (Grens oorgebring vanaf Ring van Steynsburg).

## 5. GEMEENTES GESTIG EN ONTBIND SEDERT SINODE 2010

Ontbind: Steynsrus (02/06/2009)
Barberton (17/04/2012)
Kriel (31/12/2011)
Vorentoe (31/12/2011)
Zululand (31/01/2012)
Odendaalsrus (dokumente nog nie ontvang nie)
Fochville (25/7/10)
Klerksdorp Sentraal (31/05/13)

Totale aantal gemeentes tans: 222.

**AANBEVELINGS**

**5.1 Die Sinode dra dit aan ringe op om by ontbinding van gemeentes alle tersaaklike dokumente aan die Sentrale Kerkkantoor en Argief deur te stuur.**

**5.2 Die Sinode versoek ringe om sorg te dra dat lidmate van gemeentes wat ontbind het, geestelik versorg sal word.**

## 6. LERAARS EMERITEER

Di. CF Marais (31/01/11)
GP Visser (30/09/11)
NJ Nell (31/10/11)
LA Wiid (29/02/12)
G Smit (31/03/12)
dr. TM Snyman (31/03/12)
ds. PJL Olivier sr. (31/05/12).

## 7. LERAARS UIT DIE BEDIENING

Di. L de Waal (30/06/11)
AS van Staden jr. (29/07/11)
dr. HM Grobler (31/12/11)
ds. SA Roets jr. (31/12/11)
dr. JJ de Bruyn (31/11/11)
di. PS Krige (31/03/12)
MC Adendorff jr. (31/08/12)
BR Torlage (31/08/12)
C van Rooyen (18/03/13)
G Venter (31/05/13).

## 8. LERAARS OORLEDE

Di. OD Scheuer (22/07/10)
MCK Loots (07/10/10)
JA du Plessis (21/01/11)
MJG Botes (07/02/11)
CFW Snyman (03/04/11)
JH Swart (25/04/11)
AJ Kruger (02/05/11)
PL Storm (23/09/11)
FA Grobler (22/07/12)
ZB Loots (31/07/12)
FC Burger (23/11/12)
JH van der Walt (05/01/13)
GJ Hugo (26/04/2013).

## 9. LERAARS TANS IN DIENS

9.1 Leraars toegelaat:
Di. WM Snyman (28/07/11)
S Hoffman (19/10/11)
CN Coetzee, emeritus (17/01/12).

9.2 Voltydse leraars: 92

9.3 Emeriti: 63

## 10. LERAARS WAT REISENDE DIENS GELEWER HET (Bylae SKK1)

Lede van die SKK en ander leraars het verskeie gemeentes, kombinasies en ringe op uitnodiging besoek om te help met bediening of bedienings-beplanning. Dit was egter nie moontlik om aan al die versoeke te voldoen nie. Die behoefte is daar, maar daar is nie voldoende leraars om in die behoefte te voorsien nie.

Ds. S Hoffman het reisende diens verrig voordat hy in AP Kerk Orania bevestig is.
Daar is ongelukkig in baie AP Kerke leraars uit ander kerkverbande wat met bediening help.

Hospitaalbesoeke van lidmate wat uit ander AP gemeentes kom, is in Pretoria deur die Sentrale Kerkkantoor gereël.

**AANBEVELINGS**

**10.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor leraars wat reisende diens gelewer het en in besonder kerkrade wat dit vir hulle leraars moontlik gemaak het.**

**10.2 Die Sinode dra dit aan ringe op om toe te sien dat ouderlingerade van vakante gemeentes, die besluite soos vervat in Bylae SKK1 van die Kerkorde 2012, nakom.**

## 11. PRAKTIESE HULP IN KLEINER GEMEENTES

Die SKK het in 2009 begin om van studente gebruik te maak om die tekort aan leraars in kleiner gemeentes aan te spreek. Studente wat verplig is om praktiese werk te doen, is met finansiële ondersteuning uit die Bedieningsfonds in gemeentes geplaas. Vele gemeentes het egter nie hul weg oopgesien om in die hulp te deel nie.

Die doel van die projek was dus om die bedieningsnood in klein gemeentes aan te spreek, maar ook om studente geleentheid te gee om die gemeentes te leer ken en om die Akademie aan die kerk bekend te stel. Verslag van die werk is van al die kerkrade ontvang.

**AANBEVELINGS**

**11.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die AP Akademie en studente vir die diens wat aan die kerkverband gelewer is.**

**11.2 Die Sinode beveel aan dat vakante gemeentes aan die bedieningsprojek van die SKK en die APA deelneem as die geleentheid hom voordoen.**

## 12. HULPBEHOEWENDE GEMEENTES EN EMERITUS-HULPFONDS (Bylae SKK2 en SKK3)

Die name van gemeentes en die hulp wat hulle ontvang het, word in Bylae 2 verstrek. Die stand van die emeritus-hulpfonds word in Bylae 3 verstrek.

**AANBEVELINGS**

**12.1 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK2.**

**12.2 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK3.**

## 13. GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE

### 13.1 DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Daar het nog nie weer enige gesprekke plaasgevind nie. Op briewe na die GKSA oor gesprek is geen antwoorde ontvang nie.

Ds. JC Gericke het in Januarie 2011 'n groeteboodskap namens die SKK aan die Sinode van die GKSA oorgedra.

### 13.2 REFORMED CHURCH OF THE NORTH SHORE, Auckland, New Zealand (RCNS)

Rev. John Rogers van bogemelde kerk het in Januarie 2012 'n nie-amptelike besoek by die SKK afgelê ter verdere uitbouing van goeie verhoudings. Goeie kontak is behou en baie lidmate uit ons kerkverband word geestelik deur hierdie kerk in New Zeeland versorg.

### 13.3 TUSSEN-KERKLIKE RAAD (TKR)

Daar was nog nie weer 'n uitnodiging aan die SKK gerig vir bywoning nie.

### 13.4 KONFERENSIE VAN GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA (KGKSA)

Geen samesprekings het plaasgevind ná die 2010-sinodesitting nie.

### 13.5 NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Geen amptelike samesprekings is sedert die vorige sinodesitting gehou nie. Op briewe na die NGK oor gesprek is geen antwoorde ontvang nie.

Groeteboodskap is aan die Sinode 2013 van die OVS gestuur en die opening is deur dr. JP Bezuidenhout bygewoon.

### 13.6 NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Geen amptelike samesprekings is gevoer nie, maar hulle nooi afgevaardigdes van die AP Kerk na hulle Algemene Vergaderings. Die Algemene Kerkvergadering van September 2013 kon ongelukkig nie bygewoon word nie, maar 'n groeteboodskap is gestuur.

'n Afvaardiging onder leiding van prof. A Neele van die Nederlands sprekende gemeente, Ebenhaezer van die NHK het die SKK besoek vir 'n verkennende gesprek.

**AANBEVELING**

**13.6.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om gesprekke met ander Christelike kerke voort te sit waar die geleentheid hom voordoen en omstandighede dit vereis.**

## 13.7 GROETEBOODSKAPPE (Kyk Bylae SKK4)

Groeteboodskappe is van die Ned. Gerf. Kerk OVS en Ned. Herv. Kerk van Afrika ontvang. Die GKSA het nie gereageer nie.

**AANBEVELING**

**13.7.1 Die Sinode neem kennis van die groeteboodskappe in Bylae SKK4.**

## 14. SKAKELING MET DIE REGERING

Korrespondensie is onder andere gevoer met die Departement van Binnelandse Sake, Afdeling Huweliksake in verband met die nuwe vereistes vir huweliksbevestigers.

**AANBEVELINGS**

**14.1 Die Sinode beveel by leraars aan om afskrifte te maak van alle reeds voltooide huweliksregisters en in die gemeentelike argief te bewaar.**

**14.2 Die Sinode beveel by leraars aan om in die toekoms afskrifte te maak van alle tersaaklike dokumente ten einde 'n huwelik te registreer en te bewaar vir toekomstige navrae.**

Motivering

Die Sentrale Kerkkantoor kry baie navrae oor huwelike wat nie geregistreer is nie. Sonder die nodige dokumentasie kan nie bewys word dat mense wel getroud is nie. Leraars is soms oorlede of uit die kerkverband wanneer sulke navrae gerig word.

## 15. GESPREK MET TLU SA

Mnr. GJJ van Rensburg en prof. IA Brink het in 2011 en mnr. GJJ van Rensburg in 2012 die kongres van TLU SA bygewoon.

**AANBEVELINGS**

**15.1 Die Sinode verseker TLU SA van sy volgehoue ondersteuning en voorbidding.**

**15.2 Die Sinode neem met leedwese kennis van die toename in geweldsmisdade en in die besonder die talle plaasaanvalle en moorde op boere in ons land.**

**15.3 Die Sinode doen 'n beroep op die owerheid om daadwerklik op te tree in die bestryding van misdaad en die vervolging van misdadigers.**

**15.4 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die spanning op plase wat deur arbeidsonrus veroorsaak word en toekomstige voedselsekerheid ernstig bedreig.**

**15.5 Die Sinode wys die regering daarop dat sy grondherverdelingsprogram aanleiding gee tot onsekerhede in landbou wat voedselsekerheid ernstig kan knou en tot verdere werkloosheid kan lei.**

## 16. MEDIASKAKELING

Kerknuus vir uitsending elke Sondag word gereeld aan die volgende radiostasies gestuur: Radio Pretoria, Radio Lichtenburg en Radio Rosestad. Aangesien CNW nie meer kerknuus uitsaai nie, is berigte aan hulle gestaak. CNW het ook die gebruik van AP Kerk-leraars vir dienste op Radio Sonder Grense gestaak.

Verklarings is uitgereik oor onder meer die Uitsaaiwetsontwerp; Godsdiens in skole; Christelike Vakansiedae; Uitlatings van J Zuma, terwyl briewe van beswaar ook aan instansies gestuur was oor verskeie sake.

**AANBEVELING**

**16.1 Die Sinode versoek kerkrade om kerknuus vir moontlike uitsending oor die radio na die Sentrale Kerkkantoor te stuur.**

## 17. RADIO PRETORIA

Radio Pretoria het nog altyd 'n ope oor vir SKK-verklarings. Die AP kerkverband word by godsdiensuitsendings wat 'n groot diens aan baie lidmate lewer, betrek.

Beswaar is deur die SKK by die Godsdienskomitee van Radio Pretoria gemaak via ons verteenwoordiger op die komitee oor sekere programme wat vanuit ons godsdienstige oortuigings onaanvaarbaar was. Geen reaksie is van Radio Pretoria ontvang nie.

**AANBEVELING**

**17.1 Die Sinode bedank Radio Pretoria vir die diens wat hulle lewer om leraars die geleentheid te gee om die evangelie te verkondig en op ander programme op te tree.**

## 18. KORRESPONDENSIE

Tot en met 19 April 2013 is 610 korrespondensiestukke tydens vergaderings gehanteer. Daarbenewens is baie meer korrespondensie tussen vergaderings afgehandel. Dit is veral korrespondensie deur middel van die internet wat steeds toeneem.

Daar het baie skakeling deur die kantoor plaasgevind ten opsigte van die reël van leraars om by die vakante gemeentes dienste waar te neem. Op 'n paar uitsonderings ná kon die gemeentes gehelp word. Die teologiese studente en emeritusleraars was van groot hulp om hierdie diens te laat vlot.

**AANBEVELINGS**

**18.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van die Sentrale Kerkkantoor vir die hantering van die korrespondensie en skakeling.**

**18.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars en studente wat bereid is om met Woordverkondiging te help in gemeentes waar nood is.**

## 19. SUSTERSWERKSAAMHEDE

Twee konferensies is deur die susters gereël:

- Deo Gloria, AP Kerk Kimberley, 11-13 Oktober 2011. Die tema was *Triomferend Vrou*, as sprekers het opgetree me. L Ernst, mnr. E Jacobs en mnr. R Erasmus.

- Hartenbos, AP Kerk Mosselbaai, 9-11 Oktober 2012. Die tema was *Nietig en tog nuttig,* as sprekers prof. IA Brink, di. MJ Hartzenberg, DFM Cronjé.

Die volgende konferensie sal in 2014 deur AP Kerk Kimberley aangebied word. Die tema sal wees *Jou roeping in die Koninkryk.*

**AANBEVELING**

**19.1 Die Sinode bedank die gemeentes Kimberley en Mosselbaai vir die organisering van die konferensies en moedig kerkrade aan om dit vir hulle susters moontlik te maak om die konferensies by te woon.**

## 20. DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Die SKK het 'n konferensie oor blanke verarming bygewoon wat deur Helpende Hand gereël was. Die omvang van blanke verarming is 'n groot bron van kommer vir die kerk. Toenemende werkloosheid sal in die toekoms al meer uitdagings aan die kerk stel.

**AANBEVELINGS**

**20.1 Die Sinode doen 'n ernstige oproep op diakonieë om aandag te gee aan verarming van Afrikaners in hulle omgewing en daadwerklik op te tree om die krisis af te weer.**

**20.2 Die Sinode roep diakonieë op om moontlike werkverskaffingsprojekte te beplan en waar nodig in ringsverband te organiseer.**

## 21. SINODALE PUBLIKASIES

### 21.1 *ELKEEN ORAL GESTUURDE*

Die SKK het aandag aan die publikasie gegee en geoordeel dat dit opgeneem moet word in die publikasie *JOU ROEPING IN DIE KONINKRYK* wat herskryf moet word. Hierdie publikasie word deur die APA aan sy studente voorgeskryf en so kan die sendingbeleid van die Sinode beter gedien word.

**AANBEVELING**

**21.2 Die Sinode verwys die publikasie na die SKK en Pk. om dit te wysig en finaal af te handel.**

## 22. BESKRYWINGSPUNTE

### 22.1 BESKRYWINGSPUNT: VIERING VAN 500-JARIGE HERDENKING VAN DIE REFORMASIE

Die Ring van Klerksdorp, in sitting 8 Maart 2013 het goedgekeur dat die volgende beskrywings punt ingedien word met die oog op die Sinode 2013:

Die Sinode keur goed dat die Afrikaanse Protestantse Kerk gedurende 2017 die 500-jarige herdenking van die Reformasie feestelik sal herdenk deur die reël van 'n gesamentlike feesgeleentheid en dat gemeentes ook aangespoor sal word om plaaslik herdenkingsfeeste te reël.

Motivering
Die Afrikaanse Protestantse Kerk is 'n Gereformeerde kerk wat die beginsels van die Reformasie voorstaan. Aangesien die Reformasie so 'n belangrike moment in die geskiedenis van die Kerk van Jesus Christus was en dit ook gelei het tot 'n herwaardering en herontdekking van die Heilige Skrif mag hierdie geleentheid nie by 'n kerk van die Reformasie verby te gaan nie.

**AANBEVELING**

**22.1.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om in samewerking met die Kuratorium en die AP Akademie aandag aan die reël van herdenkings geleenthede van die reformasie te gee.**

## 23. VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA (Bylae SKK5)

**AANBEVELINGS**

**Die volgende aanbevelings word vir oorweging aan die vergadering voorgelê:**

**23.1 Die Sinode neem met waardering kennis van die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Bybelgenootskap word opnuut verseker van die AP Kerk se voorbidding en ondersteuning.**

**23.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor alle kerke, kerklike instansies, sakeondernemings en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun het.**

**23.3 Die Sinode versoek kerkrade om plaaslike boekwinkels aan te moedig om Bybels van die Bybelgenootskap in voorraad te hou en moedig hulle aan om toe te sien dat Bybels by kolporteurs beskikbaar is.**

**23.4 Die Sinode versoek kerkrade om alles in hulle vermoë te doen om die bedrag wat die Bybelgenootskap benodig om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel (R36.00 vir 2013), jaarliks per lidmaat direk aan die Bybelgenootskap oor te betaal.**

**23.5 Die Sinode moedig sustersaksies, verbondsonderriggroepe, sakeondernemings en individue aan om by te dra vir Bybelverspreiding.**

**23.6 Die Sinode moedig kerkrade aan om promosiemateriaal, wat gratis op aanvraag by die Bybelgenootskap beskikbaar is, as hulpmiddels te gebruik om die Bybelgenootskap bekend te stel en fondse daarvoor in te samel.**

**23.7 Die Sinode benoem 2 lede op die Algemene Jaarvergadering van die BSA wat die AP Kerk sal verteenwoordig tot die volgende sinode. Net een persoon moet 'n leraar wees.**

# BYLAES VAN DIE SKK

**BYLAE SKK1**

## AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
## REISENDE LERAARS EN STUDENTE – REISKOSTE
## Verslag vir die tydperk: 1/04/2010 TOT 31/12/2012

| LERAAR | GEMEENTE BESOEK | MAAND | KOSTE |
|---|---|---|---|
| | | | |
| **2010** | | | **R** |
| Ds. HSW Strauss | Philippolis/Jagersfontein | April | 5 877.00 |
| Prof. JAE Adendorff | Independent Church of Francistown – | | |
| | Botswana | Julie | 4 027.38 |
| WA Jooste | Clanwilliam | Oktober | 4 212.00 |
| R Combrinck Hopetown | | Oktober | 4 260.00 |
| MC Adendorff | Riversdal | Oktober | 8 332.00 |
| AJ Ferreira | Brakrivier | Oktober | 7 920.00 |
| PJL Olivier | Phalaborwa | Oktober | 3 003.00 |
| LP Stoltz | Vryheid | Oktober | 2 980.00 |
| GJH Kruger | Vaalwater | Oktober | 2 712.00 |
| RH Botes | Kakamas | Oktober | 6 114.00 |
| JHE du Plessis | Hoëveldrif | Oktober | 930.00 |
| F Pretorius | Suidkus | Oktober | 4 880.00 |
| AM Appelgryn | Johannesburg | Oktober | 1 392.00 |
| AD Pieterse | Biesiesvlei | Oktober | 1 626.00 |
| JD Fourie | Groblershoop | Oktober | 5 100.00 |
| WA Jooste | De Aar | Oktober | 4 212.00 |
| N Grobler | Namakwaland | Oktober | 8 265.00 |
| | | | 75 842.38 |
| | | | |
| **2011** | | | |
| Ds. HSW Strauss | Philippolis/Jagersfontein | Augustus | 7 664.00 |
| AD Pieterse | Calvinia | Oktober | 8 316.00 |
| R Combrinck Piketberg | | Oktober | 10 283.00 |
| AJ Ferreira | Zeerust | Oktober | 1 972.00 |
| J Verdoes | Koster | Oktober | 1 191.00 |
| JD Fourie | Vrede | Oktober | 1 764.00 |
| PJL Olivier | Kakamas | Oktober | 6 342.00 |
| HJ Dafel | Brakrivier | Oktober | 8 645.00 |
| HJ Jones | Phalaborwa | Oktober | 3 220.00 |
| HC Kruger | Jagersfontein | Oktober | 8 361.00 |
| GJH Kruger | Francistown/Messina | Oktober | 7 138.70 |
| LP Stoltz | Brandfort | Oktober | 3 119.00 |
| GM Blom | Balfour | Oktober | 987.00 |
| WA Jooste | De Aar | Oktober | 5 292.00 |
| PJ Malan | Bothaville | Oktober | 2 044.00 |
| F Pretorius | Vryheid | Oktober | 1 501.50 |
| PJ Malan | Piketberg | Desember | 8 688.00 |
| JL Joubert | Viljoenskroon | Desember | 1 680.00 |
| Ds. F Hoffman | SKK reisend | Desember | 13 927.60 |
| | | | 102 135.80 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **2012** | | | |
| Ds. HSW Strauss | Philippolis/Jagersfontein | Augustus | 1 925.00 |
| WA Jooste | Carnarvon | Oktober | 2 395.00 |
| Q Campbell | Arnot-Hendrina | November | 1 274.00 |
| JD Fourie | Dealesville | November | 5 250.00 |
| R Combrinck | Coligny | November | 3 304.00 |
| A Appelgryn | Griekwastad | November | 5 383.00 |
| HJ Jones | Bethulie | November | 8 442.00 |
| GM Blom | Brakrivier | November | 4 490.00 |
| AD Pieterse | Ventersdorp | November | 1 302.00 |
| AJ Ferreira | Marquard | November | 2 961.00 |
| HJ Davel | Vredendal | November | 9 100.00 |
| PJ Malan | George | November | 9 161.00 |
| J Verdoes | Bronkhorstspruit | November | 5 000.00 |
| | | | 59 987.00 |
| | | | |
| **TOTALE REISKOSTE VAN REISENDE LERAARS/STUDENTE** | | | **237 965.18** |

**BYLAE SKK2**

# HULP AAN GEMEENTES UIT DIE BEDIENINGSFONDS VAN DIE SKK
## VANAF KERKSTIGTING TOT DESEMBER 2012

Die geldelike hulp wat sedert kerkstigting aan gemeentes verleen is om leraarsposte in stand te hou beloop soos volg –

| TYDPERK | TOTALE HULP |
|---|---|
| | |
| | R |
| April 2010 tot Maart 2013 | 2,537,926 |
| April 2007 tot Maart 2010 | 2,206,070 |
| April 2004 tot Maart 2007 | 2,884,495 |
| April 2001 tot Maart 2004 | 2,694,764 |
| Mei 1999 tot Maart 2001 | 1,466,565 |
| September 1997 tot April 1999 | 1,649,697 |
| September 1995 tot Augustus 1997 | 1,194,020 |
| Junie 1987 tot Augustus 1995 | 1,151,753 |
| | **15,785,290** |

Hierdie syfer beloop 9.62% van die totale 15% ontvang.

Namate die aantal lidmate per gemeente krimp, verhoog die kostedruk op die oorblywende lidmate en word hierdie geldelike hulp al hoe noodsaakliker. Dit het die SKK genoodsaak om finansiële beleid daar te stel ten einde alle aansoeke om geldelike hulp op ’n konsekwente wyse te hanteer binne die finansiële vermoëns wat die 15% bydrae dit toelaat.

**In sy hulpverlening aan gemeentes handhaaf die SKK die volgende beleid:**

1. Aansoeke om hulp moet skriftelik ingedien word. Hierdie S1 aansoekvorm, wat vir die doel ontwerp is, moet asseblief **volledig voltooi word** en aan al die versoeke hierin vervat, moet uitvoering gegee word.

2. Indien een of meer gemeentes in 'n kombinasie- of bedieningsooreenkoms geldelike hulp benodig, moet

2.1 **elke gemeente** in 'n kombinasie- of bedieningsooreenkoms waar geldelike hulpverlening t.o.v. die bediening van die Woord aan en die regering van die gemeente benodig word, 'n aansoekvorm voltooi.

2.2 Voorts moet 'n **kopie van die kombinasie- of bedieningsooreenkoms** waarin die geldelike verantwoordelikheid van elke deelnemende kerkraad duidelik gestipuleer is, voorsien word.

2.3 Die SKK verwag dat gemeentes in kombinasie- of bedieningsooreenkoms sal poog om in eie geledere onderlinge hulp te verleen.

3. Hulp word in verdienstelike gevalle slegs vir **ses maande** verleen.

3.1 Vanaf 15 April 2011 help die SKK gemeentes slegs vir vier agtereenvolgende kere, waarna ’n ontmoeting met die SKK moet plaasvind.

4. Waar 'n gemeente oor 'n kontantsaldo of belegging van watter aard ook al beskik, verleen die SKK gewoonlik nie hulp nie. Aangesien die pastorale sorg in elke gemeente voorkeur behoort te geniet, verwag die SKK dat 'n kerkraad sy fondse eerstens daarvoor sal aanwend, en wanneer sy eie belegging uitgeput is, kan weer by die SKK om hulp

aangeklop word. 'n Gemeente se besondere omstandighede mag egter 'n uitsondering regverdig en die SKK sal in sodanige geval 'n deeglik gemotiveerde aansoek wel oorweeg. Daarmee stel die SKK dit duidelik dat hy slegs geldelike hulp verleen vir **basiese bedieningsbehoeftes**.

5. Geldelike hulp word in die reël ook slegs verleen met dien verstande dat die traktement van die leraar volgens die toepaslike kerf op die skaal deur die GKK aanbeveel, vasgestel sal wees. Dit geld ook van ander toelaes waaroor die GKK 'n aanbeveling gedoen het.

6. Op versoek van die GKK word nie hulp verleen aan 'n gemeente wat agterstallig is met sy 15% bydrae nie. Die kerkraad moet eers die agterstallige bydrae vereffen of 'n reëling vir terugbetaling tot bevrediging van die GKK tref soos deur die Sewende Sinode (1995) besluit (Bladsy 276 van die 1995-Handelinge).

7. Waar hulp verleen word aan gemeentes waar leraars deur die SKK op langtermyn gedra word, moet S1-vorms voor 15 Maart en voor 15 September van elke jaar gereeld en volledig deur die SKK ontvang word vir heroorweging van hulp.

8. Reiskoste, waar ter sprake, word losgemaak van die traktement. Uitbetalings van reiskoste sal slegs gedoen word nadat reiskoste-eisvorms ontvang is.

9. Geldelike hulp wat deur die SKK aan 'n gemeente toegeken word vir ses maande, kan verander word indien die omstandighede wat bestaan het tydens die aansoek, wesentlik verander tussen die datum waarop die hulp goedgekeur is en die volgende aansoekdatum.

10. Die SKK besluit dat hulp aan 'n gemeente gestaak word as 'n leraar 'n beroep aanvaar of as 'n bedieningsooreenkoms of kombinasie ontbind word. Kennis van moontlike ontbinding van 'n kombinasie moet ook aan die SKK gegee word.

11. Die S1-vorm vir aansoek om geldelike hulp moet ook deur die Finansiële Kommissie van die kerkraad nagegaan en goedgekeur word alvorens dit aan die SKK gestuur word.

12. Aangesien die ring 'n rol speel in die stigting van gemeentes en die beroeping van leraars, word die ring voortaan ook betrek in die besluit om toestaan van geldelike hulp.

**BYLAE SKK3**

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK - EMERITUSHULPFONDS

## Verslag vir die tydperk: 1/04/2010 tot 31/12/2012

| | R |
|---|---|
| | |
| **Balans op 1/04/2010** | **1 480 483.94** |
| Tel by: | |
| Beleggingsinkomste vir 2010 | 97 229.94 |
| Bydrae ontvang gedurende 2010 | 3 215.00 |
| Beleggingsinkomste vir 2011 | 79 006.16 |
| Bydrae ontvang gedurende 2011 | 1 973.65 |
| Beleggingsinkomste vir 2012 | 91 859.48 |
| Bydrae ontvang gedurende 2012 | 24 590.00 |
| | |
| Trek af: | |
| Hulp verleen aan emeritus 2010 | (40 424.00) |
| Hulp verleen aan emeritus 2011 | (48 000.00) |
| Hulp verleen aan emeritus 2012 | (48 000.00) |
| **Balans op 31/12/2012** | **1 641 934.17** |

**BYLAE SKK4**

# GROETEBOODSKAPPE

## GROETEBOODSKAP AAN DIE VEERTIENDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK SEPTEMBER 2013 VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE OVS

Geagte Sinodeganger
Ons groet u in die Naam van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees.

Ek skryf hierdie boodskap aan u in die hart van lydenstyd. Dit is die tyd waar ons besonderlik bewus is van die opoffering, swaarkry en dood van ons Here Jesus aan die kruis. Lydenstyd daag ons daarom uit om anders na die broosheid en nood van mens en skepping te kyk. Omstandighede in ons land onderstreep hierdie gebrokenheid en stel groot uitdagings aan ons as kerk. Ons is – net soos u – ontsteld oor die hoë vlakke van huishoudelike geweld, armoede, die effek van 'n omvattende droogte, misdaad, moord, korrupsie, plaasmoorde, gebrekkige onderwys en so sou ek kon aangaan. Hierdie uitdagings laat ons as kerk soms magteloos voel.

Maar lydenstyd herinner ons aan God se genade. Jesus se liefde vir ons kry nuwe betekenis wanneer ons met pyn, kwaad en lyding gekonfronteer word. Daarom kan ons as kerk met ander oë na ons omstandighede kyk en is ons as gelowiges die mense wat werklik die verskil kan maak.

Ons put ook groot troos uit die opstanding van ons Here Jesus. Sy opstanding het groot implikasies vir die hele lewe, want die opstanding gee vir ons hoop. Ons is dankbaar vir die tekens van nuwe lewe wat ons rondom ons raaksien, want ten spyte van al die kritiek wat die kerk dikwels in die wêreldarena moet verduur, sien ons die nuwe lewe in en deur ons Here Jesus deurbreek. Nie net in die lewens van ons lidmate nie, maar ook daar waar ons lidmate 'n verskil maak.

Genadiglik het God ons ook deur die Heilige Gees toegerus om hierdie verskil te kan gaan maak. Ons besef dat ons as kerk van die Here Jesus voor groot uitdagings staan. Dit is juis ons troos om te weet dat ons dit nie in eie krag aanpak nie. Daarvoor is ons te feilbaar. Maar ons weet dat die opstandingskrag van Christus en die gawe van die Heilige Gees feilbare sondaars in diensbare mense verander.

Ons bemoedig u met Paulus se woorde in 1 Kor. 15:58 *Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie.*
**Dr. Pieter van Jaarsveld**
**Voorsitter Moderamen: NG Kerk Vrystaat**

## GROETEBOODSKAP AAN DIE VEERTIENDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK SEPTEMBER 2013 VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Ons groet u in die Naam van Jesus Christus, die Heer en Hoof van die Kerk. Dit is vir ons 'n voorreg om enkele gedagtes met u te kan deel omdat ons soveel in gemeen het.

Die kerke bevind hulle in uitdagende tye. Daar bestaan bykans nie meer so iets soos algehele eenstemmigheid en blindelingse lojaliteit nie. Elke besluit wat 'n sinode neem, word met 'n vergrootglas bekyk en gekritiseer en in die openbare media en sosiale netwerke bespreek en uitmekaar getrek. Baie lidmate het waarskynlik deels om dié rede verward geraak en wantrou die kerk. Kritiese teologiebeoefening het in elk geval meegebring dat daar oor sekere sake wat aan die hart van die kerk se belydenis lê, 'n diversiteit van menings bestaan.

Dit is dus ook vir u sinode 'n uitdaging om teologies verantwoordelik, met wysheid en insig, besluite te neem om u kerk op die pad vorentoe te neem. Die kerk moet gefokus bly ongeag die uitdagende tye, ja, veral in sulke tye. In die gees van Efesiërs 4 vers 11 tot 14 glo ons saam met u dat u die gawes van die ampte sal gebruik om u lidmate deur die besluite wat u neem tot standvastigheid te lei. Die opbou van die liggaam van Christus behoort altyd in die kerk se fokus te bly.

Dit is ook so dat die tradisioneel Afrikaanssprekende kerke die afgelope klompie jare 'n afname in lidmaatgetalle toon as gevolg van voor die handliggende redes soos emigrasie en afname van geboortesyfers. Dit, saam met die feit dat baie lidmate gewoon belangstelling in die kerk verloor asook armoede wat toeneem, maak dit vir die kerk 'n groot uitdaging om alles te doen wat gedoen moet word. Miskien dwing dit die kerk om opnuut vas te hou aan die basiese dinge van die geloof en kerkwees, naamlik Woordverkondiging en barmhartigheid teenoor mekaar en die wêreld waarin ons leef.

Ons bid u 'n geseënde sinodesitting toe waarvan u aan die einde sal sê: Dit was vir ons goed om hier te gewees het. Mag die Here u seën.
**Dr. FJ Labuschagne**
***Namens Skriba: Dr. WA Dreyer***

**BYLAE SKK5**

# VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Eerwaarde Voorsitter,

## 1 INLEIDING

Dit is weereens vir my 'n voorreg om namens die Organiserende Sekretarisse van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) wat die Afrikaanse Protestantse Kerk (AP Kerk) in die verskillende streke van die land bedien, vir die verslagtydperk 1 Januarie 2010 tot 31 Desember 2012 kortliks verslag te doen oor die werksaamhede van die BSA en die AP Kerk se betrokkenheid daarby.

Groot dank word hiermee uitgespreek teenoor die medewerkers vanuit die AP Kerk wat die BSA gedurende die verslagtydperk ondersteun het in ons taak om bekostigbare Bybels in bruikbare formate aan mense in hulle moedertaal beskikbaar te stel. Die volgende verdien vermelding: Bybelvertalers, verteenwoordigers in komitees van die BSA, kerkrade, sustersaksies, verbondsonderriggroepe, individue en besighede.

Opregte dank word ook betuig teenoor die ringsittings (33) en kerke (67) wat verteenwoordigers van die BSA gedurende die verslagtydperk ontvang het en toegelaat het om namens die BSA op te tree. Daar is groot waardering vir die hartlikheid waarmee ons telkens ontvang is en dankbaarheid vir die tyd wat vir ons ingeruim is.

## 2 WERKSAAMHEDE VAN DIE BYBELGENOOTSKAP

### 2.1 TERUGBLIK

Die jare 2010 tot 2012 was vir die BSA uiters geseënde jare: Alhoewel Suid-Afrika in 2010 nog in ’n mate vasgevang was in die wêreldwye resessie, wat ook ’n invloed gehad het op die inkomste van die BSA, was 2010 tog vir die BSA ’n jaar van dankbaarheid. Die inkomste was voldoende om al die werk van die BSA voort te sit en die 190$^{ste}$ bestaansjaar van die BSA kon met vreugde herdenk word. In 2011 het die BSA die 400$^{ste}$ bestaansjaar van die King James Bybel en die 75$^{ste}$ bestaansjaar van die Venda Bybel gevier. In dieselfde jaar het die BSA, vir slegs die derde keer in sy geskiedenis, meer as een miljoen gedrukte Bybels versprei en in 2012 is dit herhaal. Die grootste hoogtepunt was egter die verskyning van die eerste volledige isiNdebele Bybel aan die einde van 2012. Al 11 amptelike tale van die RSA beskik nou oor 'n volledige Bybel. Verskeie ander vertalingsprojekte het ook goeie vordering getoon; talle nuwe produkte het verskyn en die inkomste van die BSA het in 2011 en 2012 weer bestendige groei getoon. God was inderdaad goed vir die BSA!

### 2.2 VERTALING

Die BSA is verantwoordelik vir die voorsiening van die Bybel in al die tale van ons land. Vir hierdie doel moet die Bybel gesaghebbend vertaal word uit die grondtale, uitgegee word in bruikbare formate en beskikbaar gestel word teen bekostigbare pryse.

Die volgende vertalingsprojekte het onder andere gedurende die verslagtydperk aandag geniet:

#### 2.2.1 Afrikaans: Die Bybel: ’n Direkte vertaling (BDV)

Hierdie projek, waaraan die AP Kerk ook deelneem, is steeds goed op dreef. Prof HJB Combrink, die projekleier, is verantwoordelik vir die bestuur van hierdie projek waarby sowat 140 mense betrokke is. Die Redaksionele Komitees het reeds verskeie Ou- en Nuwe-Testamentiese boeke afgehandel en dit is aan die kerklike lesers uitgestuur vir kommentaar. Dit is ook beskikbaar by die volgende spesiale webtuiste wat vir hierdie vertaling geskep is: www.nuwekerkbybel.co.za. Die publiek kan hier alle inligting rakende die vertaling bekom en ook kommentaar lewer op die beskikbare Bybelboeke.

Gedurende 2012 is daar 'n venynige veldtog van verdagmakery teen die BDV gevoer. Dit het veral gehandel oor die gebruik van hoof- en kleinletters wanneer dit by die vertaling van die sogenaamde Messiaanse tekste in die Ou Testament kom. Die aanval is op 'n verantwoordelike manier bestuur deur soveel moontlik inligting oor die vertaling met gemeentes en individue te kommunikeer. Daar is onder andere 'n amptelike verklaring uitgereik wat die standpunt van

die vertalers en die BSA verwoord, 'n inligtingspamflet en DVD oor die BDV is beskikbaar gestel en daar is met verskillende kerkgenootskappe in gesprek getree. Tydens die jongste vergadering van die Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans), het die 15 kerke wat teenwoordig was (o.a. die AP Kerk), die volgende eenparige besluit geneem:

"Die vergadering

(i) vind dit baie jammer dat pogings aangewend word om die BDV verdag te maak en by voorbaat in diskrediet te bring op grond van die manier waarop tekste in die Ou Testament, wat in die Nuwe Testament as Messiaans aangedui word, weergegee word en distansieer hom van al sodanige pogings;

(ii) bely onomwonde, saam met die hele vertaalspan en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, die Godheid van Christus en sy verlossingswerk;

(iii) betuig sy dank teenoor die BSA vir die besluit dat 'n tweede uitgawe van die vertaling (soos versoek deur sommige kerkgenootskappe) goedgekeur word waar hoofletters gebruik sal word in Ou-Testamentiese tekste wat in die Nuwe Testament as Messiaans aangedui word;

(iv) versoek kerkgenootskappe om hul lidmate bewus te maak van die BDV en die webblad www.nuwekerkbybel.co.za onder hulle aandag te bring;

(v) verseker die vertaalspanne en redaksionele komitees van hul voorbidding vir die vertaling van die BDV;

(vi) bedank die Bybelgenootskap vir die wyse waarop hulle die saak met betrekking tot die verdagmaking van die BDV hanteer."

### 2.2.2 Engelse Bybel vir Dowes

Hierdie projek, met dr R Hough as projekleier, is in 2011 begin. Hy word bygestaan deur 'n dowe vertaler, twee brontaalkenners, 'n Engelse taalkundige asook drie dowe leesgroepe. Die vertaling toon bestendige vordering. 'n Aantal Bybelboeke is reeds vertaal en die terugvoer van die dowe kerklike lesers is baie positief.

### 2.2.3 Suid-Ndebele

Na 11 jaar is die vertaling van die Ou Testament en die hersiening van die Nuwe Testament aan die einde van 2010 voltooi. Die produksieproses het in 2011 en 2012 plaasgevind en die eerste besending isiNdebele Bybels het op 26 Oktober 2012 in Tafelbaai Hawe aangekom. Hierdie Bybel is luisterryk op 24 November 2012 in KwaMhlanga bekendgestel.

### 2.2.4 Zulu

Die nuwe Zulu vertaling van die Bybel vorder goed. Nieteenstaande die gesondheidsuitdagings wat die projekleier, prof JA van Rooy, ondervind, is die helfte van die hele Bybel reeds vertaal en die hersieningskomitee vorder goed.

## 2.3 PRODUKONTWIKKELING EN NUWE PUBLIKASIES

Die digitalisering van Bybeltekste is gedurende die verslagtydperk voltooi en daar het 67 nuwe produkte verskyn, ondermeer die volgende:

- Uitreikbybels in Zulu, Engels en Afrikaans
- 19 Bybelvertalings in die nuwe Standaardformaat
- 'n Spesiale uitgawe van die King James Bybel
- Die laaste Bybels op selfoon (nou in al 11 amptelike tale beskikbaar)
- Oudiobybels (MP3-formaat) in Afrikaans (1953 en 1983 vertalings)

## 2.4 VERSPREIDING

### 2.4.1 Bybels in alle tale

Die volgende hoeveelheid volledige Bybels is gedurende die verslagtydperk in die RSA versprei:

| | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|
| Bybels | 901 818 | 1 024 383 | 1 074 605 |
| Selfoonbybels | 128 570 | 242 600 | 414 932 |
| E-Bybels | 0 | 735 | 2 693 |
| **Totaal** | **1 030 388** | **1 267 718** | **1 492 230** |

Tussen 67% en 78% van die volledige Bybels wat jaarliks versprei is, was Standaardbybels.
Die hoogste verspreiding van volledige Bybels was soos volg gedurende die 3 jaar van verslagtydperk: Engels (823 870), Zoeloe (598 846) en Afrikaans (445 040).

### 2.4.2 Die Bybel in Afrikaans

Sedert 1934 het die BSA reeds 11 119 933 eksemplare van die Afrikaanse '53 en '83 vertalings versprei.
Die volgende hoeveelheid volledige Afrikaanse Bybels is gedurende die verslagtydperk in die RSA versprei:

| | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|
| 1953-vertaling | 65 796 | 58 864 | 52 257 |
| 1983-vertaling | 79 760 | 81 638 | 99 176 |
| Bybel vir Almal | 2 934 | 2 680 | 1 935 |
| **Totaal** | **148 490** | **143 182** | **153 368** |

### 2.4.3 Bestemmings buite Suid-Afrika

Daar is gedurende die verslagtydperk 95 981 volledige Bybels aan ander Bybelgenootskappe in Afrika gelewer.

## 2.5 FINANSIES (Syfers word in Randwaarde gegee)

### 2.5.1 Inkomste (BSA finansiële jare: 1 November – 31 Oktober)

Die BSA het vanuit verskeie oorde donasies ontvang. Dit lyk soos volg:

| | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|
| Individue | 17 294 569 | 18 233 724 | 19 283 220 |
| Kerke | 14 870 822 | 15 340 676 | 15 894 582 |
| Kerklike Organisasies | 313 235 | 323 461 | 347 602 |
| Kategese / Verbondsonderrig | 87 940 | 49 849 | 65 063 |
| Kerkjeug | 30 324 | 33 981 | 59 439 |
| Opvoedkundige Instellings | 82 036 | 76 499 | 87 833 |
| Sakeondernemings | 709 455 | 653 522 | 1 071 905 |
| Allerlei | 629 205 | 356 980 | 413 972 |
| Boedels | 9 627 067 | 7 698 574 | 9 377 908 |
| **Totaal** | **43 644 653** | **42 767 267** | **46 601 524** |

**2.5.2 Uitgawes** (BSA finansiële jare: 1 November – 31 Oktober)
Die koste van die verspreidingsprogramme was soos volg:

| | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|
| Bybelproduksie | 44,3 miljoen | 43,2 miljoen | 42,1 miljoen |
| Bybelvertalingsprojekte | 3,3 miljoen | 3,9 miljoen | 3,6 miljoen |
| Spesiale verspreiding | 1,8 miljoen | 1,3 miljoen | 2,3 miljoen |
| Bydraes tot wêreldwye werk | 1,1 miljoen | 1,9 miljoen | 2,9 miljoen |
| Geloof kom deur Gehoor | 1,6 miljoen | 1,8 miljoen | 1,8 miljoen |

Ander uitgawes was die volgende:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Personeel | 28,2 miljoen | 31,2 miljoen | 32,0 miljoen |
| Administrasie | 9,3 miljoen | 10,0 miljoen | 11,2 miljoen |
| Donateursprogramme e.a. | 3,1 miljoen | 5,6 miljoen | 10,1 miljoen* |

* Sluit R6,2 miljoen in vir na-aftrede mediese fonds aanspreeklikheid vir sommige werknemers wat voor 1 Augustus 2005 in diens was.

**2.5.3 Verslae**

'n Verkorte jaarverslag van die BSA se werksaamhede is elke jaar aan donateurs gestuur en die geouditeerde finansiële state was telkens by die Streekkantore van die BSA vir bona fide donateurs ter insae beskikbaar.

**3 BETROKKENHEID VAN DIE AP KERK**

**3.1 VERTEENWOORDIGING**
**3.1.1 Streekkomitees**

Verteenwoordigers van die AP Kerk het gedurende die verslagtydperk in 9 van die 11 streekkomitees gedien.

**3.1.2 Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans (KABA)**

Die AP Kerk was in die Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans goed verteenwoordig en 'n aantal vertalers vanuit die AP Kerk werk saam aan die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek.

**3.2 BYDRAES VANUIT DIE AP KERK** (AP Kerk finansiële jare: 1 Januarie – 31 Desember)

Bydraes van kerke in die RSA gedurende die verslagtydperk lyk soos volg:

| | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|
| Individue | 57 934.24 | 52 038.00 | 75 728.00 |
| Bybel 'n Maand Individue | 6 475.00 | 23 323.00 | 35 414.00 |
| Kerkrade | 485 009.40 | 547 510.72 | 616 814.46 |
| Sustersaksies | 6 297.69 | 4 182.66 | 7 441.06 |
| Verbondsonderrig en Jeug | 5 040.00 | 401.20 | 22 866.47 |
| Sakeondernemings | 12 000.00 | 12 000.00 | 12 000.00 |
| **Totaal** | **572 756.33** | **639 455.58** | **770 263.99** |

Wat die bereiking van die bydrae-mikpunt per lidmaat betref (dit is die bedrag wat die BSA benodig om een Bybel teen 'n bekostigbare prys beskikbaar te stel) was die gemiddelde bydrae per lidmaat (in die RSA) R18.47 in 2010 (mikpunt R33.00), R20.87 in 2011 (mikpunt R35.00) en R26.33 in 2012 (mikpunt R35.00). Die BSA is dankbaar vir die pragtige groei in bydraes oor die verslagtydperk.

## 4 SLOT

Die BSA wil die Bybel as Boek van die Kerk in diens van die kerk versorg en teen 'n bekostigbare prys en in bruikbare formate in die verskillende tale van ons land beskikbaar maak.

God het gedurende die verslagtydperk uit genade aan ons alles voorsien wat ons nodig gehad het om ons taak uit te voer. Hierin was die AP Kerk en ons ander donateurs instrumente in sy hand. Daarvoor sê ons dankie en bring ons aan Hom die eer!

Die BSA wil ook, wat die toekoms betref, in die behoeftes van die AP Kerk voorsien, en vertrou dat die Kerk vir die Genootskap voorbidding sal doen en ons finansieel sal bly ondersteun.

Met hartlike groete!

U broer in Christus,



Dr Kálmán D Papp
Organiserende Sekretaris
Tel 011 970 4010 (w) en 083 703 3773
E-pos: papp@biblesociety.co.za

# VERSLAG: *AD HOC*-KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING
## Tydperk 6 September 2010 tot 19 April 2013

### 1. PERSONEEL

Die Sinode 1997 het bepaal dat die kommissie uit die voorsitters van die SKK, KKS en Kuratorium, of iemand deur hulle aangewys en die Direkteur van Kerkadministrasie sal bestaan. (HANDELINGE 1997, bl. 295, pt. 142.)

### 2. OPDRAG

2.1 Wanneer daar 'n moontlikheid vir hofgedinge hom voordoen of waar daar konflikte en/of twisgesprekke voorkom wat nie spoedig tot 'n bevredigende oplossing gebring kan word nie, word kerkrade/ouderlingrade en ringe versoek om die volgende werkwyse te volg:

2.1.1 Die raadpleging van 'n *ad hoc*-kommissie deur die Sinode benoem, met die oog op advies en leiding, en soos volg saamgestel:

- SKK – voorsitter of iemand deur die SKK benoem.
- KKS – voorsitter of iemand deur die KKS benoem.
- KUR – voorsitter of iemand deur die KUR benoem.
- Direkteur van Kerkadministrasie.

2.1.2 Wanneer bogenoemde versoek gerig word, word alle tersaaklike stukke aan die Sentrale Kerkkantoor gestuur vir die nodige hantering daarvan.

2.2 Die finansiering van die *ad hoc*-kommissie se werksaamhede geskied soos volg:

2.2.1 Reiskoste ten opsigte van elk van die lede word uit die toegekende begroting van elke betrokke sinodale kommissie voorsien.

2.2.2 Waar gemeentes of enige ring op versoek besoek moet word, word eers deur die Sentrale Kerkkantoor met diesulkes geraadpleeg vir die volle of ten minste 'n deel van die reiskoste en reëlings vir verblyf.

2.3 Die werksaamhede van die *ad hoc*-kommissie vervang nie die huidige reëlings ten opsigte van kerkregtelike advies, of bestaande besluite ten opsigte van regspraktisyns se gebruik of finansiële hulp nie.

2.4 Wanneer kerkrade/ouderlingrade in hofgedinge beland, sonder raadpleging van die *ad hoc*-kommissie, behoort enige aanspraak op geldelike hulp deur die BRKA (nou die GKK), te verval.

Die kommissie het in die verslagtydperk agt gemeentes besoek. By ses gemeentes is die probleme opgelos. Van AP Kerk Zeerust en Delmas was daar ten tye van die opstel van die verslag nog nie terugvoer ontvang nie.

**AANBEVELING**

**2.5 Die Sinode neem kennis van die verslag.**

Die kommissie vertrou dat hy hiermee sy werk bevredigend afgehandel het.
IA Brink.

# VERSLAG: KURATORIUM (KUR)
## Tydperk: 2 September 2010 tot 20 Maart 2013

## 1. INLEIDING

Op 1 Januarie 1988 is die Teologiese Skool van die AP Kerk begin ná 'n besluit van die Eerste Sinode van 1987. Kragtens onderwyswetgewing moes die Teologiese Skool om registrasie aansoek doen by die owerhede en aan die einde van 1999 is die Afrikaanse Protestantse Akademie (APA) geregistreer by die Departement van Hoër Onderwys. Die AP Akademie vier dan ook vanjaar sy vyf-en-twintigste bestaansjaar.

Kragtens besluit van die Sinode 2001 (Lasgewing van die Kuratorium, KO 2004, bl. 132, pt. 6), word 'n gesamentlike verslag deur die Kuratorium en die Afrikaanse Protestantse Akademie aan die Sinode voorgelê. Volgens die nuutste lasgewing (KO 2012, bl. 160, pt. 6), stel die Kuratorium voor elke sinodesitting verslag op van sy werksaamhede.

Die AP Kerk en die AP Akademie het 'n historiese band wat ook in samestelling van die Raad van die APA reflekteer. Elke sinode wys telkens lede op die Raad van die APA aan. Soos gebruiklik, lewer die kuratorium ook verslag oor die APA aan die Sinode.

Ter wille van die onderskeidende pligte en werksaamhede word die verslag in twee afdelings, te wete 'n Afdeling A en 'n Afdeling B voorgehou.

**AANBEVELING**

**1.1 Die Sinode wens die APA van harte geluk met die 25e bestaansjaar in 2013 en bid die APA met al sy werksaamhede die seën van die Here toe.**

## AFDELING A: KURATORIUM

## 2. PERSONEEL

### 2.1 Lede van die Kuratorium
Die volgende lede soos aangewys tydens die Dertiende Sinode: Di. A. Boshoff, MR Burger, WA Burger, IP du Preez (ondervoorsitter), MJ Hartzenberg (voorsitter), proff. SD Nel (skriba), GDS Smit, ds. WJA van Schalkwyk, dr. TM Snyman, ds. CR Vermaak (notuleskriba).
Sekundi opgeroep soos wat nodig was: Di. L Lubbe, GDS Stoltz, AP Boshoff in dié volgorde soos aangewys deur die Dertiende Sinode.

### 2.2. Veranderinge in doseerpersoneel
Gedurende die tydperk van verslag het geen veranderinge in die doseerpersoneel van die Fakulteit teologie plaasgevind nie. Die kieskollege van die Kuratorium en Senaat het dus ook nie byeengekom gedurende die verslagtydperk nie.

## 3. VERGADERINGS

Die Dertiende Kuratorium het tot op datum van die verslag 12 keer vergader: 2 September 2010, 24 en 25 November 2010, 19 Januarie 2011, 16 Maart 2011, 26 Mei 2011, 22 Julie 2011, 1 en 2 November 2011, 17 Januarie 2012, 10 Mei 2012, 6 en 7 November 2012, 16 Januarie 2013, 19 en 20 Maart 2013.

## 4. DAGBESTUUR

Die dagbestuur, bestaande uit ds. MJ Hartzenberg (voorsitter), prof. SD Nel (skriba), ds. IP du Preez (ondervoorsitter), het nie amptelik vergader nie. Daar is egter by 'n paar geleenthede met die dagbestuur geskakel ten einde dringende besluite te neem oor verskillende sake. Die besluite van die dagbestuur is aan die Kuratorium deurgegee en goedgekeur.

## 5. STATUSAANGELEENTHEDE

**5.1** Die Kuratorium het sedert die Sinode 2010 ses aansoeke vir die toekenning van predikantstatus ontvang waarvan die volgende drie toegelaat en beroepbaar gestel is:

a. Ds. S Hoffman – 22 Julie 2011, bevestig te Orania, Hopetown 1 Nov. 2011.
b. Ds. WM Snyman – 22 Julie 2011, bevestig te Leonardville April 2012.
c. Ds. NJ Coetzee – 17 Januarie 2012 (met emeritusstatus), bevestig te Amajuba 17 Januarie 2012.

**5.2** Behoud van status (emeritus) is ook op 2 September 2010 aan dr. RW Louw toegeken.

**AANBEVELINGS**

**5.3 Die Sinode bid die predikante wat beroepbaar gestel is, t.w. Di. S Hofmann, MW Snyman en NJ Coetzee die seën van die Here met hulle bediening toe.**

**5.4 Die Sinode neem kennis van die behoud van status toegeken aan dr. RW Louw.**

**5.5 Die Sinode neem kennis van die aansoeke wat onsuksesvol was.**

## 6. BEHOUD VAN STATUS

Die Kuratorium het in die verslagtyd behoud van status met die oog op verdere studie aan die volgende persone toegeken:

a. Ds. AC Jordaan – 22 Julie 2011
b. Ds. G Venter – 6 November 2012

Ds. G Venter is op 19 Maart 2013 weer beroepbaar gestel, maar het op 31 Mei 2013 bedank uit die AP kerkverband.

**AANBEVELING**

**6.1 Die Sinode neem kennis van die behoud van status wat deur die Kuratorium toegeken is.**

## 7. TEOLOGIESE STUDENTE VAN DIE AP AKADEMIE GELEGITIMEER

**7.1** Die Kuratorium het vanaf 2010 nie meer die legitimasiegeleentheid gereël vir November van elke jaar nie. Sedert 2011 het dit in Januarie plaasgevind en saamgeval met die gradeplegtigheid sodat studente en hulle families asook vriende net een geleentheid moes bywoon. In 2010 was daar dus geen legitimasiegeleentheid nie.

**7.2** Ná vele oorweging en die ervaring uit die praktyk van die verskuiwing van die legitimasiedatum, het die Kuratorium besluit om vanaf 2013 weer die legitimasiegeleentheid vir November te skeduleer. In 2013 sal daar D.V. dus twee legitimasiegeleenthede in die jaar wees, nl. een in Januarie en een in November.

**7.3** Die volgende 18 studente het gedurende die afgelope drie jaar hulle studies suksesvol by die AP Akademie voltooi en is deur die Kuratorium gelegitimeer en beroepbaar gestel:

**19 Januarie 2011:**
MC Adendorff: Namakwaland (het intussen bedank en sy status verloor)
RH Botes – Senekal/Paul Roux
JS Coetzee – Brits
F de Bruin – Germiston/Primrose/Alberton
JHE du Plessis – Hoëveldrif en Pretoria-Oos
RF Smit – Clanwilliam

**17 Januarie 2012:**
CJ Denysschen – Koster
NJ Grobler – Rustenburg
JL Joubert – Villiers
GJH Kruger – Kempton Park
PJL Olivier – Groblersdal

**16 Januarie 2013:**
AM Appelgryn – Thabazimbi
AQ Campbell – Namakwaland
RK Combrink – Vrede/Memel
AJ Ferreira – Vryheid
JD Fourie – Hardeveld/Olifantsrivier/Calvinia/Sutherland
PJ Malan – Warmbad
LP Stoltz – Brandfort

**7.4** Een student t.w. CF Meiring, wat aan die Noordwes Universiteit gestudeer het, is ná voorskrif en begeleiding van die Kuratorium, bygestaan deur die dosente van die AP Akademie, ná ontvangs van sy uitslae op 19 Maart 2013 gelegitimeer en beroepbaar gestel.

**7.5** Drie studente het ook hulle studies aan die Teologiese Fakulteit van die APA voltooi maar is nie gelegitimeer nie, nl. BJ Hefer, WA Jooste en IH Scholtz.

**AANBEVELINGS**

7.6 **Die Sinode neem kennis van die legitimasiedatum en dat die eersvolgende geleentheid D.V. op 27 November 2013 sal plaasvind.**

7.7 **Die Sinode keur die optrede van die Kuratorium goed.**

7.8 **Die Sinode bid hierdie predikante die seën van die Here toe op hulle bediening.**

7.9 **Die Sinode neem kennis van die studente wat hulle studies aan die APA voltooi het, maar nie deur die Kuratorium van die AP Kerk gelegitimeer is nie.**

## 8. VERLIES VAN STATUS
Die Kuratorium moes ongelukkig kennis neem of gee van vyf broeders wat in die verslagtydperk die bediening of kerk verlaat het met die gevolglike verlies van status:

Di. MC Adendorff (jr.), P van Rensburg, SA Roets (jr.), BR Torlage, G Venter en dr. HM Grobler.

## 9. SKAKELING MET DIE RAAD VAN DIE AKADEMIE

Volgens die Statuut van die Raad van die Akademie word twee lede van die Kuratorium uit eie geledere aangewys om op die Raad te dien. Die Kuratorium het ds. IP du Preez en dr. TM Snyman aangewys.

**AANBEVELING**

9.1 **Die Sinode neem met dank kennis van die verteenwoordiging van die Kuratorium op die Raad en die skakeling wat die Kerk met die Akademie het by wyse van die Kuratorium**.

## 10. SKAKELING MET TEOLOGIESE DOSENTE

Die Kuratorium het deurlopende skakeling met die teologiese dosente, eerstens deur twee lede van die Teologiese

Fakulteit wat lede van die Kuratorium is en tweedens met al die dosente wanneer die behoefte daartoe ontstaan.

Die Kuratorium het kennis geneem dat die dosente veral in die Bibliologiese vakke, baie lastig geval word met aantygings en navrae oor die gebruik van die verskillende brontekste wat by die APA sowel as by die nuwe vertaalprojek van die ABV gebruik word. Daar was ook selfs 'n aantyging wat die hele kuratorium in 'n slegte lig gestel het. Daar het al baie gesprekke en korrespondensie met verskillende broeders en kerkrade oor die sake plaasgevind. Daar word ontsaglik baie van die teologiese dosente verwag ten opsigte van hulle akademiese werkslas en om nog voortdurend besluite wat verskillende sinodes van die AP Kerk reeds in dié verband geneem het, te moet verduidelik en verdedig teenoor mense wat nie oor wetenskaplike kundigheid en kennis ten opsigte van die sake beskik nie, belas sommige van die dosente onnodig.

Die Kuratorium oordeel dat hierdie sake nou 'n punt bereik het waar die Sinode daaroor standpunt inneem en lidmate wat nie sinodebesluite wil of kan aanvaar nie, hulleself moet afvra of hulle nog langer in die Afrikaanse Protestantse kerkverband hoort.

Die Kuratorium is ná volgehoue gesprek en betrokkenheid by die APA steeds oortuig daarvan die AP Akademie as suiwere gereformeerde instelling, aan alle akademiese, kerklike en leerstellige vereistes van die AP kerkverband voldoen.

**AANBEVELINGS**

**10.1 Die Sinode bevestig dat al die dosente van, asook die AP Akademie self, as suiwere gereformeerde instelling, aan alle akademiese, kerklike en leerstellige vereistes van die AP kerkverband voldoen.**

**10.2 Die Sinode betreur dit dat sommige van die dosente geteiken word met briewe, oproepe, elektroniese media of op welke ander wyse ook al, deur lidmate van die kerkverband wat nie met sinodebesluite oor die brontekste sowel as die betrokkenheid by die nuwe Bybelvertaling saamstem nie en nie bereid is om hulle by sinodebesluite neer te lê nie.**

**10.3 Die Sinode bevestig dat dosente se opdrag en lasgewing soos bepaal deur hulle benoeming deur die AP Kerk en volgens ooreenkoms met die Raad van die APA, nie behels dat hulle in voortdurende korrespondensie met lidmate hoef te tree nie.**

**10.4 Die Sinode betuig opnuut sy dank en waardering vir die werk wat die dosente by die AP Akademie doen.**

## 11. OMSENDBRIEF AAN EMERITI

Die Sinode het kennis geneem dat die voorsitter van die Kuratorium en ds. JA de Beer die omsendbrief aan emeriti en die weduwees van emeriti sou hanteer. Dit is iets waarmee wyle ds. OD Scheuer begin het en kontak met en kommunikasie onderling met afgetrede predikante en weduwees van predikante bewerkstellig het. As gevolg van ds. De Beer se verskuiwing terug na Pretoria was dit ongelukkig nie vir hom moontlik om die taak op hom te neem nie.

**AANBEVELINGS**

**11.1 Die Sinode keur goed dat die ondervoorsitter van die kuratorium in samewerking met 'n emerituspredikant wat vir die inhoud verantwoordelik sal wees, die omsendbrief aan emeriti hanteer.**

**11.2 Die Sinode gee aan die KKS opdrag om die lasgewing van die Kuratorium uit te brei sodat kommunikasie met emeriti en weduwees van predikante deel van die lasgewing van die Kuratorium vorm. Die KKS word dus versoek om die punt: *Skakeling met emeriti en weduwees van predikante* tot die lasgewing toe te voeg.**

11.3 Motivering

Skakeling met emeriti en weduwees van predikante is 'n belangrike aangeleentheid wat tot dusvêr spontaan op die tafel

van die Kuratorium geland het. Met hierdie besluit word dit die verantwoordelikheid van 'n spesifieke kommissie van die kerkverband. Die wyse en frekwensie waarop dit gedoen word, is steeds die prerogatief van die kommissie.

## 12. TEOLOGIESE BEGELEIDING VAN STUDENTE

Die Kuratorium het ooreenkomstig sy lasgewing (KO 2012, pt. 12, bl. 161) heelwat aandag gegee aan sy betrokkenheid by en begeleiding van die teologiese studente. Afgesien van ontmoetings met die eerstejaar en finalejaar teologiese studente aan die begin van elke akademiese jaar, word kuratore ook as voogde vir elke jaargroep aangewys.

**AANBEVELINGS**

**12.1 Die Sinode neem met dank kennis van die voortgesette skakeling tussen die Kuratorium en studente.**

**12.2 Die Sinode besluit dat die Kuratorium versoek word om sover moontlik, voorsiening te maak vir maksimale betrokkenheid by en skakeling met die teologiese studente in die begroting.**

## 13. VOORTGESETTE TEOLOGIESE OPLEIDING VAN PREDIKANTE

Die Sinode van 1999 het besluit op verpligte voortgesette teologiese opleiding van predikante (HANDELINGE 1999, bl. 503, pt. 7.2.2). Die meeste predikante het steeds nie by die teologiese dae en die werksgemeenskappe ingeskakel nie. Die volgende besluite van die Sinode 2007 (HANDELINGE 2007, bl. 322, pt. 13.1) word weer deur die Kuratorium voorgehou om deur die Sinode bevestig te word:

**AANBEVELINGS**

**13.1 Die Sinode neem met dank kennis van die pogings vir verdere teologiese opleiding wat in die kerkverband bestaan.**

**13.2 Die Sinode besluit dat predikante wat by geen programme en/of geleenthede van opleiding of toerusting betrokke raak nie, se behoud van status deur die Kuratorium en Kommissie vir Kerkregtelike Sake bespreek moet word met rapport aan die volgende sinode.**

## 14. PREDIKANTEKONFERENSIE OF –VERGADERING

Die Sinode van 1997 het al (HANDELINGE 1997, bl. 292, pt. 6.3.3) 'n beroep op predikante gedoen om die predikantekonferensies by te woon. Die Sinode van 2004 (HANDELINGE 2004, bl. 351, pt. 50), het die volgende besluit oor predikantevergaderings geneem:

*Die Sinode besluit dat daar jaarliks/tweejaarliks 'n predikantevergadering (algemeen of provinsiaal) gehou word. Die vergadering sal geen besluitnemende opdrag hê nie, maar 'n toerustende en broederlike karakter dra. Daar moet by die predikantevergadering beslis geleentheid tot bespreking en gedagtewisseling wees. Die Sinode besluit dat die Kuratorium hierdie saak reël.*

Die Sinode het kerkrade versoek om dit vir hulle leraars moontlik te maak om sodanige geleenthede by te woon aangesien dit 'n skolings- en opknappingsgeleentheid is.

In 2010 is die Afrikaanse Protestantse Teologiese Vereniging (APTV) in die lewe geroep en het die Sinode (HANDELINGE 2010, bl. 257, pt. 14) besluit dat die Kuratorium ook die APTV moet betrek by die reëlings.

Hierdie opdragte van die Sinode is noukeurig uitgevoer. As gevolg van swak bywoning is daar vanaf die vorige sinodes nie 'n aparte konferensie gereël nie, maar is daar van die kant van die Kuratorium en die SKK gepoog om die predikantekonferensie met die teologiese dae van 2011, 2012 en 2013 te laat saamval. Aangesien dit slegs een geleentheid is waarvoor predikante moet reis, is gehoop dat dit die bywoning van die geleentheid sou verbeter. In 2011 en 2013 is gereël dat sprekers van die mediese- en pensioenfonds ook by die geleentheid met leraars praat. In 2012 en

2013 is die APTV betrek volgens besluit van die Sinode. Die probleem bly steeds die bywoning deur leraars van sodanige geleenthede.

Die volgende het gedien as motivering vir die totstandkoming van die APTV by die Sinode van 2010 (SAKELYS 2010, bl. 191, pt. 12):

a. *Verdere teologiese opleiding is nie alleenlik tot voordeel van die predikante nie, maar ook tot voordeel van die kerkverband en die gemeentes.*
b. *Feitlik alle professionele beroepslui ondergaan verdere opleiding, toerusting en skoling.*
c. *Daar is voortdurende veranderinge en ontwikkelinge in die veld van die teologie en dit is noodsaaklik dat predikante voortdurend teologiese blootstelling kry.*

Hoewel die doelstellinge van elke byeenkoms met besluite van sinodes in die verlede oor mekaar geloop het (die predikantekonferensie byvoorbeeld as toerustings en broederlike geleentheid, kyk besluit van 2004 hierbo) en die APTV vir verdere opleiding, hoewel gekoppel aan die konferensie (kyk motivering hierbo), het daar in die praktyk die volgende geleenthede vir die predikante en voortgesette opleiding uitgekristalliseer:

a. Die teologiese dag aan die begin van die akademiese jaar van die Afrikaanse Protestantse Akademie – 'n oop en vrywillige geleentheid.
b. Die predikantekonferensie – 'n vrywillige geleentheid van 'n kamp oor twee of drie dae of 'n enkele dag wat saamval met die teologiese dag.
c. Werkgemeenskappe van verskillende vakgebiede. Al die vakgebiede se werkgemeenskappe funksioneer ook nie ewe goed nie.

**AANBEVELINGS**

**14.1 Die Sinode neem kennis van die drie geleenthede wat gereël word waarna predikante op 'n vrywillige basis kan gaan, naamlik:**

**14.1.1. Die teologiese dag aan die begin van die jaar met 'n akademiese karakter;**

**14.1.2 Die predikantekonferensie met 'n broederlike en toerustende karakter, waar daar baie geleentheid vir bespreking moet wees;**

**14.1.3 Die werksgemeenskappe van die verskillende vakgebiede van die teologie met 'n spesifiek vakwetenskaplike karakter.**

**14.2 Die Sinode besluit om die opdrag aan die Kuratorium te kontinueer en dra dit aan die Kuratorium en KKS op om steeds ondersoek te doen na die haalbaarheid van VTO.**

**14.3 Die Sinode dra dit aan kerkrade en predikante op om gebruik te maak van die geleenthede, en versoek kerkrade om dit vir hulle predikante moontlik te maak om VTO by te woon.**

## 15. UITBREIDING VAN DIE LASGEWING

**AANBEVELINGS**

**15.1 Die Sinode versoek die KKS om die lasgewing van die Kuratorium by punt 6 te hou soos in die 2004 Kerkorde naamlik: *Dat die Kuratorium 'n gesamentlike verslag indien van die Kuratorium en die werksaamhede van die kuratorium sowel as 'n verslag van die Raad van die APA aan die sinode.***

**15.2 Die Sinode versoek die KKS om die lasgewing van die Kuratorium punt 9 (KO 2012, bl. 160) uit te brei en te meld dat die Kuratorium die *professionele liggaam* van die AP Kerk vorm wat die kerklike vereistes met betrekking tot vakke, omvang en standaard aan die Senaat van die Afrikaanse Protestantse Akademie voorlê. Die Sinode keur dus goed dat punt 9 van die lasgewing uitgebrei word met die woorde: *Die Kuratorium vorm dus die professionele liggaam van die AP Kerk.***

15.3 Motivering
Die Onderwysdepartement en SAQA vereis dat die naam *professionele liggaam* gebruik word vir die Kuratorium wat deur die Kerk aangewys word en wat toesighoudende funksies het oor die kurrikulum en standaard van die kursusse wat as vereistes deur die kerk gestel word om studente wat hulle studies aan ’n tersiêre instelling (in hierdie geval die AP Akademie) voltooi en wat dan as predikante tot die kerkverband deur sy Kuratorium toegelaat word.

## 16. VOOGDYSKAPPE

Die Kuratorium het in November 2012 besluit om reeds aan die begin van die eerste studiejaar aan elke teologiese student 'n voog/mentor toe te ken wat hom deur sy hele studieloopbaan moet bystaan. Dit hoef nie iemand uit die Kuratorium te wees nie.

Hierdie voog/mentor kan ook die plaaslike predikant wees waar hierdie student vandaan kom.

Die Senaat en/of Kuratorium kan probleme met die voog/mentor bespreek, wat dit op ’n persoonlike vlak met die student moet opneem.

Die voog/mentor moet jaarliks verslae indien oor geloofsekerheid, geestelike groei en volwassenheid by die student. Dit kan ook aanbeveel word dat die student een van sy praktiese geleenthede by sy voog/mentor moet doen.

Hierdie mentorskap kan ook baie vir die jong predikant beteken wanneer hy in 'n gemeente begin. Hy het dan reeds iemand vir wie hy vir die ses jaar van sy studies goed leer ken het, en wat hom ook baie goed ken.

'n Lid van die kuratorium word per jaargroep as koördineerder aangewys. Die kuratorium wys elke jaar by die eerste vergadering vir elke nuwe eerstejaarstudent 'n voog aan.

**AANBEVELING**

**16.1 Die Sinode keur die werkswyse van die Kuratorium rondom voogde en mentors van die teologiese studente goed.**

## 17. KONSEPVRAE BY TOELATING VAN PREDIKANTE

Die Kuratorium het ook ’n lys van vrae opgestel wat aan aansoekers uit ander kerkverbande wat om status by die AP Kerk aansoek doen, gevra kan word. Hierdie konsepvrae dek verskillende aspekte soos die aansoekers se Skrifbeskouing, Christologiese uitgangspunte, die uitverkiesing, konflikhantering in die gemeentes en ander sake.

## 18. WILLIE LUBBE TEOLOGIESE STUDIEFONDS (WLTS)

Die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds is die enigste fonds van waaruit voorgraadse en nagraadse teologiese studente enige finansiële hulp van die kerk se kant af kan ontvang.

**AANBEVELINGS**

**18.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes en indiwidue wat oor baie jare heen gehelp het om die WLTS daar te stel (Bylae KUR1).**

**18.2 Die Sinode versoek kerkrade en gemeentes om, afgesien van die naaste Sondag aan die datum van kerkstigting, naamlik 27 Junie, ook tydens Pinkster op 'n wyse soos deur die kerkraad besluit, 'n kollekte vir die WLTS te hou.**

**18.3 Die Sinode versoek lidmate om by wyse van erflatings die WLTS aan te vul.**

## 19. SUBKOMMISSIE: BEURSE EN LENINGS

Die Kuratorium het 'n sub-kommissie benoem vir die hantering van aansoeke vir beurse en lenings om sy werksaamhede te bevorder en te bespoedig. Die Kommissie het bestaan uit ds. IP du Preez (voorsitter), mnr. GJJ van Rensburg (rekenmeester), prof. SD Nel (registrateur), prof. GDS Smit (skriba).

**AANBEVELING**

**19.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werksaamhede van die sub-kommissie vir Beurse en Lenings van die Kuratorium, sowel as die aantal teologiese studente wat gehelp kan word.**

## 20. BESKRYWINGSPUNTE
## 20.1 RING VAN MIDDELBURG

**Die Sinode besluit om ondersoek in te stel na en, indien toepaslik, 'n toesighoudende komitee in die lewe te roep oor die *aard* (struktuur) en tweedens die *toereikendheid* (onafhanklikheid en verantwoordbaarheid) van toesighouding oor die curriculum van dosente by die APA.**

20.1.1 Motivering
Dit is 'n Bybelse opdrag om oor ons medegelowiges se leer en lewe te waak, wetende dat ons almal feilbare sondaarmense is wat voortdurend moet waak teen en heers oor die sonde (vergelyk Hand. 20:28 *Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het*; I Kor. 12:25 *…sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra*; Gal. 6:1 en 2 *Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie. Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus* en ook Artikel 21, Kerkorde 2012: *Die opdrag van die ouderlinge is… waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer…*).

Net soos die Kuratorium oor die leer en lewe van die Akademie se studente moet waak, behoort gewaak te word oor wat aan hulle gedoseer word en wat hulle moet leer (ook per voorgeskrewe werke), ten einde te verseker dat die Leer en die Bybelse begronding van die leerplanne aan ons tersiêre inrigting suiwer en Skrifgetrou gereformeerd bly.
Met **aard** (hier bo na verwys) word bedoel:
Die samestelling, rotering, onafhanklikheid en strenge rapportering van 'n toesighoudende komitee aan die Sinode.

Met **toereikendheid** (hier bo na verwys) word onder meer bedoel:
Riglyne waaraan die onderskeie vakke se leerinhoud beoordeel word; 'n sentrale oorsig oor die studiebelading (somtotaal of hoeveelheid werk) van elke studiejaar sodat kwaliteit nie ter wille van kwantiteit versaak word nie, en tribunale of staande komitees om studente se moontlike kommer oor die leerstellige inhoud van 'n vak (of komponente daarvan) aan te hoor.

**AANBEVELINGS**

**20.1.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**

**20.1.3 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

20.1.4 Motivering
Hierdie beskrywingspunt is reeds ondervang met pt. 15.2 wat die uitbreiding van die kuratorium se lasgewing is.

## 20.2 RING VAN PETRUSBURG

Die Sinode besluit dat die Kuratorium wat belas is met die aanstelling van manlike lidmate wat voorheen die amp van bedienaar van die Woord beklee het, (vgl. Art. 59.3.3) en aan predikante wat die status van bedienaar van die Woord in ander gereformeerde verbande het en lidmaatskap in ’n AP Kerk wil verkry, behartig, voortaan ’n baie strenger keuringsproses in werking sal stel.

So ’n keuring sal ook ’n deeglike ondersoek na die bedienaar se arbeid in vorige gemeentes en sy sedelike waardes en leerstellings, behels.

20.2.1 Motivering
1. Onmin in gemeentes, en tussen kerkrade en leraars die laaste aantal jare.
2. Gevalle waar nóg die ring nóg die SKK geskille in die gemeente(s) kan bylê weens erge persoonlikheidsverskille.
3. Die betrokkenes wat hulle tot ’n vakbond en die Hof vir Bemiddeling en Arbitrasie gewend het (vgl. 1 Kor. 6:1-3).
4. Gevalle waar geskille selfs in die geregshowe beland het. (1 Kor. 6:6: *Maar gaan die een broer met die ander na die regbank, en dit voor ongelowiges?*)
5. Die mediadekking wat noodwendig hiermee gepaard gegaan het en die skade aan die Koninkryk van die Here, is onberekenbaar.

**AANBEVELING**

**20.2.2 Die Sinode keur nie die beskrywingspunt goed nie.**

20.2.3 Motivering
1. Die beskrywingspunt is laat ontvang en voldoen dus nie aan die formele vereistes nie.
2. Die beskrywingspunt geniet reeds aandag deurdat die Kuratorium tog versigtigheid en ’n fyn keuringsproses aan die dag lê. (Kyk ook punt 17 van hierdie verslag).

## 21. SLOT

Hiermee vertrou die Kuratorium dat die kommissie sy taak tot bevrediging van die Sinode van die Afrikaanse Protestantse kerkverband uitgevoer het en dat die verslag ’n ware en getroue weergawe van die werksaamhede en aktiwiteite van die Kuratorium is.
Ds. MJ Hartzenberg (Voorsitter)
Ds. IP du Preez (Ondervoorsitter)
Prof. SD Nel (Skriba)

**BYLAE KUR1**

## AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
## BEWEGING IN TEOLOGIESE STUDIEFONDSE VIR DIE TYDPERK 1/01/2010 TOT 31/12/2012

### 1. WILLIE LUBBE TEOLOGIESE STUDIEFONDS

| | |
|---|---|
| Balans op 1/01/2010 | R 8,135,221 |
| Tel by: | |
| Bydraes deur individue | 49,975 |
| Bydraes deur APK Gemeentes | 194,243 |
| Opbrengs uit studiepolisse | 631,819 |
| Rente verdienste uit fondsbelegging | 539,642 |
| Erflating: WJ Wilander | 150,000 |
| APK Tweeling | 31,490 |
| AME Robberts Trust | 25,000 |
| Balans op 31/12/2012 | R 9,757,390 |

### 2. AP KERK TEOLOGIESE BEURSFONDS

| | |
|---|---|
| Balans op 1/01/2010 | R 683,633 |
| Tel by: | |
| Skenkings | 6,591 |
| Rente verdien | 494,958 |
| Trek af: | |
| Beurse uitbetaal | -208,000 |
| Balans op 31/12/2012 | R 977,182 |

# VERSLAG: KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF (KKa)

**Tydperk: 1 Maart 2010 tot 28 Februarie 2013**

## 1. PERSONEEL

Die Dertiende Sinode het die Kommissie vir die Kerkargief (KKa) soos volg saamgestel:
Primarii: Di. LD Greyling (voorsitter), WJ van der Westhuizen (ondervoorsitter) en JCG Janse van Vuuren.
Sekundi: Ds. JA Jacobs en dr. HM Grobler.
Gekoöpteer: Ds. AS van Staden (Argivaris en skriba).

## 2. VERGADERINGS

Die Kommissie het twee keer vergader. Die vergaderings het op 2 September 2010 (tydens die sinode) en op 14 Maart 2013 plaasgevind. Alle ander sake is telefonies en per e-pos gehanteer.

## 3. WERKSAAMHEDE

### 3.1 Aanwinste

Ondergenoemde aanwinste is slegs dié stukke wat gedurende die verslagtydperk gesorteer, geliasseer en geïnventariseer is.

#### 3.1.1 Huweliksregister ontvang

Van die volgende predikante is een of meer huweliksregisterblaaie ontvang sedert die vorige sinode:
Di. C Bester, A Boshoff (jr.), AP Boshoff, prof. IA Brink, di. MR Burger, CN Coetzee, JSP de Villiers, JAC Erasmus, JC Gericke, MJ Hartzenberg, JA Jacobs, PB Kotzé, AS Kruger, DJ Malan, PJ Möller, MG Müller, DE Pretorius, RJ Pretorius, H Scherman, PL Storm, dr. TM Snyman, di. PG Stans, NJ Swart, HC van der Merwe, C van Rooyen, AS van Staden.
Verskeie huweliksregisters arriveer by die Sentrale Kerkargief via gemeenteskribas.

#### 3.1.2 Huweliksregister uitstaande

Die meerderheid van ons leraars stuur nog nie ons eie huweliksregisters in nie.

**AANBEVELINGS**

**3.1.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die leraars van wie huweliksregisterblaaie ontvang is deur die Argief.**

**3.1.4 Die Sinode wys leraars daarop dat dit hul ereplig is, nie in die eerste plek dié van gemeenteskribas nie, om toe te sien dat die huweliksregister wat deur ons kerkverband se Argief gehou word, van die nodige inligting op die voorgeskrewe huweliksregisterblaaie voorsien word.**

**3.1.5 Die Sinode versoek leraars dringend om benewens die staat se huweliksregister ook ons kerkverband se huweliksregister getrou te voltooi en na die Argief te stuur, veral gesien in die lig van die toenemende probleme wat met die departementele register ondervind word.**

**3.1.6 Die Sinode versoek leraars om afskrifte te maak van voltooide huweliksregisters en na die Sentrale Kerkargief te stuur voordat dit by die Departement van Binnelandse Sake ingehandig of omgeruil word.**

### 3.2 Gemeentelike argivalia

Van verskeie gemeentes is gemeentelike argivalia ontvang. Dit sluit sakelyste, notules en bylaes van kerkraads-, ouderlingeraads-, diakonie- en kommissie-vergaderings, afkondigingsboeke/blaadjies, bouplanne, foto’s, gemeenteblaaie, jaarprogramme, fees- en ontvangsprogramme, ens. in.

**AANBEVELINGS**

**3.2.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor gemeenteskribas en kerkrade wat waardevolle dokumente aan die Sentrale Kerkargief besorg het vir veilige bewaring en toekomstige navorsing.**

**3.2.2 Die Sinode herinner gemeentes daaraan dat alle dokumente en ander items met geskiedkundige waarde aan die Sentrale Kerkargief gestuur kan en behoort te word.**

### 3.3 Stukke van gemeentes ontvang (Bylae KKa1)

Daar word van gemeentes verwag om jaarliks minstens die volgende stukke na die Sentrale Kerkargief te stuur vir bewaring: Gemeentelike statistiek, vistasieverslae, registerafskrifte (doop- en lidmaatregisters) en finansiële state. Die tabel (Bylae KKa1) dui aan welke van hierdie stukke ontvang is sedert die vorige sinode.

**AANBEVELINGS**

**3.3.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeenteskribas wat dikwels met groot ywer gemeenteregisters in stand hou en afskrifte aan die Sentrale Kerkargief besorg vir veilige bewaring.**

**3.3.2 Die Sinode wys kerkrade daarop dat die jaarlikse instuur van registers en –afskrifte 'n besluit van die sinode is (vgl. Sinode 2004, p. 353, pt. 6.2).**

**3.3.3 Die Sinode doen 'n dringende beroep op gemeenteskribas om die voorskrifte vir lidmate- en doopregisters te volg.**

**3.3.4 Die Sinode doen 'n dringende beroep op gemeenteskribas om die voorskrifte vir die afskrifte van lidmate- en doopregisters wat na die Sentrale Kerkargief gestuur word, te volg.**

**3.3.5 Die Sinode neem met dank kennis daarvan dat ds. LD Greyling die publikasie *Handleiding vir Kerklike Administrasie* die lig laat sien het.**

**3.3.6 Die Sinode versoek dat kerkrade sal toesien dat gemeenteskribas in besit is van die *Handleiding vir Kerklike Administrasie* wat by die Boekwinkel beskikbaar is en waarin volledige voorskrifte vir die hou van registers voorkom.**

**3.3.7 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeenteskribas wat getrou afskrifte van geouditeerde finansiële state aan die Sentrale Kerkargief besorg vir veilige bewaring.**

**3.3.8 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om toe te sien dat afskrifte van elke jaar se geouditeerde finansiële state aan die Sentrale Kerkargief besorg word.**

**3.3.9 Die Sinode bedank gemeente- en ringskribas wat jaarliks statistiek van (ringe) gemeentes aan die Sentrale Kerkargief besorg.**

**3.3.10 Die Sinode pleit by rings- en gemeenteskribas om hierdie inligting met baie meer stiptelikheid aan die Sentrale Kerkargief te besorg, aangesien dit van onskatbare waarde is vir navorsing en die bepaling van tendense in ons kerkverband.**

**3.3.11 Die Sinode wys ringskribas op Bep. 37E en doen 'n ernstige beroep op ringe om toe te sien dat hierdie Bepaling nagekom word.**

**3.3.12 Die Sinode beveel aan dat Ringe nie persone as ringskribas herkies indien 'n kalenderjaar verbygegaan het sonder dat Bep. 37E uitgevoer is nie en om alle uitstaande argiefmateriaal van so 'n persoon op te eis vir deursending na die Sentrale Kerkkantoor en Argief.**

**3.3.14 Die Sinode doen ’n ernstige beroep op gemeente- en ringskribas om jaarliks die visitasieverslae (gemeentelike verslagvorm aan die ring of soortgelyke verslag deur die ring goedgekeur) van alle gemeentes aan die Sentrale Kerkargief te besorg aangesien hierdie verslae die beste aanduiding is van die geestelike welstand in ons gemeentes.**

## 4. BEKENDSTELLING VAN DIE ARGIEF AAN STUDENTE

Die KKa is baie dank aan die APA verskuldig vir die vergunning dat die finale jaar studente elke jaar vir een oggend ’n inligtingsessie deur die Argivaris oor die Sentrale Kerkargief ter plaatse mag bywoon. Dit bring noodwendig mee dat ons kerkverband se leraars op hoogte kom van die werkwyse en behoeftes van ons Kerkargief en derhalwe hopelik meer geneë sal wees om argivalia aan die Argief te besorg en te laat besorg.

**AANBEVELING**

**4.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor die dosent in Praktiese Teologie vir die skep van ’n geleentheid in die finale studiejaar van ons teologiestudente om ’n inligtingsessie by die Sentrale Kerkargief by te woon om ingelig te word oor die werksaamhede in die Argief.**

## 5. BEKENDSTELLING VAN DIE ARGIEF AAN LIDMATE

Aangesien opmerkinge wat in die verloop van die tyd gemaak is daarop dui dat daar grootliks onkunde bestaan by o.a. lidmate van ons kerkverband oor die aard en werksaamhede van die Sentrale Kerkargief en omdat die KKa van mening is dat hierdie onkunde bydra tot die laksheid om argivalia aan die Argief te besorg, het die KKa besluit om ’n uitnodiging te rig aan alle belangstellende lidmate om besoek af te lê by die Argief. Tydens sulke besoeke kan besoekers dan gewys word hoe die Argief daar uitsien en kortliks verduidelik word waarom die bewaring van argivalia belangrik is vir die toekoms. Die KKa het dit as ideaal gestel om van ons kerkargief ’n verbruikersvriendelike navraag-, naslaan- en navorsingsentrum te maak deur hierdie uitnodiging.

**AANBEVELINGS**

**5.1 Die Sinode nooi alle belangstellende lidmate uit om ter geleëner tyd besoek by die Sentrale Kerkargief af te lê. Besoekers sal welkom geheet word en op die noodsaak van die bewaring van geskiedkundige dokumente en artikels gewys word.**

**5.2 Die Sinode besluit by herhaling om gemeentes en ringe of groter groeperinge van gemeentes te versoek om die Argivaris uit te nooi om voorligting te gee i.v.m. die pligte van die plaaslike kerk t.o.v. administrasie en die instuur van argivalia.**

**5.3 Die Sinode bring dit onder die aandag van ringe en ander groepe dat hulle verantwoordelik is vir die reiskoste van die Argivaris wanneer hy genooi word om op te tree.**

## 6. ARGIEF-HULP

Die kommissie is van mening dat die volume werk in die Sentrale Kerkargief te groot is vir een amptenaar om te hanteer. Groot hoeveelhede argiefmateriaal van verskeie gemeentes en instansies soos bv. die APA het opgehoop en wag om gehanteer te word. Verder is dit sterk aan te beveel dat die inhoud van die Argief elektronies geberg moet word. Dit behels dat alle dokumente in die Argief geskandeer en elektronies geberg moet word. Die Argivaris kan nie al hierdie werk alleen behartig nie, derhalwe is die aanstelling van ’n Argief-hulp noodsaaklik. Die kommissie is van oordeel dat ’n persoon (moontlik ’n teologiese student) op ’n halfdag-basis voldoende hulp sal verleen. Die Kommissie beroep hom op die besluit wat die sinode in 2004 geneem het om ’n Argief-assistent aan te stel (p. 351; pt. 3.1: *Die Sinode keur die reëling van die GKK en KKa goed om met beskikbare fondse ’n permanente deeltydse assistent moontlik te maak*).

**AANBEVELING**

**6.1 Die Sinode keur die aanstelling van 'n Argief-hulp goed en dra dit aan die GKK op om vir 'n halfdag-pos te begroot en 'n geskikte persoon in oorleg met die KKa in die pos aan te stel.**

## 7. IN MEMORIAM (Bylae KKa2)

**AANBEVELING**

**7.1 Die Voorsitter reël dat die Sinode op gepaste wyse meelewing betoon met die afsterwe van hierdie broeders.**

## 8. KONFERENSIE: ALGEMENE TAAKSPAN ARGIEF

Die Algemene Taakspan Argief vergader een maal per jaar. Ander kerke se argivarisse het die begeerte uitgespreek om 'n konferensie van kerkargivarisse by te woon. Hierdie konferensie het vir die eerste keer plaasgevind op 22-23 Januarie 2013 te Stellenbosch en het saamgeval met die ATA se vergadering. Die AP Kerk is verteenwoordig deur ds. LD Greyling.

Elke argivaris het geleentheid gekry om sy/haar argief bekend te stel.

**Bewaring van argiefstukke in elektroniese formaat**
Die belangrikheid en noodsaaklikheid van bewaring van elektronies-geskepte argivalia is bespreek. Op hierdie stadium word argivalia in "pdf-" formaat bewaar (die papierstukke word ook steeds bewaar). Argivalia word op "CD" en op "DVD" gestoor. Dit is egter noodsaaklik dat hierdie data op 'n gereelde basis na hardeskywe oorgedra moet word!

Daar kan ook gebruik gemaak word van "clouds" – waarvan "DropBox" en "GoogleDrive" voorbeelde is. Op hierdie wyse word data op die Internet gestoor.

Die Boodskapper kan ook elektronies gestoor word, deur die elektroniese formaat wat aan die drukker gestuur word in "pdf-" formaat te stoor.

Op hierdie stadium blyk dit dat bewaring van elektroniese argivalia in "pdf-" formaat die veiligste en beste is.

**Bekendstelling en Publisering**
Die vraag is gevra: In watter mate moet Argiewe ook skryf en publiseer?
Dit het baie duidelik na vore gekom dat groter erns gemaak moet word met die bekendstelling van die kerkargief aan gemeentes en lidmate. Die bemarking van die argief is baie belangrik! Dit is ook belangrik dat die argief gereeld sekere belangrike sake asook nuwe verwikkelinge m.b.t. die argiefwese sal publiseer, byvoorbeeld: Wat behoort in die Kerkargief versamel en bewaar te word; Hoe om notules te skryf en te bewaar (die skryf, hantering en bewaring van notules), ens.

**Wat tydens hierdie konferensie geleer is en van toepassing is op ons eie ARGIEF.**

- Elektroniese ontsluiting van dokumente is noodsaaklik en belangrik! Hiervoor kan 'n rekenaarprogram "DB/Text" gebruik word.
- Beroking van alle nuwe argivalia wat ontvang word asook gereelde beroking van die argief is baie belangrik om insekskade aan dokumente te voorkom. Hiervoor is 'n berokingskamer baie nuttig en noodsaaklik!
- Elektroniese bewaring: Moedig gemeentes aan om argivalia ook in elektroniese formaat "pdf" aan die argief te stuur vir bewaring.
- Skep 'n webwerf vir die Kerkargief.
- Bemarking van die Argief is noodsaaklik!
- Opleiding van predikante (reeds as studente) asook alle administratiewe personeel van die gemeente in argiefwese en algemene administrasie is uiters noodsaaklik!

**AANBEVELINGS**

**8.1 Die Sinode besluit dat die argivaris en voorsitter van die Kommissie vir Kerkargief elke jaar die ATA-vergadering in Stellenbosch bywoon en dra dit aan die GKK op om daarvoor te begroot.**

**8.2 Die Sinode besluit dat 'n webwerf vir die Sentrale Kerkargief geskep word.**

**8.3 Die Sinode dra dit aan gemeentes op om (indien moontlik) ook argivalia in elektroniese formaat "pdf" tesame met die oorspronklike argivalia aan die Kerkargief te stuur.**

**8.4 Die Sinode dra dit aan die KKa op om metodes te ondersoek om opleiding aan leraars, studente en administratiewe personeel in gemeentes op 'n gereelde basis te verskaf.**

LEDE VAN DIE KOMMISSIE

Di. LD Greyling
WJ van der Westhuizen
JCG Janse van Vuuren
AS van Staden

# BYLAE KKA1

## STUKKE VAN GEMEENTES ONTVANG

| GEMEENTES | S 10 | S 11 | S 12 | V 10 | V 11 | V 12 | D 10 | D 11 | D 12 | B 10 | B 11 | B 12 | F 10 | F 11 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Alberton | | | | | | | | | | | | | | |
| Alfa | x | | | | | | | | | | | | x | x |
| Amajuba | x | | | x | | | | | | | | | x | |
| Amersfoort | x | | | | | | | | | | | | x | |
| Arnot/Hendrina | | | | | | | | | | | | | | |
| Balfour | x | | | x | | | | | | | | | x | |
| Belfast | x | | | x | | | | | | | | | | |
| Benoni | x | | | x | | | | | | | | | | |
| Bethal | | | | | | | | | | | | | | |
| Biesiesvlei | | x | | | x | | | | | | | | x | x |
| Bloemhof | | | | | | | | | | | | | | |
| Brakpan | | | | | | | x | | x | | | | | |
| Brits | x | | | x | | | | | | | | | | |
| Bronkhorstspruit | x | x | | x | x | | | | | | | | | |
| Buhrmannsdrif | | x | | | | | | | | | | | | |
| Carletonville | | | | | | | | | | | | | x | x |
| Carolina | | | | | | | | | | | | | | |
| Christiana | x | x | | x | | | | | | | | | | |
| Coligny | | x | x | | | x | | | | | | | | |
| Cullinan-Rayton | x | | x | | | | x | | | x | | | x | |
| Delareyville | | | | | | | | | | | | | | |
| Delmas | x | x | x | | | | x | x | x | x | x | x | x | x |
| Dendron | x | x | | x | x | | | | | | | | x | x |
| Derby | | x | | | | | | | | | | | | |
| Devon | | | | | | | | | | | | | x | |
| Ellisras | x | x | | | x | | | | | | | | x | x |
| Ermelo | x | | | | | | | | | | | | x | |
| Fonteine | | | | | | | | | | | | | | |
| Germiston | | | | | | | | | | | | | | |
| Greylingstad | | | | | | | | | | | | | | |
| Groblersdal | | | | | x | | | | | | | | | x |
| Grootfontein | | x | | x | x | | x | x | | x | x | | x | x |
| Hartbeesfontein | x | x | | x | | x | x | x | | | | | | |
| Hartbeespoort | | | | | | | | | | | | | | x |
| Heidelberg | | | | | | | | | | | | | | |
| Hoedspruit | x | x | | | | | | | | | | | | |
| Hoëveld Ermelo | x | | | x | | | | | | | | | x | |
| Hoëveldrif | | | | | | | | | | | | | x | x |
| Johannesburg | | | | | | | | | | | | | | |
| Johannesburg-Suid | | | | | | | | | | | | | x | x |
| Kempton Park | | | | | | | | | | | | | x | |

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kleinfontein | | | | | | | | | | | | | | x |
| Klerksdorp | | | | | | | | | | | | | | |
| Klerksdorp Sentraal | | | | | | | | | | | | | | |
| Koedoesrand | x | x | | | x | | | | | | | | x | x |
| Koster | | x | | | x | | | | | | | | | |
| Krugersdorp | | | | | | | | | | | | | | |
| Laersdrif | x | x | x | x | | | x | x | x | x | x | x | | |
| Lebombo | | | | | | | | | | | | | | |
| Leeudoringstad | | | | | | | | | | | | | x | |
| Lichtenburg | | | | | | | | | | | | | | |
| Louis Trichardt | x | x | | x | | | x | x | | x | x | | | |
| Lydenburg | | x | | | x | | | | | | | | | x |
| Magaliesburg | | | | | | | | | | | | | | |
| Marble Hall | x | x | | x | x | | | | | | | | x | |
| Messina | | | | | | | | | | | | | x | |
| Meyerton | x | x | | x | x | | x | x | | x | x | | x | |
| Middelburg Transvaal | x | | | x | | | | | | | | | | |
| Migdol | | | | | | | | | | | | | | |
| Mooinooi | | | | | | | | | | | | | | |
| Moot-Sentraal | x | x | | x | x | | x | x | | x | x | | x | x |
| Morgenzon | | | | | | | | | | | | | | |
| Naboomspruit | x | x | x | x | x | | | | | | | | x | x |
| Nelspruit | x | x | | x | x | | x | x | | x | x | | | |
| Nigel | | | | | | | | | | | | | | |
| Orkney | | | x | | | | | | | | | | | |
| Ottosdal | x | | | x | | | | | | | | | x | x |
| Phalaborwa | | | | | | | | | | | | | | |
| Piet Retief | x | | | x | | | | | | | | | | |
| Pietersburg | | x | x | x | x | x | | | | | | | | x |
| Potchefstroom | x | x | | | | | x | x | | x | x | | x | x |
| Potgietersrus | | | | | | | | | | | | | | |
| Pretoria-Oos | x | x | | x | | | | | | | | | | |
| Pretoria Suiderlig | | x | | | | | x | x | x | | | | x | x |
| Primrose | x | x | | | | | x | x | | x | x | | | |
| Randfontein | x | x | x | x | | | x | x | x | x | x | x | x | |
| Roedtan | | x | | | | | | | | | | | | |
| Roodepoort | x | x | | | x | x | x | x | | x | x | | x | |
| Rustenburg | x | | | | | | | | | | | | | |
| Sanddrift | | x | | | | | | | | | | | | |
| Sannieshof | x | x | | | | | | | | | | | | |
| Schweizer-Reneke | | | | | | | x | | | x | | | | |
| Standerton | | x | | | | | | | | | | | | |
| Swartruggens | | | | | | | | | | | | | x | x |
| Thabazimbi | x | | | x | | | x | | | x | | | x | |

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Trans-Magalies | x | x | | x | x | | | | | | | | x | |
| Tuinplaas | x | | | | | | | | | | | | | |
| Tzaneen | | | | | | | | | | | | | | |
| Vaalwater | x | x | | | x | | | | | | | | x | x |
| Vanderbijlpark | | | | | | | | | | | | | | |
| Ventersdorp | | x | | | | | | | | | | | | |
| Vereeniging | x | x | | | | | | | | | | | | |
| Verwoerdburg | x | | | x | | | x | | | x | | | x | |
| Warmbad | x | x | | x | | | | | | | | | x | x |
| Waterberg | x | x | x | x | x | | x | x | | x | x | | x | x |
| Wesmoot | x | | | | | | | | | | | | x | x |
| Witbank | x | | | x | | | | | | | | | | |
| Witrivier | | | | | | | | | | | | | | |
| Wonderboom | x | | | x | | | | | | | | | | |
| Zeerust | | x | | | x | | | | | | | | | |
| Bainsvlei | | x | | | x | | | | | | | | x | x |
| Bethlehem | x | x | x | | | | | | | | | | | |
| Bethulie | | | | | | | | | | | | | | |
| Bloemfontein Moedergemeente | x | x | | x | x | | | | | | | | x | x |
| Bloemfontein-Noord | | x | | | x | | | | | | | | x | x |
| Boshof | | | | | x | | | | | | | | x | x |
| Bothaville | | | | | | | | | | | | | | |
| Brandfort | x | x | | | | | | | | | | | x | x |
| Clocolan | x | x | | | | | | | | | | | | |
| Cornelia | | | | | | | | | | | | | | |
| Dealesville | | x | | | x | | | | | | | | | |
| Dewetsdorp | | x | | | x | | | | | | | | x | |
| Excelsior | | | | | | | | | | | | | | |
| Frankfort | | | | | | | | | | | | | | |
| Graniet | | | | | | | | | | | | | | |
| Harrismith | | | | | | | | | | | | | | |
| Heilbron | | | | | | | | | | | | | | |
| Hennenman | | | | | | | | | | | | | x | |
| Hertzogville | x | | | x | | | | | | | | | x | x |
| Hoopstad | x | | | x | | | x | | | x | | | x | |
| Jagersfontein/Fauresmith | | | | | | | | | | | | | | |
| Koffiefontein | | | | | | | | | | | | | | |
| Kroonstad | | | | | | | | | | | | | | x |
| Lindley | | | | | | | | | | | | | x | x |
| Marquard | x | x | | | | | | | | | | | x | |
| Memel | | x | | | | | | | | | | | | |
| Parys | x | x | | | x | | | | | | | | | |
| Paul Roux | | | | | | | | | | | | | | |

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Petrus Steyn | | | | | | | | | | | | | | |
| Petrusburg | | | | | | | | | | | | | x | x |
| Philippolis | | x | | | x | | | | | | | | x | |
| Reddersburg | | x | | | x | | | | | | | | | |
| Reitz | | | | | | | | | | | | | | |
| Senekal | x | | | | | | | | | | | | | |
| Smithfield | x | x | | x | x | | x | x | | x | x | | x | x |
| Theunissen | x | | | x | | | x | | | x | | | | x |
| Viljoenskroon | x | x | | x | | | | | | | | | x | x |
| Villiers | x | x | x | x | x | x | | | | | | | | |
| Vrede | | | | | | | | | | | | | | |
| Warden | | | | | | | | | | | | | | |
| Welkom | | | | | | | | | | | | | | |
| Wesselsbron | x | x | | | | | | | | | | | x | x |
| Winburg | x | | | x | | | | | | | | | x | x |
| Zoar | | | | | | | | | | | | | | |
| Aberdeen | | | | | | | | | | | | | | |
| Albertinia | x | x | | x | x | | | | | | | | x | x |
| Barkly-Oos | | | | | | | | | | | | | | |
| Barkly-Wes | x | x | | | | | | | | | | | x | x |
| Beaufort-Wes | | | | | | | | | | | | | | |
| Brakrivier | x | x | | x | x | | x | x | x | x | x | x | x | x |
| Britstown | x | x | | | | | | | | | | | x | |
| Calvinia | x | x | | | | | | | | | | | | x |
| Carnarvon | x | x | | | | | | | | | | | x | x |
| Clanwilliam | x | x | | | | | | | | | | | x | x |
| De Aar | | | | | | | | | | | | | | |
| Douglas | x | x | x | | | | | | | | | | | x |
| Engeland en Wallis | | | | | | | | | | | | | | |
| Fraserburg | x | x | | | | | | | | | | | x | x |
| Gansbaai | | x | | | x | | | | | | | | x | |
| George | x | x | | x | x | | x | x | x | x | x | x | x | |
| Gordonia | | | | | | | x | x | x | | | | | |
| Grens | | | | | | | | | | | | | | |
| Griekwastad | x | x | | | x | | | | | | | | x | x |
| Groblershoop | | | | | | | | | | | | | | |
| Hanover | | | | | | | | | | | | | | |
| Hardeveld | x | x | | | | | | | | | | | | x |
| Heidelberg-Kaap | | | | | | | | | | | | | | |
| Hopetown | x | x | | | x | | | | | | | | x | x |
| Hugenote-Vallei | | | | | | | | | | | | | | |
| Jamestown | | | | | | | | | | | | | x | x |
| Jeffreysbaai | x | | | | | | | | | | | | x | x |
| Kakamas | | | | | | | | | | | | | | |

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kareedouw | x | | | | | | | | | | | | x | x |
| Kathu | | | | | | | | | | | | | | |
| Kimberley | x | x | | x | x | | | | | | | | x | x |
| Kimberley-Die Kruis | x | x | | | | | | | | | | | x | x |
| Knysna | x | x | | x | x | | | | | x | | | | |
| Kuruman | | | | | | | | | | | | | | |
| Mosselbaai | x | x | | x | x | | x | | | x | | | | x |
| Murraysburg | | | | | | | | | | | | | | |
| Namakwaland | x | x | | | | | | | | | | | x | x |
| Olifantshoek | | | | | | | | | | | | | x | x |
| Olifantsrivier | x | x | | | | | | | | | | | x | x |
| Orania | x | x | x | x | | | | | | | | | x | |
| Oudtshoorn | x | | | x | x | | | | | | | | x | |
| Piketberg | x | | | x | | | | | | | | | x | |
| Pofadder | | x | | | x | | | | | | | | x | x |
| Port-Elizabeth | x | | | | | | | | | | | | | |
| Postmasburg | | | | | | | | | | | | | | |
| Prieska | x | x | | | | | | | | | | | x | |
| Reivilo | x | x | x | | | | | | | | | | | |
| Riversdal | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | | x |
| Robertson | | | | | | | | | | | | | | |
| Somerset-Oos | x | | | | | | | | | | | | x | x |
| Stella | | | | | | | | | | | | | | |
| Stellenbosch-Somerset-Strand | | | | | | | | | | | | | x | x |
| Steynsburg | | | | | | | | | | | | | x | |
| Strydenburg | x | x | | | x | | x | x | | x | x | | x | |
| Sutherland | x | x | | | | | x | | | x | | | x | x |
| Tarkastad | | | | | | | | | | | | | x | x |
| Tygerberg | | x | x | | | | | | | | | | | |
| Uitenhage | x | | | | | | | | | | | | | x |
| Vaalharts | | x | | | x | | | | | | | | | |
| Vanwyksvlei | | | | | | | | | | | | | | |
| Vryburg | | | | | | | | | | | | | | |
| Weskus | | | | | | | | | | | | | | |
| Worcester | | x | | | | | | | | | | | | |
| Dundee/Glencoe | x | | | | | | | | | | | | | |
| Gelofte-Pietermaritzburg | | | | | | | | | | | | | | |
| Groter Durban | | x | | | | | | | | | | | | |
| Hluhluwe | | x | | | | | x | x | | x | x | | | |
| Newcastle | x | x | | | | | | | | | | | | |
| Richardsbaai | | | | | | | | | | | | | | |
| Suidkus | x | x | | x | x | | | | | | | | x | |
| Utrecht | | | | | | | | | | | | | | |

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vryheid | | | | | | | | | | | | | | |
| Gobabis | | | | | | | | | | | | | | |
| Grootfontein | x | | | | | | | | | | | | | |
| Keetmanshoop | | | | | | | | | | | | | | |
| Leonardville | | | | | | | | | | | | | | |
| Outjo | | | | | | | | | | | | | | |
| Welwitschia | x | x | | | | | | x | | | x | | | |
| Windhoek | | | | | | | | | | | | | | |

**Verduideliking:**
S10 = Statistiek 2010;
S11 = Statistiek 2011;
S12 = Statistiek 2012;
V10 = Visitasieverslag 2010;
V11 = Visitasieverslag 2011;
V12 = Visitasieverslag 2012;
D10 = Doopregister (afskrif) 2010;
D11 = Doopregister (afskrif) 2011;
D12 = Doopregister (afskrif) 2012;
B10 = Lidmaatregister (afskrif) 2010;
B11 = Lidmaatregister (afskrif) 2011;
B12 = Lidmaatregister (afskrif) 2012;
F10 = Finansiële state 2010;
F11 = Finansiële state 2011;
F12 = Finansiële state 2012.

# BYLAE KKa2

# IN MEMORIAM

**DS. JACOBUS ABRAHAM BOTES (KOSIE)**
**3 September 1937 – 8 Julie 2009.**
Kosie Botes is in 1937 gebore op Vryburg en het daar in die distrik grootgeword. Tydens sy jaar in die Lugmag Gimnasium het hy tot bekering gekom en sy roeping om predikant te word, ontvang. Hy het 'n paar jaar gewerk voor hy sy BA-graad aan UP behaal het. Daarna is hy na Stellenbosch vir sy kweekskoolopleiding en word 1967 tot die bediening toegelaat.

Ná sy huwelik met Corrie begin hy sy bediening as sendeling in Malawi en wel as die eerste predikant van die gemeente Mdzobwe van die Kerk van Midde Afrika, Presbiteriaans. Daarna bedien hy twee NG moedergemeentes tw. Prieska en Ladismith, KP. In 1984 keer hy terug na die werk onder die Malawiërs, dié keer vanaf Bindura in Zimbabwe. Gedurende die sewe jaar wat hy 'n werkpermit van die Zimbabwiese regering kon kry, het hy die ontwikkeling van kerksake in die RSA noukeurig gevolg. Toe 'n verdere verlenging van die werkpermit nie moontlik was nie, was daar net een begeerte by hom en dit was om verder in die AP Kerk te werk.

In die AP Kerk was hy eers werksaam in die twee gemeentes – Hennenman en Virginia – en daarna in Prieska en Groblershoop. Ná sy aftrede op Kleinmond het hy sedert 2002 dienste waargeneem in etlike gemeentes in die Wes-Kaap wat nie hulle eie AP Kerk-leraars gehad het nie.

Teen die einde van 2007 is hy gediagnoseer met mesoteliome (asbeskanker) en het hy die geleidelike aftakeling deur die siekte en inperking van vermoëns met groot vrede en blymoedigheid gedra totdat hy eindelik op 8 Julie 2009 tuis oorlede is.

Hy laat sy vrou, vier kinders en twee kleinkinders agter wat hom sal onthou as 'n liefdevolle, sorgsame vader wie se liefde vir praktiese handewerk sigbaar is in baie dinge wat hy nagelaat het.

Die gemeentes waar hy gewerk het, sal hom onthou as 'n ywerige werker, altyd goed voorbereid, 'n goeie administrateur en iemand wat geglo het in die waarde van huisbesoek. Die suiwer evangelieboodskap, sterk familiebande en 'n liefde vir sy volk en volksake het swaar by hom geweeg.

Hy sal bly voortleef in ons gedagtes; sy lekker lag en goeie sin vir humor sal vir altyd onthou word.
Wouter Hugo (Susterskind)

**DS. OD SCHEUER**
**31 Augustus 1930 – 22 Julie 2010**
Ons pa was die hoof van sy huis en hy moes die leisels styf vashou. Om ses kinders op ’n gemeente los te laat, het nuwe betekenis aan die woord “woelig” gegee. Vir ons pa was daar net goed en verkeerd. Swart of wit. Geen grys tussenin nie. Hy het moeilike besluite geneem sonder om te twyfel oor die uitvoerbaarheid daarvan, en net oor dit reg vir hom was. Hy het sy hele pensioen verloor op die ouderdom van 58 jaar, maar hy het net bly staan by sy besluit om die NG Kerk te verlaat ter wille van sy beginsels. Sy beginselvastheid het byvoorbeeld gestalte gekry in die feit dat hy vandat ons kan onthou, elke enkele Geloftedag gevra was om te preek by ’n 16 Desember-geleentheid. Hy het ’n groot passie gehad vir die Afrikanervolk en ons tradisie. Ons het as kinders by Bloedrivierherdenkings grootgeword en met ons Voortrekkerkappies in die modder gespeel en talle preke en toesprake beluister van ’n afstand af. Dikwels waar hy die gasspreker was. Hy was naby aan die natuur. By omtrent elke pastorie waar ons gebly het, is daar vrugtebome geplant en ’n groentetuin aangelê. Vele troeteldiere het ons lewens verryk. Honde, katte en tot ’n boerbok! Hy was baanbreker in die sendingveld. Hy het soms nodig gehad om te perd nagmaal te bedien aan lidmate, ver weg van die beskawing. Dan het hy maar die brood en wyn in die saalsakke gelaai en in die pad geval. By een geleentheid het hy die wyn in die Jeep vergeet en het ’n lidmaat gekom met ’n bietjie dikmelk en die nagmaal kon aangaan! By ’n ander geleentheid het hy met ’n kloekende hoender onder die arm tuisgekom: Deel van die kollekte!

Stel jou voor; Die laaste seënbede met 'n hoender onder die arm! Hy het ook al by verskeie geleenthede onder 'n boom kerk gehou, Sondagmiddag op sy ergste hitte in KwaZulu Natal… en tot 'n slang aan die slaap gepreek! Toe die slang natuurlik uit die boom val, was almal wakker. Ons pa het sy hele lewe erg gebou. Hy het ses kerkgeboue fisies tot stand gebring. Hy was baie kunssinnig en sy stokperdjies pryk in baie huise en kerke. Loodglas lampskerms en kerkvensters, kalligrafiese adresse, geraamde tekste, houtskilderwerk, leerhandsakke, beursies, gordels. Sy besondere handskrif het gelyk na kalligrafie, so mooi was dit, en sy briewe het gelyk of dit in 'n pragtige "font" op 'n rekenaar gedruk is. Hy het 'n akademiese nuuskierigheid gehad en wyd gelees. Hy het jare ingeskryf op *TIME Magazine* en was dikwels aan die lees aan 'n nuwe of ou skrywer wat hy ontdek het – om dit ook met ons te deel. Die enigste ses films wat hy op die groot skerm gaan kyk het, was Evita, Titanic, Pearl Harbour, Jock of the Bushveld en The passion of Christ wat hom in onbeskaamde trane gehad nie. Al ses ons kinders het die geleentheid gehad om universiteit toe te gaan op 'n karige predikantsalaris – vier van ons het nagraadse kwalifikasies. Ons het almal begin met musieklesse – net sommiges het aangegaan! Ons het groot geword met huisgodsdiens, twee keer 'n dag, oggend en aand. Elke keer lees, bid op die knieë, sing. Hier het ons pa ons leer saamsing as gesin. En as individue.

Klein kindertjies was vir hom baie besonders. Hy kon baie goed met hulle bind en het die broodnodige rol van mentor in vele lewentjies ingeneem. Hy sou ook altyd die vreemdeling, die half ongemaklike, eensaam persoon uitkies by 'n byeenkoms om eenkant mee aan die gesels te raak, en daardie persoon se diepste menswees in belang stel en raaksien. Dikwels dan ook 'n pad stap saam met daardie een. Pa se missie op aarde was om mense geestelik aan te raak, en dit is seker ook sy grootste nalatenskap. Hy was 'n mens met integriteit. 'n Mens wat doen wat hy sê. Hy wou altyd 'n koedoe skiet, en was dankbaar daarvoor dat hy dit tog nie self gedoen het nie, al het hy terdeë gedeel en geniet aan elkeen se jagstories. Op dieselfde plaas waar hy grootgeword het, is daar nog swart werkers wat hom onthou vir die keurige en korrekte Zoeloe wat hy met hulle gepraat het. Hy het 'n groot deel van die Zoeloe gesangeboek in Zoeloe vertaal op die sendingstasie. Hy kon dit vlot praat. As kind het hy ook Duits vlot gepraat. Pa het vir homself 'n sterk vrou uitgekies. Sy het hom gevolg vanaf die sendingvelde van Natal, na mynkampongs in die middestad van Johannesburg, uit een kerk na die stigting van 'n ander, na aftrede tot in Paraguay gaan draai en toe nog 'n paar gemeentes bly bedien, tot in die tuin van Eden, wat vir al twee 'n rustige en laaste holte vir die voet was. As pa 'n beroep gekry het, het hy begin bid en ma het begin pak…19 keer.

Hy was ook 'n groot sport-ondersteuner gedurende sy skooljare in Wartburg in Natal, was hy vir lank die rekordhouer in die 440 en 880 treë-naellope. Selfs groot skole in Durban en Pietermaritzburg kon nie sy tyd verbeter nie. Op skool was hy omtrent 90% van die tyd daar as ons moes hardloop of wedstryd speel. Atletiek was sy besondere voorliefde. Seker omdat hy self besig was met sy eie geestelike wedloop van die lewe. Pa is nou aan die ander kant van die wenstreep. Hy het sy oog gevestig gehou op die einde. Hy het die wedloop voltooi. Hy is in sy Vader se arms.

Wees stil daar gaan 'n man verby; 'n Godsman wat sy taak op aarde met onderskeiding uitgevoer het. *Hamba kahle…Mfundizi…*
Scheuer gesin.

**DS. PAUL LODEWYK STORM**
**(10/12/1945 – 23/9/2011)**
Ds. Paul Storm het op 1 Januarie 1988 by die AP Kerk aangesluit. Hy het die gemeentes Thabazimbi, Lichtenburg, Coligny, Delmas, Verwoerdburg en Amajuba bedien. Op 23 September 2011 is hy na 'n kort siekbed as gevolg van hartprobleme in die intensiewe eenheid van die Wilgers-hospitaal oorlede.

Ds. Paul was 'n denker; 'n man wat verskeie opsies oorweeg het alvorens hy jou vraag beantwoord het. Op vergaderings het hy met verrassende opmerkings vorendag gekom en weldeurdagte menings uitgespreek. Ds. Paul het nie net na volwassenes geluister nie, maar ook na kinders; hul opinie gevra en daarvolgens dan as volwassene en leier gehandel. Vir hom was elke mens belangrik. As jy in die nood was, kon jy hom maar gaan raadpleeg – hy sou luister, uitvra en dan goeie raad aan die hand doen. Jou nood en jou vreugde was ook syne.

Vir ds. Paul moes jy 'n ding reg doen en hy moes verstaan waaroor dit gaan, maar sy liefde vir sy medemens was 'n opregte Christusliefde sonder voorbehoud of aansiens des persoons. Dinah Smith, 'n gemeentelid wat ds. Paul reeds van 1980 af ken en vir wie hy ook in moeilike tye bygestaan het, vertel van 'n man wat met ds. Paul se hulp

drankmisbruik oorkom het en uiteindelik as diaken bevestig is. Sy getuig verder: *Ds. Paul was getrou, liefdevol en het pragtige preke gelewer.*

Aan Helena en die kinders ons innige meegevoel. Mag die Here julle ryklik seën in hierdie moeilike tye en sy bewarende hand oor julle hou.
Met innige meegevoel en opregte groete
Redaksie: *Die Boodskapper*, vriende, familie en oud-gemeentelede.

**DS. MICHIEL CORNELIS KALP LOOTS**
**26/11/1926 – 7/10/2010**
Ds. Loots is op 26 November 1926 in Victoria-Wes gebore. Ná sy skoolopleiding aan die Hoërskool Victoria-Wes, gaan hy na die Universiteit van Stellenbosch vir sy teologiese opleiding. Op 19 Desember 1952 tree hy in die huwelik met Ansie van Tonder en uit die huwelik is ses kinders, vier dogters en twee seuns gebore.

Saam met sy eggenote het hy sy bediening in Ohrigstad begin waar die pastoriepaar hul met hart en siel beywer het vir die opbou van die kerk en die bou van die saal. Hy was ook leraar vir die gemeentes van Gravelotte, Dullstroom en Wonderboom, Pretoria. Daarna was hy vir ongeveer vyftien jaar Kapelaan in die Weermag en in 1986 het hy in Tempe, Bloemfontein, sy emeritaat ontvang. Toe het hy en Ansie op hul plaas in die Dewetsdorp-distrik gaan boer. In 1998 verkoop hulle die plaas en verhuis na hulle kleinhoewe naby Eersterivierstrand in die Oos-Kaap.

Ons sal oom Kalp, soos almal hom genoem het, altyd onthou as ’n humoristiese mens met pittige sêgoed en ’n vinnige geaardheid, maar ’n man wat sy Here altyd eerste gestel het. Oom Kalp laat sy eggenote, ses kinders en dertien kleinkinders agter.

Só huldig sy eggenote, Ansie, hom: Al die eer aan die Skepper vir wat Hy beskik het:
’n Mens wat kon werk en ’n vurige liefde vir God se Koninkryk, om die gawe te hê om mense se lewens aan te raak, en om te kon liefhê.

En sy kinders: Pa het ’n groot liefde vir die natuur gehad en het ons geleer en gewys om God se hand in die natuur raak te sien… Pa het ’n groot liefde vir die Afrikanervolk en -kultuur gehad… Pa het ’n liefde vir sy kerk en gemeente gehad. Ons Pa het ’n liefde vir sy vrou en gesin gehad. Hy het ons geleer dat “blink” goed nie belangrik is nie, maar dat ware vriendskap baie meer werd is. Pa het ’n wonderlike liefde vir God gehad; vir God se handewerk in die uitspansel, hemelruim, in die berge, bome, plante en die diere. Hy het vir ons ’n voorbeeld gestel hoe om Christenskap toe te pas en uit te leef.
Namens die gemeentes van Kareedouw en Jeffreysbaai.

**DS. JA (BERTUS) DU PLESSIS**
**4/6/1937 – 21/1/2011**
Josef Albertus du Plessis is gebore te Paul Roux op die plaas Nooitgedacht waar hy grootgeword en ook skoolgegaan het. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Diamantveld (Kimberley). Hy volg B.A. Admissie te Potchefstroom waar sy ouers toe woonagtig was. Hy onderbreek sy studies vir 3 jaar om in Pretoria in die Staatsdiens te werk om sy ouers te kan versorg. Gedurende hierdie tydperk ontmoet hy sy eggenote, Martha Magdalena Kotzé.

Ná hul huwelik, verhuis hulle na Stellenbosch, waar ds. Bertus sy teologiese studies voltooi. Uit hierdie huwelik is later 5 kinders gebore: Danie, Aletta, Else, Martha en Bertris. Sy eerste gemeente in die NG Kerkverband was as hulpleraar te Vryburg. Daarna aanvaar hy ’n beroep na Reivilo waar hy ’n lang en gelukkige bediening gehad het en hy ook op die plaas Kampgrond geboer het. Gedurende hierdie tyd is sy vader oorlede en aanvaar hy ’n beroep na Zeerust om nader aan sy moeder te wees sodat hy haar kon versorg. Nadat sy moeder oorlede is, aanvaar hy die beroep na Migdol. Gedurende hierdie tydperk word die AP Kerk gestig en vanaf Migdol verhuis die gesin na Potchefstroom waar hulle in ’n tweeslaapkamerwoonstel in Gouwsstraat gewoon het. Ds. Bertus was gemoeid met die stigting van vele gemeentes in die AP kerkverband. Potchefstroom beroep hom as hul eerste leraar. Hy dien later ook in die volgende gemeentes: Naboomspruit; Roedtan, Springs; Delmas, Vereeniging en Fochville.

Tydens sy bediening in Potchefstroom, is hul seun, Danie, oorlede wat beide ouers se grootste hartseer in hul lewens was. In 2007 gee ds. Bertus ook sy eggenote aan die dood af.

Só onthou ds. Bertus se suster hom: "Hy was 'n mens-mens wat die belange en hartseer van sy medemens geken en saam help dra het. Hy was 'n herder vir sy uitgedeelde kudde, wat hy met groot deernis hier op aarde versorg het. Gedurende kuiertjies by my, het hy onophoudelik met een of ander gemeentelid van sy vorige gemeentes oor die foon gesels en oral hulp verleen."

Mnr. Dirk Swart het 'n e-pos gestuur wat op ds. Bertus se begrafnis voorgelees is en wat deur homself en 9 ander matriekmaats onderteken is: *Hy was 'n liefdevolle en saggeaarde skool- en klasmaat en ons eer sy nagedagtenis.*

**DS. ALBERTUS JOHANNES KRUGER**
**25-12-1982 – 02-05-2011**
*O, DIEPTE van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?* (Romeine 11:33,34).

Aan God al die eer vir 28 jaar en 4 maande wat Bertus deel was van ons lewens. Bertus was die derde broer van vier seuns in die huis van ds. Chris en Susan Kruger. Hy sal onthou word as die platjie van die familie. Die boetie met die stoute glimlag. En in sy oë: Altyd op soek na iemand om te terg. Sy lewe het van kleins af getuig van ongekende vreugde en hy het sy lewe voluit geleef.

Iets wat ons altyd aan sy terggees sal herinner, was toe hy as driejarige seuntjie met mening vertel het dat hy nie 'n predikant wil word soos sy pa nie, maar 'n huisbouer. Die rede hiervoor was dat hy nie die heeldag in die kerk wou sit nie!

Op 'n besondere wyse het hy die gemeentes Germiston, Primrose, Delmas en Fonteine, bedien. As herder en leraar sal hy onthou word vir sy erns wanneer hy besig was met die bediening van die Woord van die Here, sy liefde vir sy lidmate en sy begeerte om die huis van die Here op te bou tot eer van sy Naam. As predikant het hy met ywer gebou aan die koninkryk van God. Sy laaste preek was tydens die bevestiging van ds. Chris Kruger in AP Kerk Koedoesrand. In sy laaste gesprekke is mense deeglik bewus gemaak van die feit dat ons tyd op aarde nie deur onsself bepaal word nie. Die Here se raad kan nie gekeer word nie. Een van sy laaste wense was om 'n preek te maak aan die hand van die tema: *Is jy gereed?* Min het ons geweet dat sy tyd op aarde binnekort verby sou wees. Die preek kan wel gelees word in sy skielike, onverwagse sterwe.

Terugskouend kan ons duidelik sien dat ook Bertus se dood fyn beplan was in God se raadsplan. Ons troos is gegrondves in die wete dat niks, nie eens die dood, ons van die liefde van God in Christus kan skei nie. Deur onverdiende genade leer ons om vergenoeg te wees met die besluite van ons hemelse Vader. In die krag van Christus loop ons die onverwags veranderde lewenspad in die wete dat Hy daarvan in beheer is. In aanskouing van die leë graf van ons Here Jesus weet ons dat die dood maar net die deurgang is na ewige hemelse vreugde.
Ons groet ons geliefde met sy woorde: "Groetnis".
Ds. Andries Kruger

**THEUNIS LOUIS BOTHA**
**19/05/1933 – 08/04/2012**
Ds. Louis Botha emeriteer in 1998 en vanaf 17 Oktober 1998 tot 18 Julie 2003 was hy met beperkte dienstermyn verbonde aan die AP Kerk Arnot/Hendrina. Vir Lina. Petro, KP en Rene was hy 'n koelteboom, raadgewer en getroue vriend. Soos Rene dit gestel het: In ons harte sal pappa altyd by ons wees en sal ons leef soos pappa die voorbeeld gestel het: *Ken God in alles, wees nederig en wanneer daar donker dae kom en besluite geneem moet word, dat ons dan ook ons antwoorde van die Here bid.*

Ds. Louis het ook in die Nederduits Hervormde Kerk in die gemeentes Koornfontein, Grootvlei en Queenstown; Dordrecht gedien.
Ons bid sy gesin sterkte en seën toe met sy heengaan.

**FREDERIK ALBERTUS (FRIK) GROBLER**
**31/8/1933 – 22/7/2012**
Ds. Frik (FA) Grobler is op 31 Augustus 1933 te Hendrina in die ou Suid-Oos Transvaal gebore. Hy het ná skool onderwys studeer. Ná 'n paar jaar in die onderwys waar hy boekhou (Rekeningkunde) gegee het, het hy in die Teologie gaan studeer by die Universiteit van Pretoria. Nadat hy gelegitimeer is, het hy in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die volgende gemeentes gedien: Memel, Bethal-Noord, Hartbeesspruit (Pretoria) en Charl Cilliers. Daarna het hy geëmeriteer en oorgegaan na die Afrikaanse Protestantse Kerk waar hy in die volgende gemeentes gedien het: Bethal, Morgenzon, Amersfoort, Hoëveld Ermelo en dan die laaste paar jaar slegs by Bethal Moedergemeente.

Ds. Frik het 'n groot rol in die gemeenskappe gespeel waar hy gedien het. Toe hy in Memel was, het hy die dorp se eerste rugbyspan afgerig waar hulle die beker gewen het vir die plattelandse dorpspanne. Ook in Bethal was hy betrokke as rugbyafrigter van die dorp. Op Saterdag 14 Julie het daar 'n veldbrand uitgebreek op hulle plaas waarna hy en sy eggenote, Lenie, probeer het om die vuur van hulle woning en voer af weg te hou. Sy voertuig het in die rook op 'n kontoerwal beland waarna dit aan die brand geraak het. Hyself het brandwonde opgedoen. Hy is dadelik na Medi-kliniek in Trichardt geneem vanwaar hy oorgeplaas is na Unitas-hospitaal in Pretoria. 'n Week daarna is hy op Sondag 22 Julie oorlede. Waar hy so gewoond was om op 'n Sondag na die huis van die Here te gaan, het die Here hom die Sondag na sy ewige huis geneem.

Sy begrafnis op Vrydag 27 Junie het plaasgevind in sy geliefde kerkgebou van die AP Kerk Bethal. Dit was een van die grootste begrafnisse wat Bethal nog gehad het en benadruk die feit dat hy in soveel mense se lewens 'n verskil kon maak. Hy laat sy eggenote, een seun, twee dogters, 'n stiefdogter en twee stiefseuns agter. Ds. Ernst Endres wat die diens waargeneem het, het hom goed opgesom: Hy was 'n ware Afrikaner-ikoon. Nog een van ons Afrikaner-ikone is huis toe.
Christo Keet (Voorsitter – AP Kerk Bethal)

**FREDERIK CHRISTIAAN BURGER**
**20 JULIE 1941 – 23 NOVEMBER 2012**

My pa se dood het baie vinnig en onverwags gekom. Dit is 'n groot hartseer dat hy nie meer by ons is nie, maar ná 'n lang periode van pyn en swaarkry, gun ons hom hierdie rus en welverdiende bevryding van die pyn en lyding. Ons berusting lê in die wete dat hy in 'n ander lewe by sy hemelse Vader is. Veral vir die kleinkinders wil ons sê dat hulle nie alleen moet voel omdat hy nie meer hier is nie, maar dat hy nou in 'n ander lewe verkeer en dat hulle altyd die mooi dinge wat hulle van hom geleer het, moet onthou. My ouers was op besoek aan hulle kinders en kleinkinders in SA, maar hulle het skaars geland, of hy het siek geword en is in die hospitaal opgeneem. 'n Volle twee maande hospitalisasie met verskeie operasies het gevolg, maar hy is uiteindelik op 23 November 2012 oorlede.

My pa was sy lewe lank 'n leier, berader en inspirasie vir die mense met wie hy in aanraking gekom het. Vir sy kinders, kleinkinders en vele ander was hy die een wat kon luister sonder veroordeling en wat altyd met oplossings en goeie raad vir probleme kon kom. In die laaste paar jare van sy lewe het hy in Alaska in die VSA gewoon en vir twee jaar elke naweek met 'n veerboot oorgevaar na 'n Indiaanreservaat om dienste en ander pligte vir die Presbiteriaanse Kerk daar waar te neem. Selfs daar het hy sy leierskap en berading voortgesit. Tydens die redelik onlangse hersiening van die vier Afrikaanse kerke se sangbundels, het hy die AP Kerk op die Psalmkommissie verteenwoordig. Hierdie taak het hom baie na aan die hart gelê en hy het met oorgawe sy bydraes daar gelewer. Behalwe dat hy vir sy familie in Suid-Afrika kom kuier het, is hy ook genooi om die Simposium van Afrikaanse Literatuur toe te spreek. Sy referaat is in sy afwesigheid voorgelees.

Terwyl hy tydens sy hospitalisasie nie kon lees nie, het hy vir homself Psalms opgesê. Hy het 'n kritiese, abstrakte en filosofiese denkwyse gehad met 'n voortdurende smagting na kennis en selfverryking. Hierdie honger na kennis het hy voortdurend gestimuleer en so het hy in 2012 sy meestersgraad in Literatuurwetenskap deur UNISA met lof behaal. Dit het bygedra tot sy groeiende belangstelling in ekoliteratuur. Hy was ook baie gefassineer deur gedigte en verhale wat spreek van die vele mites en legendes rondom die inheemse Indiaanse bevolking van Alaska. Dit het hom geïnspireer om kinderstories te begin skryf oor Raaf en sy Avonture. Sy kleinkinders het hierdie stories baie geniet. Daar is heelwat van sy skrywes beskikbaar op **www.freddieburger.wordpress.com**

Ds. Freddie Burger word oorleef deur sy vrou. Elise, 5 dogters en 9 kleinkinders; asook 4 susters en 3 broers.
Christa (dogter)

**DS. JAN HENDRIK VAN DER WALT**
**29/09/1932 – 08/01/2013**

Ds. Jan van der Walt is deur die Here geroep om bedienaar van die Goddelike Woord te wees. Dit was hy inderdaad. Vanaf 1957 tot 1987 was hy predikant in verskeie Gereformeerde kerke.

Op 22 September 1989 sluit hy hom aan by die AP Kerk. Hy bedien die gemeentes Witbank en Cullinan-Rayton en emeriteer op 31 Oktober 1997. Hierna bedien hy met beperkte opdrag Cullinan-Rayton tot 2004. Nadat hy en sy gade aan die Natalse Suidkus gaan aftree het, begin hulle 'n gastehuis en preek hy nog in die AP Kerk Gelofte-Pietermaritzburg.

Die Here het hierdie dienskneg van Hom geseën met baie gawes en talente:
- Van die uitstaande gawes was – vriendelikheid, gasvryheid, liefde en ywer vir die Here, liefde vir sy kerk en sy familie, hulpvaardigheid, hardwerkendheid en sy omgee vir mense.
- Skrywer het vir ses jaar saam met hom as kollega in Barberton gewerk en hom leer ken as 'n lojale en mee lewende vriend. Saam was ons diensknegte van die Here wat 'n uitgebreide gebied moes bedien asook vlieëniers wat dikwels die lang afstande met die vliegtuig moes bedien.
- In Sinodale verband het hy in die Kuratorium en GKK/BRKA gedien.
- In verskeie gemeentes was hy in sy dienstydperk die inisieerder en dryfkrag om kerkgeboue tot eer van die Here op te rig – Gereformeerde Kerke: Komatipoort en Akasia (Pretoria-Noord) APK: Witbank en Cullinan-Rayton.
- Ds. Jan van der Walt was 'n pastor en bedienaar van die Woord by uitnemendheid.

Nie alleen sy kinders en kleinkinders nie, maar ook sy kollegas en lidmate van verskeie gemeentes waar hy gearbei het, sal mooi herinneringe aan hierdie bedienaar van die Goddelike Woord hê.
Ds. Jan de Beer

# VERSLAG: KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPLEIDING (KOO)

**Tydperk: 3 September 2010 tot 12 April 2013**

## 1. PERSONEEL

Primarii: Di. JB Trollip (voorsitter); PG Stans (ondervoorsitter); SA Roets (skriba); MJL Jordaan; MA Buys; A Van Zyl.
Sekundi: Ds. HJL Erasmus.

## 2. VERGADERINGS

Geen vergaderings is gehou nie.

## 3. SINODALE OPDRAGTE 2010

### 3.1 DVD: TOESTAND VAN ONDERWYS IN SUID-AFRIKA

*2010-AANBEVELINGS GOEDGEKEUR*

*3.3.2 Die Sinode keur goed dat 'n DVD gemaak word om lidmate oor die toestand van onderwys en die inhoud van die leerplan in openbare skole in te lig. Mnr. Leendert van Oostrum kan in hierdie verband baie van hulp wees.*

*3.3.3 Die Sinode gee opdrag aan die GKK om in sy begroting voorsiening te maak vir 'n bedrag van R35 000 wat aangewend kan word vir die maak van 'n DVD oor die onderwyssituasie.*

3.2 Motivering

Tydens die vorige sinode is die behoefte uitgespreek dat 'n DVD gemaak word oor die onderwys. Daar is toe nie daarvoor begroot nie. Die kommissie versoek dat daar R15000-00 begroot word vir die DVD.

**AANBEVELING**

**3.3 Die Sinode besluit om R15 000 te bewillig vir die maak van 'n DVD oor die onderwys.**

## 4. Beskrywingspunte

**Geen.**

## 5. Afsluiting

Die Sinode word die seën van die kommissie toegebid.
Die Voorsitter: Ds. J.B. Trollip

# VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR KOMMISSIE (GKK)

**Tydperk: 2/9/2010 – 10/05/2013**

## 1. BESTUURSPERSONEEL

### 1.1 LEDE DEUR DIE SINODE VERKIES

Primarii: Oudle. SH Nel, HR Lemmer, L Minnaar en DT Fourie
Sekundi: Oudle. CH Bester, L du Plessis en DS Pienaar

### 1.2 LEDE BENOEM

**Verteenwoordiger van die Afrikaanse Protestantse Akademie**:
Die rektor, prof. JAE Adendorff

**Deur SKK**
Primarius: Ds. PJ Möller
Sekundus: Ds. A Hough

**Deur KKS**
Primarius: Ds. JL Schütte
Sekundus: Ds. OG van Rooyen

### 1.3 AMPSDRAERS

Voorsitter: Prof. JAE Adendorff
Ondervoorsitter: Oudl. DT Fourie
Direkteur van Kerkadministrasie: Prof. IA Brink (adviserend)
Administrateur: Mnr. LJ Korkie (adviserend, tree op as skriba)

### 1.4 DAGBESTUUR

Voorsitter: Prof. JAE Adendorff
Ondervoorsitter: Oudl. DT Fourie
Direkteur van Kerkadministrasie (*ex officio*): Prof. IA Brink
Skriba: Mnr. LJ Korkie

### 1.5 EIENDOMSKOMITEE

Die GKK het uit sy eie geledere die volgende lede op die Eiendomskomitee aangewys:

Oudle. DT Fourie, HR Lemmer en L Minnaar

### 1.6 RAAD VAN TRUSTEES/ WAAKSAAMHEIDSKOMITEE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS

Die GKK het die volgende persone aangewys om die werkgewer te verteenwoordig tesame met die trustees wat deur die werknemerlede van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds verkies is:

Oudl. HR Lemmer, mnre. PJ Fouché en S van Schalkwyk.

Die 3 ledeverteenwoordigers wat vóór die Sinode verkies is:
Prof. IA Brink en mnr. GJ Jansen van Rensburg namens die bydraende lede.
Mnr. LJ Korkie namens die afgetrede lede.

## 1.7 VERTEENWOORDIGER VIR DIE RAAD VAN DIE AP AKADEMIE

Die GKK het ds. JL Schütte aangewys as die verteenwoordiger van die GKK op die Raad van die AP Akademie.

## 1.8 AD *HOC*-KOMITEES

Die GKK het van tyd tot tyd volgens behoefte *ad hoc*-komitees benoem wat almal aan die GKK verslag gedoen het.

## 2. VERGADERINGS

In die verslagtydperk het die GKK 12 vergaderings gehou, naamlik 9 gewone vergaderings op 02/09/2010, 8/10/2010, 18/03/2011, 22/07/2011, 21/10/2011, 10/02/2012, 11/05/2012; 26/10/2012; 15/03/2013: 1 buitengewone vergadering op 1/12/2011 en 2 telefoon-vergaderings op 11/04/2011 en 10/05/2013.

## 3. PERMANENTE PERSONEEL

## 3.1 SENTRALE KERKKANTOOR

**3.1.1** Direkteur van Kerkadministrasie: Prof. IA Brink
**3.1.2** Sekretaresse vir Direkteur: Mev. AM Brink
**3.1.3** Administrateur: Mnr. LJ Korkie (vaste termynkontrak)
**3.1.4** Sekretaresse vir Administrateur: Mev. A Smit
**3.1.5** Rekenmeester: Mnr. GJ Jansen van Rensburg
**3.1.6** Rekeningkundige beampte: Vakant
**3.1.7** Rekeningkundige beampte: Mnr. DG Behrens
**3.1.8** Rekeningkundige beampte: Mnr. BJD Potgieter
**3.1.9** Rekenaaroperatrise/klerk: Mej. JG Bresler
**3.1.10** Rekeningkundige klerk: Mev. JP van der Merwe (vaste termynkontrak)
**3.1.11** Argivaris: Ds. AS van Staden (vaste termynkontrak)
**3.1.12** Argiefassistent: Vakant
**3.1.13** Afdelingshoof publikasies: Dr. CA Swanepoel (onbetaalde studieverlof vanaf 1 Augustus 2011). Dr. HJ Smith neem waar as Redakteur sedert 1 Augustus 2011.
**3.1.14** Senior Publikasiebeampte: Mev. JP van Lille
**3.1.15** Junior Publikasiebeampte: Mev. A Geel (Pos sedertdien vakant)
**3.1.16** Hoofklerk: Boekwinkel: Mev. L Dippenaar (Pos sedertdien vakant)
**3.1.17** Rekenaaroperateur/klerk vir boekwinkel: Mnr. JA Bierman
**3.1.18** Boekwinkelklerk: Mnr. JJ Coetzer
**3.1.19** Ontvangsdame/tikster: Mev. ME Venter
**3.1.20** Skoonmaker by Brookshuis: Mev. AMJ Coetzee

Gedurende die verslagtydperk het die volgende personeelwisseling plaasgevind:

<u>Bedankings/aftrede/afleggings/sterftes</u>
Mev. L Dippenaar (afgetree op 31/12/11)
Mev. A Geel (bedank op 31/07/2012)
Mev. JP van der Merwe (bedank op 30/04/13)

<u>Aanstellings</u>
Mev. ME le Roux (1/05/13) – Rekenkundige klerk
Mnr. M Gouws (1/06/13) – Elektroniese-ondersteuningsbeampte

Wanneer nodig word van deeltydse hulp gebruik gemaak vir beperkte tye, soos byvoorbeeld in afdeling Publikasies tydens versending van *DIE BOODSKAPPER*.

### 3.2 AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE (Teologiese skool)

**3.2.1** Registrateur: Prof. SD Nel
**3.2.2** Algemene sekretaresse/Biblioteekassistent: Mej. A van der Westhuizen
**3.2.3** Persoonlike assistent vir die rektor en registrateur: Mej. E Nicklbauer
**3.2.4** Bibliotekaresse: Mev. R Franken (vanaf 01/02/2011 tot 31/12/2011)
Mev. EM Adendorff (vaste termynkontrak vanaf 01/03/2012)
**3.2.5** Ontvangsdame: Mev. EA Bierman (oggendpos – vaste termynkontrak vanaf 01/03/2012)
**3.2.6** Tuinier: Vakant

Gedurende die verslagtydperk het die volgende personeelwisseling plaasgevind:

<u>Bedankings/aftrede/afleggings/sterftes</u>

Mev. L Fourie (vaste termyn kontrak vanaf 01/02/2009 tot 30/11/2010)
Mev. R Franken (diens beëindig op 31/12/2011)
Mnr. VM Coetzee (Mediese ongeskiktheid 30/04/13)

<u>Aanstellings</u>

Mev. R Franken (vanaf 01/02/2011)
Mev. EM Adendorff (vaste termynkontrak vanaf 01/03/2012)
Mev. EA Bierman (oggendpos – vaste termynkontrak vanaf 01/03/2012)

## 4. SINODALE OPDRAGTE 2010

Die GKK het die volgende opdragte ontvang en uitgevoer soos by elk vermeld word:

### 4.1 VERANDERING VAN 'N VASTE VOORDEEL-FONDS NA 'N VASTE BYDRAEFONDS (HANDELINGE 2010, bl. 236, pt. 4.10.2; 4.10.3)

*AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:*
*4.10.2 Die Sinode keur dit goed dat die GKK sal instaan vir die tekorte, indien enige, op die pensioen van die leraars wat op 1 Julie 2007 lid van die Fonds was en op daardie datum 50 jaar of ouer was.*
*4.10.3 Die Sinode keur dit goed dat die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds deel word van 'n sambreelfonds.*

**AANBEVELING**

**4.1.1 Die Sinode neem kennis dat die pensioen van lede wat sedert die vorige Sinode afgetree het in alle gevalle beter was as wat onder die ou fonds die geval sou wees en dat die sambreelfonds reeds funksioneer.**

### 4.2 PENSIOENVOORDELE VIR WERKNEMERS IN GEMEENTELIKE DIENS ANDERS AS LERAARS (HANDELINGE 2010, bl. 237, pt. 4.10.6)

*AANBEVELING GOEDGEKEUR:*
*4.10.6 Die Sinode keur dit goed dat werknemers, anders as dié genoem in die Reëls van die Pensioenfonds, ook lede van die Pensioenfonds kan word en verwys dit na die Raad van Trustees om die Reëls dienooreenkomstig te wysig.*

**AANBEVELING**

**4.2.1 Die Sinode neem kennis dat die Reëls van die Pensioenfonds gewysig is en dat enkele van genoemde werknemers reeds by die Pensioenfonds ingeskakel het.**

**4.3 SKAKELING MET DIE AKADEMIE** (HANDELINGE 2010, bl. 237, pt. 4.11)

*AMENDEMENT GOEDGEKEUR:*
*Amendering van punt 4.1 Bylae GKK 2 (Sakelys Dertiende Sinode, bl. 63) van die ooreenkoms tussen die Raad van die APA en die GKK. Die Raad kontrakteer hiermee die GK as regspersoon om deur middel van sy uitvoerende kommissie, naamlik die GKK, bepaalde finansiële en administratiewe aangeleenthede te behartig i.v.m. die dosente en ander personeel in diens by die AP Akademie. Hierdie aangeleenthede behels:*

- *Die opskrifstelling en bewaring van dienskontrakte deur die Raad goedgekeur vir die voltydse akademiese en administratiewe personeel in diens van die Raad;*
- *Die uitbetaling en boekhouding van die traktemente/ salarisse en toelaes soos deur die Raad vasgestel vir die voltydse akademiese en administratiewe personeel in diens van die Raad;*
- *Die opskrifstelling en bewaring van die dienskontrakte en pligtestate in oorleg met die Raad opgestel vir die administratiewe personeel deur die GKK na die APA gesekondeer asook rekordhouding van hulle verlof en siekteverlof;*
- *Die uitbetaling en boekhouding van die volle salarispakket van bg. administratiewe personeel;*
- *Die uitbetaling en boekhouding van die vergoedingspakket soos deur die Raad vasgestel vir die deeltydse akademiese personeel. Hierdie verantwoordelikheid word uitgevoer met inagneming van die Statuut van die AP Akademie en die Kerkorde van die AP Kerk en ander tersaaklike sinode-besluite. Hierdie kontraktuele ooreenkoms geld totdat die Raad van die APA en die GKK na kennisgewing van een party aan die ander anders ooreenkom. Hierdie kennisgewingstyd word op ses maande vasgestel.*

**AANBEVELINGS**

**4.3.1 Die Sinode neem kennis dat die skriftelike ooreenkoms opgestel en onderteken is.**

**4.4 MEDIESE KOMITEE** (HANDELINGE 2010, bl. 240, pt. 14.1)

*AANBEVELING GOEDGEKEUR:*
*14.1 Die Sinode dra dit aan die GKK op om, indien nodig, 'n ander makelaar nader aan die Sentrale Kerkkantoor aan te stel en die huidige makelaar in kennis te stel dat sy aanstelling teruggetrek word.*

**AANBEVELINGS**

**4.4.1 Die Sinode keur dit goed dat die GKK 'n ander makelaar aangestel het.**

**4.4.2 Die Sinode keur dit goed dat die GKK ander makelaars kan aanstel tot die beste voordele van die lede van die Mediese Fonds.**

**4.5 OPRIGTING VAN NUWE KANTORE, BOEKWINKEL EN ARGIEF** (HANDELINGE 2010, bl. 241, pt. 16.3.2, 16.3.4, 16.3.5)

*AANBEVELINGS GOEDGEKEUR*
*16.3.2 Die Sinode keur dit goed dat die argitek, wanneer nodig, tenders inwin vir die aanstelling van 'n bourekenaar, siviele ingenieur en elektriese ingenieur*
*16.3.4 Die Sinode dra dit aan die GKK op om voort te gaan met die aansoek om hersonering.*

*AMENDEMENT OP 16.3.5 GOEDGEKEUR*

*16.3.5 Die Sinode dra dit aan die GKK op om die moontlikheid te ondersoek om administratiewe kantore op die Jeugtuisteterrein te vestig met argief en parkering met inagneming van die bespreking by die sinode, vorige sinodebesluite en die studente in die Jeugtuiste se situasie om sover moontlik ook billik ten opsigte van alle partye te handel.*

**AANBEVELING**

**4.5.1 Die Sinode keur dit goed dat die GKK steeds voortgaan met ondersoek in die lig van die vertraging aan die kant van die Stadsraad van Tshwane.**

**4.6 BEHEER VAN JEUGTUISTE** (HANDELINGE 2010, bl. 241, pt.16.3)

*VOORSTEL GOEDGEKEUR:*

*Die Sinode herbevestig sy besluit van 2004 dat daar 'n ouer beheerliggaam daargestel moet word. Hierdie reëlings word deur die sinode opgedra aan die Registrateur wat tans die werk van 'n koshuisvader doen.*

**AANBEVELINGS**

**4.6.1 Die Sinode neem kennis dat die ouer-beheerliggaam nie ingestel is nie.**

**4.6.2 Die Sinode keur goed dat voltydse huisouers inwoon.**

**4.6.3 Die Sinode keur goed dat die beheer van die Jeugtuiste vanaf Januarie 2012 weer deur die GKK uitgeoefen word.**

**4.7 VERHURING VAN EIENDOMME IN KIRKNESS-STRAAT** (HANDELINGE 2010, bl. 241, 16.4.1)

*AANBEVELING SOOS GEWYSIG GOEDGEKEUR*

*16.4.1 In die lig van die moontlike verkoop van Brookshuis en die tydelike verskuiwing van die kantore, die boekwinkel en die argief, besluit die Sinode dat die eiendomme in Kirkness-straat nie nou verhuur word nie, behalwe aan die AP Akademie.*

**AANBEVELING**

**4.7.1 Die Sinode neem kennis dat die geboue tot beskikking van die AP Akademie gestel is.**

**4.8 VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR KOMMISSIE** (HANDELINGE 2010, bl. 244, pt. 76)

*VOORSTEL GOEDGEKEUR*

*76. Die Sinode besluit dat in die lig van die gevoel van die sinodegangers rakende die 15%-bydraes wat gemeentes moet betaal, die 15% gehandhaaf word tot en met die volgende sinode waarna die GKK die volgende sinode met 'n moontlike ander model/stelsel/voorstel moet bedien wat die gemeentebydraes aanbetref met inagneming van die beswaarskrifte wat by die huidige sinode dien sowel voorstelle wat deur gemeentes ingedien word in die tyd tot die volgende sinode.*

*VOORSTEL GOEDGEKEUR*

*Daar word in beginsel besluit om te bly by 'n 15%-bydrae op alle kontantontvangste.*

Die GKK het die stelsel ondersoek en teen ander stelsels opgeweeg. Geen voorstelle vir ander modelle of stelsels is by die sentrale kerkkantoor vanaf gemeentes ontvang nie.

**AANBEVELINGS**

**4.8.1 Die Sinode besluit dat die 15% gehandhaaf word.**

**4.8.2 Die Sinode besluit dat die 15% beter bemark moet word, deur lidmate in te lig presies waarvoor die 15% op hulle bydraes aangewend word.**

**4.8.3 Die Sinode besluit dat die opbrengs verkry uit die verkoop van vaste eiendom vrygestel word van die % bydrae berekening indien dit as kapitaal op belegging geplaas word, of heraangewend word vir die aankoop van vaste eiendom. Sou daar van die beleggingskapitaal onttrek word om bedryfsuitgawes van die gemeente mee te vergoed, word die onttrekking inkomste en is sodanige inkomste onderhewig aan die % bydrae. Die rente verdien op die belegging is inkomste en onderhewig aan die % bydrae.**

**4.8.4** Die Sinode vat al die besluite rakende die % bydrae sedert stigting van die AP kerkverband in 1987 tot 2010 saam in die volgende stuk –

**1. <u>Die basis van sinodale bydraes:</u>**
Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie bereken op die netto ***inkomste*** [1]. Netto inkomste word bereken nadat ***vrygestelde inkomste*** [2] afgetrek is van die totale inkomste.

Die persentasie word deur die Sinode vasgestel, onderhewig aan die besluit bepaal in 1988 nl. dat sy lopende uitgawes bereken word volgens beskikbare inkomste (HANDELINGE 1993, bl. 259, pt. 6.2.1.7). Die persentasie is tans15%. [Dit impliseer dat indien alle gemeentes hul 15% betaal en daar surplus realiseer, die 15% verlaag kan word om die surplus aan die gemeentes terug te gee by wyse van 'n % verlaging]

**2. <u>Toepassing van die besluit:</u>**
[1] ***Inkomste*** sluit o.m. in:
Dankofferbydrae, eredienskollektes en netto inkomste uit fondsinsamelingsprojekte;
insamelings deur susters, jeug, diakonie ens.;
rente ontvang op beleggings van die kerkraad.

[2] ***Vrygestelde inkomste*** sluit o.m. in:
Saaklike (eiendomlike) skenkings aan 'n gemeente (soos grond, orrel, nagmaalservies) word nie bereken met die % bydrae nie. Wanneer eiendom wat geskenk is, onprakties geleë is vir gebruik deur die gemeente, kan so 'n eiendom vervreem word sonder dat die bedrag wat verkry is vir die vervreemde eiendom bereken gaan word met die % bydrae, met dien verstande dat die fondse aangewend sal word vir meer geskikte eiendom. Sou die geskenkte eiendom wel vervreem word sonder dat die fondse daarvan gebruik sou word vir meer geskikte eiendomme, dan is dit met die % bydrae berekenbaar (HANDELINGE 1988, bl. 43, pt. 8.1.12**)**.

Die Sinode besluit dat 'n erflating met sy betrokke voorwaardes nie onderworpe gestel kan word aan die % bydrae nie (HANDELINGE 1997, bl. 284, pt. 3.20) (HANDELINGE 1991, bl. 304, pt. 2.8.4.6).

In die geval van gemeentes in kombinasie en gemeentes met 'n bedieningsooreenkoms word die bedrag deur een gemeente aan 'n ander oorbetaal, nie 'n tweede keer bereken vir die % bydrae nie (HANDELINGE 1993, bl. 259, pt. 6.2.1(4)). Dit geld ook vir geldelike hulp wat vanuit die Sentrale Kerkekommissie se Bedieningsfonds ontvang word.

Kontant ontvang uit lenings wat aangegaan word, is nie inkomste nie. Wanneer sodanige lening in 'n skenking omskep word, raak dit inkomste en word dan met die % bydrae bereken (HANDELINGE 1993, bl. 259, pt. 6.2.1 (5)).

Daar word geen 15% gehef op die bestellings en skenkings van die Psalms en Gesange vir die AP Kerk nie (HANDELINGE 2004, bl. 450, pt. 158.7).

Daar word geen % bydrae bereken op gelde wat ontvang word deur die kerkraad namens 'n derde party (*ander instansie Nie onder beheer van die Kerkraad)* soos bv. Die Bybelgenootskap, Willie Lubbe Teologiese Studiefonds, die AP Akademie, Skole, Barmhartigheidsaksies soos Volkshulp 2000 nie. Die inbetaling word net so uitbetaal.

**3. <u>Aanwending van die sinodale bydrae:</u>**
Die sinodale bydrae word verdeel in die verhouding:
2/3 aan die GKK vir administrasie, publikasies en geldelike hulp aan gemeentes en mediese fonds bydrae van emeriti, en 1/3 aan die AP Akademie vir teologiese opleiding en administrasie.

**4. <u>Kontrolebesluite oor die % bydrae:</u>**
Sertifikaat deur 'n ouditeur: Die Sinode versoek Ringe om toe te sien dat 'n sertifikaat (F10-vorm) deur 'n ouditeur verskaf is dat elke gemeente 15% van sy kontantinkomste aan die Kerkkantoor oorbetaal het, soos die Sinode besluit het (HANDELINGE 1991, bl. 303, pt. 2.8.4.4).

Die Sinode besluit dat 'n lidmaat van 'n gemeente wat 'n geoktrooieerde rekenmeester of 'n kommersiële en finansiële rekenmeester is, kan optree as ouditeur van die betrokke gemeente, mits hy nie op daardie stadium 'n dienende kerkraadslid is nie (HANDELINGE 2001, bl. 472, pt. 16.1).

Die Sinode besluit om gemeentes wat agterstallig is deur die Ring aan te spreek om hulle 15% verantwoordelikheid na te kom (HANDELINGE 1991, bl. 351, pt. 3).

Die Sinode besluit dat 'n gemeente wat agterstallig is met sy 15%-bydrae, daarvoor aanspreeklik bly en die agterstallige bedrag moet vereffen (HANDELINGE 1999, bl. 326/355, pt. 2.2.1).

Die Sinode besluit dat die GKK volmag kry om in die toekoms gemeentes se agterstallige 15% skuld gedeeltelik of geheel af te skryf na gelang van die omstandighede wat die agterstalligheid veroorsaak het en na deeglike studie van die gemeente se omstandighede – met verslag aan die volgende Sinode (HANDELINGE 2004, bl. 362, pt. 158.7).

Die Sinode besluit dat, as gemeentes in gebreke bly om hul finansiële verpligtinge soos neergelê deur die Sinode, na te kom of nagelaat het om reëlings te tref met die GKK, hulle hul stemreg op die eersvolgende Sinode verbeur (HANDELINGE 2004, bl. 447, pt. 156.3 (3.2)).

**Alle vorige sinodebesluite rakende die % bydrae is in bogenoemde stuk geïnkorporeer en alle vorige besluite oor die % bydrae word hiermee herroep en met bogenoemde besluit vervang.**

### 4.9 HULP AAN AFGETREDENES MET BYDRAES TOT MEDIESE SKEMA (HANDELINGE 2010, bl. 244, pt. 19.5.1)

*AANBEVELING GOEDGEKEUR:*
*19.5.1 Die Sinode keur dit goed dat die GKK jaarliks die subsidie aan afgetredenes heroorweeg.*

**AANBEVELING**

**4.9.1 Die Sinode keur goed dat die subsidie aan afgetredenes, wat nie met 'n beperkte dienstermyn kontrak by 'n gemeente werksaam is nie, vanaf 1 Oktober 2013 na 60% van die mediese fondsbydrae verhoog.**

### 4.10 REGISTRASIE VAN DIE BOEKWINKEL AS 'N APARTE ENTITEIT TEN EINDE DIE GKK TE KAN DEREGISTREER VIR BTW DOELEINDES (HANDELINGE 2010, bl. 244, pt. 19.6.1)

*AANBEVELING GOEDGEKEUR:*
*19.6.2 Die Sinode keur dit goed dat die Boekwinkel as 'n aparte entiteit geregistreer word en dra dit aan die GKK op om verdere ondersoek in te stel ten opsigte van die verskille tussen 'n Trust en 'n Art. 21 Maatskappy, die beste keuse te maak en terug te rapporteer aan die Sinode.*

**AANBEVELING**

**4.10.1 Die Sinode keur goed dat van die saak afgestap word.**

Motivering

Die GKK kan net deregistreer vir BTW.

**4.11 BEMARKING** (HANDELINGE 2010, bl. 253, pt. 6.1.1)

*AANBEVELING GOEDGEKEUR:*
*6.1.1 Die Sinode versoek die GKK om oorweging te skenk aan die befondsing van 'n elektroniese besteldiens wat ons publikasies effektief ook na buite kan bemark.*

**AANBEVELINGS**

**4.11.1 Die Sinode neem kennis dat 'n elektroniese besteldiens ingestel is.**

**4.11.2 Die Sinode keur goed dat 'n nuwe pos gevul is waarvan een van die pligte is om die elektroniese bemarkingsaksie te verbeter.**

**4.12 DVD ONDERWYSSITUASIE** (HANDELINGE 2010, bl. 254, pt. 3.3.3)

*AANBEVELING GOEDGEKEUR*
*3.3.3 Die Sinode gee opdrag aan die GKK om in sy begroting voorsiening te maak vir 'n bedrag van R35 000 wat aangewend kan word vir die maak van 'n DVD oor die onderwyssituasie.*

**AANBEVELING**

**4.12.1 Die Sinode neem kennis dat die KOO nie die begroting gebruik het nie en stap van die saak af.**

**5. TRAKTEMENTSKALE VAN LERAARS**

Kragtens sy lasgewing (kyk 5.6.8.13 van Bylae 3, bl. 87, KO 2012) het die GKK jaarliks aandag gegee aan die traktementskale van leraars en aanbevelings aan die Kerkrade deurgestuur.

Vir die jaar met ingang 1 Maart 2011 het die GKK die traktementskaal met 8% verhoog, vir die jaar met ingang 1 Maart 2012 met 7% en vir die jaar met ingang 1 Maart 2013 met 6.5%.

**AANBEVELINGS**

**5.1 Die Sinode keur dit goed dat die Traktementskaal van predikante, wat vanaf 1 Maart 2011 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:**
**R125 670 x 8 130 – 133 800 x 9 678 – 191 868 x 13 308 – 205 176**

**5.2 Die Sinode keur dit goed dat die traktementskaal van predikante, wat vanaf 1 Maart 2012 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:**
**R134 466 x 8 700 – 143 166 x 10 356 – 205 302 x 14 244 – 219 546**

**5.3 Die Sinode keur dit goed dat die traktementskaal van predikante, wat vanaf 1 Maart 2013 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:**
**R143 208 x 9 264 – 152 472 x 11 028 – 218 640 x 15 180 – 233 820**

**6. SALARISSKALE VAN PERSONEEL EN DOSENTE**

Vir die jare onder oorsig het die GKK die salarisskale van personeel en dosente met die volgende persentasies per jaar aangepas:

Vanaf 1 Maart 2011 – 8%
Vanaf 1 Maart 2012 – 7%
Vanaf 1 Maart 2013 – 6.5%

**AANBEVELING**

**6.1 Die Sinode keur dit goed dat die salarisskale van personeel en dosente met die volgende persentasies aangepas word:**

**Vanaf 1 Maart 2011 – 8%**
**Vanaf 1 Maart 2012 – 7%**
**Vanaf 1 Maart 2013 – 6.5%**

## 7. REISKOSTETARIEF

Kragtens sy lasgewing (kyk 5.6.8.14 van Bylae 3, bl. 88, KO 2012) het die GKK van tyd tot tyd besin oor reiskostetariewe. Die GKK besluit oor die tarief vir alle permanente kommissies, maar doen slegs aanbevelings aan ringe en Kerkrade.

Die reiskostetarief is vanaf 1 Mei 2011 vasgestel op R3.50 per km. Die minimum bedrag vir reiskoste vir gemeentelike werk is vanaf 1 Mei 2011 verhoog van R2 500.00 per maand na R3 000.00 per maand.

Die reiskostetarief is vanaf 1 Januarie 2013 vasgestel op R3.75 per km. Die minimum bedrag vir reiskoste vir gemeentelike werk is vanaf 1 Januarie 2013 verhoog van R3 000.00 per maand na R3 500.00 per maand.

**AANBEVELINGS**

**7.1 Die Sinode keur dit goed dat die tarief vir reiskoste, volgens die aanbeveling van die GKK, vanaf 1 Mei 2011 verhoog is vanaf R3.00 per km tot R3.50 per km.**

**7.2 Die Sinode keur dit goed dat die minimum bedrag ten opsigte van reiskoste vir gemeentelike werk vanaf 1 Mei 2011 verhoog is van R2 500.00 per maand tot R3 000.00 per maand.**

**7.3 Die Sinode keur dit goed dat die tarief vir reiskoste, volgens die aanbeveling van die GKK, vanaf 1 Januarie 2013 verhoog is vanaf R3.50 per km. tot R3.75 per km.**

**7.4 Die Sinode keur dit goed dat die minimum bedrag ten opsigte van reiskoste vir gemeentelike werk vanaf 1 Januarie 2013 verhoog is van R3 000.00 per maand tot R3 500.00 per maand.**

## 8. EMERITI SE NOOD

**AANBEVELINGS**

**8.1 Die Sinode neem kennis dat die GKK skrywes aan elke kerkraad gestuur het om hulle in te lig dat daar leraars is wat geëmeriteer het en finansieel baie swaar kry en om die kerkrade te versoek om, waar moontlik, hulp aan te bied.**

**8.2 Die Sinode neem met dank kennis van kerkrade wat emeriti finansieel ondersteun en versoek die res van die kerkrade om hulle voorbeeld te volg.**

**8.3 Die Sinode versoek diakonieë om die nood van emeriti in hulle gemeentes onder die aandag van die SKK te bring vir moontlike hulp.**

## 9. APK TRUSTFONDSBYDRAES

**AANBEVELING**

**9.1 Die Sinode versoek kerkrade om hulle bydraes tot die APK Trustfonds met R5.00 per maand te verhoog:**

| Getal lidmate | R per maand |
|---|---|
| Tot 20 | 15.00 |
| 21 – 50 | 20.00 |
| 51 – 100 | 30.00 |
| 101 – 150 | 40.00 |
| 151 – 200 | 50.00 |
| 201 – 250 | 60.00 |
| 251 – 300 | 70.00 |
| 301 – 400 | 80.00 |
| 401 – 500 | 90.00 |
| 501 en meer | 100.00 |

## 10. TRUSTFONDSTOELAEVERHOGING

**AANBEVELING**

**10.1 Die Sinode neem kennis dat die Trustfondstoelaes met 5% verhoog is op 1 Maart 2011, 1 Maart 2012 en 1 Maart 2013.**

## 11. GEMEENTES EN LERAARS WAT NIE VERPLIGTINGE TEENOOR DIE KERKVERBAND NAKOM NIE

Daar is gemeentes wat nie hulle verpligtinge teenoor die kerkverband nakom nie, deur in gebreke te bly om die 15% te betaal en ook nie die nodige reëlings met die GKK tref nie. So is daar ongelukkig ook leraars wat nie hulle verpligtinge ten opsigte van studielenings en verblyf nakom nie en ook nie reëlings in dié verband tref nie. Waar wel reëlings getref word, word dit dikwels nie nagekom nie.

**AANBEVELINGS**

**11.1 Die Sinode bring dit onder gemeentes se aandag dat gemeentes en leraars wat nie hulle verpligtinge en reëlings in dié verband teenoor die kerkverband nakom nie, hulle aanspraak op dienste en hulp vanaf die Sentrale Kerkkantoor in die gedrang kan bring.**

**11.2 Die Sinode besluit dat gemeentes en leraars wat nie hulle verpligtinge of reëlings in dié verband teenoor die kerkverband nakom nie, nie aankope vanaf die Boekwinkel met inbegrip van *Die Boodskapper*, op rekening kan doen nie en ook nie Sinodale publikasies teen die gesubsidieerde prys mag aankoop nie, maar die volle prys moet betaal en ook net indien kontant daarvoor betaal word.**

**11.3 Die Sinode besluit dat afgevaardigde leraars wat nie hulle verpligtinge of reëlings in dié verband teenoor die kerkverband nakom nie, voortaan nie stemreg sal hê nie. (Bylae GKK1)**

Motivering

1. Dit is onbillik teenoor ander gemeentes dat 'n gemeente wat nie 'n bydrae lewer tot die daarstel van strukture en publikasies nie, dieselfde voordele geniet as die gemeentes wat getrou hulle verpligtinge nakom of betyds reëlings tref indien hulle probleme ondervind.

2. Dit is eweneens onbillik teenoor die kerkverband dat 'n leraar wat deur die kerkverband gesubsidieer is om sy teologiese studies te voltooi of studieskuld af te los, nie sy finansiële verpligting, waartoe hy kontraktueel verbind is, nakom nie. Elke leraar moet self leef vanuit die Woord wat ons oproep tot getrouheid en rentmeesterskap.

## 12. HUURGELDE UITSTAANDE TEN OPSIGTE VAN DIE JEUGTUISTE

**AANBEVELINGS**

**12.1 Die Sinode neem kennis dat die uitstaande rekeninge, waarvoor geen reëlings getref is nie, vir invordering aan 'n prokureur oorhandig is.**

**12.2 Die Sinode keur goed dat 'n renteklousule in die huurooreenkoms van die Jeugtuiste ingevoeg word.**

## 13. MOONTLIKE SKEIDING VAN AP AKADEMIE EN GKK (Bylae GKK2)

Die GKK en die Raad van die AP Akademie het in beginsel besluit om onafhanklik van mekaar te funksioneer. Eise wat deur die Departement van Onderwys gestel word maak so 'n skeiding noodsaaklik. In die lig hiervan is 'n nuwe ooreenkoms opgestel wat die verhouding tussen die GKK en die Raad reël. Die Finansiële beleid, die Administratiewe beleid en 'n Huurooreenkoms moet nog opgestel word (Bylae GKK2).

**AANBEVELINGS**

**13.1 Die Sinode besluit om 'n fasiliteerder van Cofesa te kry om samesprekings met personeel te voer oor die implikasies van die ooreenkoms.**

**13.2 Die Sinode besluit om die ooreenkoms (Bylae GKK2) goed te keur.**

**13.3 Die Sinode dra dit aan die GKK op om jaarliks oor die waarborgstelling aan die Departement van Onderwys ten bate van die APA te besin.**

**13.4 Die Sinode dra dit op aan die GKK om 'n huurooreenkoms met die APA op te stel ten opsigte van die onroerende eiendom.**

## 14. MEDIESE FONDS

**AANBEVELINGS**

**14.1 Die Sinode besluit dat personeel en leraars nie die Executive Plan van Discovery Health mag kies nie, tensy hulle self vir die verskil in premie tussen díe plan en die omvattende plan, betaal.**

**14.2 Die Sinode besluit dat 'n vrou, wat 'n werknemer van die GKK is, nie haar man as afhanklike op haar mediese fonds mag plaas indien hy werk en 'n inkomste verdien nie.**

**14.3 Die Sinode bring dit onder die aandag van lede van die mediese fonds dat daar mediese versekering beskikbaar is vir gevalle waar die mediese fonds nie voldoende is nie, of bybetalings vereis word.**

## 15. HERSTRUKTURERING VAN POSTE

**AANBEVELING**

**15.1 Die Sinode neem kennis dat herstrukturering van bestaande poste plaasvind sonder dat die begroting oorskry word.**

## 16. RAAD VAN TRUSTEES/WAAKSAAMHEIDSKOMITEE

**AANBEVELINGS**

**16.1 Die Sinode neem kennis dat mnr. GJ Jansen van Rensburg die GKK verteenwoordig op die iRetire Pension Fund (Sambreelfonds).**

**16.2 Die Sinode keur dit goed dat die huidige Trustees van die AP Kerk Pensioenfonds as Trustees aanbly totdat die Artikel 14 oordragte afgehandel is.**

Motivering

Die aktuaris, mnr. Willie Kritzinger, het aanbeveel dat die huidige lede van die Raad van Trustees/Waaksaamheidskomitee in hulle poste aanbly totdat die oordragte afgehandel is, aangesien nuwe lede nie al die agtergrondinligting het van die vorige Vaste Voordeelfonds nie.

**AANBEVELING**

**16.3 Die Sinode neem kennis dat ’n lid van die Pensioenfonds met aftrede nie die tweederdes of meer van sy/haar pensioenkapitaal by meer as een geregistreerde versekeraar mag belê nie.**

Motivering

Die vorige reël was in stryd met die Inkomstebelastingwet.

## 17. GEOUDITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (Bylae GKK3)

Die geouditeerde finansiële jaarstate van die GKK vir die jaar 2012, met geouditeerde vergelykende syfers vir 2011 en 2010 word as ’n aparte bylae (**Bylae GKK3**) aangeheg.

### 17.1 Geouditeerde finansiële jaarstate 2012 (Bylae GKK3.1)

**AANBEVELINGS**

**17.1.1 Die Sinode keur die geouditeerde finansiële jaarstate van die GKK goed vir 2012.**

**17.1.2 Die Sinode neem kennis van die ouditverslae vir die jare 2010, 2011 en 2012. (Bylae GKK3.1)**

### 17.2 Finansiële verslag 2010 tot 2012 (Bylae GKK3.2)

#### 17.2.1 Meting van die werklike bedrae teen die begroting vir die jare geëindig 31 Desember 2010, 31 Desember 2011 en 31 Desember 2012 (Bylae GKK3.2)

#### 17.2.2 Kommissiewerk vir die jare 2010, 2011 en 2012 (Bylae GKK3.3)

**AANBEVELING**

**17.2.3 Die Sinode neem kennis van die finansiële verslag vir 2010 tot 2012.**

## 18. BESKRYWINGSPUNTE

### 18.1 Ring van Mooinooi: Depositofonds vir leraars

Die Sinode versoek die SKK om die moontlikheid en die uitvoerbaarheid van ’n “*depositofonds*”, wat predikante van die AP Kerk sal help om eiendom te koop sodat hulle behuising het wanneer hulle emeriteer, te ondersoek; en indien dit bevind word dat so ’n fonds ’n werkbare moontlikheid is, so ’n fonds op die been te bring en te bestuur; of ’n kommissie aan te wys om dit op die been te bring en te bestuur.

Teoreties word die fonds só bestuur:

Gemeentes en/of lidmate leen geld rentevry (of teen ’n lae rentekoers) aan die fonds vir ’n periode van ongeveer 5 jaar om die projek van die grond af te kry. Daar kan ook op ander wyses fondse bekom word vir die depositofonds.

’n Predikant kry sekuriteit vir ’n banklening, volgens sy traktementskaal, vir die eiendom wat hy koop – dit is ’n waarborg wat die kerkverband op grond van die depositofonds gee. Die ideaal is dat die fonds die predikant in staat sal stel om ’n 100% banklening te verkry.

(Óf ’n predikant kry ’n lening by die fonds ten bedrae van die deposito wat betaal moet word.)

Hierdie depositofonds is ’n gesamentlike kerkverbandwye sekuriteit – nie vir elke individuele predikant afsonderlik nie.

Sou ’n predikant, om welke rede ook al, die bediening in die AP Kerk verlaat, het hy ’n periode van 3 maande om die kerk vry te stel van hierdie waarborg. So ’n predikant kan die eiendom laat herwaardeer en ’n nuwe lening van die bank kry.

’n Predikant kan tot 2 keer vir hierdie hulp aansoek doen om voorsiening te maak vir behuising wanneer hy emeriteer.

**AANBEVELINGS**

**18.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is ontvanklik.**

**18.1.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

Motivering

Die kerkverband kan hom nie op die gebied van ’n bank begewe nie aangesien die bankwet dit verbied.

### 18.2 Ring van Ermelo: Opleiding van amptenare

Die Sinode besluit om opdrag te gee aan ringe dat ná die verskyning van die handelinge van die Sinode, ’n opleidingsgeleentheid vir saakgelastigdes en kassiere binne ringsverband gereël word met opleiding, toerusting en opskerping van die betrokke amptenare, as doel. Ringe reël watter gemeente verantwoordelik sal wees vir die aanbieding van so ’n geleentheid binne ringsverband.

Motivering

Dit is kommerwekkend en frustrerend wanneer saakgelastigdes en kassiere(s) nie op hoogte is van besluite wat op hul werksaamhede van toepassing is nie. Dit bemoeilik die administrasie indien amptenare nie opgelei en toegerus is om hul werk deeglik te doen nie. Uiteindelik tas dit die goeie orde binne die kerkverband aan en ly die kerk van Christus daaronder.

**AANBEVELINGS**

**18.2.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is ontvanklik.**

**18.2.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

Motivering

Dit is nie 'n saak vir 'n Sinode nie, ringe kan self toesien dat dit gedoen word.

## 19. BESWAARSKRIFTE

### 19.1 Ring van Mooinooi: 15% bydrae aan die GKK

Die huidige stelsel is volgens die besluit van die Sinode dat 15% van alle inkomste van elke gemeente aan die sentrale kerkkantoor oorbetaal word:

Bewoording soos vervat in die HANDELINGE 2004, b1.369, pt. 312.1.1:

*Die Sinode besluit om die* 15% *bydrae van Kerkrade aan die GKK te handhaaf'.*

Voorgestelde wysiging:
Die Sinode besluit dat 10% van alle kontantontvangstes van elke gemeente aan die Sentrale Kerkkantoor oorbetaal word.

Motivering

1. In die lig van die dalende syfers van lidmaatgetalle van verskeie gemeentes, asook die moeilike ekonomiese toestande, word dit al moeiliker vir gemeentes om finansieel te oorleef.

2. Die voortbestaan van gemeentes en die verkondiging van die Woord van God dra tog meer gewig as om 'n hoër bydrae aan die GKK oor te betaal.

3. Daar was teen 31 Desember 2009 R26.6 miljoen se beleggings by die kerkkantoor se geldmarkfonds. Hierdie belegging het van 2008 tot 2009 met R5,8 miljoen gegroei. Die nuutste finansiële syfers in 2013 op hierdie beleggingsrekening is waarskynlik aansienlik hoër.

4. Verligting vir gemeentes is genoodsaak vir die voortbestaan van kerke, en die rente uit beleggings kan aangewend word om moontlike tekorte van die GKK uit te wis.

**AANBEVELINGS**

**19.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is ontvanklik.**

**19.1.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie goedgekeur nie.**

Motivering

Daar is reeds 'n opdrag aan die GKK om die 15% aangeleentheid behoorlik te ondersoek en met 'n aanbeveling na die Sinode te kom.

### 19.2 AP Kerk Kleinfontein: hulp mediese fonds – emeriti: [vgl. sinodebesluite punt 7 tot 8 [KO]:

A. Die volgende bestaande geldige sinodebesluite se wysiging is ter sprake:

A.1. In geval van 'n emeritusleraar wat nie as leraar van 'n gemeente dien nie:

"Die GKK dra vyftig present van die ledegeld neergelê deur die mediese skema met wie die GKK 'n ooreenkoms het by,

A.2. In geval van ’n emeritusleraar wat as leraar in ’n gemeente dien:

“Dertig present van die ledegeld neergelê deur die mediese skema met wie die GKK ’n ooreenkoms het, volgens die reëls van die skema, terwyl u self veertig present van die ledegeld dra, en die GKK die orige dertig present.”

B. Die veertiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerkverband, word versoek om die volgende goed te keur:

1. Om die bestaande besluit van die sinode insake Mediese Fondshulp aan emeriti te wysig met die oog op hulp aan daardie emeriti wat weens finansiële nood daarvoor mag kwalifiseer;

2. Dat individuele emeriti wat daarvoor aansoek mag doen, volledige besonderhede van inkomste en/of finansiële vereistes om te oorleef, **vertroulik** aan die SKK beskikbaar stel vir oorweging van uitvoering deur die GKK;

3. Dat verdienstelike gevalle se Mediese Fonds-bydraes volledig as hulp beskikbaar sal wees.

<u>Motivering</u>

1. Die versorging van emeriti is eerstens die verantwoordelikheid van die kerkverband, wat die legitimasie hanteer, en die beroepsbrief se inhoud voorskriftelik maak. Die voorgeskrewe Pensioenfonds is verdere bewys. Verskuiwing van die verantwoordelikheid na gemeentes, hou die moontlikheid in van kleiner gemeentes wat nie volhoubare versorging kan voorsien nie;

2. Mediese versorging word gesien as die minimum hulp om menswaardig te kan oorleef tot die einde;

3. Die Pensioenfonds se voorsiening [vgl. die vorige bedeling] is nie naasteby voldoende, selfs vir die emeriti wat deur die Trustfonds gehelp word, om te oorleef, nog te meer as die leraar selfs ’n gedeelte van die Mediese Fonds moet betaal nie;

4. Lewenskoste [essensiële faktore soos huisvesting, water en ligte en voedselpryse], het sodanig gestyg, en styg steeds, dat daar emeriti is wat van aalmoese afhanklik is. ’n Ondersoek wat tans onderneem word deur drie emeriti beoog om aan die sinode die nodige grondvlak-besonderhede beskikbaar te stel, ter ondersteuning van die beskrywingspunt.

Indien nie betyds gereed nie, sal versoek word dat dit as ’n addendum beskikbaar gestel word.

**AANBEVELINGS**

**19.2.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is ontvanklik.**

**19.2.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie goedgekeur nie.**

<u>Motivering</u>

Die aangeleentheid word reeds hanteer, soos fondse beskikbaar is. (Vergelyk 4.9.1 waar oor dieselfde saak besin is.)

**19.3 Ring van Bloemfontein: 15% gemeentelike bydraes tot sinodale fondse**

Sinodebesluit:

*Finansies: Gemeentelike bydraes*

*Finansies: Gemeentelike bydraes*
*Die Sinode handhaaf die besluit van 1993:*
1. *Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontantontvangste.*

Besluit van die Ring:

***(i) dat 'n beswaarskrif deur die Ring aan die Sinode gerig word met die volgende strekking:***

Kern van beswaarskrif

**Die Ring van Bloemfontein het tydens sy vergadering van 2 Maart 2013, ná aanhoor van die geweldige finansiële druk waar onder kleiner gemeentes van die Ring verkeer, besluit om die volgende beswaarskrif by die Sinode in te dien:**

**Die Ring versoek die Sinode om ernstige oorweging aan die vermindering van die 15% bydraes aan die GKK te skenk, vanweë die nypende finansiële posisie waarin baie gemeentes hulle bevind, maar veral teen die agtergrond van die noodtoestand waarin kleiner gemeentes in die Ringsressort hulle bevind.**

Motivering

Die kleiner gemeentes verkeer werklik in 'n oorlewingstryd, as gevolg van die tendens van wegkwyning van gemeentes op die platteland, wat aan 'n verskeidenheid faktore gewyt word. Ons is terdeë bewus van gemeentes van ander plattelandse gebiede in die Vrystaat wat finansieel net nie meer die mas kan opkom nie, wat nie anders kan nie as om hulle leraars se diensooreenkomste te moet opskort, óf wat maar net ophou bestaan.

Veral kleiner gemeentes vind dit al moeiliker om die 15% bydrae vol te hou en steeds hulle ander staande verpligtinge na te kom in die heersende ekonomiese klimaat, en die feit dat daar byna geen groei-vooruitsigte bestaan nie. Trouens baie van die gemeentes binne die ressort van die Ring is besig om stelselmatig weg te kwyn, ten spyte van moedige pogings om die gemeentes nog sinvol aan die gang te probeer hou.

Dit is veral sekere van die kleinere gemeentes, wat as gevolg van afnemende inkomstevermoë, nie langer in 'n posisie is om slegs die mees noodsaaklike verpligtinge van die geestelike versorging van die gemeente te kan nakom, en nog die 15% bydrae te maak nie. Hulle is finansieel net nie meer daartoe in staat nie, en wanneer hulle uiteindelik as gevolg daarvan tot niet sal moet gaan, sal dit 'n ernstige verlies – in geestelike sin gesien – binne die AP kerkverband teweegbring.

Die Ring versoek derhalwe dat dringende aandag aan die volhoubaarheid van die 15% bydraes gegee word, ten einde gemeentes wat nie meer in staat is om die bydraes te maak nie, of al minder daartoe in staat is, op die een of ander wyse tegemoet te kom. Dit moet duidelik verstaan word dat nie gevra word dat met die bydraes weggedoen word nie, maar dat 'n verminderde bydrae gemeentes wat hulle in hierdie onbenydenswaardige kategorie bevind, opgelê word.

Die onlangse beeld van wat in plattelandse gemeentes van die Ring besig is om te gebeur, soos in die visitasieverslae gereflekteer en die kommerwekkende kenmerke wat daardie gemeentes begin aanneem, soos ondermeer uit die statistiek na vore kom, dien as sterk motivering vir die rig van die beswaarskrif.

**AANBEVELINGS**

**19.3.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is nie ontvanklik nie.**

**19.3.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie goedgekeur nie.**

Motivering

Motivering

1. Ontvang ná 22 Maart 2013.
2. Haal nie die oorspronklike besluit, waaroor die beswaarskrif gaan, aan nie.
3. Die Sinode het reeds opdrag aan die GKK gegee om die stelsel van gemeentebydraes te ondersoek en met 'n aanbeveling na die Veertiende Sinode te kom.

**20. Begroting vir 2014 (Bylae GKK4)**

**20.1 Ontvangstes**

Die norm daargestel deur die Negende Sinode nl. dat die GKK die begrote inkomste kan verminder indien dit blyk dat die werklike 15% bydraes van gemeentes 'n afname toon, is toegepas vir die jaar onder oorsig.

**20.2 Uitgawes**

Die aanvrae van die kommissies en die GKK vir 2014, oorskry die verwagte inkomste met R886,183

**20.3 Totale uitgawebegroting vir 2014**

Die uitgawebegroting vir 2014 word as aparte bylaes aangeheg.

**20.4 GKK: Begroting 2014 (Bylae GKK4.1)**

**20.5 Publikasiekommissie: Begroting 2014 (Bylae GKK4.2)**

**20.5.1 *Die Boodskapper*: Begroting 2014 (Bylae GKK4.3)**

**20.6 SKK: Begroting 2014 (Bylae GKK4.4)**

**20.7 Sinodale Kommissies: Reiskoste begroting vir 2014 (Bylae GKK4.5)**

**AANBEVELING**

**20.3 Die Sinode neem kennis van die uitgawebegroting vir 'n totale bedrag van R14,093,383.**

**21. BEDANKING**

21.1 Die werksaamhede van die GKK is aansienlik vergemaklik deur die ondersteuning van die direkteur en die personeel, komitees van die GKK en ander sinodale kommissies.

21.2 Ons dank ons hemelse Vader vir die leiding wat hy aan die GKK gegee het om sy opdragte uit te voer.

21.3 Ons dank ons hemelse Vader dat Hy so ruim voorsien het aan die gemeentes dat hulle bydraes die GKK in staat kon stel om al sy verpligtinge na te kom.

Hiermee vertrou die GKK dat hy sy opdragte tot bevrediging van die Sinode uitgevoer het, en bid die Sinode seën toe op sy beraadslaginge.

PROF. DR. JAE ADENDORFF (Voorsitter), MNR. LJ KORKIE (Skriba)

# BYLAE GKK1

## STEMREG – NAME VAN GEMEENTES

Op datum 28 Mei 2013 was geen 15%-bydrae vir die afgelope drie jaar van die volgende gemeentes ontvang nie en geen reëling in die verband met die GKK getref nie. (Kyk aanbeveling 11.3 GKK verslag)

**AP Kerke:**
**De Aar; Groter Durban; Harrismith; Heidelberg-Kaap; Jagersfontein-Fauresmith; Migdol; Utrecht en Weskus.**

Indien die gemeente met aanvang van registrasie van die Sinode 2013 op 02/09/2013 nog nie 'n reëling met die GKK getref het nie, het so 'n gemeente nie stemreg tydens die sinodesitting nie.

Enkele gedagtes

Die Sentrale Kerkkantoor spreek hiermee sy dank uit teenoor elke ring, kerkraad, gemeente en amptenaar vir puik funksionering en samewerking. Daar behoort kennis geneem te word van gemeente grootte wat besig is om 'n ekonomiese uitdaging te raak en effektiewe administrasie bemoeilik.

Gemeente grootte bepaal die beskikbaarheid van kerkraadslede, kundige amptenary en bekostigbaarheid.

Bekostigbaarheid word bepaal deur die voorwaardes en vereistes wat die struktuur op die gemeente afdwing. Die strukturele omgewing het verander sedert 1987 met kerkstigting. Orde het 'n koste. Tot watter gemeente grootte is die koste nog die orde werd? Anders gestel, as die koste deur die struktuur afgewing, die orde begin ondermyn, moet daar herbesin word oor die struktuur.

Gemeentes met minder as 50 lidmate ervaar hierdie strukturele kostedruk anders as gemeentes met meer as 200 lidmate. In dieselfde asem moet genoem word dat gemeentes met minder as 200 lidmate, se dankoffervaardigheid per belydende lidmaat gunstiger is as gemeentes met meer as 200 lidmate.

# BYLAE GKK2

## Ooreenkoms tussen die Sinode van die APK (verteenwoordig deur die Kuratorium en Gemeenskaplike Kerkkantoor) en die Raad van die APA

Ooreenkoms aangegaan deur en tussen

**DIE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**
(hierna genoem die "Sinode")

soos verteenwoordig deur

(a) DIE KURATORIUM

asook

(b) DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR (GK)
en hierin verteenwoordig deur die

GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR KOMMISSIE
(hierna genoem die "GKK")

fisiese adres Brooksstraat 109, Brooklyn, Pretoria

en

**DIE RAAD VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE**
(Vereniging ingelyf kragtens artikel 21 van die Maatskappywet) met
Registrasienommer: 1999/HE08/001

hierin verteenwoordig deur die

RAAD VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE
(hierna genoem die "RAAD")

fisiese adres: Farendenstraat 430, Sunnyside, Pretoria.

Aangesien dit nodig is dat die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Raad van die Afrikaanse Protestantse Akademie hulle verhouding ten opsigte van die teologiese opleiding en onderlinge hulpverlening reël en beskryf, só kom die partye derhalwe soos volg ooreen:

### A. Die verhouding tussen die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Afrikaanse Protestantse Akademie word statutêr en kerkordelik bepaal

1. Die Afrikaanse Protestantse Akademie het as privaat instituut vir tersiêre onderwys kragtens 'n besluit van die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk en by wyse van registrasie deur die Onderwysdepartement ingevolge die Onderwyswet van 1997 tot stand gekom.
2. Die noue band tussen die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Afrikaanse Protestantse Akademie is vir beide partye kosbaar. Nie net het die AP Akademie histories uit die AP Kerk gegroei nie, maar die AP Akademie moet ook studente oplei wat die etos van die AP Kerk handhaaf.
3. Die wetlike selfstandigheid van die AP Akademie as privaat tersiêre onderwysinrigting word gevolglik wedersyds erken (vergelyk die *Skema van voorgestelde struktuur vir die Afrikaanse Protestantse Akademie as geregistreerde*

*instituut vir tersiêre onderwys en verhouding met die Sinode en die Kuratorium van die Afrikaanse Protestantse Kerkverband* soos goedgekeur deur die Tiende Sinode van die AP Kerk op 5 September 2001 (Handelinge 2001, bl. 480-482, asook Oprigtingsakte van die AP Akademie).

4. Die feit dat die Raad vir die uitvoering van sy pligte finansieel van die Sinode afhanklik is, word eweneens wedersyds erken. Die Sinode het besluit om sekere onroerende en roerende bates as subsidie "in natura" en fondse as subsidie vir ander doeleindes aan die Raad beskikbaar te stel vir gebruik deur die Raad in die uitvoering van sy pligte en die Raad het besluit om gemelde subsidie "in natura" en fondse as subsidie te aanvaar (vgl. Kerkorde 2012, Art. 10.7 asook sinodale besluite Handeling 2007, bl. 317, punte 4.8.1-4.8.4).

5. Die interafhanklikheid van Sinode en Raad bring enersyds mee dat kerklike inspraak oor beleid en curricula in die Fakulteit Teologie van die AP Akademie deur die kuratorium (kyk C 3) gewens en daarom kerkordelik en statutêr vasgelê is.

6. Die selfstandigheid van die AP Akademie bring andersyds mee dat kerklike dominansie in die sake van die AP Akademie uitgesluit is.

**B. Die betrokkenheid van die Sinode via sy Kuratorium by die opleiding van predikante aan die AP Akademie**

1. **Die benoeming van teologiese dosente vir die Fakulteit Teologie aan die AP Akademie**

1.1 Die keuse van 'n kandidaat vir 'n dosentepos is die onvervreembare reg van die Raad.

1.2 Die keuse van 'n kandidaat vir 'n dosentepos in die Fakulteit Teologie geskied in noue samewerking met die Kuratorium van die AP Kerk. Die wyse van die samewerking is soos volg:

***Nominasie***

1.2.1 Die Kuratorium vorm saam met die voltydse dosente van die Fakulteit Teologie van die AP Akademie die Kieskollege van die Raad van die AP Akademie vir die benoeming van teologiese dosente.

1.2.2 Die nominasie van kandidate geskied deur lede van die Kieskollege op die voorgeskrewe nominasievorm.

1.2.3 Genomineerdes moet teologies opgelei of gedoktoreer wees in die vakke van die departement(e) waarin die vakature(s) bestaan.

1.2.4 Die skriba van die Kuratorium stel die benoemdes skriftelik van hulle nominasie in kennis.

***Benoeming***

1.2.5 Nadat die nominasies gesluit het, word die Kieskollege en al die genomineerdes deur die Kuratorium byeengeroep.

1.2.6 Die Kieskollege voer met elke genomineerde afsonderlik 'n onderhoud. Na die onderhoude word tot stemming per geslote stembrief oorgegaan.

1.2.7 Die skriba van die Kuratorium stel die benoemde skriftelik van sy benoeming in kennis.

1.2.8 Die skriba van die Kuratorium stel al die genomineerdes skriftelik van die uitslag van die verkiesing in kennis.

***Besware***

1.2.9 Enige belydende lidmaat van 'n plaaslike AP Kerk het die reg om voor die verstryking van 'n approbasieperiode van twee weke skriftelik beswaar aan te teken op grond van klagtes teen die leer of lewe van die benoemde, of op grond van enige onreëlmatigheid met die benoeming.

1.2.10 Besware moet by die skriba van die Kuratorium ingedien word. Die benoemde word onmiddellik van die beswaar in kennis gestel. Die beswaar word ook skriftelik aan die benoemde voorsien.

1.2.11 Die Kieskollege word onverwyld byeengeroep om die beswaar te hanteer.

1.2.12 Al die lede van die Kieskollege stem per geslote stembrief oor die geldigheid van die beswaar.

1.2.13 Indien dit blyk dat die beswaar gehandhaaf word, word die benoeming as ongeldig verklaar.

1.2.14 Hierna benoem die Kieskollege 'n ander kandidaat vir die vakante pos.

***Bevestiging***

1.2.15 Na die benoeming van 'n kandidaat word hy as hoogleraar/ dosent aan die Afrikaanse Protestantse Akademie bevestig.

2. **Die toesighouding oor teologiese dosente van die Fakulteit Teologie aan die AP Akademie**

2.1 Dosente verbonde aan die AP Akademie val onder die jurisdiksie van die Raad en is dus aan die tug van die Raad onderworpe ten opsigte van alle wangedrag of pligsversuim.

2.2 Indien 'n dosent verbonde aan die AP Akademie onderrig gee wat volgens die oordeel van die Kuratorium in stryd met B 3.1 van hierdie ooreenkoms is, bring die Kuratorium die saak met volledige relevante dokumentasie onder die aandag van die Raad.

2.3 Enige klag teen 'n dosent word deur die Raad ontvang en hanteer.

2.4 Indien die Raad van voorneme is om dissiplinêr teen 'n dosent van die Fakulteit Teologie op te tree, moet die Kuratorium hieroor ingelig en van alle tersaaklike inligting voorsien word. Indien die beweerde gedrag wat sodanige dosent ten laste gelê word volgens die oordeel van die Kuratorium tugwaardig is, hanteer die Kuratorium die saak ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Kerkorde.

3. **Die inspraak van die Kuratorium in die curricula van die Fakulteit Teologie aan die AP Akademie**

3.1 Die Raad onderneem om die studie van teologiese studente waar te neem ooreenkomstig die reformatoriese teologie, asook binne die raamwerk van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en die betrokke Wet op Hoër Onderwys, en met die doel om studente teologies wetenskaplik toe te rus.

3.2 Die Kuratorium lê kerklike vereistes met betrekking tot vakke, omvang en standaard aan die Senaat van die AP Akademie voor.

3.3 Die Raad het die finale verantwoordelikheid vir die kurrikulering, onderrig, eksamens, navorsing en aanverwante werksaamhede wat tot die toekenning van teologiese grade en diplomas lei.

4. **Die betrokkenheid van die Kuratorium by die admissie- en teologiese studente wat aan die AP Akademie studeer**

5. **Die betrokkenheid van die Kuratorium by die admissie- en teologiese studente wat aan die AP Akademie studeer**

4.1 Die Sinode moet by wyse van sinodale besluite en deur middel van die Kuratorium intens betrokke wees by die opleiding van voornemende predikante.

4.2 Die Kuratorium kommunikeer sinodebesluite wat die AP Akademie raak aan die Raad.

4.3 Die Kuratorium voer op gereelde basis gesprekke met admissie- en teologiese studente.

***Admissiestudente***

4.3.1 Die Kuratorium bepaal hom in gesprekke met admissiestudente tot 'n ondersoek na hulle geloofsekerheid en roepingsbewustheid, asook onderhoude in verband met finansiële hulp van die kant van die Sinode aan die studente.

***Teologiese studente***

4.3.2 Die Kuratorium sit sy betrokkenheid by teologiese studente voort met gesprekke oor hulle geloofslewe, roepingsbelewing en finansiële situasie.

4.3.3 In die gesprekke met teologiese studente word die saak van die studente se regsinnigheid ook deurlopend aan die orde gestel.

4.3.4 In die beoordeling van 'n student se regsinnigheid het die Kuratorium die reg en vryheid om oor elke vak met die student gesprek te voer met dien verstande dat kuratoriumlede hulle van 'n akademiese aanslag weerhou. Die vakdosent(e) het sittingsreg by die geleentheid, maar het die keuse of hy (hulle) dit wil bywoon.

Soos in die geval van soortgelyke organisasies, is dit nie gebruiklik vir die bestuur om rekeningkundige beheermaatreëls in te stel oor heffings vorderings wat nog nie gerapporteer is nie. Dit was derhalwe vir ons onprakties om ons ondersoek uit te brei na heffings vorderings bo en behalwe die wat gerapporteer is.

Ons is van mening dat ons ouditbewyse voldoende en toepaslik is as 'n basis vir ons ouditmening.

*Mening*

Afgesien van die uitwerking van enige aansuiwerings wat dalk nodig sou gewees het, indien dit vir ons moontlik was om ons ondersoek na heffings vorderings nog nie gerapporteer uit te brei is dit ons mening dat hierdie finansiële jaarstate in alle wesenlike opsigte 'n redelike weergawe is van die finansiële stand van die Afrikaanse Protestantse Kerk – GKK soos op 31 Desember 2010 en van die resultate van bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat aangeneem is.

Snyman

**STRACHAN & CROUSE**

4

VENNOTE / PARTNERS: D G STRACHAN, C CROUSE, D SNYMAN

**BYLAE GKK3.1**


# STRACHAN & CROUSE

GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA) / CHARTERED ACCOUNTANTS (SA)
GEREGISTREERDE OUDITEURE / REGISTERED AUDITORS

HARROGATE PARK G01
PRETORIUSSTRAAT 1237 PRETORIUS STREET HATFIELD PRETORIA
POSBUS / P O BOX 12701 HATFIELD 0028

TEL: +27 (0) 12 430 3420 FAKS / FAX: +27 (0) 12 430 3422 / 0866 878 676
www.strachancrouse.co.za E-POS / E-MAIL: info@strachancrouse.co.za


ONS VERW: 5/0053/0
OUR REF : ----------------------------

16 April 2012

VERSLAG VAN DIE ONAFHANLIKE OUDITEURE

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK – GKK

**Verslag oor die finansiële state**

Ons het meegaande finansiële jaarstate van die Afrikaanse Protestantse Kerk – GKK, wat bestaan uit die balansstaat op 31 Desember 2011 en die inkomstestaat en kontantvloeistaat vir die jaar geëindig en 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende notas soos uiteengesit op bladsye 5 tot 17 geoudit.

*Verantwoordelikheid van die bestuur van die Afrikaanse Protestantse Kerk – GKK vir die finansiële state*

Bestuur is verantwoordelik vir die voorbereiding en redelike aanbieding van hierdie finansiële state in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat aangeneem is. Hierdie verantwoordelikheid sluit in die ontwerp, implementering en handhawing van interne kontrole relevant tot die voorbereiding en redelike aanbieding van finansiële state wat nie wesenlike wanvoorstelling bevat nie, ongeag of die oorsaak is as gevolg van bedrog of foute; seleksie en toepassing van toepaslike rekeningkundige beleid; en die vasstelling van rekeningkundige ramings wat redelik is gegewe omstandighede.

*Verantwoordelikheid van die ouditeur*

Ons verantwoordelikheid is om 'n mening, gebaseer op ons oudit, oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons oudit in ooreenstemming met Internasionale Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons etiese vereistes nakom en die oudit beplan en uitvoer om redelike sekerheid te verkry dat die finansiële state nie wesenlike wanvoorstelling bevat nie.

'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmakings in die finansiële state. Die geselekteerde prosedures word bepaal volgens die oordeel van die ouditeur, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, ongeag of die oorsaak is as gevolg van bedrog of foute. Ten einde daardie risiko beoordelings te maak, oorweeg die ouditeur interne beheer wat relevant is

3

VENNOTE / PARTNERS: D G STRACHAN, C CROUSE, D SNYMAN, GS MEIRING

tot die onderneming se voorbereiding en redelike aanbieding van die finansiële state om ouditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die onderneming se interne beheer nie. 'n Oudit behels ook die evaluering van die toepaslikheid van die rekeningkundige beleid toegepas en die redelikheid van rekeningkundige ramings deur bestuur gemaak, asook evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Soos in die geval van soortgelyke organisasies, is dit nie gebruiklik vir die bestuur om rekeningkundige beheermaatreëls in te stel oor heffingsvorderings wat nog nie gerapporteer is nie. Dit was derhalwe vir ons onprakties om ons ondersoek uit te brei na heffingsvorderings bo en behalwe die wat gerapporteer is.

Ons is van mening dat ons ouditbewyse voldoende en toepaslik is as 'n basis vir ons ouditmening.

*Basis vir gekwalifiseerde ouditmening*

Debiteure word gedra teen R 2 082 260 in die staat van finansiële posisie van die Afrikaanse Protestantse Kerk – GKK soos op 31 Desember 2011. Ingesluit by die bedrag is R 994 797 ontvangbaar ten opsigte van 'n pensioenfonds eis soos openbaar in nota 6 tot die finansiële state. Dit was nie vir ons moontlik om voldoende, toepaslike ouditbewyse te bekom aangaande die invorderbaarheid van die drabedrag van die pensioenfondseis van R 994 797 nie as gevolg van die onsekerheid met betrekking tot die uitkoms van die eis ingestel deur die Afrikaanse Protestantse Kerk – GKK teen CMM. Gevolglik was dit nie vir ons moontlik om te bepaal of enige aansuiwerings aan die bedrag nodig was nie.

*Gekwalifiseerde ouditmening*

Afgesien van die uitwerking van enige aansuiwerings wat dalk nodig sou gewees het, indien dit vir ons moontlik was om ons ondersoek na heffingsvorderings nog nie gerapporteer uit te brei en die moontlike effek van die aangeleentheid omskryf in die Basis vir gekwalifiseerde ouditmening paragraaf, is dit ons mening dat hierdie finansiële jaarstate in alle wesenlike opsigte 'n redelike weergawe is van die finansiële stand van die Afrikaanse Protestantse Kerk – GKK soos op 31 Desember 2011 en van die resultate van bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat aangeneem is.

Snyman

**D SNYMAN**
**STRACHAN & CROUSE**
**GEREGISTREERDE OUDITEURE**



VENNOTE / PARTNERS: D G STRACHAN, C CROUSE, D SNYMAN, GS MEIRING

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK** **BYLAE GKK 3.2**

**Meting van die werklike bedrae teen begroting vir die jare geëindig 31 Desember 2010, 2011 en 2012**

| Omskrywing | Ontvang / Bestee 2010 | Begroot 2010 | Afwyking Gunstig / (Ongunstig) | Ontvang / Bestee 2011 | Begroot 2011 | Afwyking Gunstig / (Ongunstig) | Ontvang / Bestee 2012 | Begroot 2012 | Afwyking Gunstig / (Ongunstig) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **ONTVANGSTE** | **12,079,556** | 11,252,600 | 826,956 | **11,539,653** | 14,253,000 | (2,713,347) | **13,040,956** | 12,260,000 | 780,956 |
| Ander inkomste | **33,862** | 52,600 | (18,738) | **82,580** | 45,000 | 37,580 | **138,822** | 60,000 | 78,822 |
| Gemeentebydrae (15%) | **12,045,694** | 11,200,000 | 845,694 | **11,457,073** | 14,208,000 | (2,750,927) | **12,902,134** | 12,200,000 | 702,134 |
| **UITGAWES** | **11,536,130** | 12,127,371 | 591,241 | **12,564,482** | 13,943,700 | 1,379,218 | **12,969,392** | 13,036,950 | 67,558 |
| APK Trustfonds (begroot) | **250,000** | 250,000 | - | **500,000** | 500,000 | - | **500,000** | 500,000 | - |
| Pensioenwaarborgfonds | **250,000** | 250,000 | - | **250,000** | 250,000 | - | **250,000** | - | (250,000) |
| Bankkoste | **20,932** | 30,000 | 9,068 | **23,245** | 30,000 | 6,755 | **34,988** | 30,250 | (4,738) |
| Bedieningshulp - werklik | **1,060,361** | 1,351,000 | 290,639 | **982,536** | 1,456,500 | 473,964 | **991,421** | 1,291,000 | 299,579 |
| Bedieningshulp - begroot | **290,639** | - | (290,639) | **473,964** | - | (473,964) | **299,579** | - | (299,579) |
| Biblioteekfonds (begroot) | **15,000** | 15,000 | - | **30,000** | 30,000 | - | **45,000** | 45,000 | - |
| Groepversekering | **67,212** | 75,000 | 7,788 | **73,959** | 75,000 | 1,041 | **86,540** | 78,400 | (8,140) |
| Huur van toerusting | **101,746** | 138,538 | 36,792 | **59,073** | 115,000 | 55,927 | **-** | - | - |
| Instandhouding/Sekuriteit | **320,456** | 175,000 | (145,456) | **219,104** | 187,200 | (31,904) | **622,228** | 275,300 | (346,928) |
| Kommissiewerk | **139,878** | 279,500 | 139,622 | **207,428** | 341,000 | 133,572 | **138,698** | 283,000 | 144,302 |
| AP Akademie | **3,340,561** | 3,733,333 | 392,772 | **3,819,024** | 4,736,000 | 916,976 | **4,300,711** | 4,066,000 | (234,711) |
| Mediese bystand | **1,168,340** | 750,000 | (418,340) | **1,021,344** | 850,000 | (171,344) | **990,507** | 950,000 | (40,507) |
| Munisipale koste | **90,526** | 95,000 | 4,474 | **100,028** | 105,000 | 4,972 | **137,770** | 116,000 | (21,770) |
| Ouditgelde | **27,500** | 22,500 | (5,000) | **34,487** | 35,000 | 513 | **36,547** | 40,000 | 3,453 |
| Posgelde | **17,669** | 24,500 | 6,831 | **23,048** | 30,000 | 6,952 | **32,794** | 18,500 | (14,294) |
| Publikasie administrasie | **1,047,261** | 1,296,500 | 249,239 | **1,129,767** | 1,319,000 | 189,233 | **670,057** | 1,302,000 | 631,943 |
| Regskoste | **1,870** | - | (1,870) | **13,336** | - | (13,336) | **1,220** | - | (1,220) |
| Reiskoste - administratief | **11,335** | 5,500 | (5,835) | **7,899** | 7,000 | (899) | **10,530** | 8,500 | (2,030) |
| Rente betaal | **11,102** | 17,000 | 5,898 | **9,400** | 17,000 | 7,600 | **9,001** | 12,500 | 3,499 |
| Salarisse - administratief | **2,854,603** | 3,250,000 | 395,397 | **3,158,840** | 3,510,000 | 351,160 | **3,423,715** | 3,522,000 | 98,285 |
| Sinodefonds uitgawes | **50,000** | 50,000 | - | **25,000** | 25,000 | - | **25,000** | 25,000 | - |
| Skryfbehoeftes | **47,832** | 25,000 | (22,832) | **52,919** | 40,000 | (12,919) | **41,251** | 38,500 | (2,751) |
| Spyseniering en verversings | **13,297** | 9,000 | (4,297) | **11,121** | 10,000 | (1,121) | **1,150** | 10,000 | 8,850 |
| Studiefonds - Leraars | **-** | | - | **-** | | - | **-** | | - |
| Studiefonds - Willie Lubbe Fonds | **-** | | - | **-** | | - | **-** | | - |
| Telefoonkoste | **52,088** | 55,000 | 2,912 | **53,668** | 55,000 | 1,332 | **50,497** | 55,000 | 4,503 |
| Vaste Bates - depresiasie | **215,753** | 180,000 | (35,753) | **193,843** | 160,000 | (33,843) | **186,782** | 300,000 | 113,218 |
| Versekering | **58,563** | 50,000 | (8,563) | **74,303** | 60,000 | (14,303) | **76,633** | 70,000 | (6,633) |
| SKK Voertuigfonds (oorgeplaas) | **11,606** | - | (11,606) | **17,146** | - | (17,146) | **6,773** | - | (6,773) |
| **OORSKOT / (TEKORT)** | **543,426** | (874,771) | 1,418,197 | **(1,024,829)** | 309,300 | (1,334,129) | **71,564** | (776,950) | 848,514 |

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK** **BYLAE GKK 3.2**

**Meting van die werklike bedrae teen begroting vir die jare geëindig 31 Desember 2010, 2011 en 2012**

**Die % aandeel van elke afdeling van die totale uitgawe**

| | 2010 | | | 2011 | | | 2012 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Uitgawe per afdeling** | As % van totale uitgawes | As % van 15% bydrae | **Uitgawe per afdeling** | As % van totale uitgawes | As % van 15% bydrae | **Uitgawe per afdeling** | As % van totale uitgawes | As % van 15% bydrae |
| Die AP Akademie NPC | **3,355,561** | 29% | 28% | **3,849,024** | 31% | 34% | **4,345,711** | 34% | 34% |
| GKK Administrasiekoste | **4,904,607** | 43% | 41% | **5,581,811** | 44% | 49% | **5,971,696** | 46% | 46% |
| Publikasie uitgawes | **1,047,261** | 9% | 9% | **1,129,767** | 9% | 10% | **670,057** | 5% | 5% |
| SKK Bedieningshulp | **1,060,361** | 9% | 9% | **982,536** | 8% | 9% | **991,421** | 8% | 8% |
| Mediese hulp - afgetredenes | **1,168,340** | 10% | 10% | **1,021,344** | 8% | 9% | **990,507** | 8% | 8% |
| | **11,536,130** | | | **12,564,482** | | | **12,969,392** | | |

**% verander teenoor die vorige jaar**

| | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|
| 15% | **-3%** | **-5%** | **13%** |
| Uitgawes | **4%** | **9%** | **3%** |

**Bylae GKK 3.2**

## 15% ONTVANG EN TOTALE UITGAWE (Werklike syfers)



**Bylae GKK 3.3**

## AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
## Kommissiewerk 1/01/2010 tot 31/12/2012

| Kommissie | 2010 Werklik 2010 R | 2010 Begroting 2010 R | 2010 Gunstig / (Ongunstig) R | 2011 Werklik 2011 R | 2011 Begroting 2011 R | 2011 Gunstig / (Ongunstig) R | 2012 Werklik 2012 R | 2012 Begroting 2012 R | 2012 Gunstig / (Ongunstig) R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Argief | **4,934** | 4,500 | (434) | - | 5,500 | 5,500 | - | 6,000 | 6,000 |
| GKK | **24,526** | 38,500 | 13,974 | **38,979** | 38,500 | (479) | **28,726** | 40,000 | 11,274 |
| Formuliere en Liturgie | - | 9,000 | 9,000 | - | 11,000 | 11,000 | - | 5,000 | 5,000 |
| Kerkleer en Christelike Etiek | **3,549** | 7,000 | 3,451 | **5,906** | 8,000 | 2,094 | | 10,000 | 10,000 |
| Kerkregtelike sake | **36,722** | 38,000 | 1,278 | **49,990** | 45,000 | (4 990) | **14,002** | 50,000 | 35,998 |
| Kuratorium | **27,561** | 81,000 | 53,439 | **51,267** | 80,000 | 28,733 | **50,313** | 74,000 | 23,687 |
| SKK | **12,394** | 24,000 | 11,606 | **25,854** | 35,000 | 9,146 | **31,227** | 38,000 | 6,773 |
| SKK en ander kommissies | **2,302** | 12,500 | 10,198 | - | 8,000 | 8,000 | | | - |
| Jeug en Verbondsonderrig | **27,889** | 48,000 | 20,111 | **35,432** | 55,000 | 19,568 | **14,430** | 43,000 | 28,570 |
| Onderwys en Opleiding | - | 17,000 | 17,000 | - | 55,000 | 55,000 | - | 17,000 | 17,000 |
| **Subtotaal** | **139,877** | 279,500 | 139,623 | **207,428** | 341,000 | 133,572 | **138,698** | 283,000 | 144,302 |
| Publikasies | **12,585** | 30,500 | 17,915 | **12,144** | 35,000 | 22,856 | **11,993** | 30,000 | 18,007 |
| | | | | | | | | | |
| **Totaal** | **152,462** | 310,000 | 157,538 | **219,572** | 376,000 | 156,428 | **150,691** | 313,000 | 162,309 |

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

## BEGROTING : 2014

**Bylae GKK 4**

| | BEGROTING 2011 | **Werklik 2011** | BEGROTING 2012 | **Werklik 2012** | BEGROTING 2013 | **Werklik 31.03.2013** | BEGROTING 2014 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | R | **R** | R | **R** | R | **R** | R |
| **INKOMSTE** | | | | | | | |
| 15% Bydrae | 14,208,000 | **11,457,073** | 12,200,000 | **12,902,134** | 12,500,000 | **1,613,680** | 13,000,000 |
| Jeugtuiste surplus (-tekort) | 45,000 | **( 81 014)** | 20,000 | **( 407)** | 10,000 | **105,927** | 67,200 |
| Ander inkomste | - | **163,594** | 40,000 | **139,230** | 120,000 | **8,227** | 140,000 |
| **Totale inkomste** | 14,253,000 | **11,539,653** | 12,260,000 | **13,040,957** | 12,630,000 | **1,727,834** | 13,207,200 |
| **UITGAWES** | 13,943,700 | **12,564,482** | 13,036,950 | **12,969,392** | 13,239,667 | **2,277,369** | 14,093,383 |
| GKK | 5,877,200 | **5,587,046** | 5,807,950 | **6,130,851** | 6,165,000 | **1,365,671** | 6,591,400 |
| APK TRUSTFONDS | 500,000 | **500,000** | 500,000 | **500,000** | 200,000 | **50,000** | 250,000 |
| AP AKADEMIE | 4,736,000 | **3,819,024** | 4,066,000 | **4,300,711** | 4,166,667 | **537,893** | 4,333,333 |
| BIBLIOTEEKFONDS | 30,000 | **30,000** | 45,000 | **45,000** | 45,000 | **11,250** | - |
| PUBLIKASIE AFDELING | 1,319,000 | **1,129,766** | 1,302,000 | **670,057** | 1,553,000 | **101,558** | 1,673,650 |
| SENTRALE KERKEKOMMISSIE | 1,481,500 | **1,498,646** | 1,316,000 | **1,322,773** | 1,110,000 | **210,997** | 1,245,000 |
| | | | | | | | |
| **OORSKOT / (TEKORT)** | 309 300 | **(1 024 829)** | ( 776 950) | **71 565** | ( 609 667) | **( 549 535)** | ( 886 183) |

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

**Bylae GKK 4.1**

## GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE BEGROTING VIR 2014

| | BEGROTING 2011 R | **Werklik 2011 R** | BEGROTING 2012 *R* | **Werklik 2012 R** | BEGROTING 2013 *R* | **Werklik 31.03.2013 R** | BEGROTING 2014 *R* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | 8% |
| **UITGAWES NA OPSOMMING** | 5,877,200 | **5,587,046** | *5,807,950* | **6,130,851** | *6,165,000* | **1,365,671** | *6,591,400* |
| Pensioenwaarborg | 250,000 | **250,000** | - | **250,000** | - | - | - |
| Bankkoste | 30,000 | **23,245** | *30,250* | **34,988** | 32,000 | **7,931** | 36,000 |
| Sekuriteit | 17,200 | **21,598** | *25,300* | **23,368** | 25,000 | **3,865** | 25,000 |
| Groepversekering | 75,000 | **73,959** | *78,400* | **86,540** | 90,000 | **21,957** | 105,000 |
| Huur van toerusting | 115,000 | **59,073** | - | - | - | - | - |
| Mediese bystand afgetrede lede | 850,000 | **1,021,344** | *950,000* | **990,507** | 1,145,000 | **187,111** | 1,310,000 |
| Munisipale koste | 105,000 | **100,028** | *116,000* | **137,770** | 120,000 | **29,540** | 150,000 |
| Instandhoudingsuitgawe | 170,000 | **197,506** | *250,000* | **598,860** | 250,000 | **46,603** | 200,000 |
| Ouditgelde | 35,000 | **34,487** | *40,000* | **36,547** | 44,000 | **40,000** | 44,000 |
| Posgeld | 30,000 | **23,048** | *18,500* | **32,794** | 20,000 | **6,675** | 30,000 |
| Regskoste | | **13,336** | - | **1,220** | - | **1,425** | 1,500 |
| Reiskoste - administratief | 7,000 | **7,899** | *8,500* | **10,530** | 12,500 | **1,772** | 12,500 |
| Reiskoste - Kommissievergaderings | 341,000 | **207,428** | *283,000* | **138,698** | 284,500 | **93,555** | 279,000 |
| Rente betaal (van Niekerk) | 17,000 | **9,400** | *12,500* | **9,001** | 10,000 | **2,086** | 9,900 |
| Salarisse - administratief | 3,510,000 | **3,158,840** | *3,522,000* | **3,423,715** | 3,772,000 | **845,361** | 4,063,000 |
| Skryfbehoeftes | 40,000 | **52,919** | *38,500* | **41,251** | 35,000 | **1,204** | 40,000 |
| Verversings en personeelete | 10,000 | **11,121** | *10,000* | **1,150** | 10,000 | **353** | 10,000 |
| Telefoon en faks | 55,000 | **53,668** | *55,000* | **50,497** | 50,000 | **8,408** | 55,500 |
| Versekering | 60,000 | **74,304** | *70,000* | **76,633** | 90,000 | **24,076** | 70,000 |
| Waardevermindering | 160,000 | **193,843** | 300,000 | **186,782** | 175,000 | **43,750** | 150,000 |

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

**Bylae GKK 4.2**

## PUBLIKASIEKOMMISSIE BEGROTING VIR 2014

| PUBLIKASIES (EIE,SINODAAL EN BUITE) | BEGROTING 2011 R | **Werklik 2011 R** | BEGROTING 2012 R | **Werklik 2012 R** | BEGROTING 2013 R | **Werklik 31.03.2013 R** | BEGROTING 2014 R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **ONTVANGSTE** | 1,200,000 | **897,894** | 1,200,000 | **862,517** | 900,000 | **221,097** | 1,000,000 |
| Verkope: Publikasies | 1,200,000 | **897,894** | 1,200,000 | 862,517 | 900,000 | **221,097** | 1,000,000 |
| Advertensies: Publikasies | | | | | | | |
| **KOSTE VAN VERKOPE** | 889,000 | **640,026** | 885,000 | **659,227** | 650,000 | **108,289** | 730,000 |
| Koste van verkope: Publikasies | 889,000 | **640,026** | 885,000 | 659,227 | 650,000 | **108,289** | 730,000 |
| **BRUTO OORSKOT** | 311,000 | **257,868** | 315,000 | **203,290** | 250,000 | **112,808** | 270,000 |
| Kontrole persentasie | *25.92%* | ***28.72%*** | 26.25% | ***23.57%*** | 27.78% | **51.02%** | 27.00% |
| **UITGAWES** | 666,000 | **602,761** | 711,000 | **434,773** | 779,500 | **116,428** | 818,000 |
| Beoordeling - boeke | 20,000 | **16,086** | *20,000* | **3,588** | 10,000 | **192** | 10,000 |
| Pliglewerings/Verkoopsbevordering | 30,000 | **13,392** | *30,000* | **11,467** | 20,000 | **1,013** | 15,000 |
| Posgeld en verpakking - Publikasies | 35,000 | **21,307** | *35,000* | **24,552** | 35,000 | **11,691** | 30,000 |
| Instandhoudingsuitgawes | 5,000 | **2,639** | *10,000* | **12,732** | 10,000 | **2,640** | 5,000 |
| Reiskoste: Publikasies - adm. | 1,000 | | *1,000* | **1,140** | 1,000 | - | 1,000 |
| Reiskoste: vergaderings - publikasies | 25,000 | **12,144** | *25,000* | **11,993** | 20,000 | **9,343** | 20,000 |
| Salarisse | 523,000 | **505,700** | *530,000* | **341,535** | 636,000 | **83,192** | 700,000 |
| Skryfbehoeftes | 17,000 | **17,937** | *30,000* | **13,750** | 27,500 | **4,818** | 20,000 |
| Tantieme | 15,000 | **3,364** | *15,000* | **3,162** | 5,000 | **940** | 5,000 |
| Telefoon | 15,000 | **10,192** | *15,000* | **10,854** | 15,000 | **2,599** | 12,000 |
| **NETTO OORSKOT/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK** | ( 355 000) | **( 344 893)** | ( 396 000) | **( 231 483)** | ( 529 500) | **( 3 620)** | ( 548 000) |

**A F R I K A A N S E  P R O T E S T A N T S E  K E R K**

**Bylae GKK 4.3**

**PUBLIKASIEKOMMISSIE BEGROTING VIR 2014**

| BOODSKAPPER | BEGROTING 2011 R | Werklik 2011 R | BEGROTING 2012 R | Werklik 2012 R | BEGROTING 2013 R | Werklik 31.03.2013 R | BEGROTING 2014 R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **ONTVANGSTE** | 745,000 | **686,040** | 880,000 | **778,986** | 880,000 | **176,312** | 1,045,250 |
| Verkope: Boodskapper | 675,000 | **613,332** | 800,000 | **690,900** | 800,000 | **153,023** | 945,250 |
| Advertensies: Boodskapper | 70,000 | **72,708** | 80,000 | **88,086** | 80,000 | **23,289** | 100,000 |
| Skenkings | | | | | | | |
| **KOSTE VAN VERKOPE** | 650,000 | **568,705** | 650,000 | **733,132** | 615,000 | **168,809** | 768,400 |
| Drukkoste: Boodskapper | 650,000 | **568,705** | 650,000 | 733,132 | 615,000 | **168,809** | 768,400 |
| **BRUTO OORSKOT / ( TEKORT)** | 95,000 | **117,335** | 230,000 | **45,854** | 265,000 | **7,503** | 276,850 |
| **UITGAWES** | 1,059,000 | **902,208** | 1,136,000 | **484,428** | 1,288,500 | **105,440** | 1,402,500 |
| Medewerkers | 20,000 | **23,155** | 20,000 | **23,698** | 15,000 | - | 25,000 |
| Posgeld en verpakking - Boodskapper | 60,000 | **49,716** | 75,000 | **57,287** | 85,000 | **26,131** | 110,000 |
| Reiskoste: Boodskapper | 10,000 | - | 5,000 | - | 2,500 | - | 2,500 |
| Salarisse | 959,000 | **818,460** | 1,026,000 | **391,023** | 1,166,000 | **67,447** | 1,250,000 |
| Tydelike hulp | 10,000 | **10,877** | 10,000 | **12,420** | 20,000 | **11,862** | 15,000 |
| **NETTO OORSKOT/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK** | (964 000) | **( 784 873)** | (906 000) | **( 438 574)** | (1 023 500) | **( 97 937)** | (1 125 650) |
| **OORSKOT / (TEKORT) NA OPSOMMINGSKEDULE** | (1 319 000) | **(1 129 766)** | (1 302 000) | **( 670 057)** | (1 553 000) | **( 101 558)** | (1 673 650) |

**Bylae GKK 4.4**

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

## SENTRALE KERKEKOMMISSIE, BEGROTING VIR 2014

| | BEGROTING 2011 R | **Werklik 2011 R** | BEGROTING 2012 R | **Werklik 2012 R** | BEGROOT 2013 R | **Werklik 31.03.2013 R** | BEGROOT 2014 R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| SINODEFONDS | 25,000 | **25,000** | *25,000* | **25,000** | 25,000 | **6,250** | 25,000 |
| BEDIENINGSFONDS | 1,456,500 | **957,536** | *1,291,000* | **991,421** | *1,085,000* | **204,747** | 1,220,000 |
| Hulp aan Gemeentes | 1,365,500 | **838,693** | *1,055,000* | **783,748** | 1,029,000 | **199,821** | 1,084,000 |
| Reisende Leraars | 50,000 | **26,009** | *50,000* | **8,746** | 25,000 | **4,926** | 25,000 |
| Studente prakties | 40,000 | **80,544** | *60,000* | **55,668** | 30,000 | - | 60,000 |
| Internet bediening | | | *50,000* | - | - | | 50,000 |
| Fees en konferensies | | **12,290** | *75,000* | **143,259** | - | | - |
| Hospitaalbesoeke | 1,000 | - | *1,000* | - | 1,000 | - | 1,000 |
| Diakonie konferensie | | | | | | | |
| SUB-TOTAAL | 1,481,500 | **982,536** | *1,316,000* | **1,016,421** | *1,110,000* | **210,997** | *1,245,000* |
| STUDIEFONDS - LERAARS | | | | | | | |
| EMERITUSHULPFONDS | | | | | | | |
| SKK MOTORFONDSGROEI | | **17,146** | | **6,773** | | | |
| BEDIENINGSFONDSGROEI | | **498,964** | | **299,579** | | | |
| **TOTAAL** | 1,481,500 | **1,498,646** | *1,316,000* | **1,322,773** | *1,110,000* | **210,997** | *1,245,000* |

**Bylae GKK 4.5**

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
## SINODALE KOMMISSIES -REISKOSTE BEGROTINGS VIR 2014

| | BEGROTING 2011 R | **Werklik 2011 R** | BEGROTING 2012 R | **Werklik 2012 R** | BEGROTING 2013 R | **Werklik 31.03.2013 R** | BEGROTING 2014 R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Argiefkommissie | 5,500 | - | 6,000 | - | 6,000 | **4,812** | 6,000 |
| GKK | 38,500 | **38,979** | 40,000 | **28,726** | 44,000 | **9,888** | 48,000 |
| Formuliere en Liturgie | 11,000 | - | 5,000 | - | - | - | 5,000 |
| Kerkleer en Christelike Etiek | 8,000 | **5,906** | 10,000 | - | 7,500 | - | 8,000 |
| Kerkregtelike Sake | 45,000 | **49,990** | 50,000 | **14,002** | 50,000 | **24,742** | 60,000 |
| Kuratorium | 80,000 | **51,267** | 74,000 | **50,313** | 77,000 | **29,586** | 70,000 |
| Verbondsonderrig en Opvoeding | 55,000 | **35,432** | 43,000 | **14,430** | 43,000 | **15,327** | 20,000 |
| Onderwys en Opleiding | 55,000 | - | 17,000 | - | 17,000 | - | 17,000 |
| Sentrale kerkekommissie | 43,000 | **25,854** | 38,000 | **31,227** | 40,000 | **9,200** | 45,000 |
| | 341,000 | **207,428** | 283,000 | **138,698** | 284,500 | **93,555** | 279,000 |

# VERSLAG: KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV)

**Tydperk: 3 September 2010 tot 12 April 2013**

## 6. PERSONEEL

Primarii: Di. CR Vermaak (voorsitter), HSW Strauss (ondervoorsitter), JB Trollip (skriba), L Lubbe, AC Jordaan
Sekundi: Di. W van Zyl, NJ Swart, A van Zyl

Vanaf 2012 het ds. SA Roets (jr.) die bediening verlaat en was hy nie meer betrokke by die werksaamhede van die kommissie nie. Ds. NJ Swart is in sy plek opgeroep vir vergaderings.

## 7. VERGADERINGS

Ses vergaderings is gehou asook 2 vergaderings via internet.

## 8. SINODALE OPDRAGTE

### 8.1 JEUGKAMPE (HANDELINGE 2010, bl. 269, 270, pt. 4.3)

*2010-Aanbeveling goedgekeur:*

*4.3.2 Die Sinode beveel aan dat die KJV herbesin oor die aanbied van jeugkampe vir verskillende ouderdomsgroepe binne die AP kerkverband met die oog daarop om die belangstelling weer aan te wakker.*

*4.3.6 Die Sinode dra dit aan die KJV op om ondersoek in te stel na watter soort jeugkampe in aanvraag is en aangebied kan word. Die insette van leraars, kerkrade en ringe moet hiervoor verkry word.*

Na vele probeerslae is bevind dat kampe wat deur die KJV gereël is, nie goeie aftrek gekry het nie. Die grootste rede waarom landswye kampe nie realiseer nie is omdat die skole se programme oor vakansietye oorlaai is met sport en akademiese verpligtinge. Die behoefte is wel ondervang deur gemeentes wat op eie inisiatief kampe gereël het en dan ander gemeentes in die omgewing uitgenooi het om die kampe by te woon. Van die kampe wat wel suksesvol aangebied was, is VBO kampe, afrondingskampe vir VBO belydenisklasse en gemeentekampe. Die VBO kampe het in drie vorme in gemeentes voorgekom. In kleiner gemeentes het die volle groep kinders van voorskools tot en met gr 11 die kampe bygewoon en het die VBO voorgangers verantwoordelikheid geneem vir die reël daarvan. In groter gemeentes is die kampe verdeel in hoër- en laerskool groepe. Dit was ook duidelik dat gemeentes in hul eie kring die kostes kon beheer deur skenkings van voedsel en ook deur van gratis of goedkoper kampterreine gebruik te maak. In gevalle waar ander gemeentes die kampe dan moes meemaak het die kostes, veral wat vervoer betref, dikwels veroorsaak dat so 'n kamp nie kon realiseer nie.

Wat die naskoolse jeug betref het die tradisionele paassaamtrekke ook nie gerealiseer nie as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling oor die afgelope paar jaar. AP Kerk Viljoenskroon het egter weer vanjaar (2013) gepoog om die saamtrek te laat plaasvind.

**AANBEVELINGS**

**3.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars en gemeentes wat verbondsjeug tydens kampe toerus en bedien.**

**3.1.2 Die Sinode neem kennis dat die KJV nie verantwoordelikheid vir die reël van kampe neem nie, aangesien die Sinode besluit van 1991 (HANDELINGE 1991, bl. 358, pt. 4.1) en die lasgewing van die KJV slegs opdrag gee dat advies in verband met kampe aan gemeentes, ringe of ringsgroepe gegee moet word, indien daarom gevra is.**

**3.1.3 Die Sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan om self kampe te reël en indien moontlik, ook omliggende gemeentes te betrek.**

**3.1.4 Die Sinode versoek ringe om sulke kampe in ringsverband te koördineer en te bevorder.**

**3.1.5 Die Sinode bring dit onder plaaslike gemeentes se aandag dat die volgende kampe, wat deur gemeentes en ringe aangebied is, baie suksesvol was: VBO kampe, afrondingskampe vir VBO belydenisklasse en gemeentekampe.**

## 8.2 BRIEF AAN UNIVERSITEITE (HANDELINGE 2010, bl. 270, pt. 120)

*2010-Aanbeveling goedgekeur:*
*Die Sinode dra dit verder aan die KJV op om 'n skrywe aan universiteite te rig wat Huiskomitees aanmaan om nie kinders te dwing om spesifieke kampe by te woon nie maar eerder hulle aan te moedig om hul eie kerkkampe by te woon.*

**AANBEVELING**

**3.2.1 Die Sinode neem kennis dat die KJV, sovêr moontlik, aan al die betrokke universiteite hierdie skrywe gerig het.**

## 3.3 JEUGWEBWERF (HANDELINGE 2010, bl. 270, pt. 4.5)

*2010-Aanbeveling goedgekeur:*
*4.5.1 Die Sinode dra dit aan die KJV op om sodanige webwerf daar te stel.*
*4.5.2 Die Sinode beveel aan dat hierdie webwerf aan die amptelike webwerf van die AP kerkverband gekoppel sal wees.*

**AANBEVELINGS**

**3.3.1 Die Sinode neem kennis dat die KJV 'n blad op die sosiale netwerk *Facebook* geskep het. Die blad staan bekend as *AP Kerkjeug – alles vir Christus*. Die doel hiervan is om die jeug van die AP Kerk aan te moedig om gesprek te voer oor sake wat hulle raak en waaroor hulle wonder.**

**3.3.2 Die Sinode neem kennis dat die lede van die KJV as administrateurs die blad monitor.**

## 3.4 BYBELKENNISEKSAMEN VIR VOLWASSENES (HANDELINGE 2010, bl.270, pt. 5.1.1)

*2010-Aanbeveling goedgekeur:*
*5.1.1 Die Sinode gee opdrag aan die KJV om jaarliks ook 'n vraestel vir volwassenes op te stel. Die bestek van hierdie vraestel se drie dele moet bestaan uit 'n gedeelte uit die Ou Testament, 'n gedeelte uit die Nuwe Testament en 'n gedeelte uit die besondere belydenisskrifte.*

**AANBEVELINGS**

**3.4.1 Die Sinode neem kennis dat daar vanaf 2011 jaarliks 'n vraestel vir die belydende lidmate opgestel is.**

**3.4.2 Die Sinode neem kennis dat belydende lidmate positief hieroor is en van hierdie geleentheid gebruik maak om hul kennis oor die Woord te verbeter.**

## 4 WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE
## 4.2 VERBONDSONDERRIGKURSUSSE

Verbondsondderigkursusse word deurlopend aangebied op aanvraag van gemeentes en/ of ringe.

**AANBEVELINGS**

**4.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die KJV en ander leraars wat die kursusse aanbied en moedig kerkrade aan om van die geleentheid gebruik te maak om hulle verbondsonderrigvoorgangers te skool.**

**4.1.2 Die Sinode neem kennis dat die KJV tans besig is om 'n kursus vir die skoling van verbondsonderrigvoorgangers saam te stel wat op DVD opgeneem sal word sodat gemeentes dit in die toekoms kan bestel en gebruik vir opleiding.**

## 4.3 BYBELKENNISEKSAMEN

Die Bybelkenniseksamen wat jaarliks geskryf word, is baie suksesvol. In 2012 is daar begin om die vraestelle elektronies op die amptelike webwerf van die AP Kerk beskikbaar te stel. Met hierdie verandering het verskeie gemeentes die eksamen tydens 'n ander geleentheid as die vasgestelde datum geskryf. Gedurende 2012 was daar ook baie probleme met die posstelsel wat daartoe gelei het dat verskeie gemeentes se uitslae hulle baie later as beplan, bereik het.

Aantal deelnemers:

| | Belydende lidmate | Dooplidmate | Gemeentes |
|---|---|---|---|
| 2010 | 0 | 1778 | 121 |
| 2011 | 232 | 1676 | 126 |
| 2012 | 130 | 1361 | 110 |

Die KJV het met die vasstelling van die bestek twee benaderings gevolg. Die eerste was om afsonderlike Skrifgedeeltes vir elke graad te kies. Dit het egter lukraak gebeur en daar was nie 'n vaste patroon waarvolgens Bybelboeke stelselmatig deurgewerk kon word nie. Volgens die tweede benadering is die bestek vir al die grade vanuit een of twee Bybelboeke geneem. Die probleem hiermee was dat die gekose Bybelboek(e) dikwels die moeilikheidsgraad van die vraestelle beïnvloed het. Verskeie klagtes oor die moeilikheidsgraad van die bestek het die KJV bereik en daarom het die KJV probeer om die bepaling van die bestek te standaardiseer sodat 1) die verbondsjeug alle Bybelboeke stelselmatig deurwerk gedurende hul skoolloopbaan en 2) die moeilikheidsgraad van die bestek stelselmatig toeneem van jaar tot jaar.

In die verlede is die datum vir die jaarlikse Bybelkenniseksamen vasgestel vir die eerste naweek in Augustus. Buiten dat alle gemeentes nie op hierdie naweek skryf nie, maar dikwels een of twee naweke na die tyd skryf, veroorsaak hierdie datum baie logistieke probleme wat die merk van die vraestelle betref. Die KJV het in die verlede altyd gepoog om aan die einde van September die vraestelle te merk. Tog is daar 'n groot hoeveelheid gemeentes wie se antwoordstelle die KJV nog nie teen daardie tyd bereik het nie weens verskeie redes. Dit bemoeilik die hele proses – van die merk van vraestelle tot die uitstuur van sertifikate. Dus het die KJV weer besin oor die datum waarop die eksamen geskryf word. Indien dit vroeër in die jaar geskryf word, behoort dit baie van hierdie logistieke probleme te ondervang.

**AANBEVELINGS**

**4.2.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van die sentrale kerkkantoor wat baie moeite doen om die versendings en navrae te hanteer.**

**4.2.2 Die Sinode keur goed dat die Bybelkenniseksamen voortaan in Mei afgelê word.**

**4.2.3 Die Sinode gee opdrag dat die bestek voortaan in die voorafgaande jaar se November uitgawe van *Die Boodskapper* gepubliseer word en dat dit ook op die amptelike webwerf van die AP Kerk sal verskyn.**

**4.2.4 Die Sinode gee opdrag dat die vraestelle teen 1 April van die betrokke jaar op die amptelike webwerf van die AP Kerk beskikbaar sal wees.**

**4.2.5 Die Sinode versoek gemeentes om die antwoordstelle voor die einde van Julie aan die Sentrale Kerkkantoor te stuur.**

**4.2.6 Die Sinode neem kennis dat al die gemeentes wie se antwoordstelle ontvang is voor die einde van Julie, se name op die amptelike webwerf van die AP Kerk gelys sal word.**

**4.2.7 Die Sinode neem kennis dat dit die gemeente se verantwoordelikheid bly om te sorg dat die antwoordstelle die KJV betyds bereik.**

**4.2.8 Die Sinode gee opdrag dat die uitslae teen einde Oktober beskikbaar moet wees.**

**4.2.9 Die Sinode neem kennis dat gemeentes wie se antwoordstelle nie teen hierdie spertyd (Julie) ontvang is nie, se uitslae en sertifikate moontlik nie teen November beskikbaar sal wees nie.**

**4.2.10 Die Sinode neem kennis dat die bestek jaarliks opgestel sal word vanuit die volgende Bybelboeke:**

**Gr. 4**
OT: Génesis en Exodus
NT: Matthéüs en Markus

**Gr. 5**
OT: Númeri en Deuteronómium, Esra
NT: Lukas en Johannes

**Gr. 6**
OT: Josua tot Rut
NT: Handelinge, Filippense en Filémon

**Gr. 7**
OT: 1 Samuel tot 2 Kronieke
NT: Kolossense, 1 en 2 Thessalonisense, Judas

**Gr. 8**
OT: Levitikus, Nehemía, Ester
NT: Titus, Jakobus, 1 en 2 Petrus

**Gr. 9**
OT: Jesaja, Jeremia, Eségiël, Klaagliedere, Daniël
NT: 1, 2 en 3 Johannes asook 1 en 2 Timótheüs

**Gr. 10**
OT: Hoséa tot Jona, Job en Spreuke
NT: Galásiërs, Efésiërs en Hebreërs

**Gr. 11**
OT: Miga tot Maleági, Psalms, Prediker en Hooglied
NT: Romeine, 1 en 2 Korinthiërs en Openbaring

**Belydende lidmate**
Vanuit enige Bybelboek

## 5 SLOT

Die kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig vertrou dat hy sy werksaamhede volgens lasgewing tot bevrediging van die Sinode en kerkverband in die geheel afgehandel het en bid elke gemeente binne die AP kerkverband die seën van die Here toe op hulle jeugwerk.

Di. CR Vermaak; JB Trollip

# VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS)

**Tydperk: September 2010 tot April 2013**

## 1. PERSONEEL

Ds. JL Schütte (voorsitter)
Ds. OG van Rooyen (ondervoorsitter)
Ds. WJA van Schalkwyk (skriba)
Ds. PJ Möller
Ds. WJ Malan
Dr. JH Breytenbach
Prof. FAH van Staden (dosent in Kerkreg)

## 2. VERGADERINGS

Die KKS het slegs vyf vergaderings gedurende sy dienstermyn gehou. Daar is besluit om die begroting wat aan die kommissie toegestaan is nie te gebruik om vergaderings te hou nie, maar dit eerder aan te wend om gemeentes te besoek wat hulp nodig het. Verder het die KKS die wyse waarop advies gegee word, verander – alle advies is skriftelik gegee en moes eers deur die hele kommissie goedgekeur word voordat dit versend is. Op hierdie wyse is verseker dat alle advies meer deurdag en verteenwoordigend van die kommissie is. Die KKS getuig dat die advies en hulp wat verleen is goed en positief ontvang is.

Daar is egter twee sake wat die KKS bekommer:

1. Tydens 'n tugsaak wat deur 'n ring hanteer is, het die ring 'n besluit direk in stryd met die advies van die KKS geneem. Al wat die KKS te doen gestaan het, was om te laat notuleer dat hulle advies nie gevolg is nie.
2. Die groot hoeveelheid adviese wat deur die KKS gegee moes word, is ook ontstellend. As gelet word op die hoeveelheid adviese wat elke jaar gegee is, beteken dit dat die KKS twee-weekliks advies gegee het.

Die volgende adviese en besoeke is hanteer:

| Jaartal | Adviese | Aantal gemeentes besoek (sommiges tot 3 maal) |
|---|---|---|
| 2010 | 5 | |
| 2011 | 31 | 5 |
| 2012 | 24 | 5 |
| 2013 | 5 | 3 |

## 3. SAKE IN OPDRAG VAN SINODE 2010

Alle wysiginge in die Kerkorde, Ordereëls en tersaaklike sinodebesluite is uitgevoer soos vervat in die Kerkorde van 2012.

**SAKE NA DIE KKS VERWYS** (HANDELINGE 2010, bl. 264, pt. 5.5 en bl. 265, pt. 5.7)

Punt 5.5 (De Aar) en 5.7 (Roodepoort) van die KKS se verslag aan die Dertiende Sinode handel oor beskrywingspunte wat wysiginge in die Kerkorde versoek ten opsigte van die Diakonie. Ná bestudering van die beskrywingspunte is die aanbeveling van die KKS om 'n konsekwente wysiging deur die Kerkorde aan te bring wat die Diakonievergadering sal insluit waar nodig.

### 3.1 ARTIKEL 22

Let asseblief daarop dat nuwe toevoegings of wysiginge kursief en donker gedruk word in al die Artikels en Bepalinge wat volg.

*Huidige Redaksie*

Die opdrag van die diaken is
- Die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens nodig het.
- Die insameling en besteding van die middele wat vir die diakonale werk nodig is.
- Die diakonale dienste wat vereis word tydens die erediens en die nagmaal.

*Nuwe Redaksie*

Die opdrag van die diaken is
- Die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens nodig het.
- Die insameling en besteding van die middele wat vir die diakonale werk nodig is.
- ***Die doen van gereelde en behoorlike huisbesoek in die gemeente, in besonder met die oog op die uitvoering van bovermelde opdragte.***
- Die diakonale dienste wat vereis word tydens die erediens en die nagmaal.

*Motivering*

Hoewel daar geargumenteer kan word dat die voorgestelde wysiging in die eerste twee opdragte veronderstel word, is dit nie 'n noodwendige veronderstelling nie – net so min as wat in Artikel 21 veronderstel kan word dat die ouderling se uitoefening van opsig en tug, of die roeping om ander na Christus te lei, die opdrag veronderstel om gereelde huisbesoek in die gemeente te doen en so 'n spesifieke bepaling dan oorbodig maak, of dat die enersluidende bepaling in Artikel 15 met betrekking tot die bedienaar van die Woord oorbodig is.

**AANBEVELING**

**3.1.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 3.2 ARTIKEL 31

*Huidige redaksie*

Die besluit van ’n vergadering is bindend, maar wanneer ’n lidmaat of kerkvergadering hom veronreg voel of meen dat ’n besluit in stryd is met die Skrif en/of Belydenisskrifte en/of die Kerkorde en/of ’n besluit van ’n kerkvergadering, kan hy appelleer na ’n meerdere vergadering of ’n beswaarskrif indien by die betrokke vergadering wat die besluit geneem het, ter motivering vir die verandering van die besluit.

*Nuwe Redaksie*

Die besluit van ’n vergadering is bindend, maar wanneer ’n lidmaat of kerkvergadering hom veronreg voel of meen dat ’n besluit in stryd is met die Skrif en/of Belydenisskrifte en/of die Kerkorde en/of ’n besluit van ’n kerkvergadering, kan hy appelleer na ’n ***appèlvergadering*** of ’n beswaarskrif indien by die betrokke vergadering wat die besluit geneem het, ter motivering vir die verandering van die besluit.

*Motivering*

Die wysiging word genoodsaak deur die voorgestelde wysiging van Bepaling 31 C, wat dit moontlik maak om na die ouderlingeraad te appelleer teen die besluit van ’n diakonie. Die ouderlingeraad is nie ’n meerdere vergadering nie, maar die eerste opsighoudende vergadering, wat met die voorgestelde wysiging van Bepaling 31 C die bevoegdheid kry om as appèlvergadering op te tree.

**AANBEVELING**

**3.2.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 3.3 BEPALING 31A

*Huidige Redaksie*

'n Beswaarskrif moet
- Skriftelik wees;
- Die besluit waarteen beswaar aangeteken word, woordeliks aanhaal;
- Ingedien word by die ouderlingeraad/kerkraad as dit handel oor 'n besluit van die ouderlingeraad/kerkraad;
- Ingedien word by die ring/sinode as dit handel oor 'n besluit van 'n vorige ring/sinode;
- Duidelike gronde vir die beswaar aanvoer;
- Betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

'n Beswaarskrif kan enige tyd oor enige besluit ingedien word.

Die betrokke ouderlingeraad/kerkraad of meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die beswaarskrif deur na te gaan of aan die bogenoemde formele vereistes voldoen is, alvorens dit beoordeel word.

*Nuwe Redaksie*

'n Beswaarskrif moet
- skriftelik wees;
- die besluit waarteen beswaar aangeteken word, woordeliks aanhaal
- ingedien word by die ***kerkvergadering wat die besluit geneem het****;*
- duidelike gronde vir die beswaar aanvoer; en
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

'n Beswaarskrif kan enige tyd oor enige besluit ingedien word.

Die betrokke ***kerkvergadering*** oordeel oor die ontvanklikheid van die beswaarskrif deur na te gaan of aan die bogenoemde formele vereistes voldoen is, alvorens dit beoordeel word.

*Motivering*

Die diakonie behoort, soos al die ander kerklike vergaderings, ook die reg en plig te hê om beswaarskrifte wat uit daardie vergadering se besluite vloei, te hanteer.

Die voorgestelde wysiging stroomlyn die formulering in die Kerkorde. Die woord “kerkvergadering” sluit al die verskillende vergaderings in. Die bewoording “kerkvergadering wat die besluit geneem het” stipuleer duidelik waar die beswaarskrif ingedien moet word.

**AANBEVELING**

**3.3.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 3.4 BEPALING 31B

*Huidige Redaksie*

Wanneer 'n lidmaat 'n besluit van 'n ouderlingeraad, 'n kerkraad of 'n meerdere vergadering nie kan onderskryf nie, kan hy dit by wyse van 'n appèl aanhangig maak (vgl. Art. 31). Dieselfde geld vir 'n ouderlingeraad/kerkraad/ring ten opsigte van 'n besluit van 'n meerdere vergadering (kyk advies oor koste Bylae 4).

*Nuwe Redaksie*

Wanneer 'n lidmaat 'n besluit van ***'n plaaslike kerkvergadering of ringsvergadering*** nie kan onderskryf nie, kan hy dit by wyse van 'n appèl aanhangig maak (vgl. Artikel 31). Dieselfde geld vir ***'n plaaslike kerkvergadering*** of ring ten opsigte van 'n besluit van ***'n ringsvergadering*** (kyk advies oor koste Bylae 4).

*Motivering*

Die diakonie behoort, soos al die ander kerklike vergaderings, ook die reg en plig tot appèl te hê.

Die wysiging na "plaaslike kerkvergadering" sluit al die verskillende plaaslike vergaderings in en voorkom omslagtigheid in die Kerkorde.
Die bewoording "meerdere vergadering" is nie korrek nie, want daar is geen moontlikheid van appèl teen die besluit van 'n sinode nie.

**AANBEVELING**

**3.4.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

### 3.5 BEPALING 31C

*Huidige Redaksie*

'n Appèlskrif moet (vgl. Art. 31)
Skriftelik wees;

- Die besluit waarteen appèl aangeteken word, woordeliks aanhaal;
- Ingedien word by 'n ring indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n kerkraad of ouderlingeraad;
- Ingedien word by 'n sinode indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n ring;
- aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waar in stryd met die Skrif, ensovoorts, besluit is (vgl. Art. 31);
- Betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

*Nuwe Redaksie*

'n Appèlskrif moet (vgl. Artikel 31)

- skriftelik wees;
- die besluit waarteen appèl aangeteken word, woordeliks aanhaal;
- ***ingedien word by die ouderlingeraad indien appèl aangeteken word teen die besluit van 'n diakonie;***
- ingedien word by 'n ring indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n kerkraad of ouderlingeraad;
- ingedien word by 'n sinode indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n ring;
- aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waar in stryd met die Skrif, ensovoorts, besluit is (vgl. Artikel 31);
- en betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

*Motivering*

Hierdie wysiging stel die diakonie op gelyke voet met ander kerkvergaderings. Appèlle teen 'n besluit van die diakonie sal waarskynlik uiters selde plaasvind, maar die nodige voorsiening behoort gemaak te word. Spesifieke voorsiening is vir alle ander kerkvergaderings gemaak, sodat dit daarop neerkom dat daar tans geen reg van appèl teen 'n besluit van die diakonie is nie.

Die appèl teen 'n besluit van 'n diakonie word by die ouderlingeraad ingedien as die eerste opsighoudende vergadering.

**AANBEVELING**

**3.5.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

### 3.6 BEPALING 31D

*Huidige Redaksie*

Appèl moet binne 21 dae, nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is aangeteken word met gelyktydige skriftelike kennisgewing aan die betrokke kerkraad, ouderlingeraad, of ringskommissie. 'n Appellant kan reeds tydens die vergadering van die kerkraad, ouderlingeraad, of die ring wat 'n besluit geneem het, kennis gee van appèl, in welke geval die kerkraad, ouderlingeraad of ring dadelik persone aanwys wat die verweer moet voorberei.

'n Appellant moet sy/haar kennisgewing van appèl, nie later as 30 dae voor die ringsitting nie, opvolg met 'n appèlskrif met opgaaf van redes by die betrokke meerdere vergadering (kyk Bylae 5; in geval van losmaking kyk Art. 19.8).

Die betrokke meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die appèl deur na te gaan of aan bg. formele vereistes voldoen is, alvorens dit oorweeg word.

*Nuwe Redaksie*

Appèl moet binne 21 dae, nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is, aangeteken word met gelyktydige skriftelike kennisgewing aan die betrokke ***plaaslike kerkvergadering*** of die ringskommissie. 'n Appellant kan reeds tydens die vergadering van die ***plaaslike kerkvergadering****,* of die ring wat 'n besluit geneem het, kennis gee van appèl, in welke geval die ***plaaslike kerkvergadering****,* of die ring dadelik persone aanwys wat die verweer moet voorberei.

'n Appellant moet sy/haar kennisgewing van appèl, nie later nie as 30 dae voor die ***vergadering wat die appèl hanteer,*** opvolg met 'n appèlskrif met opgaaf van redes by die betrokke ***appèlvergadering*** (kyk Bylae 5; in geval van losmaking kyk Artikel 19.8).

Die betrokke vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die appèl deur na te gaan of aan bogenoemde formele vereistes voldoen is, alvorens dit oorweeg word.

*Motivering*

Hierdie wysiging volg noodwendig op die wysiging van Bepaling 31C.
Wysiging na "plaaslike kerkvergadering" vermy omslagtigheid.
Wysiging na "vergadering wat die appèl hanteer" en "appèlvergadering" sluit die ouderlingeraad as appèlvergadering in.

**AANBEVELING**

**3.6.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

### 3.7 BEPALING 31E

*Huidige Redaksie*

Wanneer 'n appèl teen 'n kerkraadsbesluit of 'n ouderlingeraadsbesluit by 'n ring dien, word die afgevaardigdes van daardie kerkraad, asook die appellant(e) by die behandeling en besluit van die vergadering verskoon.

Wanneer 'n appèl teen 'n ringsbesluit by 'n sinode dien, word die afgevaardigdes uit die gemeentes in daardie ringsressort, asook die appellant(e) by die behandeling en besluit van die vergadering verskoon.

*Nuwe Redaksie*

***Wanneer 'n appèl dien, word die appellant(e), verweerder(s) en alle betrokkenes by die behandeling en besluit van die vergadering verskoon.***

*Motivering*

Die huidige bewoording van Bepaling 31E is onnodig omslagtig. Wanneer teen ’n besluit van ’n plaaslike kerkvergadering of ring appèl aangeteken word, is die vergadering of ring as sodanig die verweerder, en lede van daardie vergadering of ring kan nie sitting neem by die vergadering wat die appèl hanteer nie. Die bewoording “alle betrokkenes” sluit ook ander persone in wat die objektiwiteit van die appèlvergadering in gedrang kan bring.

**AANBEVELING**

**3.7.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 3.8 BEPALING 33A

*Huidige Redaksie*

Die ouderlingeraad vergader, indien moontlik, minstens 4 keer per jaar (voor elke Nagmaal) om elke ouderling se wyksverslag aan te hoor en oor ander sake te handel wat met hulle ampswerk volgens onder meer Artikels 21, 43, 44 en 50-59 te doen het.

*Nuwe Redaksie*

Bepaling 33A.1: Die ouderlingeraad vergader, indien moontlik, minstens 4 keer per jaar (voor elke Nagmaal) om elke ouderling se wyksverslag aan te hoor en oor ander sake te handel wat met hulle ampswerk volgens onder meer Artikels 21, 43, 44 en 50-59 te doen het.

***Bepaling 33A.2: Die diakonie vergader, indien moontlik, minstens vier keer per jaar (voor elke Nagmaal) om elke diaken se wyksverslag aan te hoor en oor ander sake te handel wat met hulle ampswerk volgens onder meer Artikels 22, 45 en 48 te doen het.***

*Motivering*

1. Daar bestaan tans geen voorsiening vir die diakonie om te vergader nie, behalwe vir die algemene voorsiening wat in Artikel 34.1 bepaal word.
2. Hierdie wysiging bied sekerheid dat die diakonie, soos die ander kerkvergaderings, op 'n gereelde basis vergader.

**AANBEVELING**

**3.8.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 3.9 ARTIKEL 34.2

*Huidige Redaksie*

34.2 Die kerkraad/ouderlingeraad mag egter in bepaalde omstandighede die eie leraar, die konsulent of ’n predikant in die AP kerkverband (in hierdie volgorde van beskikbaarheid) versoek om as voorsitter op te tree.

*Nuwe Redaksie*

34.2 *’n* ***Plaaslike kerkvergadering*** mag egter in bepaalde omstandighede die eie leraar, die konsulent of ’n predikant in die AP kerkverband (in hierdie volgorde van beskikbaarheid) versoek om as voorsitter op te tree.

*Motivering*

Dit stel die diakensvergadering op dieselfde voet as die ander plaaslike kerkvergaderings.

**AANBEVELING**

**3.9.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

### 3.10 BEPALING 34A

*Huidige Redaksie*

Gewone kerkraadsvergaderings word gehou na afkondiging by ’n openbare erediens op twee agtereenvolgende Sondae.

*Nuwe Redaksie*

Gewone ***plaaslike kerkvergaderings*** word gehou na afkondiging by ’n openbare erediens op twee agtereenvolgende Sondae.

*Motivering*

Die ouderlingeraadsvergaderings en diakensvergaderings behoort ook op twee agtereenvolgende Sondae afgekondig te word by die erediens.

**AANBEVELING**

**3.10.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

### 3.11 BEPALING 34B

*Huidige Redaksie*

Buitengewone kerkraadsvergaderings word belê, met opgawe van redes, deur die voorsitter of die kerkraad of wanneer minstens vyf kerkraadslede daarom vra, met behoorlike kennisgewing aan al die lede deur die skriba of iemand anders deur die kerkraad aangewys.

*Nuwe Redaksie*

Buitengewone ***plaaslike kerkvergaderings*** word belê, met opgawe van redes, deur die voorsitter *van* ***’n plaaslike kerkvergadering*** of wanneer minstens ***vyf lede van ’n plaaslike kerkvergadering*** daarom vra, met behoorlike kennisgewing aan al die lede deur die skriba of iemand anders deur die ***plaaslike kerkvergadering*** aangewys.

*Motivering*

Die wysiging reël die wyse waarop ’n buitengewone plaaslike kerkvergadering gehou kan word; nie slegs ’n buitengewone kerkraadsvergadering nie.

**AANBEVELING**

**3.11.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

### 3.12 ORDEREËL 2

*Huidige Redaksie*

'n Kerkraadsvergadering/ouderlingeraadsvergadering is 'n geslote vergadering tensy die kerkraad/ouderlingeraad anders besluit.

**AANBEVELING**

**3.12.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

### 3.13 ORDEREËL 16

*Huidige Redaksie*

Op alle kerklike vergaderings (tensy die kerkraad anders bepaal) moet voorstelle en amendemente skriftelik en gesekondeerd ingedien word en kan alleen met die verlof van die vergadering teruggetrek word, met dien verstande dat indien 'n voorstel teruggetrek word, alle amendemente verval. 'n Nuwe voorstel kan desnoods ingedien word.

*Nuwe Redaksie*

Op alle ***kerkvergaderings*** (tensy die *kerkvergadering* anders bepaal), moet voorstelle en amendemente skriftelik en gesekondeer ingedien word en kan alleen met die verlof van die vergadering teruggetrek word, met dien verstande dat, indien 'n voorstel teruggetrek word, alle amendemente verval. 'n Nuwe voorstel kan desnoods ingedien word.

*Motivering*

Dit plaas alle kerkvergaderings op gelyke voet. Die wysiging van "kerklike vergaderings" en "kerkvergaderings" bring die ordereëls in ooreenstemming met die Kerkorde.

**AANBEVELING**

**3.13.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

### 3.14 ORDEREËL 25

*Huidige Redaksie*

'n Besluit van die kerkraad/ouderlingeraad kan in hersiening geneem word teen die einde van die vergadering waarop dit geneem is, indien die vergadering met 'n meerderheid van stemme na aanhoor van die motivering vir versoek tot revisie daartoe toestem. 'n Kennisgewing van hersiening kan gegee word om by die volgende vergadering voor die kerkraad/ouderlingeraad te dien.

*Nuwe Redaksie*

'n Besluit van ***'n plaaslike kerkvergadering*** kan in hersiening geneem word teen die einde van die vergadering waarop dit geneem is, indien die vergadering met 'n meerderheid van stemme na aanhoor van die motivering vir versoek tot revisie daartoe toestem. 'n Kennisgewing van hersiening kan gegee word om by die volgende vergadering voor die ***plaaslike kerkvergadering*** te dien.

*Motivering*

Dit plaas die diakonie op gelyke voet met die ander twee plaaslike kerkvergaderings.

**AANBEVELING**

**3.14.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

### 3.15 ORDEREËL 27

*Huidige Redaksie*

Die kerkraad/ouderlingeraad, ring en sinode benoem permanente en tydelike kommissies na goedvinde. Kommissies van die kerkraad/ouderlingeraad is verantwoordelik teenoor die kerkraad/ouderlingeraad. Die kommissies van die meerdere vergaderings is verantwoordelik aan die daaropvolgende betrokke meerdere vergadering en ontbind by konstituering daarvan; die enigste taak wat dan nog oorbly, is die lewering van die rapport.

*Nuwe Redaksie*

***Kerkvergaderings*** benoem permanente en tydelike kommissies na goedvinde. Kommissies van die ***plaaslike kerkvergaderings*** is verantwoordelik ***aan die betrokke plaaslike kerkvergadering****.* Die kommissies van die meerdere vergaderings is verantwoordelik aan die daaropvolgende betrokke meerdere vergadering en ontbind by konstituering daarvan; die enigste taak wat dan nog oorbly, is die lewering van die rapport.

*Motivering*

Dit plaas die diakonie op gelyke voet met die ander twee plaaslike kerklike vergaderings.
Die wysiging na “kerkvergadering” vermy omslagtigheid.

**AANBEVELING**

**3.15.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 3.16 ORDEREËL 28

*Huidige Redaksie*

Die notule van 'n kerkraadsvergadering/ouderlingeraadsvergadering word by die volgende vergadering gelees, (of, na vooraf sirkulasie by die vergadering as gelees geag) goedgekeur en geteken deur die voorsitter en alle aanwesige lede, tensy die vergadering besluit om die notule anders te hanteer.

*Nuwe Redaksie*

Die notule van ***'n plaaslike kerkvergadering*** word ***verkieslik tydens die vergadering goedgekeur en onderteken*** deur die voorsitter en alle aanwesige lede, tensy die vergadering besluit om die notule anders te hanteer.

*Motivering*

Dit plaas die diakonie op gelyke voet met die ander twee kerklike vergaderings.

Dit is verkieslik dat die notule staande die vergadering goedgekeur word. Dit vermy verwarring en dispute oor besluite wat geneem is; vertragings in die uitvoering van besluite en is ’n gesonde praktyk.

**AANBEVELING**

**3.16.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 3.17 ORDEREËL 31

*Huidige Redaksie*

31.1 Die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens moet mekaar indien moontlik minstens een keer per kwartaal, teen die einde van kerkraadsvergaderings/ ouderlingeraadsvergaderings onderling vriendelik en broederlik vermaan en opskerp oor die vervulling van hulle onderskeie dienste, sonder dat die besonderhede daarvan genotuleer word. Die vergadering oordeel of hy 'n voorstel tot vermaning of opskerping goedkeur.

31.2 Aan die einde van kerkraadsvergaderings, ouderlingeraadsvergaderings en meerdere vergaderings behoort lede/afgevaardigdes in die geleentheid gestel te word om op 'n wyse wat volgens die oordeel van die vergadering tot die meeste stigting dien, die lug te suiwer deur mekaar onderling vriendelik en in liefde te vermaan en op te skerp, sodat almal in vrede en liefde uiteen kan gaan soos dit vir die Here behaaglik is onder diegene wat Hy geroep het om sy kerk te regeer. Hieroor word slegs genotuleer dat so 'n gesprek gevoer is en die lug gesuiwer is, sonder om enige besonderheid te vermeld.

*Nuwe Redaksie*

31.1 Die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens moet mekaar, indien moontlik, minstens een keer per kwartaal, teen die einde van die ***kerkvergadering***(*s*) onderling vriendelik en broederlik vermaan en opskerp oor die vervulling van hulle onderskeie dienste, sonder dat die besonderhede daarvan genotuleer word. Die vergadering oordeel of hy 'n voorstel tot vermaning of opskerping goedkeur.

31.2 Aan die einde van *'n* ***kerkvergadering***, behoort lede/afgevaardigdes in die geleentheid gestel te word om op 'n wyse wat volgens die oordeel van die vergadering tot die meeste stigting dien, die lug te suiwer deur mekaar onderling vriendelik en in liefde te vermaan en op te skerp, sodat almal in vrede en liefde uiteen kan gaan soos dit vir die Here behaaglik is onder diegene wat Hy geroep het om sy kerk te regeer. Hieroor word slegs genotuleer dat so 'n gesprek gevoer is en die lug gesuiwer is, sonder om enige besonderheid te vermeld.

*Motivering*

Dit plaas die diakonie op gelyke voet met die ander twee plaaslike kerklike vergaderings.

**AANBEVELING**

**3.17.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 4. EGSKEIDING EN STATUS (Bylae KKS1)

'n Saak waarmee die KKS die afgelope drie jaar gekonfronteer was, is die feit dat van ons leraars in egskeidings betrokke was en dat die uitkomste van die ondersoeke nie konsekwent dieselfde was nie. Sekere leraars wat geskei het, het status behou terwyl ander hul status verloor het.

Na aanleiding hiervan ag die KKS dit uiters belangrik dat die Sinode leiding sal gee ten opsigte van die toekomstige hantering van hierdie saak. Die aangehegte studiestuk sal poog om Bybelse beginsels te ondersoek om die Sinode sodoende by te staan in die besluit.

**AANBEVELINGS**

**4.1 Die Sinode keur die studiestuk (Bylae KKS1) goed as riglyn in tugondersoeke waar leraars in egskeidings betrokke raak.**

**4.2 Die Sinode beklemtoon dat die Skrif slegs twee wettige gronde vir egskeiding ken, nl. owerspel en ongeloof.**

**4.3 Die Sinode spreek sy kommer uit oor egskeiding wat sosiaal aanvaarbaar geword het.**

**4.4 Die Sinode besluit dat 'n leraar wat sonder Bybelse gronde skei, uit die amp afgesit moet word.**

**4.5 Die Sinode besluit dat wanneer 'n predikant Bybelse gronde vir sy egskeiding aanvoer, daar in die lig van hierdie studiestuk deeglik ondersoek gedoen word of hy aan die Bybelse vereistes vir die amp voldoen. Indien dit blyk dat hy nie aan die vereistes voldoen nie, moet hy uit die amp afgesit word.**

**4.6 Sensuur wat gepaard gaan met afsetting word opgehef wanneer daar grondige bewys van berou is.**

**4.7 Die Sinode besluit dat 'n leraar wat afgesit is weens egskeiding nie noodwendig lewenslank uit die amp afgesit is nie, maar by 'n later geleentheid weer om status kan aansoek doen.**

**4.8 Die Sinode besluit dat 'n leraar wat afgesit is weens egskeiding, eers ná drie jaar (al was die sensuur reeds vroeër opgehef) weer by die Kuratorium kan aansoek doen om status.**

**4.9 Die Sinode besluit dat indien 'n persoon wat as leraar weens egskeiding afgesit is, weer by die Kuratorium aansoek om status doen,**

**4.9.1 daar goeie getuienis ten opsigte van sy lewe en heersende huwelik vanaf sy huidige plaaslike ouderlingeraad ontvang moet word;**

**4.9.2 advies ingewin word by die ouderlingeraad wat die tug toegepas het.**

**4.10 Die Kuratorium moet hulself deeglik daarvan vergewis of die betrokke broeder se lewe en huwelik (indien getroud) nóú aan die vereistes van die Skrif voldoen voordat hy toegelaat word om weer in die bediening te staan – daarvoor is nodig dat daar ook ondersoek ingestel word na sy verhouding met sy vorige vrou en sy kinders.**

**4.11 Die Sinode besluit dat, aangesien die ampte gelykwaardig is, ouderlinge en diakens wat skei hanteer word soos punt 4.4 en 4.5 hierbo.**

## 5. AANBEVELINGS EN KERKORDELIKE WYSIGINGS: LASGEWING PUNT 7

Deel van die KKS se lasgewing is: Die kommissie doen aanbevelings aan die sinodes ten opsigte van die hersiening van die Kerkorde, Bepalings en Ordereëls en behartig die redaksionele versorging van genoemde stukke asook die spoedige publisering daarvan na 'n sinodevergadering (Kerkorde 2012, bl.158, pt. 7). Ten einde uitvoering aan hierdie deel van sy lasgewing te gee, stel die kommissie die volgende wysigings voor:

### 5.1 ARTIKEL 10.3

*Ou Redaksie*

Indien 'n leraar nie binne ses maande 'n beroep ontvang en opvolg nie, verbeur hy sy status, met dien verstande dat heraansoek gedoen kan word.

*Nuwe Redaksie*

Indien 'n ***gelegitimeerde*** nie binne ses maande 'n beroep ontvang en opvolg nie, verbeur hy sy status, met dien verstande dat heraansoek gedoen kan word.

*Motivering*

Die artikel handel oor die opleiding en status van leraars binne die AP kerkverband. Artikel 10.1 en 10.2 bepaal hoe iemand status verkry. Artikel 10.3 bepaal dat indien die Kuratorium status gegee het en die persoon nie binne ses maande 'n beroep ontvang nie, hy sy status verbeur.

Die vervanging van leraar met gelegitimeerde maak ook voorsiening vir proponente wat deur die Kuratorium toegelaat word.

**AANBEVELING**

**5.1.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

**5.2 ARTIKEL 17.2 EN 17.3**

*Ou Redaksie*

17.2 Indien die Ring aansoek om oorgang goedkeur, verbeur die bedienaar sy status as bedienaar van die Woord en kan hy by die Kuratorium aansoek om herstel van status doen volgens Art. 17.3 (kyk ook Art. 59.3.2).

17.3 Herstel van status kan alleen verleen word vir bewese studie in die teologie of die aanvaarding van ’n kerklike betrekking in die Afrikaanse Protestantse kerkverband tot voordeel van die Afrikaanse Protestantse Kerk. Dusdanige persone is nie beroepbaar alvorens die Kuratorium die betrokkene beroepbaar gestel het nie.

*Nuwe Redaksie*

17.2 Indien die Ring aansoek om oorgang goedkeur, verbeur die bedienaar sy status as bedienaar van die Woord.

17.3.1 ’n Leraar moet, alvorens ’n kerklike betrekking in die Afrikaanse Protestantse kerkverband aanvaar word, by die Kuratorium aansoek doen om behoud van status.

17.3.2 ’n Leraar wat losmaking van sy standplaas versoek, ten einde voltyds verder te studeer, moet eers by die Kuratorium toestemming verkry dat die voorgenome studie wel tot voordeel van die kerkverband sal wees. Daarna kan hy met die goedkeuring van die Kuratorium vir die voorgenome studie registreer en by die ring aansoek doen om losmaking met behoud van status, op aanbeveling deur die Kuratorium, maar sonder die voorreg om beroepbaar te wees of ’n ander betrekking te beklee. Dusdanige persone is nie beroepbaar alvorens die Kuratorium die betrokkene beroepbaar gestel het nie.

*Motivering*

Die woorde wat by Artikel 17.2 weggelaat word, skep verwarring. Uit die huidige bewoording blyk dit dat ’n leraar sy status kan verloor en dan weer vir herstel kan aansoek doen. Die bedoeling van die artikel is om te stel dat, indien ’n leraar na ’n ander lewenstaak oorgaan hy sy status verloor, aangesien hy nie twee beroepe tegelyk kan beoefen nie. Verder moet dit duidelik verstaan word dat ’n leraar wat sy status onder hierdie artikel verloor het nie kan aansoek doen om sy status te behou nie, aangesien die AP Kerke "tentmakerbediening" afgekeur het.

Daar bestaan slegs twee uitsonderings op die reël van 17.2: In die eerste geval word ’n leraar geroep om as direkteur van die Sentrale Kerkkantoor of as redakteur van *Die Boodskapper* of as dosent binne die kerkverband op te tree. Volgens sinodebesluit moet hierdie persone leraars binne die kerkverband wees. Indien sodanige leraar tot hierdie diens geroep word, doen hy by die Kuratorium aansoek om sy status te behou.

In die tweede geval doen ’n leraar aansoek om behoud van status omdat hy verder in die teologie wil gaan studeer. Sy studie is voltyds, wat beteken dat hy nie die bediening van ’n gemeente ook kan behartig nie en daarom tydelik van gemeentelike diens losgemaak moet word. Hy wil egter nie die bediening verlaat nie, maar studeer verder en bekwaam homself juis ten opsigte van die bediening. Wanneer sodanige leraar aan die Kuratorium bewys dat sy studie tot voordeel van die kerkverband is, kan die Kuratorium besluit dat hy status kan behou.

’n Belangrike reëling word in die Nuwe Redaksie van Artikel 17.3 verwoord: Voordat die Ring die aansoek van ’n leraar om voltyds te studeer goedkeur, moet die Kuratorium eers toestem dat sy studie tot voordeel van die kerkverband is. Status kan nie behou word vir studie in enige ander rigting as dit waarin ’n leraar opgelei word nie. Dit gebeur dat leraars kragtens Artikel 19 losgemaak word en dan besluit om verder te studeer om sodoende status te behou. Met hierdie wysiging sal die Artikel nie misbruik word nie.

Die woorde *Dusdanige persone is nie beroepbaar alvorens die Kuratorium die betrokkene beroepbaar gestel het nie* in die Ou Redaksie kan verkeerd verstaan word asof dosente en die bogenoemde twee amptenare nie beroep kan word nie. Dit is egter reeds 'n sinodebesluit en praktyk dat dusdanige broeders in gemeentes dien. Hierdie reëling geld dus net ten opsigte van 'n leraar wat verder studeer – hy is nie beroepbaar nie aangesien hy voltyds studeer.

**AANBEVELING**

**5.2.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 5.3 ARTIKEL 19.3

Die Sinode besluit dat Artikel 19.3 soos volg verdeel en verbeter word:

*Ou Redaksie*

Wanneer 'n ring die besluit van 'n bedienaar van die Woord volgens Art. 19.1 of die besluit van 'n kerkraad of gekombineerde kerkraad van 'n kombinasie volgens Art. 19.2 ontvang het, stel die ring behoorlik, *maar spoedeisend* ondersoek in (wat insluit dat die ring hom deeglik daarvan moet vergewis dat die saak nie in werklikheid onder die tugartikels behandel moet word nie) en besluit of die band tussen die bedienaar van die Woord en die gemeente of die kombinasie losgemaak moet word. Indien besluit word op die losmaking van die band moet die bedienaar van die Woord en die kerkraad of gekombineerde kerkraad skriftelik met die besluit bedien word (kyk ook Bep. 55A; Bep. 56A en Art. 58.5).

*Nuwe Redaksie*

19.3 Wanneer 'n ring die besluit van 'n bedienaar van die Woord volgens Artikel 19.1 of die besluit van 'n kerkraad of gekombineerde kerkraad van 'n kombinasie volgens Artikel 19.2 ontvang het, stel die ring behoorlik, *maar spoedeisend* ondersoek in (wat insluit dat die ring hom deeglik daarvan moet vergewis dat die saak nie in werklikheid onder die tugartikels behandel moet word nie) en besluit of die band tussen die bedienaar van die Woord en die gemeente of die kombinasie losgemaak moet word.

19.3.1 Indien besluit word op die losmaking van die band moet die bedienaar van die Woord en die kerkraad of gekombineerde kerkraad skriftelik met die besluit bedien word (kyk ook Artikel 55, 56, 58).

19.3.2 Indien die aanbeveling van die ring volgens Artikel 19.2 losmaking is, versoek die ouderlingeraad 'n buitengewone kerkraadsvergadering (Bepaling 34B) waar en wanneer die kerkraad as die werkgewer sonder meer die band losmaak; met skriftelike kennisgewing aan die leraar.

*Motivering*
Die verdeling van die artikel in 19.3 en 19.3.1 bring meer duidelikheid ten opsigte van die korrekte prosedure. Die byvoeging van Artikel 19.3.2 bring die artikel in lyn met die vereistes van die arbeidswet soos wat dit reeds verwoord is in Artikel 56.

**AANBEVELING**

**5.3.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 5.4 ARTIKEL 19.6

*Ou Redaksie*
Indien 'n leraar wat losgemaak is nie binne drie maande 'n beroep volgens Art. 19.5 ontvang het of opgevolg het nie, het hy sy status verbeur. 'n Leraar wat sy status verbeur het na aanleiding van Art. 19.5 kan *terstond* by die Kuratorium om *behoud van status* aansoek doen, wat die aansoek hanteer soos elke ander aansoek volgens heersende vereistes, *en daaroor besluit.*

*Nuwe Redaksie*

19.6 Indien 'n bedienaar van die Woord volgens Artikel 19 losgemaak is geen beroep binne die eerste drie maande (na publikasie in die amptelike blad van die kerkverband) ontvang of opgevolg het nie, is hy na oorleg met die ring vir nog drie maande beroepbaar, maar sonder aanspraak op die versorging deur die kerkraad volgens Artikel 19.5.

19.6.1 Indien hy in hierdie tweede drie maande nie 'n beroep ontvang of opvolg nie, verbeur hy sy status. 'n Bedienaar van die Woord wat sy status op hierdie wyse verbeur, kan na verloop van een jaar weer by die Kuratorium aansoek om status doen, wat die aansoek hanteer soos elke ander aansoek volgens die heersende vereistes.

*Motivering*

Die wysiging bring die Artikel in ooreenstemming met Artikel 10.3 se ses maande tydperk. Die reëling dat 'n leraar wat volgens Artikel 19 losgemaak is van sy gemeente vir 'n tweede drie maande beroepbaar mag wees, was 'n ou reëling in die kerkverband. Hierdie reëling het in 2008 verander as gevolg van die medies- en pensioenfonds se vereistes. Genoemde vereistes het egter soos volg verander:

*Mediese fondsbydraes*

Lede kan enige tyd van die jaar afgradeer, mits hulle die vereistes aanvaar om moontlike bedrae terug te betaal aan Discovery indien hulle reeds fondse wat vooruit geallokeer is uit hulle spaarrekeninge gebruik het.

In so 'n geval kan die leraar se mediese lidmaatskap van die kerk as werkgewer oorgeplaas word na sy privaat hoedanigheid en dit kan later weer teruggeplaas word sodra die leraar weer beroep word. In die geval waar die leraar weer by die kerk in diens tree, kan hy weer opgradeer na sy vorige (hoër) plan.

*Pensioenfondsbydraes*

'n Lid van die pensioenfonds se bydraes vir pensioengroei kan enige tyd opgeskort word. Dit blyk dat daar nie 'n beperking op die tydperk van opskorting is nie, maar ses maande is beslis toelaatbaar.

Terwyl die bydraes vir pensioengroei opgeskort kan word, moet die lid steeds die bydrae ten opsigte van die risikodekking (dood, ongeskiktheid en gadeversekering) bly betaal. Dit beteken dus dat die lid se lid-aandeel nie sal groei nie, behalwe met die opbrengs van die belegging, maar hy sal steeds sy risikovoordele behou.

**AANBEVELING**

**5.4.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 5.5 ARTIKEL 19.7

*Ou Redaksie*

Die ring moet, nadat hy 'n band losgemaak he*t*, onmiddellik kennis gee aan die kerke in kerkverband deur publikasie in *Die Boodskapper* dat die betrokke leraar beroepbaar is. Die ring moet sorg dra dat die kerkraad of die gekombineerde kerkraad aan die predikant 'n dokument gee dat hy volgens Art. 19.3 of 19.4 (waar van toepassing) losgemaak is (Bylae 6.3). Hierdie dokument sal by 'n volgende gemeente in die plek van die akte van demissie dien, kyk ook Bep. 4H in verband met lidmaatskap.

*Nuwe Redaksie*

Die ***vergadering wat die band losmaak*** moet onmiddellik kennis gee aan die kerke in kerkverband deur publikasie in *Die Boodskapper* dat die betrokke leraar beroepbaar is. Die ring moet sorg dra dat die kerkraad of die gekombineerde

kerkraad aan die predikant ’n dokument gee dat hy volgens Artikel 19.3 of 19.4 (waar van toepassing) losgemaak is (Bylae 6.3). Hierdie dokument sal by ’n volgende gemeente in die plek van die akte van demissie dien, kyk ook Bepaling 4H in verband met lidmaatskap.

*Motivering*

Die wysiging bring hierdie Artikel in ooreenstemming met Artikel 19.3.

**AANBEVELING**

**5.5.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

**5.6 BEPALING 25A**

**AANBEVELING**

**5.6.1 Die Sinode besluit om hierdie bepaling in sy geheel te skrap en ’n byvoeging by Bepaling 32B te maak.**

*Motivering*

Hierdie bepaling het niks te doen met die gebruik deur sommige kerkrade om 'n kommissie genaamd "dagbestuur" te benoem nie. Aangesien kerkrade vrygestel is van inkomstebelasting aan die Ontvanger van Inkomste (SAID), behou die Ontvanger hom die reg voor om te enige tyd 'n inspekteur na enige gemeente te stuur om seker te maak dat geen besigheid bedryf word, wat inkomste genereer, waarop belasting betaal moet word nie. Die Ontvanger het vereis dat verpligtend in die Kerkorde ingeskryf moet word dat elke kerkraad "minstens drie lede" moet benoem wat as taak het om vir dusdanige inspeksie sorg te dra dat alle finansiële boeke en state voorgelê word en verantwoording te doen.

**5.7 BEPALING 32B**

**AANBEVELING**

**5.7.1 Die Sinode besluit om ’n nuwe Bepaling 32B4 wat soos volg lui in die Kerkorde by te voeg: Die kerkraad moet minstens 3 persone aanwys (wat nie verbonde persone met betrekking tot mekaar is nie) om die fidusiêre verantwoordelikheid van die kerk te aanvaar. Geen enkel persoon mag, direk of indirek, beheer oor die besluitnemingsmag van die kerk uitoefen nie.**

*Motivering*

Bepaling 32B handel oor die voorwaardes vir belastingvrystelling soos in Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet van 1962 uiteengesit. Indien Bepaling 25A deur die Sinode geskrap word, moet die saak in 32B4 verwoord word.

**5.8 BEPALING 53A**

*Ou Redaksie*

’n Belydende lidmaat wat nie onder sensuur (tug) is nie, ’n ampsdraer(s), ouderlingeraad, kerkraad, ring, ringskommissie in opdrag van die ring of die Kuratorium mag net by die ouderlingeraad van die gemeente waar die aangeklaagde ’n lidmaat is, skriftelik ’n gemotiveerde klag of klagtes teen ’n belydende lidmaat/-mate of ampsdraer(s) individueel inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe, en *moet ’n skriftelike afskrif van die klag persoonlik aan die aangeklaagde oorhandig.*

*Nuwe Redaksie*

’n Belydende lidmaat wat nie onder sensuur (tug) is nie, ’n ampsdraer(s), ouderlingeraad, kerkraad, ring, ringskommissie

in opdrag van die ring of die Kuratorium mag net by die ouderlingeraad van die gemeente waar die aangeklaagde 'n lidmaat is, skriftelik 'n gemotiveerde klag of klagtes teen 'n belydende lidmaat/-mate of ampsdraer(s) individueel inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe. ***Die klaer moet verseker dat die aangeklaagde 'n skriftelike afskrif van die klag ontvang.***

*Motivering*

Die bedoeling van hierdie deel van die artikel is om te verseker dat daar nie twyfel bestaan of die aangeklaagde wel die klag ontvang het nie. Die reëling dat die klaer die klag persoonlik in die hande van die aangeklaagde oorhandig verlam die noodsaaklikheid van die kerklik tug. Die praktiese implikasie van hierdie bepaling veroorsaak dat lidmate besluit om eerder nie die kerklike pad van die tug te stap nie aangesien dit soms groot finansiële kostes meebring om die klag persoonlik aan die klaer te oorhandig. Dit is vir 'n klaer wat in Pretoria woon finansieel dalk onmoontlik om 'n klag persoonlik aan iemand in die Kaap te gaan oorhandig. Om hierdie rede besluit hy om nie die klag te lê nie en kan dit gebeur dat 'n sonde in leer of lewe in die kerk bly voortleef. Verder gebeur dit dat 'n aangeklaagde weier om die klaer te ontmoet om die klag in ontvangs te neem – ook dit lê die kerklike tug lam.

Met die wysiging poog die KKS om steeds die bedoeling van die artikel te handhaaf, maar tog die praktiese van die probleem op te los.

**AANBEVELING**

**5.8.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 5.9 ARTIKEL 56

Ou Redaksie:

56.3.2 Indien substansie met die ondersoek bevind word, word die ringskommissie in kennis gestel om 'n onmiddellike datum vir 'n gesamentlike ondersoek saam met die ouderlingeraad te reël.

56.3.3 Nadat die gesamentlike ondersoek afgehandel is, maak die ring 'n bevinding in die afwesigheid van die ouderlingeraad, hul afgevaardigdes, die klaer(s) en die aangeklaagde. Indien die ring soos die ouderlingeraad substansie bevind, word hul gemotiveerde bevinding met 'n aanbeveling ingevolge Artikel 57.4.1; 57.4.2.1; 57.4.2.2 of 57.4.3 aan die ouderlingeraad besorg.

56.3.4 Indien die aanbeveling van die ring volgens Artikel 57.4.1 of 57.4.2.1 is, pas die ouderlingeraad die aanbevole tugmaatreël toe met skriftelike kennisgewing aan die aangeklaagde.

56.3.5 Indien die aanbeveling van die ring volgens Artikel 57.4.2.2 of 57.4.3 is, versoek die ouderlingeraad 'n buitengewone kerkraadsvergadering (Bepaling 34B) waar en wanneer die kerkraad as die werkgewer sonder meer uitvoering gee aan die bevinding met skriftelike kennisgewing aan die aangeklaagde.

56.4 Indien die klaer teen 'n bevinding appelleer volgens Artikel 58 en bepalings word dit gerig aan die ring met kennisgewing aan die kerkraad, wat deur die ouderlingeraad 'n verweerskrif voorberei.

*BEPALING 56A*

*Die gesamentlike ondersoek (Artikel 56.3.2) word deur die ouderlingeraad en die ring gedoen en moet staande die vergadering sy notule goedkeur.*

Nuwe Redaksie:

56.3.2 Indien substansie met die ondersoek bevind word, word die ringskommissie in kennis gestel om 'n onmiddellike datum vir 'n gesamentlike ondersoek saam deur die ouderlingeraad, ring *en **'n naburige ring*** te reël.

56.3.3 Nadat die gesamentlike ondersoek afgehandel is, maak die ***gesamentlike vergadering*** 'n bevinding in die afwesigheid van die ouderlingeraad, hul afgevaardigdes, die klaer(s) en die aangeklaagde. Indien die ***gesamentlike vergadering*** soos die ouderlingeraad substansie bevind, word hul gemotiveerde bevinding met 'n aanbeveling ingevolge Artikel 57.4.1; 57.4.2.1; 57.4.2.2 of 57.4.3 aan die ouderlingeraad besorg.

56.3.4 Indien die aanbeveling van die ***gesamentlike vergadering*** volgens Artikel 57.4.1 of 57.4.2.1 is, pas die ouderlingeraad die aanbevole tugmaatreël toe met skriftelike kennisgewing aan die aangeklaagde.

56.3.5 Indien die aanbeveling van die ***gesamentlike vergadering*** volgens Artikel 57.4.2.2 of 57.4.3 is, versoek die ouderlingeraad 'n buitengewone kerkraadsvergadering (Bepaling 34B) waar en wanneer die kerkraad as die werkgewer sonder meer uitvoering gee aan die bevinding met skriftelike kennisgewing aan die aangeklaagde.

*BEPALING 56A*

Die gesamentlike ondersoek (Artikel 56.3.2) word deur die ouderlingeraad en die ***ringe*** gedoen en moet staande die vergadering sy notule goedkeur.

Motivering:

Die KKS stel hierdie verandering aan Artikel 56 voor om daardeur te poog om groter objektiwiteit, groter konsekwentheid volgens die beginsels van die Skrif en minder emosionaliteit tot gevolg te hê.

As gelet word op die studiestuk van die KKS elders in hierdie verslag wat handel oor egskeiding, sal gesien word dat een van die groot probleme waarmee die KKS die afgelope tyd te doene gehad het, wat tugsake teen predikante aanbetref, die inkonsekwentheid van ringe se toepassing van die tugprosedure was. Vir dieselfde oortreding met bykans dieselfde omstandighede is een predikant net vermaan, terwyl die ander uit die diens afgesit is.

Veral waar predikante al lank in 'n bepaalde gemeente dien, word daar noodwendig bande gebou tussen die predikant en die ander gemeentes in die ring wat positiewe of negatiewe emosies tot gevolg kan hê, wat op sy beurt weer dikwels die objektiwiteit tydens so 'n tugverhoor belemmer. Dan word daar vanuit die emosie op 'n bepaalde tugprosedure besluit in plaas van dat die besluit volgens die beginsels van die Woord van God geneem word. Predikante kan hierdeur onregmatig benadeel of bevoordeel word en in beide gevalle ly, deur die optrede van 'n bepaalde ring, die eer van God skade.

Artikel 56.4 word verskuif na Artikel 58.3.

**AANBEVELING**

**5.9.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

### 5.10 ARTIKEL 57.4.2.1

*Ou Redaksie*

skorsing deur die ouderlingeraad wat geskied vir 'n vasgestelde tydperk met behoud van traktement *en behuisingsvoordeel*, maar met verlies van ander toelaes en met opskorting van die voorreg om beroep te word; of

*Nuwe Redaksie*

skorsing deur die ouderlingeraad wat geskied vir 'n vasgestelde tydperk met behoud van traktement, ***behuisings-, mediese- en pensioenvoordele***, maar met verlies van ander toelaes en met opskorting van die voorreg om beroep te word; of

*Motivering*

Daar bestaan onsekerheid en vrae ten opsigte van hierdie voordele. Met die wysiging poog die KKS om dit duidelik te maak dat mediese- en pensioenvoordele deel is van die traktering van die leraar en steeds aan die GKK oorbetaal moet word.

**AANBEVELING**

**5.10.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 5.11 ARTIKEL 57.4.

Daar blyk onsekerheid te wees oor watter tugmaatreël vir watter soort oortreding toegepas moet word. Daar was ook gevalle waar die tugmaatreël vir 'n oortreding wat in Artikel 59.3.5 pertinent genoem word, bloot net 'n bestraffing binne die vergadering was. Daarom word daar versoek dat daar bo-aan die artikel bygevoeg moet word dat die vergadering homself eers moet vergewis of die oortreding nie volgens Artikel 59.3.5 is nie, alvorens daar op 'n tugmaatreël besluit word.

Verder het die toepassing van Artikel 57.4.2.2 vir 'n hele aantal probleme gesorg. Die huidige bewoording lui: "skorsing deur die kerkraad uit die diens op besluit van die ouderlingeraad na aanbeveling deur die ring met onmiddellike losmaking van die band, met dien verstande dat die ring die predikant weer beroepbaar stel sodra daar bewyse van grondige berou is."

Wat in praktyk met die toepassing van hierdie artikel gebeur het, is die volgende: 'n Leraar word van die gemeente losgemaak vir 'n onbepaalde tyd. Hy is nie beroepbaar nie en ontvang geen vergoeding nie. Verder word van hom verwag om steeds aan die mediesefonds te behoort en die risikodekking van sy pensioenfonds moet in stand gehou word, anders verloor hy sy status. Hy mag ook nie 'n ander beroep gaan beoefen nie, want dit is hom nie geoorloof om tot 'n ander lewenstaak oor te gaan sonder om sy status te verloor nie. Uiteindelik gee die leraar sy status prys en gaan oor tot 'n ander lewenstaak.

**AANBEVELINGS**

**5.11.1 Die Sinode besluit om bo-aan Artikel 57.4 die volgende by te voeg: Voordat enige van die tugmaatreëls toegepas word, moet die vergadering homself eers daarvan vergewis dat die oortreding nie een van dié in Artikel 59.3.5 is nie. Indien dit wel een van daardie oortredings is, is Artikel 57.4.3 die enigste tugmaatreël wat toegepas kan word.**

**5.11.2 Die Sinode skrap Artikel 57.4.2.2**

## 5.12 ARTIKEL 58.3

*Ou Redaksie*

58.3 'n Appèl moet binne 21 dae nadat die betrokke besluit, waarteen geappelleer word, per notule goedgekeur is, skriftelik by 'n meerdere vergadering aangeteken word, met kennisgewing aan die vergadering wat die besluit geneem het.

*Nuwe Redaksie*

58.3 'n Appèl moet binne 21 dae nadat die betrokke besluit, waarteen geappelleer word, per notule goedgekeur is, skriftelik by 'n meerdere vergadering aangeteken word, met kennisgewing aan die vergadering wat die besluit geneem het ***wat 'n verweerskrif moet voorberei.***

*Motivering*

Met hierdie wysiging poog die KKS om onduidelikheid wat bestaan het ten opsigte van Artikel 56.4 uit die weg te ruim.

**AANBEVELING**

**5.12.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 5.13 ARTIKEL 66

*Ou Redaksie*

Hierdie Kerkorde (artikels en bepalings) is bindend op alle lidmate, kerkrade, ouderlingerade en meerdere vergaderings totdat dit deur 'n sinode verander word en wel by wyse van 'n beskrywingspunt of 'n beswaarskrif aan 'n sinode (kyk Sinodebesluit 8, KO 2012, bl. 176 en 22, bl. 187).

*Nuwe Redaksie*

66.1 Hierdie Kerkorde (artikels en bepalings) en ook ***sinodale besluite*** is bindend op alle lidmate, plaaslike kerkvergaderings en meerdere vergaderings totdat dit deur 'n sinode verander word en wel by wyse van 'n beswaarskrif of 'n beskrywingspunt aan 'n sinode (kyk Sinodebesluit 8, KO 2012, bl. 176 en 22, bl. 187).

66.2 Lidmate en kerkvergaderings wat eiewillig of doelbewus enige artikel of bepaling van die Kerkorde of bewus enige artikel of bepaling van die Kerkorde of sinodale besluit verander, misken, ignoreer, net as 'n riglyn ag of verwerp, verbreek hul verklaring van onderskrywing van die artikels en bepalings van die Kerkorde en sinodale besluite en verbreek daardeur die band met die Afrikaanse Protestantse kerkverband.
Bepalings 66 A.1, 66 A.2 en 66 A.3 bly onveranderd.

BEPALING 66A.4

Belydende lidmate verklaar by verkryging van lidmaatskap in 'n plaaslike kerk volgens Artikel 3.2 dat hulle die belydenis, leer en Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerke onderskryf. Dit bind elke lidmaat aan die Kerkorde (artikels en bepalings) en sinodale besluite totdat dit deur 'n sinode verander word by wyse van 'n beswaarskrif of beskrywingspunt aan 'n sinode.

*Motivering:*

1. Lidmate en kerkvergaderings verander, misken, ignoreer, ag dit net as riglyne of verwerp die Kerkorde-artikels en bepalings en sinodale besluite eiewillig of doelbewus en versteur daardeur die orde in die plaaslike kerk (kyk 1 Kor. 14:40) en veroorsaak daardeur ongelukkigheid by lidmate tot skade en skande van die kerk van Christus.

2. Die verbreking van die Kerkorde en sinodale besluite veroorsaak onenigheid onder lidmate wat voortdurend lei tot ondersoeke en klagtes wat tugondersoeke vereis tot skade van die gemeente.

3. Lidmate vergeet te maklik hul verklaring tot onderskrywing van die Kerkorde en handel eiewillig met die Kerkorde.

4. Net 'n sinode en nie 'n lidmaat (lidmate), plaaslike kerkvergaderings, hul voorsitters of sogenaamde dagbesture het dusdanige bevoegdhede nie.

**AANBEVELING**

**5.13.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 5.14 ORDEREËL 27

Die Sinode besluit om Ordereël 27 soos volg uit te brei:
27.1 die huidige bewoording

27.2 Indien ’n lid van ’n kommissie buite sy bevoegdhede optree en/of hom skuldig maak aan wangedrag en/of so optree dat die kommissie se geloofwaardigheid onder verdenking kom, kan die kommissie besluit om sodanige lid van sy pligte te onthef. In so ’n geval word die sekunduslid opgeroep om tot en met die volgende vergadering van die kerkvergadering op die kommissie te dien.

27.3 Wanneer ’n leraar emeriteer kan hy nie meer op ’n sinodale kommissie dien nie en word die sekunduslid opgeroep.

*Motivering*

Ordereël 27.2 beskerm kommissies teen die magsmisbruik van een lid. Die KKS oordeel dat ’n kommissie die reg en verantwoordelikheid moet hê om ’n lid wat teen die besluite en lasgewing van die kommissie optree, van sy pligte te onthef.

Met Ordereël 27.3 word uitvoering gegee aan ’n Sinodebesluit (HANDELINGE 2007, bl. 306, pt. 22.8.1).

**AANBEVELING**

**5.14.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 5.15 AFDELING IV – LASGEWING VAN PERMANENTE KOMMISSIES

Die Sinode besluit om onder die *Algemene Bepalings* ’n nuwe punt 2 by te voeg:

2. Samestelling
Sinodale kommissies
2.1 word saamgestel uit afgevaardigdes na die sinode.
2.2 word, wat die leraars betref, saamgestel uit nie-geëmeriteerde leraars van die AP Kerke.
2.3 Ouderlinge dien tot en met die volgende sinode.
2.4 Verskuif 1.3 na 2.4

*Motivering*
Hierdie byvoeging by die *Algemene Bepalings* van die Sinodale kommissies verwoord reeds bestaande Sinodebesluite en poog om die volledigheid van die Bepalings te verbeter.

**AANBEVELING**

**5.15.1 Die Sinode keur die wysiging goed.**

## 5.16 SINODEBESLUITE

Na aanleiding van die advies wat die KKS steeds moes gee rakende die beroeping, bevestiging en losmaking van emeriti, oordeel die KKS dat dit noodsaaklik is om die sinodebesluit daaroor agter in die Kerkordeboekie op te neem.

**AANBEVELING**

**5.16.1 Die Sinode besluit om *Die prosedure by die beroeping, bevestiging en losmaking van emeriti* (Bylae 2, bl. 171 van die verslag van die KKS aan die Sinode van 2010) agter in die Kerkorde op te neem en ’n verwysing daarna by Artikel 11 aan te bring.**

## 6. BESKRYWINGSPUNTE

### 6.1 RING VAN BRANDFORT

Ring van Brandfort: Wysiging van Bepaling 4(b):

Die Sinode besluit om die volgende redaksionele (maar tog ook belangrike) wysigings in die kerkorde aan te bring en goed te keur:

By Kerkorde Bepaling 4B en Kerkorde Artikel 5.3:
Skrap in beide gevalle die woord *kerkraad* en vervang dit met *ouderlingeraad*

Motivering:
Die verkryging van lidmaatskap asook die beëindiging daarvan berus by die ouderlingeraad en nie by die kerkraad nie – soos konsekwent blyk uit die res van die betrokke kerkorde artikels!
Die huidige bewoording is nie korrek nie.
Dis seker maar net – die afgelope kwarteeu al! – 'n "toevallige oorsig" of dalk drukkersduiwel?

**AANBEVELINGS**

**6.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**

**6.1.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.1.3 Die Sinode besluit dat Bepaling 4B soos volg gewysig word**

*Ou Redaksie*

'n Attestaat, wat drie maande lank geldig bly, word aan 'n belydende lidmaat of dooplidmaat by vertrek uit die gemeente uitgereik vir indiening by sy nuwe gemeente, of dit kan desnoods direk aan die nuwe *kerkraad* gestuur word. Ná drie maande na vertrek uit 'n gemeente, word geen attestaat meer uitgereik nie, maar 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap.

*Nuwe Redaksie*

'n Attestaat, wat drie maande lank geldig bly, word aan 'n belydende lidmaat of dooplidmaat by vertrek uit die gemeente uitgereik vir indiening by sy nuwe gemeente, of dit kan desnoods direk aan die nuwe ***gemeente*** gestuur word. Ná drie maande na vertrek uit 'n gemeente, word geen attestaat meer uitgereik nie, maar 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap.

*Motivering*

In die res van die sin is daar telkens van gemeente sprake. Deur die bepaling so te wysig word alle misverstand uitgeskakel: Die ouderlingeraad ontvang die attestaat, keur dit goed of nie en gee dit dan aan die kerkraad vir optekening in die register.

Artikel 5.3 se wysiging word by die beswaarskrifte hanteer.

### 6.2 RING VAN DERBY

Die Sinode besluit om

die aangehegte attestaat in die plek van die bestaande attestaat te aanvaar;
die woord "kerkraad" in Kerkorde Bepaling 4B te vervang met "ouderlingeraad".

Die huidige redaksie lui:

’n Attestaat, wat drie maande geldig bly,…of dit kan desnoods direk aan die nuwe kerkraad gestuur word….

Die voorgestelde Nuwe Redaksie lui:
’n Attestaat, wat drie maande geldig bly,….of dit kan desnoods regstreeks direk aan die nuwe ouderlingeraad gestuur word.

Motivering

’n Attestaat is ’n getuigskrif deur Ouderlingeraad A oor die leer en lewe van ’n vertrekkende lidmaat uit gemeente A, wat gerig word aan die Ouderlingeraad van gemeente B.

Die probleem met die huidige attestaat is dat dit nie die Ouderlingeraad noop om die waarheid oor vertrekkende lidmate te getuig nie.
Attestate word aan Ouderlingerade gestuur wat nie die waarheid oor die betrokkenes getuig nie.

Die huidige attestaat sê so pragtig dat die lidmate vroom in lewe en suiwer in leer is.
Dit is hoe dit by alle lidmate die geval behoort te wees.

Tans moet die Ouderlingeraad, wanneer dit nie die waarheid in die konkrete geval is nie, ’n afsonderlike (nie-gedrukte) getuigskrif opstel wat die waarheid verwoord.

Die praktyk leer egter dat die Ouderlingerade dit nie doen nie. Die grootste rede sal wees dat indien die lidmate in sonde gelewe het, *en die Ouderlingeraad het nie met die tug opgetree nie,* die Ouderlingeraad nie oor daardie sonde in die leer en/ of lewe van die lidmate in die getuigskrif mag rapporteer nie, omdat die lidmaat(e) aan niks deur die ouderlingeraad skuldig bevind is nie. Dit laat die Ouderlingeraad lam sodat die waarheid nie seëvier nie.

So gebeur dit dat onbetrokke lidmate, selfs lidmate wat letterlik *nooit* die eredienste bygewoon het nie, ’n attestaat ontvang wat die leuen verkondig dat hulle ”vroom in lewenswandel” was.

Op hierdie wyse gaan ontroue lidmate van gemeente na gemeente en word daar nooit iets daaraan gedoen nie.

Is daar een enkele gemeente in die AP kerkverband wat nie sodanige lidmate het nie?
Met behoud van die beginsel dat ’n lidmaat nie uit die bloute deur middel van ’n attestaat “aangekla” mag word nie, wil hierdie beskrywingspunt die probleem grootliks probeer te bowe kom deur die Ouderlingeraad te help om *oor die onteenseglike feite in* die gedrukte attestaat te rapporteer.

Hierdie “onteenseglike feite” handel oor erediensbywoning, verbondsonderrig-bywoning en die bywoning van gemeentelike aktiwiteite.

Oor elkeen van genoemde aspekte moet die Ouderlingeraad wat die attestaat (getuigskrif) uitreik, getuig.

Oor die erediensbywoning kan tog nie van elke lidmaat rekord van bywoning gehou word nie. Dit moet ook nie gebeur nie. Maar die Ouderlingeraad, en die wyksouderling in die besonder, weet hoedanig die lidmaat se erediensbywoning is. Daarom moet die gedrukte attestaat die volgende keuses bevat: Gereeld/ Redelik gereeld/ Selde/ Byna nooit/ Nooit. Die Ouderlingeraad besluit watter getuienis die korrekte sal wees. In die proses hou hy rekening met die omstandighede van die lidmate, byvoorbeeld: ’n Broeder mag permanent op nagskof werk. Die vraag is dan of sy gesinslede wel die eredienste bywoon. Daarom moet daar by hierdie punt, ’n spasie voorsien word vir “Opmerkings”.

Hierdie feite verteenwoordig die werklikheid en die betrokke lidmaat kan nie sê dat dit nie waar is nie, of dat dit nie gemeld mag word nie, omdat sy Ouderlingeraad nooit met hom daaroor gepraat het nie. Hulle moes natuurlik met hom daaroor ernstige gesprekke gevoer het, maar selfs al het hulle nie, bly die feit onteenseglik staan dat die lidmaat nie die eredienste getrou bygewoon het nie.

Oor Verbondsonderrig word daar in elke klas rekord gehou van die kind se bywoning van die Verbondsonderrig en van

sy/ haar bywoning van die eredienste. Die bestaande kaart maak voorsiening daarvoor. Daarom kan daar eksak daarvan verslag gelewer word. Ook hier moet 'n spasie vir opmerkings gelaat word, waar byvoorbeeld in 'n spesifieke geval ingeskryf kan word: Woon 80 km van kerkgebou af; kom een keer per maand; die res van die Sondae hou moeder wel Verbondsonderrig tuis.

Oor gemeente-aktiwiteite, soos Bybelstudie, Fondsinsamelingsgeleenthede, Toerustingskursusse, sal die Ouderlingeraad wel weet of die betrokke lidmate meelewend was of nie en moet ingevul word: Getrou/ Waar moontlik, ja/ Omstandighede het dit onmoontlik gemaak/ Selde/ Nooit. Miskien was dit nie vir die lidmaat moontlik om die geleenthede by te woon nie, omdat hy skofte werk wat dit vir hom onmoontlik gemaak het.

Daar word ook op die nuwe gedrukte attestaat vir die ouderlingeraad steeds voorsiening gemaak om verder oor die vroomheid en regsinnigheid van die belydende lidmaat(e) te getuig.

Op die gedrukte attestaat word die inligting aan die ontvangende Ouderlingeraad verstrek dat hy oor elke lidmaat/ gesin wat intrek, op grond van die inligting wat die attestaat bevat, moet besluit of hy die lidmaat/ gesin wil opneem of nie. Die Ouderlingeraad sou kan besluit om aan die intrekkers mee te deel dat hulle nie aanvaar word nie/ of dat hulle 'n proeftyd van ses maande gegee sal word om te *bewys* dat hulle erns met die Here en met die kerk van die Here in hulle nuwe gemeente gaan maak. Sou hulle dit nie bewys nie, word hulle nie opgeneem nie.

Die beswaar mag tog nie geopper word dat hierdie nuwe attestaat “te lank” is nie. Die saak is te belangrik en die eer van die Here te groot om nietige besware te opper.
In Bepaling 4B van die Kerkorde word die woord “kerkraad” vervang met “ouderlingeraad” omdat die nuwe attestaat vertroulike getuienis oor die lidmate bevat en by die ouderlingeraad tuishoort.

ATTESTAAT
AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK .....………………………(Naam, bv. Germiston)

*Hiermee getuig die Ouderlingeraad oor die volgende belydende lidmate:

………………………………………….... ID-nommer……………………………
………………………………………….... ID-nommer………………………....

Erediensbywoning: Vul in volgens sleutel: 1. Gereeld; 2. Redelik gereeld; 3. Selde; 4. Byna nooit; 5. Nooit: ....……..
Verbondsonderrigbywoning van kinders:..…..%
Meelewing in Gemeente-aktiwiteite: Vul in volgens sleutel: 1.Getrou; 2. Waar moontlik, ja; 3. Omstandighede het dit onmoontlik gemaak; 4. Selde; 5. Nooit …….
Vroomheid: Afgesien van bogenoemde word getuig of die lidmaat(e) vroom in lewenswandel is: Ja/ Nee/ Onseker (skrap die ontoepaslike)
Regsinnigheid: Die Ouderlingeraad getuig of die lidmaat(e) suiwer in leer is: Ja/ Nee/ Onseker (Skrap wat nie van toepassing is nie)

Dooplidmate:
……………………………………………….ID-nommer………………………...
……………………………………………….ID-nommer………………………...
……………………………………………….ID-nommer………………………...
……………………………………………….ID-nommer………………………...
……………………………………………….ID-nommer………………………...
……………………………………………….ID-nommer………………………...

Adres van intrekkers in nuwe gemeente:……………………...………………………………..
Namens die Ouderlingeraad wat hierdie attestaat uitreik:
Skriba:……………………………Voorsitter:………………………………..

Datum: ………………….

*In die lig van die getuienis vervat in hierdie attestaat, en ná gesprek met die intrekkers, besluit die Ouderlingeraad wat die attestaat ontvang het (merk net die opsie wat van toepassing is):

Of: Die lidmaat(e)/ gesin word opgeneem ………
Of: Die lidmaat(e)/ gesin word nie opgeneem nie …………….
Of: Die lidmaat(e)/ gesin moet 'n proeftydperk van ses maande gegee word om te bewys dat hulle erns met die Here en met hierdie plaaslike kerk van die Here maak.
Dan sal die Ouderlingeraad oor opname al dan nie besluit: …………

Handtekening van Skriba: …………………………… Datum: …………………………..

**AANBEVELINGS**

**6.2.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**

**6.2.2 Die Sinode besluit om die uitbreiding van die attestaat in beginsel goed te keur.**

**6.2.3 Die Sinode besluit om die formaat van die attestaat na die volgende KKS te verwys, met inagneming van die bespreking tydens die Sinode, vir voorlegging by die volgende Sinode.**

*Motivering*

Daar was binne die KKS onsekerheid en verskil van mening oor die betekenis van die verskillende sleutels aan die hand waarvan die voorgestelde attestaat ingevul moet word. Byvoorbeeld: Wat is die verskil tussen "waar moontlik ja" en "omstandighede het dit onmoontlik gemaak"? Indien daar binne die klein kring van die kommissie verskil van mening is, gaan dit heel moontlik dieselfde verskille in ouderlingerade ontlok. Die KKS vra die Sinode se leiding in hierdie verband.

## 6.3 RING VAN BRANDFORT

Die Sinode besluit dat die volgende toevoeging tot die bestaande Ordereëls vir Kerklike vergaderings (AFD. II) gemaak word:

WANNEER BESLUITE VAN KRAG WORD
31. Besluite wat op kerklike vergaderings (uitgesonderd sinodale vergaderings) geneem word, word normaalweg eers van krag en uitgevoer nadat die notule goedgekeur is, tensy die betrokke vergadering met volstrekte meerderheidstem oordeel dat sodanige besluit(e) dadelik uitgevoer kan word.

Motivering:
*Hierdie ordereël kom nie in die bestaande ordereëls voor nie.*
*Daar bestaan tans onsekerheid by kerkraadslede, kerkrade en ringe hieroor.*
*Meestal word vergaderings se notules eers by die volgende vergadering goedgekeur. (Kyk Ordereëls 28-30). Indien daar nie 'n duidelike ordereël is oor die implementering of uitvoering van besluite nie, kan dit geweldige vertragings veroorsaak.*
*Dit sal die uitvoerende amptenaar / saakgelastigde beskerm.*
*Hierdie toevoeging kan desnoods direk na die opskrif NOTULES as punt 31 ingevoeg word om onnodige hernommering uit te skakel.*

**AANBEVELINGS**

**6.3.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**

**6.3.2 Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt nie goedgekeur word nie.**

**6.3.3 Die Sinode besluit dat 'n nuwe Ordereël 31 bygevoeg word:**
**Besluite word van krag sodra die notule van daardie vergadering goedgekeur is tensy 'n vergadering anders besluit.**

*Motivering*

Die voorgestelde bewoording van die KKS is bondiger en in ooreenstemming met die voorgestelde wysigings aan Ordereël 28.
Die huidige Ordereël 31 word dan 32.

## 6.4 RING VAN MOOINOOI

Die Sinode keur goed dat die Beroepsbriewe (Bylaes 6.8 en 6.9) uitgebrei word met 'n addisionele punt om voorsiening te maak vir 'n rekenaartoelae vir die leraar.

*Motivering*

a. Alle leraars gebruik deesdae rekenaars en meestal word daar ook van die leraar verwag om in besit te wees van 'n rekenaar.
b. Rekenaars het 'n beperkte leeftyd en moet van tyd tot tyd vervang of opgegradeer word.
c. Leraars gebruik hulle persoonlike privaatrekenaars om baie werk vir die kerk te doen, soos die tik van sakelyste, notules, briewe, ens.
d. Wanneer getuigskrifte van leraars gevra word, moet dit getik word.
e. Leraars gebruik hulle eie drukkers en papier om baie van hulle kerklike werk mee te doen.
f. Die invoeging van sodanige punt in die beroepsbrief maak dit moontlik vir kerkrade om hulle leraars met 'n bedrag per maand hierin te ondersteun sonder om hulle te bind soos in die geval van die boeketoelaag aangesien die bedrag oopgelaat word op die beroepsbrief.
g. Deur 'n konstante billike toelaag per maand sal dit moontlik wees vir 'n leraar om minstens elke vyf jaar sy persoonlike- of skootrekenaar te vervang.

**AANBEVELINGS**

**6.4.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.**

**6.4.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

*Motivering*

1. Die beskrywingspunt is nie onderteken nie.
2. Dit blyk nie uit die skrywe of die beskrywingspunt voor die Ring van Mooinooi gedien het nie en as dit gedien het of dit deur die ring goedgekeur is nie.
3. Die KKS oordeel dat daar meriete in die saak is en sal punt 8 van die beroepsbrief soos volg wysig: Toelaes (boeke, rekenaar, onthaal, ens.) van ............... per maand.
4. 'n Beswaarskrif met dieselfde bewoording is van die AP Kerk Hartbeespoort ontvang, dit was egter nie in "Word" formaat soos die Sinodebesluit van 2010 lui nie en kon nie in die stukke opgeneem word nie.

## 6.5 RING VAN MIDDELBURG

Die Ring van Middelburg lê die volgende beskrywingspunt rakende Artikel 57.2 van die Kerkorde 2012 aan die Sinode voor. Volgens sinodebesluit 8 (Kerkorde 2012, bl. 176) word die beskrywingspunt voorgelê met die versoek om dit voor die eersvolgende sinode te lê.

Artikel 57.2 maak voorsiening vir twee tugmaatreëls ten opsigte van dooplidmate, en lui:

*57.2.1 'n bestraffing in of buite die ouderlingeraad, indien moontlik in teenwoordigheid van die ouers of voogde van die dooplidmaat en, indien nodig, ook gerig aan die adres van die ouers/voogde;*

*57.2.2 terughouding van die aflegging van geloofsbelydenis.*

Beskrywingspunt:

Die Sinode besluit dat die artikel uitgebrei word met:

57.2.3 waar aflegging van geloofsbelydenis teruggehou is en die dooplidmaat in die sonde volhard, mag hy deur die ouderlingeraad, ná raadpleging met die ring, van die kerk afgesny word deur die gebruik van die betrokke formulier.

Motivering:

In die *"Beknopte Handleiding vir Kerklike Tug"* (FAH van Staden 1996) beredeneer prof. Van Staden korrek dat sensuur nie op 'n dooplidmaat toegepas kan word nie. Terughouding van die aflegging van belydenis is, na die argument, in feite reeds sensuur. Dit weerhou die dooplidmaat van die voorregte van 'n belydende lidmaat, totdat berou, bekering en gevolglike toelating tot belydenisaflegging gegee word.

Die vraag is egter of *"afsnyding van 'n dooplidmaat wesenlik net die skrapping van 'n naam"* is of kan wees. 'n Dooplidmaat is immers volwaardige lidmaat van die kerk van Christus en dooplidmaat (onmondige lidmaat) van die plaaslike AP Kerk.

In die kerk van Christus is egter nie meerdere of mindere lidmate nie. Die heil in Christus is net soveel die gawe van die Here aan pasgebore as aan horingoue uitverkorenes. Die Dordtse Leerreëls 1.17 stel dit bo twyfel: *"Aangesien ons oor die wil van God moet oordeel uit sy Woord wat getuig dat die kinders van die gelowiges heilig is, nie van nature nie, maar kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hul ouers opgeneem is, daarom moet godsalige ouers nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hul kinders wat God in hul kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie."* Die Doopformulier stel: *"Die doop is 'n teken van ons inlywing as lidmate in die kerk van Christus, waar ons as lewende lidmate moet leef."*

Afsnyding uit die kerk behels nie slegs afsnyding uit die plaaslike kerk nie, maar uit die gemeente van die Here. Die Heidelbergse Kategismus, Antwoord 85 stel: *"...as hulle hul aan die vermaning nie steur nie, die sakramente hulle deur dié persone* [wat deur die gemeente daartoe verorden is] *verbied word, en hulle uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit word ..."* Die Formulier vir die Ban stel duidelik dat die afsnyding beteken dat die afgesnedene *"... uitgesluit is en hierby uitgesluit word buite die gemeente van die Here en vervreemd is van die gemeenskap van Christus ..."*

Die uitsluiting uit die gemeente van die Here, die afsnyding van die kerk van Christus, kan egter nie bloot met 'n administratiewe handeling soos die skrap van die naam uit 'n doopregister gedoen word nie. So 'n administratiewe handeling neem nie die eer van God of die heil van die gemeente voldoende in ag nie. Die remedie van afsnyding het juis op die oog dat die eer van God gehandhaaf word en die hele gemeente opnuut tot inkeer en 'n gehoorsame lewe voor God geroep word. Ook dooplidmate behoort, as hulle in die sonde volhard, op gepaste en korrekte manier van die kerk van Christus afgesny te word.

Wat beteken dit in elk geval dat die naam uit die doopregister geskrap word? Dit kan tog nie wees dat daarmee die doop opgehef word nie. Hoogstens hou dit in dat die dooplidmaat nie langer as dooplidmaat van die plaaslike kerk geag word nie. Veronderstel dat so 'n lidmaat later in 'n ander gemeente belydenis wil aflê en aansoek doen om bewys van die doop. Hoe tree die ouderlingeraad dan op? Deur te weier om die doopbewys uit te reik en te vereis dat hy weer gedoop word?

Dit is tog nie denkbaar nie, want dan beland ons vierkantig by wederdopery. Word die doopbewys wel uitgereik, hoe weet die ouderlingeraad waar die lidmaat belydenis van geloof wil aflê, dat daar voorheen in so 'n ernstige sonde volhard is dat besondere en intensiewe bearbeiding en bewys van berou en bekering noodsaaklik is voor toelating?

Die Ring van Middelburg stel dus voor dat die artikel so gewysig word dat afsnyding van 'n dooplidmaat uit die kerk van Christus met 'n gepaste formulier in die Kerkorde ingeskryf word. Wanneer aansoek gedoen word om doopbewys, kan daar aangeteken word dat die dooplidmaat op 'n bepaalde datum afgesny is uit die kerk.

Die voorstel hou in dat 'n formulier vir die afsnyding van dooplidmate opgestel word vir voorlegging aan 'n volgende sinode, of dat die bestaande formulier aangepas word, soos dit nodig is, by die afsnyding van 'n dooplidmaat.

Die ring is bewus daarvan dat dit nie 'n spoedeisende saak is nie en dat dit baie selde gedoen sal word. Tog oordeel die ring dat dit die Kerkorde in lyn sal bring met die bedoeling van die tug in die Skrif en die Belydenisskrifte en daarom 'n gewigtige verandering is.

**AANBEVELINGS**

**6.5.1. Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**

**6.5.2. Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.**

**6.5.3 Die Sinode besluit om die volgende artikel by Artikel 57.2 te voeg:**
**57.2.3 waar aflegging van geloofsbelydenis teruggehou is en die volwasse dooplidmaat in die sonde volhard, mag hy deur die ouderlingeraad, na raadpleging van die ring, uit die kerk uitgesluit word deur die gebruik van die betrokke verklaring.**

**6.5.4. dat die volgende verklaring in die AP Kerke gebruik word wanneer volwasse dooplidmate van die gemeente losgemaak word:**

***1. Bekendmaking van die naam van 'n dooplidmaat wat in sonde volhard***

**Die ouderlingeraad maak met droefheid bekend dat NN, wat as lid van Christus se gemeente gedoop is, ondanks voortdurende ernstige vermanings volhard het in die sonde van ......... Indien hy/sy nie binne ..... maande duidelike bewyse van berou en bekering uit die sonde toon nie, sal die ouderlingeraad voortgaan om hom/haar buite die gemeenskap van die gemeente te stel. Die gemeente word opgeroep om NN ernstig en in liefde te vermaan en om vir hom/haar te bid sodat daar inkeer en bekering kan kom.**

***2. Verklaring van uitsluiting van dooplidmate***

**Die ouderlingeraad het NN se naam ..... maande gelede afgekondig en die gemeente versoek om hom/haar ernstig te vermaan en om vir bekering te bid. Dit is met groot droefheid dat die ouderlingeraad bekend maak dat NN deur sy/haar volgehoue weiering om te buig voor dié God wat hom/haar in sy Verbond beseël het deur die doop, die gemeenskap met Christus en sy kerk verbreek het.**

**Hierdie optrede noodsaak die ouderlingeraad om NN uit die gemeente van God te sluit en verklaar daarmee op grond van Mt. 16:19 en 18:18 dat hy/sy geen deel meer het aan die Ryk van Christus nie, tensy daar ernstige berou en bekering plaasvind.**

**Die gemeente word opgeroep om aan te hou om vir hom/haar te bid en in liefde te vermaan, want wie weet of dit God nie sal behaag nie om hom/haar weer terug te bring op die pad van die Verbond. Laat ons ernstig waak en bid om self nie ook in sonde en hardnekkige ongeloof te val en die Verbond van God te verlaat nie.**

*Motivering*

Dit is belangrik om daarop te let dat die toevoeging tot Artikel. 57.2 slegs handel oor volwasse dooplidmate wat, na vele vermanings, in gebreke bly om belydenis van geloof af te lê.

As motivering vir hierdie byvoeging beredeneer die kommissie die saak soos volg:

Die tug oor doop- en belydende lidmate verskil in die uitoefening daarvan. Tereg word daar deur die beskrywingspunt aangedui dat daar nie meerdere en mindere lidmate is nie. Tog kan hierdie stelling nie beteken dat daar geen verskil tussen belydende lidmate en dooplidmate is nie. Regdeur die gereformeerde kerkregwerke word die onderskeid tussen belydende- en dooplidmate gehandhaaf. Met verskillende begrippe word gepoog om die nie-eendersheid uit te druk. By gebrek aan beter woorde praat sommige van *onvolledige* lidmate en ander van *inkomplete* lidmate. Die feit is dat daar 'n verskil bestaan tussen belydende- en dooplidmate. Kragtens die verbond is hulle lidmate van die kerk van Christus, maar ten opsigte van die lidmaatskapsregte is hulle nog onvolkome lidmate – hulle kan nog nie deel in al die voorregte van die belydende lidmate nie. Dit beteken nie dat 'n dooplidmaat 'n tweedehandse of minderwaardige lidmaat is nie, hy/sy is nog net 'n inkomplete lidmaat.

Dit is juis hierdie verskil wat meebring dat die wyse van tug sal verskil. Die tug oor dooplidmate kan nie dieselfde wees as tug oor belydende lidmate nie. Om hierdie onderskeid te behou en te beklemtoon, het manne soos Voetius nie van *tug* oor dooplidmate gepraat nie, maar van *voorlopers* tot die tug. Die AP kerke se beskouing van die tug laat reeds ruimte dat 'n vermaning 'n vorm van tug is en daarom hoef ons nie te huiwer om van tug oor dooplidmate te praat nie.

Die KKS oordeel dat die weerhouding van belydenisaflegging nie beskou kan word asof daar *sensuur* op dooplidmate toegepas word nie. Sensuur, in die volle sin van die woord, kan nooit op dooplidmate toegepas word nie aangesien hulle nog inkomplete lidmate is. Die kerk kan wel tug op dooplidmate toepas, maar deur middel van sensuur word lidmaatskapsregte belydende lidmate ontsê. Iemand wat onder sensuur is, mag nie sakramente gebruik nie, mag nie as ampsdraer verkies word nie, het nie stemreg nie, ens. 'n Dooplidmaat het nie hierdie regte nie en dit kan dus nie deur sensuur van hom/haar weggeneem word nie. In hierdie opsig verskil die tug oor 'n doop- en 'n belydende lidmaat drasties van mekaar.

Met bogenoemde in gedagte, moet daar onthou word dat die eise van die verbond vir beide doop- en belydende lidmaat dieselfde is. Die eise van die verbond is net so *bindend* op die doop- as op die belydende lidmaat. Omdat gereformeerde kerke deur die eeue hierdie beginsel gehandhaaf het, is twee sake hier van belang:

1. Die tug oor dooplidmate verskil van die tug oor belydende lidmate. Dooplidmate kan slegs ernstig vermaan word en die aflegging van belydenis kan van hulle weerhou word.
2. Omdat die eise van die verbond ook bindend is op dooplidmate het die kerk 'n verantwoordelikheid om 'n dooplidmaat wat volhardend weier om aan die eise gehoorsaam te wees, van die gemeente af te sny.

Hierdie twee beginsels word teruggevind in sinodebesluite deur die eeue:
(Eerder as om die Nederlandse weergawe van die Sinodebesluite te gee, som die kommissie dit kortliks op)

Middelburg 1896, Groningen 1899

1. Dooplidmate is nog inkomplete lidmate en daarom is die tug ook nog inkompleet. Tug oor dooplidmate is vermaning en bestraffing en dergelike middele.
2. Volwasse dooplidmate wat nie belydenis van geloof wil aflê nie moet ernstig vermaan word en wanneer hulle volhard in hulle sonde moet die kerkraad op hul dertigste lewensjaar verklaar dat hulle hul kerklidmaatskap *verloor* het.
3. Die noodwendige gevolg van hierdie handeling is dat sodanige gedoopte nie meer as lidmaat van die kerk beskou kan word nie en daarom kan hulle kinders ook nie gedoop word nie.

Bogenoemde besluit vorm die basis van feitlik elke ander besluit wat daarna oor die saak geneem is en daarom sal die res van die besluite nie volledig weergegee word nie. Slegs die gedeelte van die besluit wat handel oor die hantering van die dooplidmaat wat volhardend weier om hom/haar te bekeer, sal hanteer word.

Haarlem 1973 en Maastricht 1975

1. Die kerkraad verklaar dat sodanige persoon nie meer *tot die gemeente gereken* word nie.
2. Die kerkraad raadpleeg eers die klassis voordat sodanige besluit geneem word.
3. Die naam van die dooplidmaat word aan die gemeente voorgehou. Hulle word opgewek om die persoon te vermaan en vir hom/haar te bid. Daar word 'n tydperk gestel waarin die dooplidmaat tot inkeer kan kom en die optrede van die kerkraad kan stuit.
4. Deur middel van 'n afkondiging in die kerk word verklaar dat die dooplidmaat nie *meer tot die gemeente behoort* nie.

Arnhem 1902

Ná vermaning en daaropvolgende volharding word sodanige dooplidmaat nie meer as 'n lid van die kerk beskou nie en moet verklaar word dat hyself die *gemeenskap* met die kerk *verbreek* het.

Leeuwarden 1920

1. Daar kan nie van ekskommunikasie van dooplidmate gepraat word nie. Die kerkraad moet verklaar dat die dooplidmaat homself aan die kerk *onttrek* het.
2. Voordat die kerkraad die verklaring aan die gemeente bekend maak, moet die klassis eers geken word – alhoewel dit nie verpligtend is nie.
3. Hoe die verklaring van die kerkraad aan die gemeente lui, kan elke kerkraad self besluit.

Utrecht 1923

In aansluiting by die Sinode van Leeuwarden 1920 stel die Sinode dat:
1. presiese reëls ten opsigte van die *uitsluiting* van dooplidmate nie aan die plaaslike kerke voorgeskryf word nie.
2. die reëlings wat die kerkrade tref nie dieselfde moet wees as met belydende lidmate nie. So moet daar byvoorbeeld net een openbare afkondiging van die persoon se naam gedoen word (belydende lidmate word drie maal afgekondig).
3. tydens die bekendmaking aan die gemeente moet die kerkraad 'n tydperk vasstel waarin die betrokke dooplidmaat tot inkeer kan kom.

Dordrecht 1971

Tydens die Sinode van Dordrecht is besluit om die volgende verklarings te formuleer wat gebruik kan word tydens die bekendmaking aan die gemeente en die uitsluiting:

*a. Bekendmaking aan de gemeente*

De kerkenraad deelt met droefheid mede dat N.N., als dooplid in de gemeenschap der kerk opgenomen, ondanks voortdurend ernstig vermaan, toont beslist afwijzend te staan tegenover het verbond en leeft in ongeloof (resp.: daarbij voortgaat te leven in de zonde van .....). Indien hij onverhoopt niet binnen ......... met betoon van berouw zich bekeert en betering des levens bewijst, zal de kerkenraad genoodzaakt zijn dit dooplid wegens zijn moedwillig en hardnekkig afwijken van de weg des verbonds uit te sluiten van de gemeenschap der kerk. De gemeente wordt opgewekt, voor zover het binnen haar bereik ligt, ..... liefdevol te vermanen en met name te bidden voor zijn bekering.

*b. Verklaring van buitensluiting*

De kerkenraad is in de droeve noodzakelijkheid aan de gemeente mede te delen dat N.N. de gemeenschap met Christus en zijn kerk, die hem in de heilige doop werd betekend en verzegeld, ondanks ernstige vermaningen hardnekkig verloochent. Hij gaat er daarom toe over om N.N. uit de gemeente Gods uit te sluiten en te verklaren dat hij geen deel heeft in het Rijk van Christus, zolang hij zich niet bekeert.

De gemeente wordt opgewekt hem ook verder nog in het gebed te gedenken en voor zover mogelijk te vermanen dat hij terugkere tot de weg des verbonds. En zien wij toe dat niet te eniger tijd bij iemand van ons zij een boos, ongelovig hart door af te vallen van de levende God en te verlaten de weg des verbonds.

Groningen-Zuid 1978

Tydens hierdie Sinode is enkele wysigings aan die formulering van Dordrecht 1971 aangebring.

Leeuwarden 1990

1. Om die onderskeid tussen doop- en belydende lidmate te handhaaf, moet die afkondiging aan die gemeente slegs een keer geskied.

2. Tydens die bekendmaking, word ’n proeftydperk (minstens drie maande) gestel waarin die dooplidmaat tot inkeer moet kom. Die gemeente moet vir hom bid.
3. Voor die bekendmaking aan die gemeente moet die advies van die klassis bekom word.
4. Wanneer daar geen verbetering kom nie, gaan die kerkraad tot die laaste tugmaatreël oor, nl. om in die gemeente ’n *verklaring* af te lees waarin sy dooplidmaatskap beëindig word.

Vanuit bogenoemde aanhalings is dit duidelik dat die gereformeerde sinodes die tug oor dooplidmate anders hanteer het as tug oor belydende lidmate. Sommige sinodes het selfs in hulle besluite genoem dat die tug oor doop- en belydende lidmate nie verwar moet word nie en daarom moet daar ook nie van die ekskommunikasie van dooplidmate gepraat word nie.

Die kommissie wil hierdie insig van die gereformeerde vaders handhaaf en ook nie praat van ekskommunikasie van dooplidmate of selfs van ’n formulier nie. Daar moet eerder verwys word na ’n *Verklaring van uitsluiting*.

## 6.6 RING VAN MOOT-SENTRAAL

Die Sinode dra dit aan die KKS op om saam met die Sake-indeks ook ’n begripsverklaring van woorde in die Kerkorde te plaas.

Motivering

Dit het nou al telkemale gebeur dat daar navraag gerig moet word oor die werklike betekenis van sekere woorde in die Kerkorde. Neem bv. die woord substansie. Een persoon verstaan dit op een manier en ’n ander persoon verstaan dit weer op ’n ander manier. Wanneer so ’n woord se betekenis in die Kerkorde gevind kan word, sal dit sodoende enige verwarring uit die wegruim.

Dit het al gebeur dat mense vra wat beteken legitimasie, of demissie. Die KKS sal ook sekerlik kan getuig van woorde waaroor gemeentes verskillende opinies het en dit is juis oor hierdie soort woorde waaroor hierdie versoek handel.

Gedurende 2011 is daar veral rondom die woord substansie vele argumente gevoer in ons eie Ring; oor die betekenis van die woord en hoe dit dan werklik toegepas moet word. Indien daar ’n verduideliking agter in die Kerkorde was, sou dit vele probleme uit die weg geruim het. Selfs predikante verskil oor die betekenis van substansie en dit maak die saak veel moeiliker as wat dit dan eintlik is.

Ons is van mening dat dit ook meer gemeentes sou kon help tydens vergaderings wanneer die Kerkorde gebruik word, om sodoende die verwarring uit die weg te ruim.

**AANBEVELINGS**

**6.6.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**

**6.6.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

*Motivering*

1. Die Kerkorde is nie 'n teologiese woordeboek nie.

2. In plaas van om aan te dui watter terme almal in so begripsverklaring opgeneem moet word, is die beskrywingspunt vaag en noem net drie (substansie, legitimasie en demissie).

3. Die Sinode kan nie so vae opdrag aan die volgende KKS gee nie. Die beskrywingspunt moet ten minste, voordat die voorstel deur die Sinode oorweeg kan word, 'n lys van woorde met hulle definisies aan die Sinode voorhou vir opname in so 'n lys.

4. Daar bestaan reeds 'n begripsverklaring agter in die volwasse katkisasieboek "Volwasse in die Geloof"

## 6.7 RING VAN MOOT-SENTRAAL

Die Sinode besluit om die KKS en KKCE te versoek om ondersoek te doen na die toelating van lidmate vanuit die NG Kerk, NH Kerk en GKSA as lidmate in plaaslike kerke.

Motivering

1. Gesien in die lig dat die NG Kerk se Algemene Sinode besluite geneem het wat nie meer ooreenstem met die 3 Formuliere van eenheid nie.
2. Belhar belydenis as 'n vierde belydenisskrif van die kerk aanvaar is.
3. Die gebruik aanbeveel dat kinder-dooplidmate die sakrament van die Nagmaal kan gebruik.
4. Die sakrament van die doop aan lidmate wat reeds gedoop is weer bedien kan word. Hierdie gebruik is direk in stryd met Artikel 34 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.
5. Ons is ernstig besorg oor die uitwerking wat hierdie dwaallering in ons gemeentes kan hê, indien van die NG Kerk lidmate sonder meer as lidmaat van die AP Kerk aanvaar word.

**AANBEVELINGS**

**6.7.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**

**6.7.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

*Motivering*

Die Sinode van 2004 het reeds volledig oor hierdie saak besluit (Sinodebesluit 31, KO 2012, bl. 196). Hierdie Sinodebesluit toon duidelik aan hoe daar met voornemende lidmate gehandel moet word. Voortspruitend uit hierdie besluit het die publikasie "Ontmoetingsgesprek" (2009) die lig gesien. Die sake wat in die beskrywingspunt aangeraak word, naamlik die Belhar-belydenis en sakramentbediening, is volledig in die publikasie (bl. 107-110; bl. 7-8, 61-76) aangespreek.

Die KKS oordeel dat enkele opmerkings oor die motivering van die beskrywingspunt noodsaaklik is:

Punt 1 van die beskrywingspunt maak melding daarvan dat die NG Kerk se Algemene Sinode besluite geneem het wat in stryd is met die Drie Formuliere van Eenheid sonder om presies aan te dui wat dit is. Daar word afgelei dat punte 2-4 bedoel word as die strydpunte.

Punte 2, 4

Die Algemene Sinode het die Belhar-belydenis nog nie as 'n vierde belydenisskrif erken nie. Sover die KKS se kennis strek word die bekeringsdoop wat in sommige kerke toegepas word nie beskou as 'n herbediening van die sakrament van die doop nie, maar bloot as 'n teken van toewyding.

Punt 5

Dit is ook reeds duidelik uit die sinodebesluit dat voornemende lidmate wat hulle nie kan vereenselwig met die leerstukke daarin vervat nie, nie as lidmate opgeneem kan word nie. Die kommer soos verwoord in punt 5 van die beskrywingspunt het derhalwe reeds aandag geniet. "Ontmoetingsgesprek" gee genoegsame inligting aan die hand waarvan bepaal kan word of voornemende lidmate toegelaat mag word, of verdere gesprekke nodig is en of katkisasie gedoen moet word. Indien hierdie publikasie gevolg word, sal die moontlike dwalinge waarna in die beskrywingspunt verwys word, maklik geïdentifiseer en van die kerk geweer kan word.

## 7. BESWAARSKRIFTE

### 7.1 RING VAN BRANDFORT

Huidige redaksie *(soos op bladsye 6 en 7 van die Kerkorde 2012)*

Artikel 5
Beëindiging van lidmaatskap

Aangesien lidmaatskap net aan 'n plaaslike kerk (gemeente) verbind is, word lidmaatskap deur die ouderlingeraad beëindig en aan die gemeente bekend gemaak wanneer 'n lidmaat -

5.1 met "attestasie" uit die gemeente vertrek. Indien hy/sy nie binne 3 maande na vertrek sy/haar attestaat aanvra nie, verval sy/haar lidmaatskap (kyk Bepalings 4B en 4G).
5.2 lidmaatskap skriftelik opsê;
5.3 en/of oorgaan na 'n ander erkende kerkverband met verwittiging aan die kerkraad;
5.4 en/of by 'n nie-erkende kerkverband of sekte aansluit;
5.5 en/of deur die ouderlingeraad afgesny word na die nakoming van die vereistes vir opsig en tug.

Voorgestelde wysiging:
Artikel 5
Beëindiging van lidmaatskap

Aangesien lidmaatskap net aan 'n plaaslike kerk (gemeente) verbind is, word lidmaatskap deur die ouderlingeraad beëindig en aan die gemeente bekend gemaak wanneer 'n lidmaat -

5.1 met "attestasie" uit die gemeente vertrek. Indien hy/sy nie binne 3 maande na vertrek sy/haar attestaat aanvra nie, verval sy/haar lidmaatskap (kyk Bepalings 4B en 4G).
5.2 lidmaatskap skriftelik opsê;
5.3 en/of oorgaan na 'n ander erkende kerkverband met verwittiging aan die *ouderlingeraad*;
5.4 en/of by 'n nie-erkende kerkverband of sekte aansluit;
5.5 en/of deur die ouderlingeraad afgesny word na die nakoming van die vereistes vir opsig en tug.

OPMERKINGS EN MOTIVERING:
Die enigste, onses insiens, BELANGRIKE redaksionele wysiging en verbetering, is dus dat in KO Art. 5.3 die woord kerkraad vervang word met ouderlingeraad.
Die hele artikel handel oor die beëindiging van lidmaatskap deur die ouderlingeraad, maar ewe skielik word die kerkraad betrek. Dis tog inkonsekwent, nie waar nie?
Dit lê (volgens ons AP kerkbegrip) nie op die terrein van die diakens (wat deel uitmaak van die kerkraad) om oor (die verkryging of beëindiging van) lidmaatskap te besluit nie.
Indien 'n lidmaat (soos dit tans daar staan) aan die (voorsitter? skriba?) van die kerkraad kennis gee (dis terloops ook nie duidelik of dit skriftelik hoef te wees nie) dat hy/sy oorgaan na 'n ander erkende kerkverband, moet die kennisgewing deur die kerkraad na die ouderlingeraad verwys word wat dit dan daarna eers aan die gemeente kan/moet bekend maak (volgens die aanhef van die betrokke Kerkorde artikel) – dis 'n geweldige omslagtige proses. Indien die kennisgewing dus direk aan die ouderlingeraad gegee word, kan dit terstond afgehandel word.
Dalk is of was dit maar nog net deur al die jare 'n glips of oorsig deur die opstellers van die Kerkorde en/of Sinode wat nagelaat het om dit in KO Artikel 5.3 ook Kerkordelik reg te stel.

**AANBEVELINGS**

**7.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.**

**7.1.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.**

**7.1.3 Die Sinode besluit om Artikel 5 soos volg te wysig:**

*Ou Redaksie*

Artikel 5

Aangesien lidmaatskap net aan 'n plaaslike kerk (gemeente) verbind is, word lidmaatskap deur die ouderlingeraad beëindig en aan die gemeente bekend gemaak wanneer 'n lidmaat –

5.3 en/of oorgaan na 'n ander erkende kerkverband *met verwittiging aan die kerkraad*;

*Nuwe Redaksie*

Artikel 5

Aangesien lidmaatskap net aan 'n plaaslike kerk (gemeente) verbind is, word lidmaatskap deur die ouderlingeraad beëindig, ***met verwittiging aan die kerkraad***, en bekendmaking aan die gemeente, wanneer 'n lidmaat –

5.3 en/of oorgaan na 'n ander erkende kerkverband;

*Motivering*

Met hierdie wysiging poog die KKS om groter duidelikheid ten opsigte van die bedoeling van die artikel te weeg te bring. In elkeen van die gevalle neem die ouderlingeraad die besluit en moet die kerkraad verwittig word sodat die registers aangesuiwer kan word. Om die wysiging net by 5.3 aan te bring los nog nie die onduidelikheid op nie.

## 7.2 AP KERK HOËVELD ERMELO

BESWAARSKRIF (HANDELINGE 2010, bl. 249, pt. 3.9.1)

*3.9.1 Die Sinode besluit dat die Handleiding vir skribas van kerkrade, ringe, sinodes goedgekeur word (Bylae KKS3, Sakelys, bl. 173).*

Inhoud van beswaar:

Beswaar word gemaak teen punte 1 en 2 van die Handleiding vir skribas van kerkrade, ringe, sinodes wat soos volg lui:

*Die skriba moet 'n dienende kerkraadslid verbonde aan 'n wyk wees.*
*Indien daar nie 'n kerkraadslid is wat die volle skribaatwerk kan behartig nie, wys die kerkraad uit eie geledere 'n notule-skriba aan met die opdrag om die notule van die vergadering af te neem en uit te voer.*

*'n Gemeentelid (manlik of vroulik) kan versoek word om die administrasie van die kerkraad te hanteer. Hierdie persoon (saakgelastigde) woon nie die vergaderings van die kerkraad by nie, maar hanteer alle administratiewe sake van die kerkraad, soos lidmaatregisters, argivering, ens.*

*Die kerkraad moet sorg vir goeie skakeling tussen die notule-skriba en die saakgelastigde.*

Motivering

Hoewel dit wenslik is dat die skriba 'n dienende kerkraadslid met 'n wyk moet wees, is dit nie altyd prakties uitvoerbaar nie. Dit gebeur soms, veral in kleiner gemeentes, dat daar nie 'n kerkraadslid is wat oor die nodige vaardigheid beskik om die skribaatwerk, selfs net as notule-skriba, te hanteer nie. Die gevolg is dat die notule(s) dikwels onvolledig of onduidelik is. Dit skep verwarring en kan tot groot probleme lei wanneer 'n notule(s) geraadpleeg moet word ten einde sekere sake na te gaan. Dit kan verreikende gevolge vir 'n gemeente hê.

Dikwels is die saakgelastigde van 'n gemeente ook die kassier(e) van die gemeente en indien dieselfde persoon dan ook dien as skriba van die kerkraad, kan vrae en aangeleenthede rakende die finansies van die gemeente meer effektief en akkuraat beantwoord word deur die persoon wat direk daarvoor verantwoordelik is.

Hoewel dit so is dat 'n reëling waar iemand wat nie 'n dienende kerkraadslid is en as skriba van die kerkraad optree in stryd is met die geslotenheid en vertroulikheid van 'n kerkraadsvergadering, kan die probleem ondervang word deur met so 'n persoon 'n verbintenis tot vertroulikheid aan te gaan. Die vertroulikheid van die vergadering kom buitendien in gedrang wanneer die notulerende skriba die saakgelastigde op hoogte moet bring van wat tydens 'n kerkraadsvergadering bespreek is. Indien 'n vergadering egter staande sy vergadering 'n notule goedkeur, behoort die vertroulikheid van die vergadering beskerm te word. Indien die kerklike vergaderings reg funksioneer, behoort sensitiewe sake wat vertroulikheid verlang, soos tugsake en barmhartigheidsgevalle, in elk geval tydens ouderlinge en diakonie vergaderings bespreek te word. Die kerkraad hanteer hoofsaaklik administratiewe sake wat in die meeste gevalle nie sulke sensitiewe inligting bevat nie.

Voorgestelde nuwe bewoording vir die Handleiding vir skribas van kerkrade, ringe, sinodes

*Wie mag dien as skriba van 'n kerkraad?*

*Dit is wenslik dat die skriba 'n dienende kerkraadslid verbonde aan 'n wyk, moet wees. 'n Skriba sonder wyk is ongewens omdat 'n kerkraad sorg moet dra dat die verhouding tussen die getal ouderlinge en diakens nie 'n oorwig na eenkant toe kry nie.*

*Skriba wat nie kerkraadslid is nie*

*Indien daar hoegenaamd geen ander uitweg is nie en 'n man wat nie 'n kerkraadslid is nie of vrou as skriba aangestel word en dié persoon woon ook die vergaderings by, geskied dit sonder spreekreg of stemreg. Dit is eintlik in stryd met die geslotenheid en vertroulikheid van die vergadering. In hierdie geval moet kerkrade poog om alle notules, sover moontlik, staande die vergadering goed te keur aangesien dit die gevaar dat die vertroulikheid van die vergadering geskend word, verklein.*

*As die kerkraad 'n vaste besluit neem dat 'n nie-kerkraadslid die vergaderings mag bywoon, moet die betrokke persoon 'n verbintenis tot vertroulikheid aangaan. Hierdie saak moet in 'n diensooreenkoms beliggaam word met die uitdruklike vermelding dat indien dit bewys sou word dat so persoon die vertroulikheid skend, dit summiere ontslag tot gevolg kan hê.*

*Notulerende skriba*

*Indien 'n persoon van buite die kerkraad as skriba aangestel word en die kerkraad verkies dat die skriba nie die kerkraadsvergaderings mag bywoon nie, kan 'n notulerende skriba gebruik word. Die groot nadeel is dat die aangewese skriba dan met gekommunikeerde of tweedehandse gegewens moet werk. Inligting en begrip bly gewoonlik in die slag, wat dit weer vir die uitvoerende amptenaar moeilik maak.*

**AANBEVELINGS**

**7.2.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.**

### 7.2.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

*Motivering*

Die amendement wat by die Dertiende Sinode goedgekeur is, bring die vereistes vir die skriba van die kerkraad in lyn met die vereistes vir die skriba van die ouderlingeraad (kyk Sakelys van die Dertiende Sinode, bl. 173 punt 4: "Die skriba van die ouderlingeraad moet sonder uitsondering uit eie geledere verkies word.") en gevolglik ook van die diakenvergadering.

Die vereistes lê volledig in lyn met die beginsel van die vertroulikheid wat gehandhaaf *moet* word by geslote kerkvergaderings. Ten opsigte van die ouderlingeraadvergaderings en diakenvergaderings word dit toegegee deur die motivering in die beswaarskrif, punt 3: "Indien die kerklike vergaderings reg funksioneer, behoort sensitiewe sake wat vertroulikheid verlang, soos tugsake en barmhartigheidsgevalle, in elk geval tydens ouderlinge- en diakonie-vergaderings bespreek te word."

Die Ordereëls vir kerklike vergaderings (Kerkorde 2012, bl. 66) bepaal dat kerkraad-, ouderlingeraad-, diaken- en kommissievergaderings (normaalweg) geslote vergaderings is. Die toegewing tensy die vergadering anders besluit, geld slegs in hoogs uitsonderlike gevalle. Dit gebeur wanneer iemand, byvoorbeeld, kundige advies lewer of as 'n lidmaat 'n spesifieke lasgewing van 'n plaaslike kerkvergadering ontvang het en daaroor verslag doen. By ouderlingeraadvergaderings word getuies ook in die vergadering ingeroep. Dit bly egter die uitsondering.

'n Uitsondering mag nooit 'n reël ophef nie. Die uitsondering(s) hef die geslotenheid van die vergadering *tydelik* op; onder *bepaalde voorwaardes* en slegs op *beperkte wyse*. Dit hef egter nie die vertroulikheid van die vergadering op nie, omdat die *handelinge* van die vergadering vertroulik en geslote bly. Die persoon wat die advies, verslag of getuienis lewer hoef nie pertinent tot vertroulikheid verbind te word nie, omdat die kerkvergadering nie anders as in die afwesigheid van so 'n buitestaander die advies, verslag of getuienis oorweeg, bespreek en tot besluit kom nie.

Die *beginsel* van die geslotenheid en vertroulikheid van die plaaslike kerkvergadering is nie onderhandelbaar nie. Die beginsel word prysgegee indien iemand, wat nie lid is van die kerkraad nie, toegelaat word om *permanent, onbeperk en per onderneming* (kontraktuele verbintenis) deel te wees van die vergadering.

Die argument dat "Die vertroulikheid van die vergadering kom buitendien in gedrang wanneer die notulerende skriba die saakgelastigde op hoogte moet bring van wat tydens 'n kerkraadsvergadering bespreek is" (Motivering van die beswaarskrif, punt 3), raak die hart van die kwessie. Die bespreking en oorweging van enige saak voor die kerkraad is vertroulik en die notule van sodanige bespreking en oorweging moet vertroulik bly. Daar is geen noodsaak vir die notuleskriba om die saakgelastigde op hoogte daarvan te bring nie. Besluite van die kerkraad wat deur die saakgelastigde hanteer moet word, kan egter nie anders wees as om bekend gemaak te word nie. Dit is al wat die saakgelastigde, die gemeente en alle ander mense hoef te weet.

Die motivering vir die beswaarskrif meld dat die kerkraad hoofsaaklik administratiewe sake hanteer wat in die meeste gevalle nie sulke sensitiewe inligting bevat nie. Die geslotenheid en vertroulikheid van kerkvergaderings is egter nie vir die "meeste gevalle" nie, maar vir alle gevalle – in besonder vir die minderheid gevalle waar skending van die geslotenheid en vertroulikheid van die vergadering onmeetlike skade aan 'n kerk kan berokken.

Die motivering vir die beswaarskrif open die deur vir enige lidmaat wat 'n funksie in die gemeente verrig, om deel te word van die kerkraadsvergadering. Punt 2 verwys na die saakgelastigde wat dikwels ook as kassier van die gemeente optree, en die kerkraad in die dubbele funksie meer effektief en akkuraat van inligting kan voorsien. Soos die Engelse sê: *It begs the question*: Waarom sou die kassier, selfs as hy/sy nie 'n kerkraadslid of die saakgelastigde is nie, dan nie om presies dieselfde rede permanent kon deelneem aan kerkraadsvergaderings nie? Finansies is immers een van die belangrike sake wat deur 'n kerkraad hanteer word en talle besluite van 'n kerkraad het finansiële implikasies. As die saakgelastigde sitting mag neem en ook die kassier – waarom nie die hoof van die verbondsonderrig en die voorsitster van die sustersaksie en die jeugvoorsitter en die koster en elke ander lidmaat wat 'n spesifieke lasgewing van die kerkraad het nie?

Die voorgestelde nuwe bewoording vereis ingrypende wysigings:

1. Die gedeelte by punt 1 wat lees 'n skriba sonder wyk is ongewens omdat 'n kerkraad sorg moet dra dat die verhouding tussen die getal ouderlinge en diakens nie 'n oorwig na eenkant toe kry nie, is in stryd met die besluit van die Sinode (HANDELINGE 2010, pt. 3.9, Amendement 1; Motivering punt 2, bl. 248-249). Die AP kerkverband het in lyn met die gereformeerde ekklesiologie 'n funksionele ampsbeskouing. Dit is nie binne ons ampsbeskouing moontlik dat 'n kerkraadslid in die amp kan dien as hy nie in 'n wyk aan die normale ampspligte van 'n ouderling of diaken verbonde is nie.

2. Die tweede en derde sin van die eerste paragraaf by punt 2 lees: *Dit is eintlik in stryd met die geslotenheid en vertroulikheid van die vergadering. In hierdie geval moet kerkrade poog om alle notules, sover moontlik, staande die vergadering goed te keur aangesien dit die gevaar dat die betroubaarheid van die vergadering geskend word, verklein.* Die argument wat in die deel verwoord word, staan lynreg teenoor die bedoeling van die beswaarskrif. Dit onderskryf juis die redes waarom slegs 'n lid van die kerkraad as skriba van die kerkraad mag optree. Dit is teenstrydig om dit in die Handleiding op te neem, omdat dit 'n erkenning is dat die beginsel van geslotenheid en vertroulikheid in die gedrang kom.

3. Punt 3 is in teenstelling met homself. Hoe is dit moontlik om 'n skriba vir 'n vergadering te kies, maar daarmee saam te besluit dat hy/sy nie die vergaderings mag bywoon nie? Die argument is in geheel onduidelik, want dit is wesenlik niks anders as waarop die Sinode reeds besluit het nie – 'n notuleskriba en saakgelastigde.

4. Die laaste twee sinne in punt 3 lees: *Die groot nadeel is dat die aangewese skriba dan met gekommunikeerde of tweedehandse gegewens moet werk. Inligting en begrip bly gewoonlik in die slag, wat dit weer vir die uitvoerende amptenaar moeilik maak.* Iets wat tot nadeel van 'n kerk strek, kan nie in 'n Handleiding as riglyn opgeneem word nie.

Dit is nie duidelik waarom die beswaar slegs wentel om die skriba van die kerkraad nie. Al die argumente wat aangevoer word waarom dit moontlik moet wees om iemand anders as 'n kerkraadslid as skriba van die kerkraad te kies, geld net so vir die verkiesing van 'n skriba van die ouderlingeraad-, die diakenvergadering en kommissies van die plaaslike kerkvergaderings.

Daar skuil 'n wesenlike gevaar in die praktyk, wat ongelukkig steeds by sommige kerke voorkom, om aan die saakgelastigde al die verantwoordelikhede en pligte van die skriba(s) te gee. Die kerk word regeer, versorg en bestuur deur die Gees en die Woord deur middel van die besondere ampte in die plaaslike kerkvergaderings. Omdat hulle deur Christus self daartoe verkies is, mag geen ouderling of diaken homself minder ag as wat Christus hom ag nie (vergelyk 1 Kor. 12:15-18). Daarom mag geen kerkvergadering sy verantwoordelikhede prysgee aan ander nie. Die skriba van 'n kerkraad dra 'n besondere verantwoordelikheid waartoe God hom roep. Die praktyk het geleer dat waar hierdie verantwoordelikheid, om watter rede ookal, prysgegee word, dikwels wrange vrugte voortkom. 'n Saakgelastigde wat nie in die besondere amp dien nie, maar belas word met die take en sake van die besondere amp(te), word dikwels in die versoeking gelei om 'n eie koninkrykie in die kerk te stig. Dit bring die ellende mee dat 'n kerk nie langer deur die ampte nie, maar deur die saakgelastigde regeer en bestuur word.

## 7.3 AP KERK WITBANK

<u>BESWAARSKRIF: ARTIKEL 24 VAN DIE KERKORDE 2012</u>

Die kerkraad van die Afrikaanse Protestantse Kerk Witbank het besware teen Artikel 24 van die Kerkorde, wat soos volg lui:
*DIENSTERMYN. Die dienstermyn van kerkraadslede word deur die kerkraad bepaal met behoud van die beginsel van gereelde uittrede.*
Die beswaar geld ook Bepaling 24A wat lui:
*'n Kerkraadslid wat ná verstryking van 'n dienstyd nie herkies word nie, bly in diens tot 'n plaasvervanger bevestig is (volgens Artikel 23), tensy die kerkraad anders besluit.*

Die kerkraad stel voor dat die artikel soos volg gewysig word:

3.1 Die opskrif: DIENSTERMYN word gewysig om te lees:
LOSMAKING UIT DIE AMP VAN OUDERLING OF DIAKEN
3.2 Die bestaande Artikel 24 en Bepaling 24A word in geheel geskrap.
3.3 Artikel 24 word gewysig om te lees:
'n Ouderling of diaken word om gewigtige redes deur die kerkraad uit die amp losgemaak.
3.4 Bepaling 24B word behou as Bepaling 24A.
'n Kerkraadslid se losmaking word van krag sodra die kerkraad 'n behoorlik gemotiveerde aansoek daartoe bewillig.

Motivering

4.1 Die bestaande artikel verwoord nie 'n "beginsel van gereelde uittrede nie". Histories en formeel is daar geen beginsel ter sprake nie.

Reeds in 1541 stel Johannes Calvyn 'n plaaslike kerkorde op vir gebruik in Genève. Daarin word die gebruik om ouderlinge jaarliks aan te wys, vervat. Die gebruik hang egter ten nouste saam met die burgerlike orde in die stad. Jaarliks, gedurende Februarie, is die Raad van Genève nuut saamgestel. By die geleentheid is ook die 12 ouderlinge opnuut aangewys. Die aanwysing geskied deur die Raad, op voordrag van die predikante in Genève. Daar was egter nie 'n beletsel daarop dat 'n ouderling meer as een termyn aaneenlopend kon dien nie, en die predikante kon 'n ouderling voordra vir voortsetting in die amp. Daar was dus nie sprake van 'n vaste termyn van een of twee jaar nie, maar van jaarlikse aanstelling deur die Raad. Natuurlik kon die ouderlinge almal gereeld jaarliks vervang word, *hoewel het niet dienstig zijn zou, hen dikwels zonder reden te vervangen, wanneer zij zich getrouwelik van hun plichten kwijten* (De Gier 1989:art.27).

Die gebruik om ouderlinge gereeld te laat uittree, het egter nie oral en ook nie aanvanklik in kerke van die Calvinistiese reformasie gegeld nie. Calvyn het dit verdedig en selfs aanbeveel by Olevianus in Heidelberg, waar dit nie bekend was nie. In die *Discipline Ecclésiastique* van 1559, word die reël as 'n nuwigheid ingevoer: "Art. 21: *Het ambt van ouderling is niet blijvend (voor het leven), zoals het heden bij ons gebruikelijk is.* In Art. 23 word dieselfde reël getref met betrekking tot die diakens, met byvoeging: *...evenwel zullen zij evenmin als ouderlingen die niet kunnen neerleggen zonder verlof van de Kerken.* (Nederlandse vertaling: J van den Heuvel. Eie beklemtoning.) Hoewel die *Discpiline Ecclésiastique* die amp as nie-permanent aandui, word daar geen melding gemaak van gereelde uittrede as reël nie. Neerlegging van die amp is steeds 'n gewigtige saak waaroor die Kerke beslis.

In die Nederlande het die reël vroeg reeds navolging gevind. Die Konvent van Wezel (Hfst. 5.17) stel die dienstermyn op 'n jaar of selfs net 6 maande, met dien verstande dat die kerkraad kan versoek dat die ampsdraer nog 'n termyn van 'n jaar of ses maande aanbly. Voetius, op sy beurt, was 'n voorstaander van 'n termyn wat 3, 4 of selfs 5 jaar duur. Die reël is in die Dordtse Kerkorde in Art. 27 vasgelê, met 'n bepaalde termyn van twee jaar, met die moontlikheid dat die termyn verleng kan word indien dit in belang van die gemeente geag word.

Die reël is egter nie oral deur kerke van Calvinistiese oortuiging aanvaar nie. Die Nederlandse vlugtelinggemeente in Londen het die amp as 'n amp vir die lewe beskou. In 1560 word besluit dat die nuttig is vir die gemeente; betaamlik vir die waardigheid van die amp en meer gelykvormig aan die Woord indien die amp blywend is. Ook in die kerke van die provinsie Noord-Holland is die amp tot ten minste 1587 as blywend beskou, terwyl die provinsie Groningen die standpunt gehandhaaf het tot met die invoering van die Algemeen Reglement van 1816 (De Gier 1989:art.27). Merkwaardig is dat die kerke van die Afskeiding (1834) 'n verwerking van die Dordtse Kerkorde in 1837 aanvaar het by die Sinode te Utrecht, waarin Artikel 27 gewysig is om te lees: *De ouderlingen en diakenen zullen blijven dienen tot tijd en wijle, dat zij, om gewichtige oorzaken, hun dienst voor een tijd moeten verlaten, hetwelk zonder advies van den kerkeraad niet zal kunne geschieden. Evenwel mogen de ouderlingen en diakenen, wanneer zij zich dit ambt niet onwaardig betonen, nooit van de bediening ontzet worden* (Nauta 1971:27).

Histories is dit duidelik dat gereelde uittrede nie 'n beginsel was nie. In die Calvinistiese kerke van die sestiende en vroeg sewentiende eeu is die saak dan ook verskillend gereël, sonder dat daar dispuut oor was. Formeel is dit ook duidelik dat daar nie 'n beginsel ter sprake was nie. Daarom is die termyn vir diens wyd uiteenlopend bepaal in

kerke wat wel die reël gehou het. Boonop is daar in alle gevalle voorsiening gemaak vir die verlenging van die termyn, met die oog op die beste belang van die plaaslike kerk.

Tereg merk De Gier op dat dit die Dordtse Kerkorde, Artikel 27, nie 'n prinsipe verwoord nie, maar 'n gewoontereg (usansie) (De Gier 1989:art 27).

4.2 Die beredenering van die reformatore oor die saak laat ook blyk dat dit materieel nie 'n beginsel verteenwoordig nie, maar 'n praktiese reëling.

Calvyn beredeneer die saak vanuit die praktyk. Aanvanklik was daar geen onderskeid tussen die lerende en regerende ouderling nie. Dit word weerspieël in die gegewens van die Nuwe Testament. Later het daar egter wel 'n onderskeid gekom in die vroeë kerk. Die onderskeid bestaan daarin dat die lerende ouderling (predikant) nie die diens mag verlaat nie. Sy amp is 'n lewenslange amp. Daarteenoor is die amp van die ouderling en diaken nie 'n lewenslange amp nie, maar 'n tydelike diens. Dit is gewens dat die ouderling en diaken slegs vir 'n beperkte tyd dien, om die volgende redes:
Om alle tirannie en hiërargie te voorkom;
Om die invloed van die gemeente op die regering van die kerk te versterk;
Om die verskillende gawes wat in die gemeente verskuil is, so ver moontlik tot openbaring te laat kom.

Die kerke in Nederland wat Calvyn in die verband navolg, is eenstemmig dat die amp van ouderling en diaken nie 'n lewenslange amp is nie. Die kerke oordeel dat die Woord geen uitsprake in die verband maak nie. Filippus wat as diaken (Hand. 6:5) en later as evangelis (Hand. 8:5-12) bekend is en Stéfanus, wat as diaken gekies is en later optree as prediker (Hand. 6:5; 6:8-10), is as voorbeelde aangehaal vir die tydelike aard van die amp.

Die argumente was egter steeds hoofsaaklik van praktiese aard. Die Wezelse Konvent, wat 'n dienstyd van 6 maande of 'n jaar bepaal het, begrond dit op die oorweging van persoonlike opoffering. 'n Ouderling wat sy amp na behore uitvoer, kon dit nie doen sonder skade aan sy beroep en gesin nie. Die argument staan teen die agtergrond van die bepaling van die Konvent dat 'n ouderling weekliks sy lidmate moes besoek en weekliks aan die kerkraad verslag moes doen. By ander kerke was die oorweging dat in die tyd van vervolging, veral die ouderlinge in die skyf gekom het. Gereelde wisseling sou die risiko versprei onder meer persone.

Die Nederlandse vlugtelinggemeente in Londen voer nie minder nie as elf redes aan waarom die ouderling en diaken permanent in die amp moes bly (1560). Die belangrikste redes is:
Dat dit meer gelykvormig is met die Woord;
Dat dit betaamlik is vir die waardigheid van die amp;
Dat dit nuttiger is vir die gemeente.
Dit is duidelik dat hier ook nie materieel sprake was van 'n beginsel nie. *Dat het daarom niet om principiële, maar vooral om praktische redene was dat zij het tijdelik dienen van de ouderlingen en diakenen wenselijk achten* (De Gier 1989:art.27).

4.3 Daar is, na die oordeel van die kerkraad van AP Kerk Witbank, voldoende gronde om slegs om praktiese redes die reëling te laat vaar dat ouderlinge en diakens slegs vir 'n beperkte en bepaalde termyn verkies word. Sonder om dit volledig te beredeneer, wys die kerkraad op slegs vier belangrike oorwegings in die verband.

4.3.1 Die tekort aan gewillige en geskikte manlike lidmate om in die amp van ouderling en diaken te dien.

4.3.2 Die ouderling en diaken se dienswerk berus op 'n vertrouensverhouding wat oor 'n tydperk opgebou word met lidmate. Gereelde uittrede versteur telkens die verhouding en belemmer die dienswerk in die kerk. Ervaring en kundigheid word nie oornag verwerf nie. Gereelde uittrede bring 'n onvermydelike verlies mee aan ervaring en kundigheid, nie slegs in die dienswerk van die ouderling en diaken betrokke nie, maar ook in die vergaderings van die kerk.

4.3.3 Daar is gemeentes wat nie die reëling volg en dus nie die KO handhaaf nie, omdat dit nie langer by omstandighede pas nie. Eerder as om die reël te probeer afdwing of om gemeentes toe te laat om stilswyend die KO ongehoorsaam te wees, behoort die reël aangepas te word.

4.3.4 Praktiese oorwegings is egter nog nie dwingende gronde om die reël te laat vaar nie. Die kerkraad sou ook nie graag die debat oor die saak in argumente uit die praktyk wou laat stol nie, maar vra eerder besinning oor die vraag of gereelde uittrede nie die wese en die aard van die amp in gedrang bring nie.

4.4 In die ampsbeskouing van die Calvinistiese reformasie is die amp na sy wese 'n roeping deur Christus self. Die gesag en waardigheid van die amp is nie geleë in die kerk of die owerheid wat ampsdraers aanstel nie. Christus is die enigste Koning en Heer van sy kerk en die ampsdraers is geroepe om deur Gees en Woord aan Christus se regering oor die kerk gestalte te gee. Daarmee word die wese van die amp teruggelei na Christus self en kan gesê word dat Christus se Koningskap die wese van die amp is. In die bevestigingsformuliere vir ampsdraers word, as eerste vraag, telkens gevra of die ampsdraer oortuig is dat hy deur God self tot die diens geroep is. In die vermaning word die gemeente opgeroep om die ampsdraer te erken as gestuurde van Christus.

Omdat die wese van die amp by Calvyn teruggelei word na Christus en die roeping deur die Here self, en daarmee weggelei word van die gesag van die kerk of die owerheid, is die ampsbeskouing in die Calvinistiese reformasie wesenlik anders as in die Roomse Kerk of die Lutherse protestantisme. Hiermee word die grondpilaar geplant vir die inrigting en regering van die kerk. Van hier uit word die aard en die praktyk van die ampte afgelei. Daarom is dit ook die enkele belangrikste saak wat oorweeg moet word, wanneer besin word oor die praktiese reëling van gereelde uittrede deur ouderlinge en diakens.

Op voetspoor van Calvyn word onderskei tussen uitwendige en inwendige roeping (Institusie IV, 3, 10-11). Die uitwendige roeping geskied deur die kerk. Die wyse waarop dit plaasvind, het nogal wyd uiteengeloop en loop steeds wyd uiteen. Sonder wettige roeping deur die kerk, dus sonder 'n wettige uitwendige roeping, kan niemand in die amp dien nie. Die inwendige roeping is egter die roeping deur die Heilige Gees. Dit kan nie deur mense van buite beoordeel word nie, maar sonder die inwendige roeping behoort niemand in die amp te dien nie (Institusie IV, 3, 11).

Daar is egter nie 'n verskil tussen die uitwendige en inwendige roeping van predikante, ouderlinge en diakens nie. Dit is die grondslag vir die amp en daarom 'n vereiste.

Die vraag is egter of die roeping 'n roeping vir die lewe is en of dit 'n roeping is vir 'n tyd. Merkwaardig genoeg, is debat oor die vraag eintlik nie gevoer nie. Calvyn onderskei wel tussen tydelike en permanente ampte, maar die tydelike ampte is vir hom die ampte wat in die vestigingstyd van die kerk noodsaaklik was. Dit raak dan veral ampte soos die apostel, evangelis en profeet. Dit was lewensampte wat slegs vir 'n beperkte tyd in die geskiedenis nodig was. Die blywende ampte is herders en leraars; regeerders en diakens (Institusie IV, 3, 4-6; vgl. Lekkerkerker 1971:128-149).

Die Skrif meld egter nie 'n stippellynroeping nie. Daar is nie 'n voorbeeld van iemand wat tot die amp geroep is, dan uittree en dan weer in die amp dien nie. Die voorbeelde van Filippus en Stéfanus dui op 'n verandering in dienswerk; nie op 'n tweede of ander roeping nie. Daar is wel voorbeelde in die Skrif, soos onder andere Moses, Elia en Jeremia wat onder die druk van omstandighede hulle dienswerk wou opgee. In al die gevalle bevestig God hulle egter opnuut in hulle diens, omdat Hy hulle geroep het.

Dit wil voorkom of die roeping deur Christus, as die wese van die amp, dit baie moeilik maak om die praktyk van gereelde uittrede te regverdig. Die praktyk verdiskonteer slegs die uiterlike roeping as 'n verkiesing deur die gemeente wat herhaaldelik kan plaasvind, maar nie die roeping deur Christus as innerlike roeping nie.

4.5 Vanuit die wese van die amp as roeping deur Christus, word ten minste drie belangrike faktore afgelei, wat die aard van die amp bepaal. Die eerste is dat die amp dienswerk is; die tweede is dat dit funksioneel is en die derde dat die ampte gelykwaardig is.

4.6 Die amp is in reformatoriese denke 'n dienswerk (*ministerium)* (Goumaz 1948:43-50), in onderskeid met die Roomse opvatting dat dit 'n posisie of status is (*officium)*. Dit is dienswerk wat Christus eintlik self deur die ampte in belang van sy kerk verrrig. Daarom kan die ampte ook onderskei word na die drievoudige amp van Christus: die profetiese amp (predikant); koninklike amp (ouderling) en priesterlike amp (diaken). Dit kan ook anders tipeer word: die diens van die Woord; die diens van die orde en dissipline; die diens van die barmhartigheid. Die amp en diens is in die vroeë Nederlandse Gereformeerde kerke so vereenselwig, dat die woord amp dikwels as sinoniem gebruik is vir dienswerk (Lekkerkerker 1971:82-84).

Die ampte word onderskei na die diens wat aan elkeen toevertrou word. Die onderskeiding beteken egter nie skeiding nie: dit is steeds noodsaaklike diens aan die kerk in opdrag van die Heer van die kerk (Goumaz 1948:15). Calvyn oordeel dat daar aanvanklik geen onderskeid was tussen die lerende en regerende ouderling nie, maar dat daar wel later so 'n onderskeiding gekom het. Daarom geld vir die lerende ouderling ander reëls as vir die regerende ouderling (De Gier 1989:art.27).

Vir die predikant, die dienaar van die Woord, geld dat sy diens 'n lewenslange diens is. Dit was die standpunt in die vroeë Calvinistiese kerke dat die lewenslange diens 'n lewenslange verbintenis aan die gemeente waarin 'n predikant bevestig is, ingehou het (Institusie IV, 3, 7; Goumaz 1948:51-55). Daarteenoor staan die diens van die ouderling en diaken as 'n diens vir 'n bepaalde tyd. Prinsipiële begronding vir die onderskeid gee nog Calvyn, nog sy navolgers.

Waarskynlik is Lekkerkerker (1971:136) korrek dat Calvyn die ouderling "situationeel" in Genève en elders in Wes-Europa as politieke figuur reeds aangetref het. Hy neem dit op in sy struktuur van kerkregering, soos hy dit uit die Nuwe Testament aflei, maar dan pas hy dit ook aan by die heersende omstandighede, wat betref beide sy dienswerk en dienstermyn.

In die debat oor die dienstermyn van die ouderling is dit van belang om raak te sien dat dit nie begrond word uit die wese van die amp nie en ook nie uit die aard van die amp as dienswerk nie. Dit word begrond uit die onderskeid in die dienste. Die diens van die Woord word as 'n dienswerk, 'n amp, vir die lewe beskou. Daarenteen word die diens van die opsig en dissipline, sowel as die diens van barmhartigheid, as 'n termyndiens beskou. Hoewel die primaat van die diens van die Woord bo geskryf staan, volg daar nie noodwendig uit dat dit 'n onderskeid in dienstermyn behels nie.

4.7 Die roeping van Christus tot diens hou in dat die amp funksioneel is. Dit beteken dat 'n persoon slegs in die amp staan solank as hy in die amp dien. 'n Dienaar van die Woord kan slegs in die amp staan so lank as wat hy die Woord bedien. Net so kan 'n ouderling of diaken slegs in die amp wees solank as wat hy die dienswerk van die ouderling of diaken verrig.

Die diens van die Woord, in onderskeid tot die diens van die ouderling of diaken, is deur die gereformeerde kerke nie beperk tot diens slegs in een gemeente nie. Die predikant kon aangewys word om in 'n ander gemeente as sy eie ook diens te verrig (Institusie IV, 3, 7). In ons kerkverband geld dit ook dat, hoewel die diens funksioneel aan een gemeente verbind is, die diens nie beperk is tot een gemeente nie. Daarom is 'n kombinasie van gemeentes, bedieningsooreenkomste tussen gemeentes en die moontlikheid om deur beroep in 'n ander gemeente te dien, die praktyk in die kerkverband.

Met ouderlinge en diakens is dit anders gesteld. 'n Ouderling of diaken dien slegs in die gemeente waarvan hy 'n lidmaat is. Daar was nog nooit in die gereformeerde kerke die moontlikheid dat 'n ouderling of diaken sy amp elders kan bedien nie. Daaruit vloei voort dat die dienswerk van die predikant anders is as die van die ouderling of diaken. Uit die funksionaliteit van die amp volg dat die predikant vir sy lewe in sy amp behoort te dien en te kan dien. Dit is egter ook nie vanselfsprekend nie. Onder bepaalde omstandighede, by voorbeeld na losmaking uit 'n gemeente of by ontbinding van 'n gemeente hou die predikant op om in die amp te dien as hy nie binne drie maande 'n beroep ontvang en opvolg nie (uiterlike roeping). Daar is ook ander gewigtige redes wat dit moontlik maak vir die predikant om uit die amp losgemaak te word. Dit is belangrik om daarop te let: dit gaan om die funksionaliteit van die amp, wat die termyn bepaal. (Die baie moeilike vraagstuk van emeritaat en die behoud van die amp word daar gelaat.)

In die geval van 'n ouderling en 'n diaken, wat slegs diens verrig in die gemeente waarvan hy lidmaat is, kom 'n aantal gewigtige redes na vore wat die termyn van die amp minder as sy lewe kan maak. Verhuising van een plek na 'n ander; afstigting van gemeentes; ernstige siekte; en werksomstandighede wat die uitvoering van sy pligte onmoontlik maak, is byvoorbeeld ter sprake. Om gewigtige redes dus, kan die ouderling of diaken uit die amp losgemaak word, wanneer hy nie meer die amp funksioneel kan beklee nie.

Die funksionaliteit van die amp gee egter geen grondige rede waarom die ouderling of diaken slegs vir 'n termyn, en nie vir sy lewe, in die amp kan dien nie. Trouens, juis omdat die amp funksioneel is, is dit waarskynlik meer gepas om die ouderling of diaken so te laat dien dat ervaring, kundigheid, vertroue, en dergelike meer, opgebou word. Hoe langer hy dien, hoe meer geleentheid is daar om toegerus te word met die Woord, die belydenisskrifte, die Kerkorde, die besluite van die kerk, ens. Dit kan net die dienswerk bevorder.

4.8 Die gelykwaardigheid van die ampte word soms die "goue reël" van die gereformeerde kerkreg genoem (Lekkerkerker 1971:45). Die gelykwaardigheid beteken dat *geen kerk sal oor 'n ander kerk; geen dienaar van die Woord, geen ouderling of diaken, sal oor die ander heerskappy voer nie, maar ieder en elk sal teen alle suspisie en verleiding om heerskappy te voer, waak* (Sinode van Emden, art.1; Dordtse Kerkorde, art.84). Die ampte se gelykwaardigheid, of soos dit ook meestal genoem word, die anti-hiërargiese beginsel, vloei voort uit die besef dat Christus alleen heerskappy voer in sy kerk, en elke ampsdraer niks meer is as 'n geroepe dienskneg nie (Van Wyk 1991:66).

Waarskynlik die gewigtigste rede wat aangevoer kan word om ouderlinge en diakens slegs vir 'n termyn in die amp te laat dien, is dat dit tirannie weer en hiërargievorming voorkom (Van Wyk 1991:66). Dit is egter 'n oop vraag of die reëlmatige vervanging van kerkraadslede werklik daarin slaag om dit alles te voorkom. (In beide die NG Kerk en die Ned. Herv. Kerk geld die reël. Die optrede van kerkrade in die NG Kerk rondom 1987 en in die Ned. Herv. Kerk in die jongste verlede laat die indruk dat dit nie allerlei manipulasies en magstryde voorkom het nie.)

Die AP kerkverband het, op die vlak van die sinodale en ringsvergadering, doeltreffende maatreëls wat hiërargievorming en oorheersing op die vlak van die meerdere vergaderings teenwerk. Die maatreël dat die voorsitter van 'n meerdere vergadering slegs twee termyne kan dien, gee duidelik uitdrukking aan die beginsel dat geen ampsdraer oor 'n ander mag heers nie. Sonder verandering aan die Kerkorde, slegs deur die gebruik ten opsigte van die meerdere vergaderings ook van toepassing te maak op die vergaderings van die plaaslike kerk, kan voorkom word dat enige kerkraadslid vir homself binne die vergaderings 'n eie koninkrykie bou.

4.9 Samevatting.

4.9.1 Artikel 24 van die Kerkorde verwoord nie 'n beginsel nie. Nóg histories, nóg formeel, nóg materieel kan gereelde uittrede as 'n beginsel van die gereformeerde kerkreg beskou word.

4.9.2 Die reël wat in Artikel 24 verwoord word, is uit die praktyk afgelei in die omstandighede wat gedurende die sestiende en vroeg sewentiende eeu gegeld het. Dit het die krag van gewoontereg verkry.

4.9.3 Die regverdiging vir die gewoonte is nie begrond vanuit die wese van die amp nie, maar uit die onderskeid in die dienswerk van die ampte.

4.9.4 Wanneer die wese van die amp, as roeping deur Christus tot diens, oorweeg word, word dit moeilik om die reël te handhaaf.

4.9.4.1 Die grond van die amp is die roeping deur Christus. Daaraan ontleen die amp sy gesag en sy waardigheid.

4.9.4.2 Daar is geen getuienis in die Skrif dat Christus diensknegte roep met 'n stippellynroeping nie. Dit ontken die erns van die roeping waarmee Christus sy diensknegte roep. Die getuienis van die Skrif is juis dat Christus nie net roep nie, maar ook toerus om die werk waarvoor geroep word, met inset van alle kragte te doen ten spyte van die omstandighede, bedreigings en uitdagings waarvoor die geroepene te staan kom.

4.9.4.3 Die verkiesing deur die kerk tot die amp is slegs die uiterlike roeping. Hoewel dit belangrik is en deel vorm van die wettige roeping tot die amp, is dit steeds slegs die uiterlike roeping. Die dwingende, verpligtende roeping tot die amp is die innerlike roeping deur die Heilige Gees.

4.9.4.4 Dit is nie duidelik hoe dit geregverdig word nie, dat 'n ampsdraer wat in gehoorsaamheid aan hierdie dwingende roeping sy ampswerk sorgvuldig, met toewyding en van harte doen, verplig word om gereeld uit te tree nie. Sou dit nie grens aan ongehoorsaamheid aan die roeping, indien die dienswerk waartoe hy geroep is, gereeld verlaat moet word nie?

4.9.4.5 Gereelde uittrede bring die gesag en die waardigheid van die amp in gedrang, omdat dit die grond waarop die amp rus, wegkalwe. Dit skep die indruk dat dit nie die roeping deur Christus self is wat die swaarste weeg en die ampsdiens dra nie, maar die uiterlike verkiesing deur die kerk.

4.9.5 Die aard van die amp as diens, as funksioneel en as gelykwaardig bring geen dwingende redes na vore om by die reël van gereelde uittrede te volstaan nie.

4.9.6 Die onderskeid in die dienste wat die verskillende ampte verrig, is nie voldoende om daaruit af te lei dat daar 'n onderskeid in dienstermyn moet wees nie.

4.9.7 Die praktyk verg dat die reël van gereelde uittrede laat vaar behoort te word.

Aangehaalde werke:
*Discipline Ecclésiastique* 1559. Vertaling deur J van den Heuvel. Internet: 09/06/2012.
Calvyn, J 1559. *Institutes of the Christian religion.* Vertaling deur H Beveridge 1962; London: James Clarke & Co.
De Gier, 1989. *De Dordtse Kerkorde.* Houten: Den Hartog. Internet: 09/06/2012.
Goumaz, L. 1948. *Het ambt bij Calvijn – een samenvatting naar zijn commentaren op het Nieuwe Testament.* Vertaling deur K Deddens [1964]; Franeker: T. Wever.
Lekkerkerker, A F N 1971. O*orsprong en funktie van het ambt.* 's-Gravenhage: Boekencentrum N V.
Nauta, D 1971. *Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland.* Kampen: J H Kok.
Van Wyk, B J 1991. *Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip.* Pretoria: KITAL.
Wezelse Artikelen 1568. Uit P Biesterveld en H H Kuyper 1905. *Kerkelijk Handboekje.* Kampen: J H Bos. Internet: 09/06/2012.

**AANBEVELINGS**

**7.3.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.**

**7.3.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.**

*Motivering*

**Die Sinode moet kennis neem dat die KKS nie eenstemmig was by die beoordeling van die beswaarskrif nie aangesien een van die lede die leraar van die AP Kerk Witbank (wat die beswaarskrif ingedien het) is.**

(Prof. FAH van Staden het 'n beoordeling van die beswaarskrif op versoek van die KKS se voorsitter gedoen en 'n opsomming daarvan is by hierdie motivering ingewerk.)

1. Die beswaarskrif se motivering begin in paragraaf 4.1 met 'n beroep op die historiese agtergrond en verskillende standpunte en toepassings rakende die dienstermyn van ampsdraers en begin dan heel tereg by Calvyn se Geneefse kerkorde van 1541. Die stelling *daar was dus nie sprake van 'n vaste termyn van een of twee jaar nie, maar van jaarlikse aanstelling deur die Raad* is egter nie heeltemal korrek nie en hou ook nie rekening met die historiese konteks nie.

   Met die Reformasie is die ouderlingamp as't ware herontdek en weer in ere herstel, maar dit was nie iets wat oornag gebeur het nie. Tot op hierdie stadium het die Raad van Genève nie net oor burgerlike sake beslis nie, maar hulle het ook die kerkregtelike regering behartig. Selfs Calvyn het in sy vroeëre kerkorde van 1537 net die ampte van predikant en diaken geken. Dit was Martin Bucer wat hom op die plek en belang van die ouderlingamp gewys het.

   Die herstel van die ouderlingamp tot sy regmatige plek in die kerkregering was egter nie sonder stryd nie. Alhoewel hy die Raad van Genève kon oortuig dat die kerk ouderlinge moet hê, weliswaar uit die geledere van die Raad benoem, het die Raad nog oor die termyn besluit. Die 1541 *Ordonnances Ecclesiastiques* het bepaal dat die verkiesing vir 'n vasgestelde tydperk van een jaar was. Die bekwaamste lede, wat self daartoe bereid was, kon vir 'n verdere jaar deur die Raad herbenoem word.

2. Die beswaarskrif word dan gemotiveer met die stelling dat *die gebruik om ouderlinge gereeld te laat uittree, het egter nie oral en ook nie aanvanklik in kerke van die Calvinistiese reformasie gegeld nie.* Dit is inderdaad so, maar moet verklaar word teen die agtergrond dat die bestaan van die ouderlingamp pas eers herontdek is. Die stryd op hierdie stadium was gefokus op die herinstelling van ouderlinge wat die kerkregering moet handhaaf. Dit het beteken dat burgerlike Raadslede van hulle mag moes prysgee. Dit het nie oornag gebeur nie.

3. Die beswaarskrif maak vervolgens die stelling dat die *Discipline Ecclesiastique* van 1559 die reël oor gereelde uittrede *as 'n nuwigheid ingevoer* het. Dit is egter nie korrek nie. Die hele geskiedenis in die 18 jaar tussen 1541 en 1559 word buite rekening gelaat. Die feit is dat die Raad van Genève nie by die *Ordonnances Ecclesiastiques* se reëling van een jaar dienstermyn met 'n moontlike verdere jaar herbenoeming gehou het nie.

Die rede was omdat die Libertyne, wat Calvyn se teenstanders was, die Raad beheer het. Gedurende hierdie tyd is Calvyn juis van Genève af weg as gevolg van die Libertyne wat nie sy kerkregering wou aanvaar nie. Dit was eers in 1555, wat die Libertyne hulle greep op Genève verloor het en verban of selfs tereggestel is, wat die teenstand teen Calvyn se kerkregering begin afneem het.

Daarom lees ons in die *Discipline Ecclesiastique* van 1559 in Artikel 21 aangaande die ouderlinge: *Et n`est l`office des Anciens comme nous en usons a present, perpetuel.* En in Artikel 22 aangaande die diaken word gesê: *et leur charge n`est perpetuelle, de laquelle toutesfois eux ne les Anciens ne se pourrount departier sans le conge des Eglises.* Vry vertaal: Die amp van die ouderling is, anders as wat tans die geval is, nie blywend (lewenslank) nie. En aangaande die diakens: hulle taak is nie blywend (lewenslank) nie, tog sal hulle net so min as die ouderlinge dit sonder toestemming van die Kerk kan neerlê.

Calvyn stel dus die reël, wat reeds in die praktyk moes gegeld het, teenoor die gebruik wat tot nou deur die Raad van Genève gevolg is. Hier is dus nie sprake dat 'n vaste dienstermyn vir ampsdraers 'n nuwigheid was nie, maar wel 'n saak van onvoltooide reformasie en iets wat in stryd was met die Kerkorde van 1541 se bedoeling.

4. Die beswaarskrif meld heel korrek en baie kortliks dat die reël van gereelde uittrede vroeg in die Nederlandse kerke navolging gevind het en uiteindelik in die Dordtse Kerkorde as Artikel 27 vasgelê is. Daarna volg daar voorbeelde van gevalle waar daar nie gereelde uittrede was nie om daarmee aan te toon *dat gereelde uittrede nie 'n beginsel was nie.* Hierdie argument is egter nie geldig nie en dit sal aangetoon word deur te let op die uitsonderings wat ter motivering van die beswaarskrif voorgehou word.

Eerstens die Nederlandse vlugtelinggemeente in Londen wat in 1560 die amp as *'n amp vir die lewe beskou* het. Ook in punt 4.2 van die motivering word daar 'n beroep gedoen op hierdie gebruik van die Londense gemeente. Wat die beswaarskrif egter buite rekening laat is die tyd en omstandighede. 1560 is skaars 'n jaar nadat Calvyn in Genève nog gesukkel het om die ouderlingamp met 'n vaste dienstermyn gevestig te kry. Daar kan tog nie verwag word dat die gemeente in Londen 'n reël moes aanvaar, wat selfs die vorige jaar nog nie in Genève nougeset toegepas is nie.

Verder leer die praktyk en geskiedenis van die Londense gemeente ons egter ook iets anders. In die tydperk 1567-1585 het die gemeente 53 ouderlinge en 40 diakens gehad. Dit beteken die ouderlinge het 'n gemiddelde dienstermyn van 4 jaar en 4 maande gehad. Die vraag is hoe is dit te rym met standpunt van lewenslange ampsdiens? Die antwoord kom weereens vanuit die geskiedenis toe die Biskop van Londen (Anglikaanse Kerk) in 1569 'n kerkraadsverkiesing moes afdwing na sterk groepsvorming in die kerkraad wat tot twis en skeuring in die kerk gelei het. Gevolglik is 24 nuwe ouderlinge gekies. Dit is dus duidelik dat lewenslange dienstermyn nie 'n Bybelse beginsel was nie. Ook word die gevare duidelik uitgewys soos wat die 1568-twis in Londen ons leer.

Verder leer ons hieruit dat die vlugtelingekerk in Londen nie suiwer volgens die presbiteriale kerkregeringstelsel regeer is nie, want reeds so vroeg soos 1550 is hulle as gaste van die simpatieke koningin Elizabeth I, onder die regstreekse gesag van die Biskop van Londen geplaas. Die reëls van die Anglikaanse Kerk met sy Episkopaalse kerkregeringstelsel is ook op die vlugtelingekerk toegepas. Een daarvan is byvoorbeeld die standpunt dat die Biskopsamp 'n lewenslange amp is. Daarom dat die Biskop in 1569 ingegryp het toe daar 'n breuk tussen die lidmate en die ouderlinge van die vlugtelingekerk was. Daar was selfs 'n aantal Engelse wat as ouderlinge van die gemeente diens gedoen het.

Tweedens, word die beswaarskrif gemotiveer deur te stel: *Ook in die kerke van die provinsie Noord-Holland is die amp tot ten minste 1587 as blywend beskou, terwyl die provinsie Groningen die standpunt gehandhaaf het tot en met die invoering van die Algemeen Reglement van 1816.*

Om hierop te antwoord moet ons let op die historiese ontwikkeling van die gebruik van gereelde uittrede, want daar was inderdaad sommiges wat van die reël afgewyk het, maar nie sonder dat die betrokke sinodes uitsprake daaroor gemaak het nie.

Die Konvent van Wezel besluit in 1568 om die helfte van die ampsdraers na gelang van omstandighede elke jaar of ses maande te laat aftree. Hierdie besluit ten gunste van 'n baie kort dienstermyn (een of twee jaar) was as gevolg van verdrukking en armoede gewees. Verder was daar baie min leraars, wat beteken dat die volle las van die bediening op die ouderlinge gerus het, wat hulle werk getrou, maar soms tot persoonlike skade gedoen het. Om ampsdraers geleentheid te bied sodat hulle ook in moeilike omstandighede na hul persoonlike sake kan omsien, is die dienstyd verkort.

Drie jaar later met die Sinode van Emden 1571, het die omstandighede verbeter en die Sinode besluit om die dienstermyn weer te verleng. As reël het gegeld dat die dienstermyn op twee jaar bepaal was en dat die helfte van die ampsdraers elke jaar wissel. Aangesien sommige kerke se omstandighede steeds moeilik was is daar aan hulle die vryheid verleen om die dienstyd langer of korter te neem na gelang van omstandighede. Verder kon `n ampsdraer ook herkies word vir 'n verdere een of twee jaar. Hierdie gebruik is met die Sinode van Dordrecht 1574 gehandhaaf.

By die volgende Sinode van Dordrecht in 1578 word die vraag gestel of 'n ouderling wie se dienstermyn verstryk het, maar wie nog bereid was om verder as ouderling te dien, weer genomineer mag word. Die gemotiveerde antwoord was: *Ja, want die wisseling van ouderlinge is in besonder ingestel om vir hulle verligting van hulle dienslas te bring.* Let egter daarop dat dit nie hier gaan oor lewenslange diens nie, maar oor die nominering en herverkiesing van iemand wie se dienstermyn verstryk het. Daar is dus steeds 'n bepaalde dienstermyn gewees, die ouderling kon genomineer word, maar die gemeente kon steeds teen hom stem of iemand anders bo hom verkies.

Tydens die Sinode van Middelburg 1581 word die redaksie, wat later deel van die Dordtse Kerkorde sou word en wat tot in 1905 sou geld, goedgekeur. Die reël van periodieke aftrede is gehandhaaf met 'n dienstermyn van twee jaar, terwyl die helfte van die ampsdraers jaarliks met ander vervang sou word *ten ware dat de gheleghentheijt ende profijt eenigher Kercken anders vereijschte.* Kerke word dus die vryheid gegun om na gelang van omstandighede ampsdraers te herkies of te vervang.

Vanuit Oos-Vlaandere het die vraag toe gekom: *Wat is die beste: dat ouderlinge en diakens gedurig (dit is voortdurend, lewenslank) in die amp bly en getrakteer word of dat daar wisseling moet wees?* Hierdie was sover ons kennis sterk die eerste keer wat daar by 'n gereformeerde sinode navraag gedoen is oor ampsdraers wat lewenslank in die amp dien.

Die Sinode het toe vir prof. Danaeus van Leiden gevra om advies daaroor op te stel. Hy het die volgende geantwoord: *Uit die Heilige Skrif kan daar nie bepaal word dat die ouderlinge en diakens, wat eens deur die apostels verkies is, altyd in daardie of 'n ander kerklike amp gebly het nie… Dit blyk raadsamer te wees, ten einde kerklike tirannie te voorkom, dat dieselfde persone wat eenmaal tot die diens verkies is, nie altyd gekontinueer moet word nie… Daarbenewens is daar baie ander wat aangaande die inrigting en bestuur van die kerk onderwys moet word… Die verwisseling van ouderlinge en diakens ontneem die leraars die geleentheid om hul eie tirannie oor die kerk te gebruik.*

Joh. Jansen skryf dat Danaeus se advies vier basiese punte behels het:
a) Die Skrif leer nie 'n lewenslange diens in die amp van ouderling of diaken nie. Verwisseling is dus geoorloof en om kerklike tirannie te vermy moet dit bo lewenslange diens verkies word.
b) Dit is wenslik dat al hoe meer persone in die kerklike sake ingewy moet word en nie net altyd dieselfde groepie nie.

c) Die leraars verloor telkens deur die aftrede van die helfte van die ampsdraers 'n deel van hulle aanhang en so word die gevaar van tirannie eerder minder as groter.
d) Indien daar egter wel broeders is wat herkies word, wat geoorloof was, dan moes hulle steeds vir approbasie aan die gemeente voorgehou word.

Die advies is nie verder tydens die Sinode behandel nie, maar die feit dat die Artikel onveranderd gelaat is, ook deur die volgende twee sinodes, dui daarop dat dit ook die sinode se standpunt was. So het die Artikel dan ook deel geword van die Dordtse Kerkorde 1618/1619.

Die beswaarskrif is inderdaad reg dat die Kerkorde van 1837 wat aanvaar is vir gebruik in die kerke van die 1834 Afskeiding die betrokke Artikel gewysig het om voorsiening te maak vir lewenslange diens. Hoe "merkwaardig" hierdie wysiging was, is egter te bevraagteken. Die feit is dat hierdie gelowiges wreed vervolg is en die bedoeling was dat so min as moontlik aan vervolging blootgestel moes word. Die wysiging van die Dordtse Kerkorde Artikel 27 was dus bedoel as 'n beskermingsmaatreël. Met die kerkvereniging van 1892 het die afgeskeides weer die reël van wisseling aanvaar. Lewenslange diens as ouderling en diaken was nooit vir hulle 'n Bybelse beginsel nie.

'n Navraag oor hierdie afwyking binne die kerke van die 1834 Afskeiding is deur die KKS gerig aan prof. dr. Mees te Velde van Kampen (Broederweg) waarop hy geantwoord het: *Hierdie kerkorde van 1837 is deur die Sinode van 1840 afgeskaf aangesien die afwykende verskille met die Dordtse Kerkorde nie gunstig in die gemeentes ontvang was nie.* Hy meld verder dat *slegs enkele gemeentes van die afgeskeide kerke lewenslange diens vir ampsdraers ingestel het en dan wel daardie gemeentes binne die invloedsfeer van HP Scholte.*

Ander gereformeerde kerke, buite die kring van die afgeskeide kerke, het kennis geneem van hierdie wysiging soos wat blyk uit vrae wat by die daaropvolgende sinodes ter tafel gekom het. Drie honderd jaar nadat die bewoording by Middelburg vasgestel is, kom die saak tydens die Sinode van Utrecht in 1888 weer ter tafel toe daar navraag gedoen word oor die herverkiesing en herbevestiging van ampsdraers. Die Sinode het die volgende uitspraak gemaak: *Die wenslikheid van herbenoeming hang af van die plaaslike omstandighede en die persoon wat aftree; daarom dat die kerkorde heel tereg geen algemene reël stel nie. Indien iemand egter vir 'n bepaalde tyd verkies was, dan is die belofte wat hy by sy bevestiging afgelê het, ook net vir daardie bepaalde tyd gegee. By herbenoeming behoort daar dus weer 'n aanvaarding en belofte te wees; dit is bevestiging. Op hierdie gronde oordeel die sinode dan ook: Herbenoeming kan wenslik wees, en dan as 'n hernude verbintenis en bevestiging is dus noodsaaklik.*

Weereens besluit die Sinode dat dit in sekere gevalle nodig mag wees om ampsdraers vir 'n langer tyd as hul verkose dienstermyn te laat dien, maar die artikel in die Kerkorde word nie gewysig nie. Die reël van 'n twee jaar dienstermyn waar die helfte van die kerkraad elke jaar wissel word steeds gehandhaaf.

Daar was egter sekere vergrype gewees, soveel so dat Suid-Holland hulle tot die Sinode van Groningen 1899 gewend het. Die Sinode se uitspraak was: *Die sinode, ofskoon hy geheel met Suid-Holland saamstem, dat die bedoeling van Artikel 27 van die Kerkorde eerstens is dat ouderlinge en diakens slegs vir 'n beperkte dienstermyn verkies word, en ten tweede dat die herkiesbaarstelling van afgetredenes slegs moontlik is wanneer dit die voordeel van die kerk bevorder, oordeel, dat dit allereers op die weg van die classis en partikuliere sinodes lê om plaaslike misstande uit die weg te ruim.*

Dit was eers in 1905 tydens die Sinode van Utrecht dat daar, buiten vir die kerke van die Afskeiding, weer vir die eerste keer sedert 1581 wysigings aan die artikel aangebring is. Die twee wysigings wat aangebring was, het eerstens die dienstermyn van twee jaar uitgebrei na *twee of meer jare* na gelang van die plaaslike omstandighede. Die tweede wysigings was om groter duidelikheid te gee oor die prosedure wat gevolg moet word wanneer 'n ampsdraer vir 'n verdere dienstermyn oorweeg word. Daar was onduidelikheid oor of dit net 'n herbenoeming deur die kerkraad is en of daar 'n herverkiesing moet wees. Die Sinode het besluit dat daar 'n herverkiesing moet plaasvind waar die gemeente vir of teen die genomineerde kan stem.

So word daar dus erkenning gegee aan die woorde by die bevestigingsformulier dat jy oortuig is dat die Here jou deur sy gemeente tot hierdie dienswerk geroep het. Hierdie dienswerk was steeds vir 'n bepaalde dienstermyn,

soos deur die plaaslike omstandighede bepaal, en kan nie sonder die inspraak van die gemeente verleng word nie, daarom dat daar herkiesing en approbasie moet wees.

In 1905 lui die artikel dus so:

*Gereformeerde Kerken in Nederland (1905 tot 1944)*
*Artikel 27 – Diensttijd der Ouderlingen en Diakenen. (Editie(s) 1905)*
*De Ouderlingen en Diakenen zullen naar plaatselijke regeling twee of meer jaren dienen, en alle jaar zal een evenredig deel aftreden. De aftredenden zullen door anderen vervangen worden. Ten ware dat de gelegenheid en het profijt van enige Kerk, bij de uitvoering van Art. 22 en 24, ene herkiezing raadzaam maakten.*

Joh. Jansen skryf dat die gebruik om twee of meer jare te dien as ouderling en diaken voor 1905 'n gewoonte geword het en met hierdie wysiging is die gewoontewet tot *jus constitutum* verhef.

Die bekende kerkregkundige prof. Rutgers het oor hierdie ontwikkeling en gebruik geskryf dat dit in die praktyk beteken het dat die dienstermyn van ouderlinge en diakens 3 jaar was, alhoewel sommiges ook 'n dienstermyn van 4 jaar gehad het. Dit is belangrik om daarop te let dat daar nooit hierteen beswaar gemaak is nie. Wat wel uit die artikel en sy ontwikkeling afgelei kan word, is eerstens dat die reël wat gestel word geen lewenslange dienstermyn was nie en tweedens is voorkeur gegee aan aftrede sonder herkiesing. Hy maan dat, aangesien herkiesing soms nodig mag wees, mag dit egter nie die reël word nie. Ja, daar kan 'n herkiesing van geskikte persone wees, maar dit geld nie vir almal nie. Daar is ook iets te sê oor die feit dat herkiesing nooit as die reël gestel is nie, maar altyd as die uitsondering.

Die beswaarskrif se stelling *Histories is dit duidelik dat gereelde uittrede nie 'n beginsel was nie. In die calvinistiese kerke van die sestiende en vroeg sewentiende eeu is die saak dan ook verskillend gereël, sonder dat daar dispuut oor was,* is dus ook nie heeltemal korrek nie. Vanuit die geskiedenis leer ons dat gereelde uittrede die reël was en waar sommiges van die reël afgewyk het, is daar telkens by navraag aan die betrokke sinodes ten gunste van die handhawing van gereelde uittrede beslis. Hoe die reël in elke gemeente toegepas is, is inderdaad aan die vryheid van elke plaaslike kerk oorgelaat. 'n Gereformeerde Kerkorde is nie 'n Wet wat alles in die fynste besonderhede moet reglementeer nie, daarom dat daar vir plaaslike kerke die ruimte gelaat is om die reël sinvol binne hul eie omstandighede toe te pas.

5. Punt 4.2 van die beswaarskrif se motivering wil aantoon dat 'n beperkte dienstermyn nooit vanuit die Skrif begrond is nie, maar hoofsaaklik vanuit die praktyk. Tog meld die beswaarskrif dat daar wel ten gunste van die tydelike aard van die amp na Bybelse voorbeelde gewys is en *die kerke in Nederland wat Calvyn in die verband navolg, is eenstemmig dat die amp van ouderling en diaken nie 'n lewenslange amp is nie… Die argumente was egter steeds hoofsaaklik van praktiese aard* en dan word daar na die Konvent van Wezel verwys.

   Die argument by die Konvent van Wezel was egter nie oor tydelike of lewenslange ampsdiens nie, maar wel hoe die tydelike aard van die dienswerk prakties toegepas moet word binne die moeilike omstandighede wat hulle gehad het. Daar is vanuit die praktyk geredeneer oor die spesifieke termyn wat tot grootste voordeel van die kerk sal wees, maar die reël was steeds dat daar 'n vaste dienstermyn moet wees.

   Die eerste keer wat daar navraag was oor lewenslange diens (Sinode van Middelburg 1581) was die eerste antwoord daarteen dat die Skrif dit nie leer nie, daarna volg eers die praktiese redes. Na al die eeue bly dit steeds die feit wat erken moet word: Die Skrif maak geen uitspraak oor hoe lank iemand as ouderling of diaken geroep word nie. Juis daarom sou dit verkeerd wees van die Sinode om lewenslange diens voor te skryf, net soos wat dit verkeerd sou wees om plaaslike kerke nie die vryheid te gee om hul eie dienstermyne te bepaal nie.

6. Punt 4.3 van die beswaarskrif bepleit die lewenslange roeping as ouderling en diaken vanuit die praktyk wat die kerkraad reken *voldoende gronde* is om die wysiging wat voorgestel word te regverdig. Tog sê die kerkraad dat hulle *nie graag die debat oor die saak in argumente uit die praktyk wou laat stol nie.*

   Aangesien die kerkraad egter wel die praktiese argumente deel van die beswaarskrif gemaak het, moet daar dan

ook daarop gereageer word.

Indien daar nie genoeg geskikte lidmate is om as ampsdraers te dien nie, kan daar altyd gevra word of die kerkraad van 'n gemeente nie te groot is en dalk eerder moet verklein nie. Dit wil verder lyk asof die probleem van te min ampsdraers op die kerkraad meer in groter gemeentes na vore kom as in kleiner gemeentes, terwyl mens tog sou verwag dat dit makliker sou wees om genoeg ampsdraers vanuit die groter lidmaattal te verkry.

Verder is dit nie noodwendig so dat 'n vertrouensverhouding eers oor 'n lang tydperk opgebou word nie. Ampsdraers wat hulle werk met toewyding en ywer doen ervaar hoe dat daar spoedig 'n band met die lidmate gebou word, aangesien dit juis die toewyding en ywer is wat vertroue skep. Daarteenoor is dit ook waar dat `n ampsdraer baie lank in 'n wyk kan dien, maar as die toewyding en ywer ontbreek gaan daar nie vertroue geskep word nie, maak nie saak hoe lank sy dienstermyn is nie.

Elke ampsdraer, ongeag die dienstermyn, begin iewers as 'n nuweling wat opleiding moet ontvang wat ook dan deur ervaring aangevul word. Met gereelde wisseling is dit egter so dat daar nie elke keer net nuwelinge tot die amp geroep word nie, maar ook broeders wat voorheen ampsdraers was en dus reeds opleiding en ervaring het. Ons glo tog ook dat die Here diegene wat Hy in sy diens roep vir daardie roeping bekwaam en toerus. Ons reken nie dat daar enige iemand is wat sal redeneer dat die Here dit slegs vir diegene wat lewenslank in die amp is, doen nie.

7. Punte 4.4-4.8 van die beswaarskrif wil besin *oor die vraag of gereelde uittrede nie die wese en die aard van die amp in gedrang bring nie* en dan word daar onder andere gelet op die dienswerk, funksionaliteit en die gelykwaardigheid van die ampte.

Hierdie vraag is al deur Voetius hanteer wat opgemerk het dat die tydelike dienstermyn nie die amp se wese aantas of tot niet maak nie, maar dat dit 'n bykomstigheid is.

Die beswaarskrif stel tereg dat *die ampsbeskouing in die calvinistiese reformasie wesenlik anders (is) as in die Roomse kerk of die Lutherse protestantisme.* Die gevaar is egter daar dat 'n lewenslange dienstermyn vir ouderlinge en diakens kan lei tot die Roomse dwaling wat die amp aan die persoon van die ampsdraer gekoppel het, die sogenaamde *indelebilis* van die amp.

Die beswaarskrif maak onder punt 4.4 die stelling: *sonder die inwendige roeping behoort niemand in die amp te dien nie.* Dit is inderdaad so, maar wat behoort te gebeur en wat wel gebeur stem nie altyd ooreen nie. Die reël van wisseling en herverkiesing bied aan die ampsdraer die geleentheid om te herbesin en om bevestiging te kry van sy roeping.

Later met punt 4.4 van die motivering word daar deurgedring tot die kern van die beswaarskrif: *Die vraag is egter of die roeping 'n roeping vir die lewe is en of dit 'n roeping is vir 'n tyd. Merkwaardig genoeg, is debat oor die vraag eintlik nie gevoer nie. Calvyn onderskei tussen tydelike en permanente ampte…*

Die rede waarom daar nooit hieroor debat gevoer is nie, is bloot omdat almal dit eens was dat die Skrif geen voorskrif daaroor gee nie. Daar moet ook onderskeid getref word tussen blywende ampte en die wisseling van ampsdraers. 'n Beperkte dienstermyn bring nie 'n einde aan die betrokke amp se bestaan nie.

Die enigste voorbeelde uit die Skrif wat die beswaarskrif gee vir lewenslange diens is *Moses, Elia en Jeremia wat onder die druk van omstandighede hulle dienswerk wou opgee. In al die gevalle bevestig God hulle egter opnuut in hulle diens, omdat Hy hulle geroep het.* Op grond van hierdie drie voorbeelde word dan geredeneer dat die innerlike roeping deur God lewenslank moet wees.

Maar wat dan van iemand soos Amos wat vir enkele maande as profeet opgetree het. Joh. Jansen se gedagtes oor die lewenslange dienstermyn aan die hand van Voetius is dat daar 'n amp vir 'n maand, 'n week of selfs 'n dag kan wees.

Indien die innerlike roeping tot diaken of ouderling 'n lewenslange roeping is, soos waarvoor die beswaarskrif pleit, dan behels dit noodwendig dat iemand wat eens as diaken verkies en bevestig is, nie later as ouderling verkies kan word nie. Om gereelde uittrede en die inwendige roeping teenoor mekaar te plaas is egter 'n valse teenstelling. Inwendige roeping beteken nie noodwendig lewenslange diens nie.

Die beswaarskrif noem dan verder by punt 4.7 sekere gewigtige redes vir 'n dienstyd korter as lewenslank. Wat hierdie redes egter bewys is dat die roeping tot die amp van ouderling of diaken in 'n plaaslike kerk nie lewenslank is nie. Die beswaarskrif redeneer ook dat ampsdraers met 'n lewenslange diens beter toegerus kan word en dat die funksionele uitvoering van die amp daardeur bevorder word. Die teendeel is egter dat slegs 'n klein groepie nou toegerus word. Daarteenoor kan dit byvoorbeeld gebeur dat 'n gemeente wat besluit om anderhelfte van die ampsdraers elke twee jaar te laat wissel, selfs dubbel die getal toegeruste ampsdraers kan hê. Toerustingsmateriaal is ook volop beskikbaar.

In punt 4.8 van die beswaarskrif se motivering word die onlangse manipulasies en magstryde in die NG Kerk en die NH Kerk genoem om die voorkoming van tirannie en hiërargievorming deur wisseling van ampsdraers te bevraagteken. Hierdie kerke se afwykings kan beslis nie voor die deur van gereelde wisseling gegooi word nie. Die manier waarop hulle kerkregering uitoefen verskil grootliks van ons eie en die oorsake kan eerder daar gesoek word.

Laastens, betoog die beswaarskrif dat hiërargievorming en oorheersing in die plaaslike kerk teengewerk kan word deur die voorsitterskap te beperk soos wat op meerdere vergaderings gedoen word. Wat egter nie aangespreek word nie, is die gevaar van groepsvorming wat druk kan uitoefen en as groep die gemeente begin oorheers. 'n Geslote groep bly geslote al wissel sy voorsitters ook hoe gereeld.

Hierdie beredenering bied volgens die KKS genoegsame motivering waarom die beswaarskrif nie aanvaar moet word nie.

## 7.4 AP KERK WITBANK

<u>BESWAARSKRIF: BEPALING 32A 9.2 EN 9.3 VAN DIE KERKORDE (2012)</u>

1. Die kerkraad van die Afrikaanse Protestantse Kerk Witbank het besware teen Bepaling 39A 9.2 van die Kerkorde, wat soos volg lui:
   *Die Raad van Trustees moet dienende kerkraadslede van die plaaslike gemeente wees.*

2. Die kerkraad se beswaar geld ook Bepaling 32A 9.3 wat lui:
   *Slegs fondse waarop reeds 15% aan die GK oorbetaal is, kan as trustfondse geag word.*

3. Die kerkraad stel voor dat Bepaling 32A 9.2 gewysig word om te lees:
   "Die Raad van Trustees moet altyd uit ten minste 50% plus 1 lidmate van die plaaslike gemeente bestaan. Die voorsitter van die kerkraad moet ampshalwe een van die trustees wees. Kundige persone, wat nie lidmate van die plaaslike gemeente is nie, mag as trustees dien. Trustees mag nie hulle magte en bevoegdhede aan ander persone delegeer nie."

3.1 As alternatief stel die kerkraad voor dat Bepaling 32A 9.2 nie gewysig word nie, maar dat die Sinode besluit: "'n Trust wat opgerig is voordat Bepaling 32A 9.2 van krag geword het, word van die vereistes in Bepaling 32A 9.2 uitgesluit, indien die Akte van Oprigting van sodanige trust strydig is daarmee."

4. Die kerkraad stel voor dat Bepaling 32A 9.3 gewysig word om te lees:
   "Fondse wat uit die Trust deur die Trustees aan die kapitaalbegunstigde bewillig word, word as inkomste van die plaaslike gemeente geag en op sodanige fondse moet 15% deur die plaaslike gemeente aan die GK oorbetaal word."

5. Algemene inligting wat ter sake is by die beoordeling van die beswaarskrif.

5.1 Pligte van Trustees

Die trustees se take word eerstens deur die gemenereg vasgestel.
Tweedens is daar take wat deur middel van wetgewing bepaal word.

A Take deur die gemenereg vasgestel:

Trustees moet altyd in goeie trou optree en ook gesamentlik optree. Dit mag soms nodig wees dat 'n meerderheidstem die finale beslissing sal vel.
Die trustakte is die grondwet van 'n trust. Die trustees moet altyd op hoogte wees van die inhoud van die trustakte.
Die trustees moet die bates wat aan die trust geskenk is in ontvangs neem.
Die trustees moet altyd onpartydig wees.
Die trustees moet ten alle tye die fondse van die trust bestuur namens die kapitaalbegunstigdes en in die beste belang van die begunstigdes.
Die trustees moet alle eiendomme in die trust in stand hou.

B Take wat deur wetgewing gereël word (Beheer oor Trusteiendom [ Wet 57 van 1988])

Die trust is deur registrasie verantwoordelik aan die Meester van die Hooggeregshof.
Alle trustees word aangestel deur die Meester.
Verandering van trustees, soos bedanking en nuwe aanstellings, moet deur die Meester goedgekeur word.
Volgens die wet moet in goeie trou opgetree word.
Alle eiendom en bates moet in die naam van die trust geregistreer word.
Trustees moet, indien daartoe versoek, rekenskap aan die Meester gee oor die administrasie van die trust.
Alle dokumentasie moet deur die trustees in veilige bewaring gehou word.

5.2 Magte van die Trustees

Die magte van die trustee word uit die Akte van Oprigting van die trust afgelei. Die trustakte spel die magte van die trustees uit en hulle moet daarvolgens optree. Daar word gewoonlik soveel as moontlike magte aan die trustees gegee en daar is nie beperkings op hulle nie. Die rede hiervoor is dat die trustees altyd die belange van die begunstigdes moet bevorder en beperkings kan die uitvoering hiervan belemmer.

6. Motivering vir die wysiging aan Bepaling 32A 9.2 om te lees:

*Die Raad van Trustees moet altyd uit ten minste 50% plus 1 lidmate van die plaaslike gemeente bestaan. Die voorsitter van die kerkraad moet ampshalwe een van die trustees wees. Kundige persone, wat nie lidmate van die plaaslike gemeente is nie, mag as trustees dien. Trustees mag nie hulle magte en bevoegdhede aan ander persone delegeer nie.*

Afgelei uit die voorafgaande inligting word die voorstel vir wysiging soos volg gemotiveer:
'n Trust is 'n onafhanklike regspersoonlikheid en kan nie deur 'n instansie van buite voorgeskryf word wat hy moet doen of hoe die Raad van Trustees saamgestel moet word nie.

Wanneer die trustees net bestaan uit Kerkraadslede, sluit dit noodsaaklike kundigheid, waaroor ander lidmate of persone mag beskik, uit.

Sodanige uitsluiting kan die goeie trou, die optrede in die beste belang van die begunstigdes en die onafhanklikheid van die trustees, soos die reg vereis, in gedrang bring.

'n Trust is 'n regspersoon wat onafhanklik bestuur moet word, soos aangedui. Wanneer daar probleme in 'n gemeente ontstaan, byvoorbeeld groepvorming en sommige kerkraadslede word losgemaak om vervang te word met kerkraadslede wat aan een groep oorheersing gee, kan dit ernstige gevolge inhou vir die trust en die trustees.

Hoe breër die keuse van Trustees, hoe meer kan hulle onafhanklik die trust bestuur. Dit kan ongerymdhede, soos groepvorming en beïnvloeding, beter beheer. Omdat die voorsitter van die kerkraad ampshalwe 'n trustee moet wees, word die kerkraad nie uitgesluit nie, maar het ten alle tye insae in die bestuur van die trust.

Kerkraadslede is gebonde aan die besluite van die kerkraad. Die trustees van 'n trust, daarenteen, het diskresionêre mag, soos deur die reg bepaal. Kerkraadsbesluite mag dalk in terme van die gemenereg en die

spesifieke wetgewing rakende trusts nie uitvoerbaar wees nie. Indien al die trustees kerkraadslede is, word hulle in die onhoudbare posisie geplaas dat hulle aan besluite gebind is wat hulle nie mag of kan uitvoer nie.

Die trustees moet so onafhanklik moontlik wees en sonder verpligting teenoor enige ander instansie, om die trust te bestuur namens die kapitaal begunstigde, soos wat deur die gemenereg en wetgewing bepaal word. Dit is slegs in terme van dié regsreëls wat hulle aan die Meester verantwoording moet doen.

Verandering aan die trustees (bedanking en aanstelling) moet deur die Meester goedgekeur word. Dit verg baie moeite en bring 'n klomp rompslomp mee, veral in die lig daarvan dat kerkraadslede gereeld moet uittree.

Die take van die trustees verg kundigheid van hulle kant. Gedurige verandering in trustees, soos kerkraadslede met gereelde uittrede vervang moet word as trustees, bring 'n onvermydelike verlies mee aan kontinuïteit en kundigheid in die bestuur van die trust.

Die voorstel sluit nie uit dat al die trustees ook kerkraadslede mag wees nie. Dit sluit ook nie insae en insette deur die kerkraad uit nie. Die voorsitter van die kerkraad sal altyd *ex officio* optree as trustee. Die kerkraad is dus nooit uitgesluit nie, en sal altyd ingelig wees wat in die trust gebeur en geleentheid hê om eie insette te lewer.

7. Motivering vir die alternatiewe voorstel met betrekking tot Bepaling 32A 9.2:
*'n Trust wat opgerig is voordat Bepaling 32 A 9.2 van krag geword het, word van die vereistes in Bepaling 32A 9.2 uitgesluit, indien die Akte van Oprigting van sodanige trust strydig is daarmee.*

I Dit is 'n besonder moeilike saak om 'n bestaande Akte van Oprigting te wysig.
II 'n Bestaande trust kan nie anders bestuur word as in terme van sy Akte van Oprigting nie.
III Indien 'n bestaande trust se Akte van Oprigting die samestelling van die Raad van Trustees so reël, dat dit ook persone met kundigheid anders as lidmate van die plaaslike A P Kerk mag wees, kan die bepaling wat later in die Kerkorde ingeskryf is, nie terugwerkend van krag gemaak word nie.
IV Die alternatief behels nie 'n verandering in die artikels of bepalings van die Kerkorde nie, maar vra slegs 'n besluit in die verband deur die Sinode.

8. Motivering vir die wysiging aan Bepaling 32A 9.3 om te lees:
*Fondse wat uit die Trust deur die Trustees aan die kapitaalbegunstigde bewillig word, word as inkomste van die plaaslike gemeente geag en op sodanige fondse moet 15% deur die plaaslike gemeente aan die GK oorbetaal word.*

Afgelei uit die inligting in punt 5 verstrek, word die wysiging as volg gemotiveer:
Die pligte van die trustees is van so 'n aard dat geen ander party of instansie enige verpligting aan hulle kan voorskryf nie. As gevolg van die trustees se verantwoordelikheid aan die Meester en die regte wat aan hulle gegee is, bly dit uitsluitlik hulle reg om te besluit wat tot voordeel is van die kapitaalbegunstigde.

Wanneer daar 15% oorbetaal word uit fondse wat inkom in die trust, sal dit meebring dat wanneer daar 'n kapitaal vermindering as gevolg van verliese plaasvind, terugbetaling gedoen moet word deur die GK aan die trust van die reeds betaalde 15%. Hierdie praktyk sal die boekhouding ernstig kompliseer.

As daar net in die artikel van fondse gepraat word, sluit dit ook die vaste bates in, want dit word ook geag fondse van die trust te wees. Dit is nie kontant nie en hoe kan die 15% oorbetaling dan geskied?

Die boekhouding van 15% oorbetalings van fondse wat nog in die trust agterbly, sal blyk 'n onbegonne taak te wees. Daar sal boekgehou moet word van watter kapitaalfondse reeds 15% oorbetaal is en van watter nie.

Fondse wat deur die trust in belang van die kapitaalbegunstigde aangewend word, byvoorbeeld deur munisipale rekenings, salarisse of instandhoudingswerk te betaal, is fondse wat aan die kapitaalbegunstigde bewillig word. Op die fondse moet vanselfsprekend 15% oorbetaal word deur die plaaslike gemeente.

Omdat ’n trust ook ’n besigheid kan bedryf, kan fondse soos byvoorbeeld huurinkomste aangewend word om bedryfsuitgawes te dek. Dit staan los van die kerk se inkomste. As wins ontstaan, kan die trustees ’n bedrag bewillig aan die kapitaalbegunstigde, waarop dan, eers as dit oorbetaal word aan die kerk, 15% deur die kerk aan die GK betaalbaar is. ’n Trust kan nie vooraf reeds beswaar word met 15% op sy bedryfsuitgawes nie, omdat dit die belang van die kapitaalbegunstigde wesenlik benadeel, in stryd met die wetlike verpligtinge van die trustees.

**AANBEVELINGS**

**7.4.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.**

**7.4.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.**

**7.4.3 Die Sinode besluit dat gemeentes wat deur die kerkordelike bepalings rakende trusts geraak word, met die GKK moet skakel om hulle by te staan in die proses om alles in ooreenstemming met die bepalings te bring.**

**7.4.4 Die Sinode besluit dat die oprigting van ’n trust vreemd is aan ons gereformeerde kerkregering. Die Sinode volstaan dus by die huidige bepalings van die Kerkorde.**

*Motivering*

Die bepalings wat trusts raak, moes in die Kerkorde aangebring word toe ’n paar gemeentes, sonder om die kerkverband daarin te ken en heel moontlik vanuit onkunde, hierdie kollegialistiese weg opgegaan het. Die bepalings het eerstens ten doel om die gemeentes se eiendom, spesifiek die kerkgebou en pastorie, in die toekoms te beskerm, indien eiendom oorgedra sou word in ’n trust vir welke rede ook al; en tweedens ook om oneerlike transaksies met die oog op die ontduiking van die 15%-verpligting teenoor die kerkverband te probeer bekamp.

Dit is ’n beginsel dat elke gemeente ’n kerkraad moet hê wat die funksionering van die gemeente beheer en waarin die ouderlinge die gesag van Christus, die Hoof van die kerk in die gemeente moet uitoefen sodat voldoen kan word aan die orde-eis van 1 Kor.14:40.

Die oprigting van ’n trust kan die gemeente se eiendom van die kerkraad vervreem, met die gevolg dat die trustees, en nie meer die kerkraad nie, beheer oor die gemeentelike eiendomme het. Die kerkraad het sy reg oorgedra aan bestuurders, trustees, ’n besigheid, wat die mag het oor alle eiendomme en die finansies wat daarmee gepaard gaan. Dit beteken dus dat ’n gemeente se bates daardeur vervreem kan word. Selfs al is die gemeente die kapitaalbegunstigde, is en bly hulle nog afhanklik van die optrede en besluite van die trustees.

Die Sinode was verplig om, met die bestaan van ’n trust as ’n realiteit, te reël dat die kerkraad in beheer bly. Derhalwe het die kerke in kerkverband besluit om Bepaling 32A.9.2 deel van die Kerkorde te maak. Met die kerkraadslede van die gemeente as die trustees is gepoog om die gemeente, al is dit deur ’n wet, in beheer te hou van die funksionering van die gemeente.

Die beswaarskrif se argument dat net 50% plus 1 van die trustees kerkraadslede moet wees ter wille van ander kundiges wat dan ook trustees kan word, gaan nie op nie aangesien kundiges enige tyd deur die trustees gekoöpteer kan word.

Verder is dit meestal die gebruik dat nie al die kerkraadslede die raad van trustees vorm nie, maar slegs ’n beperkte aantal. Daar bestaan dus steeds ’n gevaar van groepsvorming wat verder kan lei tot spanning binne die kerkraad wat nie noodwendig altyd met die besluite van die raad van trustees sal saamstem nie.

Alles in verband met ’n trust word deur wetgewing vasgestel en gereël, wat die Kerkorde geheel ter syde stel. Die beswaarskrif is heel korrek met die stelling van die *trustakte is (immers) die grondwet van die trust*. En ook ’n *Trust is ’n onafhanklike regspersoon* en kan nie deur ’n instansie van buite voorgeskryf word wat hy moet doen of hoe die Raad van Trustees saamgestel moet word nie, (pt.11 van die beswaarskrif). So al bestaan die raad van trustees net uit

kerkraadslede bly die probleem egter steeds dat die Trust bedryf moet word volgens die wet oor die Beheer van Trusteiendom, dus 'n staatswet in plaas van die Kerkorde.

Intussen bepaal die Kerkorde in Artikel 66: *Hierdie Kerkorde (artikels en bepalings) is bindend op alle lidmate, kerkrade, ouderlingerade en meerdere vergaderings in die Afrikaanse Protestantse kerkverband.* 'n Lidmaat of kerkraad (gemeente) wat derhalwe artikels van die Kerkorde ignoreer, verwerp of oortree, het sigself buite die kerkverband geplaas. Bepaling 32A.9.2 het juis ten doel om die gemeente in die kerkverband te hou en wel binne die Presbiteriale stelsel en te verhinder dat dit verder in die Kollegialisme opgaan.

Bepaling 32A.9.3 se bedoeling is dat geen nuwe trusts deur 'n kerkraad met kerkraadsfondse opgerig mag word, alvorens die nodige 15% oorbetaling aan die kerkverband gedoen is nie. Die motivering hiervoor is bloot die feit dat sommige gemeentes oneerlik was en fondse wat die kerkraad ingesamel het later as trustfondse geoormerk het. Hierdie bepaling moet nie verstaan word asof dit gaan oor 'n trust se hantering van sy eie fondse nie.

Die Sinode moet verder daarteen waak om sondermeer artikels en bepalings te wysig ter wille van enkele gemeentes, terwyl die meeste ander gemeentes nie behoefte daaraan het nie.

Die KKS het begrip daarvoor dat daar gevalle was waar kerkrade betrokke geraak het by aktiwiteite wyer as die kerk se normale Woordbediening en dat trusts opgerig is om die kerk teen moontlike risiko te probeer beskerm. Sodra 'n aktiwiteit van die gemeente, anders as die normale bediening, by wyse van 'n ander regspersoon bestuur moet word, ontstaan die vraag of dit werklik op die kerk se terrein lê om daarmee besig te wees.

'n Gereformeerde kerkverband, wat volgens die presbiteriale kerkregeringstelsel ingerig word, behoort geen plek te hê vir die bestaan van 'n trust wat deur trustees bestuur word nie. Dit is 'n vorm van kollegialisme wat die kerk onwetend ingedring het en wat eerder uitgeroei as aangemoedig moet word.

## 7.5 RING VAN NEWCASTLE

ARTIKEL 43. BEPALING 43C

Die heilige nagmaal is toeganklik vir alle belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie. Vanweë die wese van die nagmaal en toesighouding deur die ouderlingeraad kan besoekende ongesensureerde belydende lidmate uit ander AP Kerke (gemeentes) of uit gemeentes van ander erkende gereformeerde kerke, tot deelname toegelaat word, mits hulle vooraf by die ouderlingeraad aansoek gedoen het en die ouderlingeraad positiewe mondelinge, maar verkieslik skriftelike getuienis oor die aansoeker ontvang het van die aansoeker se plaaslike ouderlingeraad, wyksouderling of predikant, of van 'n ongesensureerde lidmaat van die kerk waar die Nagmaal bedien word (kyk KO 2012, Sinodebesluit 15, bl. 184).

Voorstel:

Dat die volgende sin by Bepaling 43C bygevoeg sal word: *Lidmate (soms toegewyde ampsdraers) wat weens omstandighede nie aan die bepalings van Artikel 43C soos tans kan voldoen nie, en nagmaal wil gebruik, moet waak daarteen dat so 'n lidmaat nie 'n oordeel oor homself eet en drink nie.*

Motivering:
1. Soms kom besoekende lidmate eers agter dat nagmaal bedien gaan word as hulle klaar sit in die kerk en nou word die Heilige Sakramente hulle ontneem.
2. Vanaf die kansel moet sulke lidmate gewys word op I Kor. 11: 28,29: *Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.* Sulke lidmate gebruik die nagmaal op eie verantwoordelikheid.

**AANBEVELINGS**

**7.5.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.**

**7.5.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.**

*Motivering*

*Die Skrif*

As 1 Korinthiërs 11 bestudeer word, dan word dit duidelik dat Paulus hier met die gemeente self praat. In vers 18 staan daar byvoorbeeld: *Want in die eerste plek hoor ek dat, as julle saamkom in die gemeente, daar skeuring onder julle is…* Dit sou geen sin maak as dit na onder andere gaste wat net die Sondag die erediens bywoon verwys nie. Nee, dit handel hier oor die gemeente self.

Ook as 'n mens op vers 20 let, staan daar: *As julle dus saamkom, dan wil dit nie sê dat julle die nagmaal van die Here eet nie.* Dr. EP Groenewald skryf in sy kommentaar oor hierdie gedeelte die volgende: *Volgens wat Paulus gehoor het, tree daar onreëlmatighede in wanneer die gemeente byeenkom vir die maaltyd van die Here. In die grondteks staan daar: Wanneer julle saamkom "tot dieselfde".* Daarmee kan bedoel word: dieselfde plek of dieselfde doel. Waarskynlik was die uitdrukking: *saamkom tot dieselfde* – 'n gebruiklike segswyse vir: *saamkom as gemeente* (vgl. Hand. 1:15; 2:1, 44, e.a.). Dit wil dus sê dat die gemeente saamkom om hulle lewe as gemeente van Christus en hul onderlinge eenheid in die Here tot uitdrukking te bring (vgl. v. 18). By so 'n geleentheid neem die tafel van die Here 'n sentrale plek in. En nou sê Paulus dat die Korinthiërs op so 'n manier optree dat dit nie 'n maaltyd van die Here is wat hulle hou nie.

Hieroor moet gevolglik elke lidmaat in die gemeente nou selfondersoek doen, want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself. Elke lidmaat moet hand in eie boesem steek.

1 Kor. 11: 28-29 kan nie as argument gebruik word vir gaste wat teenwoordig is in 'n bepaalde gemeente waar die nagmaal gevier gaan word, dat indien hulle net dít nakom hulle welkom is om nagmaal te gebruik nie. Die bedoeling van Paulus is nie om 'n oop beginsel vir almal hier te stel nie, maar 'n bepaalde beginsel vir elke lidmaat van die bepaalde gemeente waar nagmaal gevier gaan word. Daar is tog veel meer beginsels en aspekte wat die nagmaal raak as net hierdie een. Daar is byvoorbeeld die hele saak van toesig en selfs tug wat deur die Opsieners toegepas moet word; Belydenis van Geloof wat eers afgelê moet word voordat 'n persoon tot die nagmaal toegelaat mag word; verskillende beleidstandpunte van verskillende kerkverbande; ens.

Van vers 30 af is dit ook duidelik dat Paulus hier met die gemeente self praat as hy dit onder hulle aandag bring dat vanweë hulle sondige optrede as lidmate van die gemeente, ook tydens die nagmaalvieringe, daar allerhande kwale en self sterftes onder die gemeente voorgekom het, waardeur die Here die gemeente tot verantwoording roep.

*Die Belydenisskrifte en die geskiedenis*

In die gereformeerde geskiedenis is dit ook duidelik dat gaste nie toegelaat is om nagmaal op eie verantwoordelikheid te gebruik nie. In 'n advies wat Rutgers in 1907 geskryf het staan die volgende: *Dus, eenerzijds, niet alle vreemdelingen onvoorwaardelijk afwijzen. Maar, anderzijds (en dit is van niet minder beteekenis), ook niet alle vreemdelingen onvoorwaardelijk toelaten, enkel en alleen op hunne eigene verantwoordelijkheid. Dat te willen stellen, zou eigenlijk beteekenen, dat men feitelijk en zelfs principieel de kerkelijke discipline terzijde stelt, en dat men juist op het gebied der kerk, voor welke de scheiding tusschen heilig en onheilig eene levensvoorwaarde is, de grenslijn tusschen die beide niet meer erkent. Naar den eisch van Gods Woord en van de daarop gegronde belijdenis onzer kerken moet er bij de viering van het Heilig Avondmaal kerkelijk toezicht zijn op de belijdenis en den wandel van degenen, die tot de deelneming aan die viering worden toegelaten, opdat ontheiliging van het heilige zooveel mogelijk voorkomen worde, en althans de gemeente zelve daaraan niet mede schuldig sta door nalatigheid of verzuim.*

Hy gaan dan voort om DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS, vraag en antwoord 82 te gebruik ter stawing van sy standpunt.
***Vraag***: *Moet ook diegene aan die Nagmaal toegelaat word wat hulle met hul belydenis en hul lewe as ongelowige en goddelose mense gedra?*
***Antwoord***: *Nee want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die ganse gemeente verwek(*). Daarom is die Christelike kerk verplig, volgens die voorskrif van Christus en van sy apostels, om sulke mense deur die sleutels van*

*die hemelryk uit te sluit totdat hulle verbetering van hul lewe bewys.* (*)1 Kor. 11:20, 34; Jes. 1:11; 66:3; Jer. 7:21; Ps. 50:16.

Die hele gemeente word betrek as die nagmaal op onwaardige wyse gebruik word. Daarom het die gemeente biddend ampsdraers verkies, soos God dit ingestel het, om namens die gemeente toesig te hou dat die tafel van die Here nie ontheilig word nie.

Die Gereformeerde Kerke in Nederland het al in die agttiende eeu bepaalde reëls daargestel wat gaste by die nagmaal aanbetref, wat die ampsdraers moes toepas. Hierdie reëls stem in 'n groot mate ooreen met Bepaling 43C van ons Kerkorde. Gaste moes aansoek doen om nagmaal in 'n plaaslike gemeente te nuttig. Getuienis moes ingewin word oor so 'n aansoeker se belydenis en lewenswandel. Daar moes so ver menslik elke moontlike stap deur die ampsdraers geneem word om te verseker dat die nagmaal nie ontheilig word nie, sodat daar nie 'n oordeel oor die gemeente geëet en gedrink word nie.

*Die AP Kerke*

Die AP Kerke handhaaf ook die beginsel dat die ouderlinge toesig moet hou oor die nagmaal. So word dit dan ook in die Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge uitgespel: *Hou toesig oor die suiwere bediening van die Woord, en dra sorg dat die sakramente nie ontheilig word nie.* Artikel 21 van die Kerkorde wat die opdrag van die ouderling uitspel stel ook die volgende: *die uitoefening van regering, opsig en tug oor die gemeente saam met die bedienaar(s) van die Woord; die goeie orde, dissipline en instandhouding van die erediens; verantwoordelik vir die gereelde eredienste en sakramentsbediening.*

Huisbesoek moet ook voor elke nagmaal gedoen word waar die ouderling die belydende lidmate oproep tot die nagmaal. Let wel, nie uitnooi nie, maar oproep tot die nagmaal. Die oproep hou in dat lidmate hulleself moet ondersoek voordat hulle nagmaal gebruik sodat hulle nie 'n oordeel oor hulleself eet en drink nie; ook dat hulle vas moet glo dat hulle oortredings vergewe is alleen op grond van die soenverdienste van die Here Jesus Christus; verder dat daar 'n ernstige voorneme moet wees om voortaan deur hul hele lewe dankbaarheid aan die Here te bewys deur in ware liefde teenoor Hom en die naaste te lewe.

As daar, wat die nagmaal aanbetref, so 'n strenge toesig is oor lidmate van die plaaslike gemeente, kan daar tog sekerlik nie wat gaste aanbetref alle verantwoordelikheid aan hulleself oorgelaat word nie. Ouderlinge moet besef dat hulle verantwoording voor God sal doen oor hulle opsig-plig.

Dit kom ook duidelik in Bepaling 43C na vore dat die ouderlingeraad toesig moet hou selfs wat gaste aanbetref. Daarom sal dit nie wys wees om die voorgestelde sin by hierdie bepaling te voeg nie. Deur die volle verantwoordelikheid wat dié saak betref op die gaste te plaas, al is dit net in bepaalde gevalle (soos voorgestel), trek 'n streep deur die hele toesighouding van die ouderlingeraad by die nagmaal.

### 7.6 RING VAN KIMBERLEY

Die Sinode besluit om die volgende wysigings te aanvaar op die besluit van die 1993 Sinode, oor die ontbinding van die Kommissie vir Sending en Evangelisasie, en die herinstelling van die Kommissie van Sending en Evangelisasie.

<u>Huidige sinodale besluit:</u>

Die roeping van onse Here Jesus Christus, die Koning van ons kerk, is onontkombaar. Om waarlik kerk van die Here te wees, moet hierdie roeping daadwerklik gehoorsaam word deur alle lidmate en kerkrade. Ons durf nie ons gewetens probeer sus met die bestaan van 'n sinodale kommissie of ons primêre verantwoordelikheid in hierdie opsig probeer verplaas na 'n sinodale kommissie nie. Derhalwe word die sinodale kommissie vir Sending en Evangelisasie ontbind en elke ouderlingeraad in die kerkverband ernstig opgeroep om afsonderlik en gesamentlik sending- en evangelisasie-aksies te inisieer terwyl die SKK gelas word om
i) waar moontlik te help om sodanige aksies te koördineer;
ii) waar nodig in die naam van die kerk skakeling met die owerheid of owerhede te behartig; en

iii) toe te sien dat op elke Sinode verslag gedoen word van die stand van sending en evangelisasie in die AP kerkverband (1993).

Voorgestelde besluit:

Die Sinode besluit: Die roeping van onse Here Jesus Christus, die Koning van ons kerk, is onontkombaar. Om waarlik kerk van die Here te wees, moet hierdie roeping daadwerklik gehoorsaam word deur alle lidmate en kerkrade. Iedere ouderlingeraad in die kerkverband word ernstig opgeroep om afsonderlik en gesamentlik sending- en evangelisasie-aksies te inisieer terwyl die Kommissie vir Sending gelas word om
i) waar moontlik te help om sodanige aksies te koördineer; en
ii) toe te sien dat op elke Sinode verslag gedoen word van die stand van sending in die AP kerkverband.

Motivering

Handelinge 15:1-35 word beskou as die eerste Sinode in die geskiedenis van die Christelike Kerk. Tydens hierdie vergadering het dit gegaan oor die verkondiging van die Evangelie aan die heidennasies. Daar het vraagstukke ontstaan oor wat van hierdie bekeerde heidene verwag word, en hierop moes antwoorde gegee word. Om te beweer dat 'n Sinode nie sekere verantwoordelikhede tot sending het nie, is nie waar nie.

Die Sinodale kommissie se lasgewing sou nie wees om fisies die werk van die plaaslike gemeente oor te neem nie, maar wel die plaaslike gemeentes blootstelling te gee aan moontlike projekte. Die huidige besluit sê dat gemeentes in ringe met mekaar kan saamwerk. In die praktyk sou dit moontlik wees dat daar net een gemeente in 'n bepaalde ring is wat by 'n projek betrokke wil raak. Die Sinodale kommissie kan hierdie gemeente met ander skakel wat ook betrokke wil raak, sodat hulle self by 'n besluit kan kom oor hoe hulle met mekaar gaan skakel en betrokke raak.

'n Interessante besluit is by die Sinode in 1988 geneem:

*Die Sinode besluit dat die APK begin met 'n georganiseerde Sendingaksie in Hillbrow, Johannesburg, onder blankes. Die Sinode besluit dat die plaaslike APK in Hillbrow gevra word om met die aksie te begin. (1988)*

Volgens die besluiteregister van vorige sinodes, is daar nooit revisie op hierdie besluit geneem of gevra nie. Daar het ook nog nooit 'n beswaarskrif oor hierdie besluit gedien nie.

**AANBEVELINGS**

**7.6.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.**

**7.6.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.**

Motivering

1. Daar is in die huidige sinodebesluit waarteen beswaar gemaak word geen bewering dat die Sinode nie sekere verantwoordelikhede tot sending het nie. Dit is juis hoekom die SKK volgens die huidige besluit opdrag het om sendingaksies te koördineer en om aan die Sinode verslag te doen.

2. Al waarvoor die beswaarskrif vra is om die deel van die SKK se opdrag oor die koördinering van sendingaksies en verslagdoening aan die Sinode nou die opdrag van 'n spesifieke kommissie te maak.

3. Die beswaarskrif sou eerder moes aantoon waarom die SKK nie langer hierdie opdrag moet uitvoer nie en waarom 'n ander kommissie die opdrag moet oorneem. Indien die SKK nie hierdie opdrag kan uitvoer nie of indien hierdie deel van sy opdrag te veeleisend geword het, sou mens tog verwag het dat die SKK hiervoor sou vra en nie die Ring van Kimberley nie.

4. Die beswaarskrif sou ook ’n lasgewing vir so nuwe kommissie moes voorlê aan die Sinode. Soos dit tans lui sou die kommissie se lasgewing uit slegs twee punte bestaan naamlik die koördinering van sendingaksies en verslagdoening aan die Sinode.

5. Dit sal ’n onnodige vermorsing van geld wees om so aparte kommissie in die lewe te roep, terwyl dit reeds deel is van die SKK se opdrag.

## 7.7 RING VAN KIMBERLEY

TOELATING VAN VOORMALIGE PREDIKANTE OM IN GEMEENTES TE PREEK
Die Sinode besluit dat die volgende by punt 2 van Bylae 1 van die Kerkorde as punt 2.3 bygevoeg word om soos volg te lees:

2.3 'n lidmaat van die AP Kerke wat voorheen deur die Kuratorium tot predikante in die verband van AP Kerke toegelaat is, en wat nie oneervol uit die bediening getree het of tot 'n ander lewenstaak oorgegaan het nie, word onder die volgende voorwaardes toegelaat om in ander gemeentes as dié waar hulle lidmate is, eredienste te lei:
2.3.1 dat hy nie oneervol uit die bediening getree het of tot 'n ander lewenstaak oor gegaan het nie. Indien dit wel die geval mag wees, moet die Kuratorium besluit of daar genoegsaam remediëring plaasgevind het.
2.3.2 die vergunning word deur die Kuratorium toegestaan ná 'n versoek deur die betrokke lidmaat (oud-leraar) in dié verband. Die versoek moet vergesel word van verslae van die betrokke lidmaat se huidige kerkraad, sowel as kerkraad waaruit hy tot 'n ander lewenstaak oorgegaan het, ten opsigte van leer en lewe.
2.3.3 ten opsigte van die vergoeding, word 'n reistoelae betaal volgens die tarief wat deur die SKK vasgestel is. Die bedrag wat per preek betaal word, moet ooreenstem met dit waarop die SKK jaarliks besluit. Die inkomste hieruit mag nie die primêre bron van inkomste vir sodanige persoon wees nie.

Motivering

1. Baie gemeentes, veral op die platteland, is te klein om 'n voltydse leraar te bekostig, met die gevolg dat enige groei of instandhouding in sodanige gemeentes bykans onmoontlik is. Hulle verdwyn uiteindelik in die sand.
2. Tans is daar te min voltydse predikante én emeriti in die AP kerkverband, om hoegenaamd aan die behoeftes te voldoen.
3. Daar word baie gebruik gemaak van leraars van ander kerkgenootskappe onder voorwaarde dat hulle deur die SKK goedgekeur en aanvaar word. Baie van hierdie leraars se wyse van bediening, preek en inhoud is nie noodwendig ooreenkomstig die etos van die AP Kerke nie.
4. Daar is 'n aantal lidmate in AP Kerke wat voorheen deur die Kuratorium tot leraars in die verband van AP Kerke toegelaat was en wat nie oneervol uit die bediening getree het of tot 'n ander lewenstaak oorgegaan het nie. Hulle kan met toestemming of met preekvergunning, waardevolle diens in die kerk verrig.

**AANBEVELINGS**

**7.7.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is nie ontvanklik nie.**

**7.7.2 Die Sinode besluit om die volgende toevoeging in Bylae 1 van die Kerkorde aan te bring:**

**7.7.3 Die Sinode besluit die bedoeling van Bylae 1 punt 3.1 is om leesdienste in ’n plaaslike kerk te reël. Die bedoeling is nie om iemand wat nie meer status in die AP kerkverband het die geleentheid te gee om teen betaling te preek nie. Die praktyk dat voormalige leraars wat nie meer status het nie, lidmate word in gemeentes waar hulle nie woon nie, net sodat hulle as manlike lidmate daar kan preek, druis in teen die bedoeling van 3.1 hierbo.**

1. Die sluitingsdatum vir die indien van beswaarskrifte en beskrywingspunte was 22 Maart 2013. Bogenoemde beswaarskrif was laat.

2. Selfs al sou die beswaarskrif ontvanklik wees, is dit niks anders nie as 'n voorstel tot 'n "tentmakersbediening" waarteen die Sinode reeds standpunt ingeneem het.

3. Die KKS stel voor dat punt 3 van Bylae 1 verdeel word in 3.1 en 3.2. Die huidige punt 3 word dan 3.1 en 'n nuwe 3.2 word bygevoeg.

Die praktyk het ontstaan dat gemeentes persone wat van die amp van leraar is, gebruik om "leesdienste" te hou. Sodanige persone word dan lidmaat van die plaaslike kerk (terwyl hulle in die meeste gevalle nie eers in die dorp woon nie) en dan oordeel die kerkraad dat hy as manlike lidmaat volgens Bylae 1 leesdienste mag hou. Die KKS oordeel dat dit 'n oneerlike praktyk is om in een dorp te woon en dan lidmaat in 'n ander dorp te word net sodat jy in daardie plaaslike gemeente kan preek en nog boonop daarvoor betaal word.

Daar moet in gedagte gehou word dat die meeste van die persone wat op hierdie wyses deur kerkrade gebruik word, op die een of ander stadium deur 'n ring afgesit of geskors was en/of na 'n tyd status verloor het. Sommige van die persone het ook by verskillende Kuratoriums weer aansoek om status gedoen en dit is nie toegestaan nie. Daar moet dus verstaan word dat hier 'n praktyk ontwikkel het waarin persone wat leraars in die AP kerkverband was, in plaaslike kerke "leesdienste" hou en daarvoor vergoed word. Sodanige persone ontvang vergoeding vir die diens en reiskoste.

Die Sinode moet hom uitspreek of dit die bedoeling van Bylae 1 is en of hierdie optrede 'n verdraaiing van 'n Sinodebesluit is.

## 7.8 RING VAN ROODEPOORT

Beswaarskrif

Die Sinode besluit om Beroepsbrief D, die beroepsbrief vir emeritusleraars, te verander sodat die termyn van ses maande vervang word met 'n termyn wat deur die Kerkraad bepaal word.

Paragraaf vier van Beroepsbrief D lui tans soos volg:

"Die Kerkraad deel u graag mee dat u op ……………………………………. beroep is tot herder en leraar van die gemeente vir 'n vaste termyn beginnende op die datum van u bevestiging en eindigende ses maande daarna. Indien die Kerkraad u diens daarna verder wil gebruik, word u dienstermyn met 'n verdere ses maande verleng. Sodanige verlenging, en enige verder verlenging, wat telkens nie langer as ses maande mag wees nie, word telkens deur 'n Kerkraadsbesluit bevestig sonder dat u weer met gebruikmaking van die bevestigingsformulier bevestig hoef te word."

Paragraaf vier van die beroepsbrief word gewysig om soos volg te lui:

*Die Kerkraad deel u graag mee dat u op ……………………………………. beroep is tot herder en leraar van die gemeente vir 'n vaste termyn van ……………………………………. wat sal begin op die datum van u bevestiging. Indien die Kerkraad u diens daarna verder wil gebruik, word u dienstermyn met 'n verdere tydperk verleng. Sodanige verlenging, en enige verder verlenging, word telkens deur 'n Kerkraadsbesluit bevestig sonder dat u weer met gebruikmaking van die bevestigingsformulier bevestig hoef te word.*

Gronde vir die Beswaar
Dit is onbillik om van 'n emeritusleraar, wat ver buite die gemeentegrense woon, te verwag om sak en pak vir slegs ses maande of 'n jaar te verhuis, net om daarna weer terug te moet verhuis.
Die Kerkraad is 'n selfstandige vergadering wat, met inagneming van die gemeente se situasie en finansiële vermoë, sy eie besluite oor die dienstydperk van 'n emeritusleraar kan neem.

**AANBEVELING**

**7.8.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is nie ontvanklik nie.**

Motivering

Die sluitingsdatum vir die indien van beswaarskrifte en beskrywingspunte was 22 Maart 2013. Bogenoemde beswaarskrif was laat.

Selfs al sou die beswaarskrif ontvanklik gewees het, geld die volgende:

1. Die ses maande dienstermyn is 'n redelike tydperk in ag genome die feit dat die leraar reeds geëmeriteer het (dus na alle waarskynlikheid reeds die ouderdom van 70 jaar bereik het) en nie altyd meer die krag en die lus het van 'n jonger en voltydse leraar om aan die volle eise van die bediening te voldoen nie. Dit laat beide partye met die geleentheid om die kontrak nie te verleng nie, indien dit die geval sou wees.

2. Indien die ses maande-periode verleng sou word na 'n onbepaalde tyd, kan dit ernstige gevolge vir so 'n gemeente inhou:

Wat sou gebeur indien so 'n leraar na 'n tyd siek word en nie meer sy ampspligte kan nakom nie, maar die gemeente is kontraktueel gebind om hom in diens te hou. So 'n leraar kan nie net summier ontslaan word nie, dit sou arbeidsregtelike implikasies inhou.

Indien 'n leraar vir 'n onbepaalde tydperk in diens is, sou dit probleme vir 'n gemeente inhou wanneer daar ontevredenheid ontstaan oor die leraar se werk. Klagtes word van gemeentes ontvang oor leraars wat selfs binne die bestaande ses maande tydperk nie aan verwagtings voldoen nie en gemeentes dan liewer voel om die ooreenkoms te beëindig maar dan kontraktueel gebind is. 'n Onbepaalde dienstermyn sou die kerkraad onder die eis van kontrakverbreking plaas indien die leraar se diens beëindig wil word.

3. 'n Voltydse leraar is volgens pensioenfondsreëls verplig om aan die pensioenfonds te behoort. Hierdie eis is nie van toepassing op 'n emeritus nie. Die feit is dat 'n onbepaalde dienstermyn so 'n leraar permanensie verleen in die gemeente waar hy dien. Indien 'n on-geëmeriteerde leraar in diens tot sterwe sou kom, is die gemeente verplig om sy gade nog vir 6 maande te versorg. Ingeval van 'n emeritus met 'n 6 maande kontrak is die gemeente onder 'n 3 maande verpligting. Hierdie situasie sou verander wanneer die leraar in 'n "oop kontrak" aangestel is aangesien hy dan as permanent geag word. Die vraag is of so 'n gemeente dit finansieel sou kan bekostig, sou hulle dan met 'n volgende emeritus 'n ooreenkoms wil aangaan.

4. Die billikheid van 'n ses maande-ooreenkoms, gesien in die lig die leraar se verhuising (soos deur die ring gemotiveer) hou nie water nie, aangesien daar met die leraar onderhandel moet word voordat die beroep uitgebring word.

## 8. APPÈLLE

Indien daar voor die Sinodesitting appèlle ontvang word, sal dit tydens die sitting bekend gemaak word.
Hierdie verslag is deur die KKS voorberei en goedgekeur op sy vergadering van 24 April 2013.
Ons vertrou dat die KKS uitvoering gegee het aan die opdragte volgens sy lasgewing.
Ons bid die Sinode die seën van die Here toe.
Ds. JL Schütte (voorsitter); Ds. WJA van Schalkwyk (skriba)

# BYLAE KKS1

# EGSKEIDING EN STATUS

'n Saak waarmee die KKS die afgelope drie jaar gekonfronteer was, is die feit dat van ons leraars in egskeidings betrokke was en dat die uitkomste van die ondersoeke nie konsekwent dieselfde was nie. Sekere leraars wat geskei het, het status behou terwyl ander hul status verloor het. Die KKS het selfs kennis geneem dat daar smalend na die AP Kerke verwys word as die kerk vir geskeide dominees.

Na aanleiding hiervan ag die KKS dit uiters belangrik dat die Sinode leiding sal gee ten opsigte van die toekomstige hantering van hierdie saak. Die volgende studiestuk sal poog om Bybelse beginsels te ondersoek om die Sinode sodoende by te staan in die besluit.

*Vertrekpunt*

Dit is belangrik om daarop te let dat wêreldse motiewe en argumente nie hier die deurslag mag gee nie. Ons het hier met 'n Bybelse saak te make en daarom moet die kerk gehoorsaam luister na die beginsels wat ons in God se Woord vind. Hier moet dus aan die een kant gewaak word om nie wêrelds en post-modernisties met die vraag om te gaan nie, maar aan die ander kant moet die kerk ook waak om nie minder genadig as God te wees nie. Hier moet dus 'n antwoord gevind word wat beide die eer van God en die beeld van die kerk, soos die Here dit van die kerk eis, in die wêreld waardig sal wees.

Wat in hierdie saak geweldig belangrik is om te onthou, is dat God die standaarde stel en nie die kerk nie. God stel die vereistes en standaarde waaraan 'n bedienaar van die Woord moet voldoen en wanneer die kerk poog om dit met wêreldse argumente te verlaag, het ons ontrou geword aan die Een wat ons geroep het om sy heilige Naam hier te verkondig.

Die bekende teoloog dr. John MacArthur (http://www.gty.org/resources/articles/A256/should-fallen-pastors-be-restored) gee vir ons 'n ernstige waarskuwing om in gedagte te hou in die beredenering van hierdie saak:
*Gross sin among Christian leaders is a signal that something is seriously wrong with the church. But an even greater problem is the lowering of standards to accommodate a leader's sin. That the church is so eager to bring these men back into leadership is a symptom of rottenness at the core... Our pattern for ministry is the sinless Son of God. The church is to be like Him and her leaders are to be our models of Christlikeness.*

*Doel van die studie*

Hierdie kort studie sal poog om antwoorde te vind op twee vrae, nl.: Kan 'n leraar wat skei in die bediening bly én mag die kerk 'n geskeide tot die bediening toelaat?

Om hierdie twee vrae te beantwoord, sal 1 Tim. 3:1-7 en Tit. 1:5-9 as basis van die beredenering gebruik word. Albei hierdie gedeeltes handel oor die vereistes waaraan 'n persoon moet voldoen voordat hy tot die amp toegelaat kan word. Om misverstand te voorkom, dien dit vermeld te word dat Paulus die ouderlinge-amp ook noem met “opsieners”, “herders”, “oudstes”. Die leraar is ook 'n ouderling, 'n ouderling wat arbei in woord en leer (1 Tim. 5:17). Juis daarom is bogenoemde twee teksgedeeltes ook op die leraar van toepassing.

Dit is belangrik om ook raak te lees dat Paulus in die teenwoordige tyd skryf. 1 Timótheüs 3 en Tit. 1 stel die vereistes vir iemand wat in die hede – soos sy situasie nóú lyk – ouderling/leraar wil wees. Hierdie feit – dat Paulus in die teenwoordige tyd skryf – gee duidelike riglyne na albei kante van die vraag van die status van 'n leraar wat skei.

Aan die een kant moet ons insien dat die teenwoordige tyd duidelik aandui wat die vereistes is waaraan die leraar op die oomblik waarop sy saak hanteer word, moet voldoen. Daarom sal ons probeer aandui dat hy moontlik nie aan hierdie vereistes kan voldoen ten tye van sy egskeiding nie. Aan die ander kant sal gepoog word om aan te toon dat dit nie vir iemand onmoontlik is om weer aan hierdie vereistes te voldoen nie en daarom later dalk weer tot die bediening kan toetree.

*Bybelse gronde vir egskeiding*

Die huweliksformulier (Kerkboek van die Afrikaanse Protestantse Kerk) lui: *Uit die Bybel* is dit duidelik dat die verbintenis tussen man en vrou *onder die seënende hand van die Here bestaan* (Gén. 1:28) *en dat dit 'n lewenslange verbintenis is* (Gén. 2:24; Mt. 19:5-9). *Die instelling van die huwelik deur God is die diepste motief vir die bewaring en behoud van die huwelik* (Gén. 2:18; 3:20; Joh. 2:1-11; Efés. 5:32).

Twee baie belangrike waarhede kom hier na vore:
1. God lei gelowige huweliksmaats na mekaar. Wanneer gelowiges trou, is dit 'n belydenis dat dit God is wat hulle saamgevoeg het.
2. Omdat dit God is wat saamvoeg, mag die huwelik nie weer verbreek word nie. Die Here Jesus sê dit baie duidelik in Mt. 19:6.

Hierdie twee waarhede vorm die basis vanwaar oor egskeiding gepraat moet word.

Na aanleiding van bogenoemde twee sake is dit duidelik dat egskeiding lynreg in stryd is met God se skeppingsorde. Die Here Jesus sê in Mt. 19:8 dat God se bedoeling met die huwelik nie was dat mense mag skei nie, want Hy het dit nie van die begin af so verorden nie. Geen wonder dat God egskeiding haat nie (Mal. 2:16). Daarom moet verstaan word dat dit die roeping van die leraar is om God se doel met die huwelik in sy eie huwelik na te streef.

Daar word in die Skrif twee gevalle aangetoon wanneer die huwelik wel verbreek mag word (let wel nie móét nie):

1. Die Here Jesus sê dat 'n man van sy vrou mag skei weens hoerery (Mt. 5:32; 19:9). Hierdie eerste rede is seker die gewigtigste, aangesien hoerery 'n verbreking van die huweliksbelofte (en die verbond tussen man en vrou – vergelyk Mal. 2:14) en in wese 'n ontbinding van die huwelik is.

   Wanneer bevind word dat die eggenote in werklikheid hoereer het, is daar Bybelse gronde vir die leraar om te skei. Hier moet egter deur die ouderlingeraad en ring gewaak word om nie bloot by die aanhoor van hierdie feite oor die saak te beslis nie. Soos later in die stuk sal blyk, moet daar seker gemaak word dat hy nie dalk aanleiding gegee het tot, óf sy vrou gedryf het tot hoerery nie. Daar sal erns gemaak moet word met die vereiste dat 'n leraar sy eie huis goed moet regeer.

   Wanneer die saak van huweliksontrou deur die eggenote van die leraar op die tafel van die ouderlingeraad of ring kom, moet noukeurig seker gemaak word dat alle feite openbaar word. Dit is belangrik dat die man/vrou wat na bewering met die eggenote van die leraar in 'n buite-egtelike verhouding betrokke was waar moontlik ook in die ondersoek betrek word. Ook sy/haar getuienis moet aangehoor word. Dit is belangrik dat hierdie saak in die ondersoek hanteer word, aangesien dit al in die verlede gebeur het dat die eggenote van 'n leraar sê dat sý 'n buite-egtelike verhouding het net sodat die leraar nie sy status verloor nie en steeds vir haar sal kan sorg as die egskeiding afgehandel is.

2. In 1 Kor. 7:10-15 sê Paulus dat egskeiding geoorloof is wanneer een van die huweliksmaats ongelowig is of word.

   Paulus stel dit egter nie as 'n móét nie. Sy uitgangspunt is steeds dat die huwelik deur God ingestel is en daarom nie ontbind mag word nie. Die gelowige man of vrou mag egter nie die inisiatief tot egskeiding neem nie (vs. 15). Dit is slegs wanneer die *ongelowige* wil skei omdat hy/ sy nie kans sien vir die godsdiens van die gelowige nie, dat tot 'n egskeiding oorgegaan mag word. Blykens vers 13 moet die gelowige nie 'n egskeiding aanhangig maak as die ongelowige lewensmaat nie wil skei nie.

   Prakties beteken dit dat die leraar nie vir egskeiding moet vra indien sy vrou ongelowig word nie, maar alles in sy vermoë moet doen om die huwelik nie te laat ontbind nie. In vers 15 word dit wel toegegee dat indien die ongelowige wil skei, dit toegelaat moet word. Groenewald sê wanneer daar egter 'n situasie intree in die gemengde huwelik (een is ongelowig) waar die lewe van die gelowige ondraaglik gemaak word tot skade van die geestelike lewe, word dit belangriker om die siel te red as om die band van die huwelik te behou. Die inisiatief tot skeiding mag wel nie van die gelowige kom nie, maar as die ongelowige wil skei, moet die gelowige die geleentheid tot vryheid aangryp.

*God se vereistes en die leraar se egskeiding*

Wanneer die saak van die egskeiding van 'n leraar op die tafel van die ouderlingeraad of ring kom, kom al die vereistes van die Skrif in die gesigsveld. Heel dikwels is die rede tot egskeiding juis omdat die ander vereistes van 1 Tim. 3 en Tit. 1 nie nagevolg word nie. Die rede vir die egskeiding is dalk die feit dat hy 'n drinker of vegter of vuilgewinsoeker of onvriendelik of strydlustig of geldgierig is (1 Tim. 3:3). Alhoewel hierdie sake nie nou hanteer gaan word nie, bly dit die ouderlingeraad en ring se verantwoordelikheid om hierdie sake ook te ondersoek.

Vir hierdie studie word slegs gefokus op die vraag of die leraar wat skei status kan behou of nie. Die drie vereistes wat direk met die saak van egskeiding in verband staan, is *onberispelik*, die *man van een vrou* en sy *eie huis goed regeer*. Ons sal eers vra na die bedoeling en betekenis van hierdie drie vereistes en daarna poog om dit prakties toe te pas op die situasie van die leraar wat skei.

*Voortreflike werk*

Voordat ons die drie vereistes hanteer, is dit nodig om eers van 1 Tim. 3:1 kennis te neem: *Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n voortreflike werk.*

Om herder en leraar te wees, is nie maar net nog 'n werk nie. Dit is 'n uiters verantwoordelike werk en roeping om oor die gemeente van die Here aangestel te wees. Dit is 'n voortreflike werk aangesien jy direk in die Here se diens staan. Dit is voortreflik, want jy staan onder direkte gesag en opdrag van die Koning van die kerk. Wat meer is, 'n leraar tree nie net in die Naam van die Koning op nie – hy is ook verplig om die gesag van die Koning te bedien. Daarom is die amp van die bedienaar van die Woord nie net 'n wonderlike en voortreflike amp nie, maar ook 'n amp met 'n geweldige verantwoordelikheid.

Met hierdie vertrekpunt in gedagte kan ons nou na die Koning se vereistes kyk.

*Onberispelik*

Dit is belangrik om te sien dat Paulus twee maal in sy brief aan Titus sê dat 'n ouderling/leraar onberispelik moet wees (Tit. 1:6,7). Hy sê dit twee maal, want dit is uiters belangrik. As iemand onberispelik is, beteken dit dat die ander vereistes waaraan 'n leraar moet voldoen, reeds by hom aanwesig sal wees. Onberispelik vorm dan eintlik die versamelnaam vir al die vereistes wat God stel. As Paulus in 1 Tim. 3:2 sê dat die opsiener/leraar onberispelik moet wees, word dit die versamelnaam vir sestien ander vereistes of voorwaardes waaraan 'n leraar moet voldoen.

In sy kommentaar op die Pastorale Briewe sê dr. H Ridderbos die persoon wat die opsienersamp begeer, moet "onaangrypbaar" wees. Hy moet so optree dat mense geen lasterlike ding of grondige kritiek teen hom kan uitspreek nie. Dr. C Bouma sê dat daar geen enkele grond of oorsaak mag wees waarom mense enige iets teen hom kan sê nie. Calvyn sê dat hy onbestraflik moet wees, dat hy nie met 'n slegte naam of skande belas moet wees nie, want daardeur sal hy sy outoriteit in die gemeente verloor.

Vir proponente geld volgens hulle Formulier van Bevestiging: Hulle het liefde vir die Koning van die kerk, Jesus Christus; hulle moet in die bediening 'n lewe van volle toewyding aan God lei; hulle moet wandel volgens die roeping waarmee die Here hulle geroep het, in geloof en liefde; hulle moet hulle beywer vir die Christelike sedes.

In die Formulier vir die bevestiging van 'n Bedienaar van die Woord word vereis dat die bedienaar *nougeset op sy eie lewenswandel moet let, sodat sy liefde vir die Here vir almal duidelik sal wees.* Om God lief te hê, beteken volgens 1 Joh. 5:3 dat 'n kind van die Here die gebooie van die Here moet bewaar. In hierdie verband geld dit ook die verbod op egskeiding. Die Formulier sê verder dat die predikant vir almal 'n aansporing tot toegewyde diens moet wees. Hy staan in 'n amp waardeur mense tot saligheid en opbou in die geloof gelei moet word.

Hoe kan hy hierdie dinge doen as hy die Sewende Gebod oortree?

Uit die bogenoemde kan ons sê dat 'n leraar se lewe en optrede *bo verdenking* moet wees. Dit beteken dat daar niks moet wees waaroor hy ten regte, om grondige redes, aangekla of beskuldig kan word nie. Dit beteken beslis nie dat hy

sondeloos of sonder gebreke moet wees nie, want dan sou daar niemand geskik gewees het om in die amp te dien nie. *Onberispelik of bo verdenking beteken dat 'n leraar op so 'n wyse moet leef dat niemand hom kan beskuldig dat hy die liggaam van Christus in die skande bring nie.*

*Man van een vrou*

Deur die geskiedenis was daar verskil van mening oor hierdie vereiste vir 'n ampsdraer. Sommige het die probleem van leraars wat skei met hierdie voorskrif probeer beantwoord. Daar is dan geredeneer dat indien 'n ampsdraer skei (of as sy vrou sterf) en hy dan vir 'n tweede keer trou, hy meer as een vrou gehad het en daarom ongeskik is vir die amp.

Veel eerder moet met Calvyn en ander saamgestem word dat die Skrif dit verbied dat 'n ampsdraer meer as een vrou op enige gegewe tydstip mag hê – nie deur poligamie nie, dit is veelwywery, (bekende verskynsel onder die mense van daardie tyd) en ook nie deur hoerery nie. Die Gereformeerde Skrifverklaarders wys daarop dat Paulus in die teenwoordige tyd skryf en sê dat wanneer iemand 'n ampsdraer is, mag hy nie die sonde van poligamie of hoerery beoefen nie.

*Goed regeer*

As 1 Tim. 3:4,5 en Tit. 1:6,7 saamgelees word, is die bedoeling duidelik dat iemand wat 'n begeerte het om die gemeente van die Here te lei en te regeer eers sy eie huis goed moet kan regeer. Hieroor sê dr. Bouma (vry vertaal): Regeerwerk is die taak van die opsiener. Om dit te doen, moet hy die nodige vermoëns besit. Waar kan dit duideliker sigbaar word as in sy eie gesin? Want beide die gemeente en die huisgesin het dit in gemeen dat hulle 'n gesin vorm; die gemeente is die huisgesin van God. As iemand dan die kleine gesin nie goed kan regeer nie, hoe sal hy dit met die grote kan doen?

Ridderbos sê dat die wyse waarop die eie huis regeer word, nie gronde vir kritiek (vgl. onberispelik) teen die leraar mag wees nie.

Calvyn stel dit baie sterk in sy verklaring van 1 Tim. 3:4,5 dat iemand wat nie sy eie huis goed kan regeer nie, nie bekwaam is om die gemeente van God te regeer nie.

*Toepassing van die Bybelse vereistes op die probleemstelling*

*Onberispelik*

Soos reeds gesê is, is onberispelikheid die samevattende begrip wat al die ander vereistes omspan. Juis daarom is dit belangrik om te vra na die implikasie daarvan indien die leraar nie onberispelik is nie.

Die belangrikste saak hier is natuurlik die eer van die Here.
Volgens hierdie vereiste (onberispelikheid) verwag die Here van 'n leraar om altyd so op te tree dat sy lewe iets vertoon van die voorbeeld van Christus. Wat meer is, die voorbeeld van die leraar lei die gemeente in 'n beter verstaan van die vereistes van God ten opsigte van hul daaglikse lewe. Elke leraar moet besef dat sy optrede iets vertel van sy verhouding met die Here en tot watter mate die eer van die Here voorop staan in sy lewe. Juis omdat God se eer hier in die gesigsveld kom, het Hy duidelike vermanings in sy Woord ten opsigte hiervan laat opteken:

So is Paulus se hardwerkendheid 'n *voorbeeld* vir die gemeente sodat hulle nie moet dink dat hulle kan eet as hulle nie werk nie (2 Thes. 3:7-10). Paulus stel sy lewe as 'n *voorbeeld* wat deur die gemeente nagevolg kan word (Filip. 3:17).

In 1 Tim. 4:12 word Timotheüs daarop gewys dat sy lewe as leraar vir ander 'n *voorbeeld* moet wees in die manier waarop hy praat, hoe hy optree, in die wyse waarop hy die liefde van Christus uitleef, deurdat hy geloofwaardig en betroubaar is, deurdat hy sy lewe rein hou – nie net wat die Sewende Gebod betref nie, maar ook ten opsigte van alle ander gebooie.

Ook Titus word deur Paulus vermaan om in alles so op te tree dat hy vir die mense 'n *voorbeeld* sal wees in die goeie werke wat hy doen. Sy optrede moet gekenmerk word deur onvervalste leer – hy mag onder meer nie een ding preek en

’n ander doen nie. Verder moet sy optrede gekenmerk word deur die waardigheid en opregtheid wat by ’n voorganger in die gemeente pas (Tit. 2:7).

Hierdie voorskrifte van die Here is ook uiters belangrik omdat die optrede van die leraar ’n bepaalde uitwerking het op die beeld wat die kerk in die wêreld dra. Wanneer ’n bedienaar van die Woord oorsaak daarvan is dat die kerk haar trefkrag in die wêreld verloor, het hy ontrou geword aan sy beloftes en ongeskik om in diens van die Here te staan. Juis om hierdie rede word Titus vermaan om so op te tree en te leer dat sy teëstanders niks slegs kan hê om van hom te sê nie (Tit. 2:8). Alhoewel dit in hierdie teks in die eerste plek wys op die prediking en standpunte van die voorganger, voeg Bouma dadelik by dat Titus in woord *en wandel* ’n voorbeeld moet wees. By Bouma se uitleg kan gevoeg word: Dit is ondenkbaar dat ’n predikant net deur sy preke en standpunte onberispelik moet wees, maar nie ook deur sy lewenswandel nie. Mense moet geen rede hê om op grond van die predikant se preke of sy lewenswandel sleg van hom te praat nie.

Prof. Groenewald neem dieselfde standpunt in sy verklaring van die Pastorale Briewe in. Hy stel dat *teëstanders* hier dui op enigeen wat geneig is om fout te vind en beskuldigings teen die prediker uit te spreek. Alhoewel dit hier oor die suiwer prediking handel, moet verstaan word dat die waarde en die trefkrag van die suiwer prediking in die wêreld deur ’n onsuiwer lewe vernietig word. Ten diepste handel dit dus daaroor dat indien ’n leraar se lewe teen sy prediking skreeu, beroof hy die Here van die eer wat Hom toekom. Hy staan in die diens van die lewende God, maar sy lewe getuig nie daarvan nie.

Wanneer hierdie vereiste na onberispelikheid prakties op die egskeidingsituasie van ’n leraar toegepas word, beteken dit dat hy nie in daardie bepaalde situasie bo verdenking kan wees nie. Hy, die leraar en herder van die gemeente, is besig om ’n sonde te bedryf deur van sy vrou te skei indien hy nie Bybelse gronde daarvoor het nie. Dit is baie ooglopend dat sy *egskeiding sy onberispelikheid ernstig in die gedrang bring*.

Vanuit wat hier beredeneer is, kom ons tot die gevolgtrekking dat ’n leraar wat sonder Bybelse redes skei nie onberispelik optree nie en dat God se eer ernstig daardeur in die gedrang gebring word as hy in die bediening sou bly.

Dit is daarom uiters noodsaaklik dat vasgestel moet word of die predikant Bybelse redes het om te skei. Dit kan selfs gebeur dat daar by hom nie ’n begeerte na egskeiding bestaan nie, maar dat sy hande afgekap is deurdat sy vrou, byvoorbeeld, hom verlaat en openlik in ’n ontugtige verhouding met ’n vrou of ’n ander man tree. Dan het *sy* nie Bybelse gronde vir die egskeiding nie, maar hy verkeer in ’n situasie waarin ’n voortgesette huwelik nie vir hom moontlik is nie.

*Man van een vrou*

Die *voorbeeld* wat ’n leraar moet stel ten opsigte van die huwelikslewe word deur hierdie vereiste baie duidelik na vore gebring. Teenoor ander mense wat, in die tyd toe 1 Tim. 3 geskryf is, meer as een vrou gehad het en teenoor hulle wat buite-egtelike verhoudings gehad het, stel die Skrif dit baie duidelik dat ’n leraar aan sy eie vrou (enkelvoud) getrou moet wees. Die wyse waarop hy sy huwelik leef en aan sy vrou getrou is en bly, dien ook as voorbeeld vir die gemeente van hoe die Here verwag dat gelowige mans teenoor hul vrouens moet optree. Sy voorbeeld is dus getrouheid aan sy een lewensmaat.

Wanneer die eerste vereiste van onberispelikheid in gedagte gehou word, word dit duidelik dat ’n leraar wat skei nie meer onberispelik leef nie. Hy is nie meer voorbeeld vir kerk en wêreld nie en daarom nie meer geskik om in die amp te staan nie. Om man van een vrou te wees, beteken vir die leraar om getrou te bly aan die vrou met wie hy homself in die eg verbind het.

Die Bybel is duidelik dat die Here egskeiding haat omdat dit die verbond wat tussen man en vrou tot stand gekom het, verbreek (Mal. 2:14-16). Die Here haat dit en vergelyk sy verhouding met sy kerk met ’n huwelik. Wat die kerk en elke leraar dus moet besef, is dat die huwelik van ’n leraar, die man van God in die midde van die gemeente, ’n voorbeeld moet wees van hoe die Here verwag dat hierdie verbondsverhouding moet lyk. Die huwelik van die leraar moet afbeelding/ navolging wees van die huwelik tussen Christus en sy kerk.

Wat die beginsels rondom hierdie vereiste betref, is dit duidelik dat ’n leraar wat sonder Bybelse gronde skei nie hieraan

kan voldoen nie en daarom nie in die amp kan dien nie.

*Goed regeer*

Daar word geredeneer dat indien ’n leraar se vrou hom verlaat en hy nie ’n aandeel in die egskeiding het nie hy toegelaat moet word om in sy amp aan te bly. Dit is juis met hierdie argument wat die volgende vereiste ten opsigte van die huweliks- en gesinslewe van die leraar onder oog kom: Hy moet sy *eie huis goed regeer*.

Met hierdie vereiste stel die apostel dit duidelik dat die man, en in die besonder die leraar, die *hoof* van sy huis moet wees. Hieruit word dit ook duidelik dat dit onmoontlik is om die leraar opsy te skuif en die skuld vir die egskeiding op die skouers van die eggenote te laai. Sy verantwoordelikheid en roeping om hoof te wees en sy eie huis goed te regeer, maak hom ’n onlosmaaklike deel van die redes waarom daar egskeiding plaasgevind het. Dit sal slegs in buitengewone gevalle waar wees dat die predikant regtig nie in ’n posisie was om die egskeiding te voorkom nie, omdat sy eggenote dit vir hom onmoontlik maak.

Dit kan gebeur (en gebeur inderdaad) dat ’n leraar deur sy vrou geskei word en dan lyk dit van buite asof hy nie daarin ’n aandeel het nie. Maar na aanleiding van hierdie teksbewyse moet daar gevra word of die egskeiding nie dalk die simptoom is van gebrekkige geestelike leiding aan die huisgesin nie. Is die egskeiding nie dalk die gevolg van ernstige nalatigheid ten opsigte van die geestelike welwese van sy vrou of van ernstige verwaarlosing van sy gesin of van gemene misbruik van sy hoofskap of van emosionele verwaarlosing van sy vrou nie? Is dit nie dan juis in sulke gevalle nodig dat sodanige leraar van sy amp onthef word sodat die evangelie en die kerk van die Here beskerm kan word nie? Hierdie vrae sal *altyd* by *elke geval* gevra en beantwoord moet word.

Dit moet goed verstaan word dat dit slegs in hoogs uitsonderlike gevalle moontlik is om aan te dui dat slegs een party in ’n egskeiding skuld dra. Eintlik kan dit nooit so wees dat die probleem 100% net by die eggenote lê nie. *Dit is veral in die hantering van ’n egskeidingsaak van ’n leraar belangrik dat die kerk nie alleen sal vra wie skuldig is nie, maar hoe die leraar, wat hoof van die huis en herder van ’n gemeente is, kon toelaat dat sy huwelik op die punt kon kom waar egskeiding onafwendbaar geword het*. Na aanleiding van 1 Tim. 3:5 moet die vraag nie wees na die persentasie skuldlas nie, maar of die leraar die vermoë het om die gemeente van die Here te regeer as hy sy eie huis nie kon regeer nie.

Paulus voer hier ’n beginselargument: As ons kyk na die wyse waarop ’n leraar sy eie huis, waarvan hy die hoof is, regeer, sal dit duidelik wees of hy verantwoordelikheid vir die gemeente van die Here sal kan neem. As hy dan nie bevoeg is om sy eie huis goed te regeer nie en sy vrou hom verlaat of selfs as hy sy vrou verlaat, is hy nie geskik om, in diens van die Here, ’n gemeente van die Here te lei nie.

Vanuit hierdie derde vereiste wat hanteer is, word dit duidelik dat ’n leraar wat sonder Bybelse gronde skei nie toegelaat kan word om in diens aan te bly nie.

*Gevolgtrekking*

In 1 Tim. 3 en Tit. 1 stel Paulus duidelik wat die vereistes is vir iemand wat nóú, in die hede, in ’n opsienersamp wil staan. Die rede waarom die Here hierdie vereistes twee keer so sorgvuldig in sy Woord laat opteken, is omdat dit vir die betroubaarheid van die God wat ons verkondig geweldig belangrik is. God kan nie om ons ontwil gelaster word nie (Rom. 2:24; 2 Petr. 2;3). Die kerk mag nooit voorgee dat die God wat ons aanbid nie aan sy eie Woord getrou is nie. Juis daarom moet ons verstaan dat ’n leraar wat nóú besig is om sonder Bybelse gronde te skei nie meer aan die vereistes van die Skrif voldoen om opsiener te wees nie. As gevolg van sy egskeiding is hy nie meer wat die Here van ’n herder/opsiener verwag nie. *Daarom kan hy nie in die amp aanbly nie.*

Daar kom ’n baie ernstige vermaning na ons vanuit die Skrif: *God laat Hom nie bespot nie* (Gal. 6:7). Wanneer die kerk in haar Skrifuitleg daarna strewe om met die wêreld in gelid te loop, kan sy nie op seën van die Here aanspraak maak of dit verwag nie.

*Sondebelydenis en Vergifnis*

’n Saak wat soms onsekerheid in die harte van ouderlingerade en ringe bring, is wanneer ’n leraar met groot ootmoed sy skuld en sonde bely en dan getuig dat hy die vergifnis van die Here ontvang het. Daar word dan geredeneer dat hy sy skuld en sonde bely het en daarom het die tug sy doel bereik.

Hieroor ontstaan die volgende vrae:
Indien die Sinode gevolg sou gee aan die aanbevelings van die KKS, beteken dit dan dat die kerk minder genadig is as die Here? Beteken dit dat ons ’n mede broeder in Christus verwerp omdat hy gesondig het? Beteken dit dat ons oordeel dat hy minderwaardig is?

Die antwoord is:
Beslis nie! Maar die kerk het die roeping om aan die Here meer gehoorsaam te wees as aan die druk van die wêreld. Juis daarom moet die kerk voortdurend, in die veranderende wêreld, streef na gehoorsaamheid aan die Woord van God. As die Here die bogenoemde vereistes aan ’n bedienaar van die Woord stel, moet die kerk gehoorsaam sorg dra dat haar leraars daaraan voldoen.

Hier is ’n geweldige belangrike beginsel om te verstaan: Elke daad het ’n bepaalde konsekwensie. Wanneer daar werklike berou is, sal die genade en vergifnis van die Here daardie sonde bedek, maar die konsekwensie van daardie sonde het steeds ’n bepaalde effek op die hede en die toekoms en die lewe van die sondaar. So het die rower aan die kruis langs die Here Jesus nie van die kruis afgekom toe die Here sy sonde vergewe en hom gered het nie – hy moes steeds die konsekwensie van sy optrede dra. Hy is wel vergewe en is gered en was met sy sterwe in die Paradys, maar het steeds aan die kruis gesterf vir sy dade. Sy redding en God se vergifnis het nie die realiteit van sy sonde weggeneem nie, hy moes steeds die gevolge daarvan dra.

Op dieselfde wyse moet ’n leraar wat skei die konsekwensie van sy optrede dra: Hy kan nie langer in die amp dien nie.

In hierdie saak lê daar vir die sinode en elke afgevaardigde baie ernstige stof tot nadenke:
Wanneer lidmate van die kerk begin om hulle verwagtinge van hul geestelike leiers te verlaag, begin hulle om meer en meer gemaklik te raak met hulle eie sonde; en met laer morele standaarde begin die kerk om meer verdraagsaam teenoor die sonde op te tree en minder verdraagsaam teenoor die gesonde leer.

’n Kerk kan die mooiste en suiwerste dogmatiese leerstelling navolg, maar as sy nie gehoorsaam is aan die etiese eise van die Skrif nie, kan sy nie verwag dat haar getuienis in die wêreld enige effek moet hê nie. In die AP Kerke streef ons werklik daarna dat ons leer Bybels korrek sal wees, maar as ons, wat hierdie saak betref, die maklike/wêreldse uitweg volg, faal ons die Here baie droewig.

Daar moet dus besef word dat alhoewel berou en vergifnis van kardinale belang vir die sondaar is, hef dit nie die gevolge van sy sonde op nie. Daarom kan ’n leraar wat sonder Bybelse gronde skei nie toegelaat word om in diens aan te bly net omdat hy ernstige berou het en glo dat hy deur die Here vergewe is nie. Die konsekwensie van sy sonde (egskeiding) is steeds dat hy nie aan God se vereistes (1 Tim. 3; Tit. 1) voldoen nie en daarom nie meer ’n bedienaar van die Goddelike Woord kan wees nie.

*Ná ’n tyd terugkom*

Die laaste saak waaraan die kommissie wil aandag gee, is die vraag of sodanige leraar weer kan terugkom in die bediening. Is dit moontlik dat ’n leraar wat geskei het en afgesit is, later weer by die Kuratorium kan aansoek doen om toegelaat te word as bedienaar van die Woord?

Om die vraag te antwoord, moet die Skrif spreek en is dit nie nodig om enige ander gedeelte te ondersoek as dit wat ons reeds bestudeer het nie. 1 Tim. 3 en Tit. 1 is duidelik genoeg om hierdie vraag te antwoord.

Ons het reeds daarop gewys dat die werkwoordtyd van die vereistes van die Here in die *teenwoordige tyd* geskryf is. Die vraag wat dus by ’n heraansoek beantwoord moet word, is of die aansoeker nóú aan die vereistes van die Skrif voldoen om in die amp te staan? Is hy nóú onberispelik? Is hy nóú die man van een vrou? Regeer hy nóú sy eie huis goed?

Hierdie standpunt moet nie misbruik word deurdat daar geredeneer word dat as die leraar ná verloop van tyd weer toegelaat kan word omdat hy van harte berou het, hy terstond ná sy egskeiding ook opregte berou kan hê en daarom nie getug of afgesit hoef te word nie. Iemand wat daaraan skuldig bevind is dat hy sonder Bybelse gronde geskei het, sal 'n proeftyd moet deurgaan waarin hy die egtheid en blywendheid van sy berou bewys. Die Here weet of die berou eg is, maar die kerk weet dit nie. Die kerk het net die predikant se woord. Daarom is 'n tydsverloop noodsaaklik. Bowendien, waar 'n predikant skuldig bevind is daaraan dat hy sonder Bybelse gronde geskei het, het hy ernstige leed aan sy kerk en kerkverband besorg en die kerk in die oë van die wêreld in die skande gebring. Daarom moet daar eers weer rus kom.

Dit is belangrik om die gebeure van die verlede in aanmerking te neem, veral as daar ontrou en egbreuk was (dan kan net 'n sinode hom weer toelaat – KO Art. 59.3), maar daar moet gewaak word dat die aansoek nie vanuit die verlede beoordeel word nie. Die Kuratorium moet die aansoeker se lewe beoordeel soos wat dit nóú daar uitsien.

Juis daarom is dit belangrik om deur middel van gesprekke met die aansoeker se vorige vrou, indien hy weer getroud is, met sy huidige vrou en sy huidige ouderlingeraad vas te stel of sy lewe nóú onberispelik is. Wanneer die Kuratorium getuienis ontvang dat hy nóú voldoen aan die vereistes wat God in sy Woord stel, kan hy met groot vreugde en dankbaarheid weer tot die diens toegelaat word.

Die beginsel dat optrede en sonde konsekwensies het, moet ook hier in gedagte gehou word. Dit is moontlik dat die egskeiding steeds gevolge vir die hede inhou. Gevolge wat veroorsaak dat die aansoeker se lewe nie kan wees wat die Here van hom verwag nie. So kan voortgesette onenigheid met sy vorige vrou of selfs sy kinders veroorsaak dat hy nie nóú aan die vereistes voldoen om bedienaar van die Woord te wees nie. Onberispelikheid is die vereiste en dit moet bewys word.

Juis omdat die meeste egskeidings met soveel onenigheid en selfs liefdeloosheid gepaard gaan, moet gewaak word om 'n leraar wat afgesit is nie te gou weer tot die bediening toe te laat nie. Dit sal die Sinode loon om ernstig oor hierdie saak na te dink en 'n minimum periode vas te stel voordat sodanige persoon weer kan heraansoek doen. Daar sal met verantwoordelikheid gewaak moet word om nie met 'n vinnige hertoelating aan die kerk en die wêreld te toon dat die AP Kerke hierdie saak nie ernstig beskou nie.

Die vraag vir heraansoek is en bly dus: Leef hy en voldoen hy nóú aan die vereistes van die Skrif en word sy aansoek ondersteun deur die goeie getuienis van die ouderlingeraad onder wie se toesig hy hom tans bevind? Indien dit bevestigend beantwoord kan word, kan sodanige aansoeker, volgens die oordeel van die kommissie weer tot die bediening toegelaat word.

# Verslag: Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE)
## Tydperk: 2 September 2010 tot 26 April 2013

## 1. PERSONEEL

Primarii: Dr. TM Snyman (Voorsitter), dr. JH Breytenbach (Ondervoorsitter), ds. BR Torlage (Skriba), ds. MJL Jordaan.
Sekundi: Dr. EM Viljoen, ds. LA Wiid, dr. JJ de Bruin.
Na die bedanking van ds. BR Torlage as leraar en lidmaat van die AP Kerk Bloemfontein-Noord op 31/7/2012 is ds. MJL Jordaan aangewys as skriba en dr. EM Viljoen opgeroep as lid.

## 2. VERGADERINGS

Die Kommissie het op 2 September 2010 gekonstitueer. Vergaderings is gehou op 17 Maart 2011 en 11 April 2013. Die Kommissie het telefonies en elektronies met mekaar oor die verskillende opdragte gekorrespondeer.

## 3. ADVIESE

In die tyd tussen die twee Sinodes is adviese aan gemeentes en individue gegee oor die gebruik van die nagmaalsbeker, die evolusieleer en saamwoon voor die huwelik.

## 4. SINODALE OPDRAGTE 2010

Die Sinode van 2010 het die volgende opdragte aan die kommissie gegee:

### 4.1 SONDAGVIERING (HANDELINGE 2010, bl. 234, pt. 4.10.2)

*2010-AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:*
1 *Die begronding vir die Sondagviering as viering van die kerklike rusdag.*
2 *Die onderskeid tussen Sondagviering en sabbatviering.*
3 *Die riglyne vir 'n geloofsgehoorsame Sondagviering.*
4 *Enige ander aspekte oor die Sondagviering wat uit die ondersoek na vore kom.*

### 4.2 SONDAGVIERING
#### 1. Inleiding
Die onderstaande vraag is aan die Direkteur vir Kerkadministrasie gerig: *Ek wil graag weet hoekom die ware sabbat nie onderhou word nie. Ek het uitgevind dat die sabbat deur die Katolieke Kerk na Sondag verander is en hulle slegs vir mense gesê het dat dit die herdenking van die opstandingsdag is. Hoekom word dus die 4de gebod verontagsaam?* (SAKELYS 2010, bl. 41, pt. 4.10)

Op versoek van die SKK het die KKCE 'n rapport as advies aan die Dertiende Sinode (2010) gelewer, met die aanbeveling dat die Publikasiekommissie versoek word om *hierdie studiestuk in pamfletvorm aan lidmate beskikbaar te stel.* (SAKELYS 2010, bl. 43, pt. 4.10.2)

Die KKCE lê die volgende studiestuk aan die Veertiende Sinode voor in uitvoering van die versoek. Die versoek *om 'n volledige studie te doen,* is egter nie só uitgevoer nie. 'n Volledige studie sou 'n boekdeel of meer verg, sonder dat daar selfs dan op volledigheid aanspraak gemaak kan word. Die KKCE het geoordeel dat die studie, in die lig van die aanbeveling dat dit in pamfletvorm aan lidmate beskikbaar gestel word, in omvang redelik kort moet wees en in aanbieding so eenvoudig as moontlik.

Die studiestuk volg ook nie die indelings soos in die besluit weergegee nie, maar het gepoog om aan al die aspekte wat in die besluit genoem is, aandag te gee.

#### 2. Agtergrond
Die viering van die rusdag op Sondag, soos die kerk sedert die Nuwe Testamentiese tyd doen, is nie net deesdae in die spervuur nie. Daar was nog altyd, soos ook in ons tyd, groepe wat daarop aangedring het dat die Saterdag as sabbatdag

geheilig moet word. In die debat kom meer ter sprake as net die vraag na watter dag as rusdag moet dien. Die hart van die geloof kom ter sprake, omdat die aandrang op die Saterdag as heilige dag gedra word deur 'n ander heilsbeskouing as dié van die kerk.

In die studiestuk sal ons poog om duidelik te maak dat Sondagviering en Saterdag se sabbatsheiliging nie dieselfde saak is nie. Daarom is dit gewoon net nie waar nie, dat die kerk op een of ander tydstip die Saterdag as sabbat met die Sondag as sabbat vervang het. Die Sondag is nie die sabbat nie, en die inhoud van die Sondag is nie dieselfde as wat die inhoud van die sabbat in die Ou Testament was nie. Dit is ook nie waar dat die kerk, deur op Sondag saam te kom, die Vierde Gebod afgeskaf het of oortree nie. Wat wel waar is, is dat die teologie van diegene wat op die sabbatsonderhouding aandring, soos dit in die Ou Testament voorgeskryf word, die genoegsaamheid van die versoeningswerk van Jesus Christus ontken. Dit is 'n teologie van Jesus Christus **plus** sabbatsonderhouding (en selfs, by sommige, die nakoming van sekere voedselwette en tiendeheffings). Daardeur word die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, verruil vir die slawejuk van diensbaarheid onder die wet. *Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval* (Gal. 5:4).

## 3. Jesus Christus het die wet vervul

In die Ou Testament word 613 verskillende wette aangetref. In Mt. 5:17 sê die Here Jesus: *Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.* In die uitspraak sonder Jesus nie sommige wette uit nie: Hy het gekom om almal te vervul!

### 3.1 Die onderskeid tussen die Wet van God (die Tien Gebooie) en die Wet van Moses

Ten onregte maak sommige 'n onderskeid tussen die Wet van God (die Tien Gebooie) en die Wet(te) van Moses, asof slegs die Tien Gebooie deur God gegee is. Maar Moses het nie self enige wette gemaak nie – hy is deur die Heilige Gees geïnspireer. Wat hy neergelê het as wette, is net soveel van God afkomstig as die Tien Gebooie.

### 3.2 Die onderskeid tussen die wette vóór Sinaï en die wette wat by Sinaï gegee is

Daar word in sekere Sabbatariese kringe verder onderskei tussen die wette wat vóór Sinaï gegee is, en die wat by Sinaï gegee is. Dit raak spesifiek die sabbatsgebod, die gebooie oor rein en onrein voedsel en die gebod op die gee van tiendes. Die wette, so word geredeneer, is algemeen geldend as "beginsels" wat vir alle tye en alle mense geld.

Die argument dat sekere wette vóór Sinaï as "beginsels" geld en dus steeds van krag moet wees, word selfs deur die Sabbatariërs nie gehandhaaf nie. Want behalwe vir die voedselwette, is diere-offers reeds van die begin af gebring, terwyl die besnydenis ook 'n wet is wat vóór Moses al gegee is. Die selektiewe gebruik van die Skrif, waar net die dele gebruik word wat 'n eie uitgangspunt steun, is nie Skrifgetrou nie.

### 3.3 Die onderskeid tussen die seremoniële wette en die sedewette

Verder word onderskei tussen sogenaamde seremoniële wette en die sedewette. Daarmee word bedoel dat al die wette wat betrekking het op die erediens in Israel seremoniële wette is; terwyl die Tien Gebooie die sedewet is. Volgens sommige is die seremoniële wette vervul en daarom nie langer van krag nie, terwyl die sedewet steeds 'n heilswerkende verpligting dra. Maar as Christus al die wette vervul het, geld dit ook die sedewet. Hoe moet ons dit verstaan?

Beide die seremoniële wette en die sedewet (in die Tien Gebooie) is deur God aan Israel gegee as deel van die verbond. Deur die wette is Israel afgesonder van die heidennasies waartussen God se volk moes leef. As God se volk moes hulle heilig wees, want Hy is Heilig. Die offers en seremonies wat daarmee saamgegaan het, het hulle voortdurend daaraan herinner. Maar dit het ook vooruitgewys op die ware heiliging en reiniging wat kom. So was die seremoniële wette tekens en skaduwees van die ware offer, Jesus Christus.

#### 3.3.1 Die Here Jesus vervul die seremoniële wette

As ware Hoëpriester en Offerlam sonder gebrek, het die Here Jesus met sy offer al die seremoniële wette vervul. In Hom is ons met God versoen deur sy offer en in Hom is ons gereinig deur sy offerbloed. Deur Hom is die nuwe verbond tussen God en sy volk opgerig. Daarom word die seremonies, as skaduwees, nie langer deur die gelowiges gehandhaaf nie. Maar aan die inhoud van die sogenaamde seremoniële wette is ons gebonde. As gelowiges leef ons steeds afgesonder van die ongelowige wêreld; leef ons as God se volk. Ook vir ons geld dit: Wees heilig, want Ek is Heilig. Maar

ons afgesonder wees en ons heilig wees, is onlosmaaklik verbind aan Jesus Christus. In Hom is ons God se volk; in Hom word ons geheilig. Jesus, en Hy alleen, is die inhoud van die seremonies. Deur die geloof in Hom het ons deel aan die vervulling daarvan – en daarom gee ons onsself as lewende, heilige offers wat vir God welgevallig is. Dit is die redelike van ons godsdiens (vergelyk Rom. 12:1).

### 3.3.2 Die Here Jesus vervul die sedewette

Die sedewet is net soveel deel van die verbond as die seremoniële wette. Veral die profete lê telkens weer klem daarop dat dit nie die seremonies is wat werklik God se volk onderskei van die heidene nie, maar gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie (vergelyk onder andere Jes. 1:11-17; Jer. 6:19-20; Amos 5:21-24; Miga 6:7-8). Tegelyk word dit in die Ou Testament duidelik dat niemand die Tien Gebooie volkome kan onderhou nie (vergelyk onder andere Ps. 14:2-3; 51:7; Jes. 64:6), en dat menslike wetsonderhouding dus geen ware geregtigheid by God kan bewerk nie. So gesien, is ook die Tien Gebooie of sedewet 'n skaduwee van wat sou kom: die geregtigheid wat Christus vir ons bewerk in sy gehoorsaamheid. Die sedewet is immers ook 'n tugmeester na Christus toe (Gal. 3:24). In sy volkome gehoorsaamheid, tot aan die kruis, het Hy aan die reg van God voldoen. Só het Hy ons Geregtigheid geword.

In dié sin is die vloek van die Tien Gebooie vir ons opgehef. Die Tien Gebooie kan ons nie langer voor God aankla omdat ons dit nie volkome hou nie. Want in Christus is dit vir ons vervul – en ons beroem ons nie op ons eie onderhouding van die Wet nie, maar op die geregtigheid wat Christus vir ons verwerf het. Dit is ons troos, want daar is niemand wat die Gebooie onderhou nie. Rom. 3:21-22, 28 getuig daarvan dat ook gelowiges nie deur die onderhouding van die sedewet nie, maar deur die geregtigheid van Christus voor God regverdig is. In dié sin het Christus dus ook die einde geword van die sedewet as skaduwee van die geregtigheid, en die hele Wet vervul.

So gesien, is Christus dus die vervulling van beide die seremoniële en die sedewet. In Hom is die Wet volkome vervul – maar nie ontbind nie. Enige aandrang om die Wet of 'n deel van die Wet steeds te hou asof dit naas Christus en bykomend tot Christus ons gehoorsaamheid vol maak, is om die eer van Christus aan te tas asof sy verlossingswerk onvolkome en onvoldoende is. Ware geregtigheid en heiligheid is nie af te lees uit ons gehoorsaamheid nie, maar net uit die versoeningswerk en die reinigingswerk wat Christus gedoen het as vervulling van die seremoniële wet, en die voldoening aan God se reg deur Christus se volkome gehoorsaamheid aan die sedewet. Die hele wet is 'n skaduwee van Hom wat gekom het om dit te vervul!

Maar ons is steeds gebind aan die inhoud en aan die eise van die Tien Gebooie. Die inhoud is Christus: Hy alleen is die Regverdige voor God, want Hy het die volle wet vervul. In Hom is ons verbondskinders van God wat afgesonder lewe van die wêreld, want ons is in Christus. In Hom leef ons as die volk van God, 'n heilige, koninklike priesterdom. Daarom laat ons, ons gedrag bepaal deur sy Heilige Gees: en anders as die ongelowige wêreld, het ons God bo alles lief en ons naaste soos onsself. Dit moet duidelik word uit ons lewenswyse, want om God en ons naaste lief te hê, is om sy gebooie te onderhou (1 Joh. 5:1-3).

## 4. Sabbat in die Ou Testament.

Om te verstaan hoe die sabbatsgebod as 'n skaduwee in Christus vervul is, moet eers gekyk word na die sabbatsgebod in die Ou Testament.

### 4.1 Die werkwoord "sabbat"

In die Ou Testament kom die woord "sabbat" voor as beide 'n werkwoord en as 'n naamwoord. Die werkwoord tref ons die eerste keer aan in Gén. 2:2. Hoewel dit gewoonlik vertaal word met "rus", is dit nie die primêre betekenis van die werkwoord nie. Die meeste kenners van Hebreeus is dit eens dat die werkwoord beteken "ophou; klaar wees; staak". Gén. 2:2 sou 'n mens dus beter kon vertaal met: *En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag was Hy klaar met al sy werk wat Hy gemaak het.* In Ex. 20:11 word daar 'n ander woord gebruik om aan te dui dat God gerus het. Dit is dieselfde woord wat in Deut. 5:14 vir "rus" gebruik word met betrekking tot mense.

### 4.2 Die naamwoord "Sabbat"

Die naamwoord "sabbat" is afgelei van die werkwoord en dui op **enige dag of tydperk wat deur God ingestel is** waarop opgehou moet word met werk of met gewone bedrywighede. Die woord is dus nie beperk tot die sewende dag van die week, asof dit die enigste sabbatdag sou wees nie. Dit geld byvoorbeeld vir die eerste en die negende dag van die

eerste en die negende dag van die sewende maand, wat telkens ’n sabbat genoem word, maar ook vir die tiende dag van die maand, die Groot Versoendag. Elke sewende jaar was ’n sabbat – ’n jaar waartydens opgehou moes word met die gewone werksaamhede van die landbou.

### 4.3 Die sabbat en die ander feestye

In Lev. 23 word die feeste genoem wat Israel moes vier. Hierdie feesdae word genoem “heilige samekomste – my feestye”. Die eerste van die feesdae is die sewende dag: *’n dag van volkome rus, ’n heilige vierdag; ’n sabbat van die Here.* Maar die ander feesdae word elkeen op dieselfde wyse aangedui as ’n heilige vierdag waarop géén beroepswerk gedoen mag word nie. Daar word nie ’n onderskeid gemaak tussen die feesdae en die sewende dag as sabbat nie. In Lev. 19:3 en 30; 23:39, 26:2; 2 Kron. 8:13; Jes. 1:13 en Eség. 20:12, 20 word die feestye en sabatte vereenselwig. Dit is dus duidelik dat die sewende dag nie die enigste sabbat is wat die Here ingestel het nie, maar dat die feesdae waarop werk verbode was, ook as sabatte gegeld het.

In Ex. 20:8 word beveel: ***gedenk die sabbatdag*** *dat jy dit heilig*, en in Deut. 5:12 ***onderhou die sabbatdag****, dat jy dit heilig.* In dieselfde terme word egter ook beveel om ander feesdae te gedenk of te onderhou. So word in Ex. 13:3 bevel gegee dat die dag gedenk moet word waarop die volk uit Egipte uitgelei is, daarom mag hulle op die dag geen ongesuurde brood eet nie, terwyl in Ex. 12:17 beveel word: *Onderhou dan die ongesuurde brode, want op daardie selfde dag het Ek julle uit Egipteland uitgelei.* In Deut. 16:1 word ten opsigte van die pasgafees beveel: *Onderhou die maand Abib.*

Nie net die sabbat word ’n ewige insetting genoem nie, maar ook die pasgafees (Ex. 12:17). In Lev. 23 word die feesdae nie net met die sabatte gelykgestel nie, maar ook gesê dat die feesdae, soos die sabbat, ’n ewige insetting is vir Israel. Die Groot Versoendag word in Lev. 16:29-31 as ewige insetting gegee, met die bevel dat daar op die dag geen werk gedoen mag word nie. Dit is ’n dag van volkome rus: dus ’n sabbat.

### 4.4 Die verskyning (begin) van die sabbat

Die sewende dag as heilige dag word die eerste keer in die Ou Testament in Ex. 16:23 genoem. Die afleiding dat dit voor die tyd van Moses reeds gehou is en dus ’n skeppingsbeginsel is, word nie deur Gén. 2:2-3 gesteun nie. Daar is ook geen ander aanduidings dat dit voor die tyd van Moses gehou is nie. Die bevel om dit te gedenk (Ex. 20:8) wys nie daarop dat dit voorheen al bekend was nie, net so min as wat die bevel om die pasga te gedenk in Ex. 13:3 aantoon dat die pasga voorheen al gehou is. Die sabbat word daarenteen, duidelik ’n teken genoem van die Ou Verbond tussen God en Israel. As sodanig het dit vir Israel gegeld – soos die ander feeste wat ook **sabatte** genoem word.

### 4.5 Die viering van die sabbat

Die viering van die sabbat(te) in die Ou Testament is deurgaans primêr verbind aan die opdrag om op te hou met die daaglikse arbeid (vergelyk Ex. 31:15). Daarbenewens is vir die sabbat(te) bepaalde voorskrifte gegee met betrekking tot die offerdiens in die tempel (Lev. 23-24; Núm. 28-29). In die Bybel self is geen sprake van ’n samekoms van gelowiges op die sabbatdag nie. Dit is iets wat eers baie later deel geword het van die sabbatsvieringe, toe die sinagogediens ’n plek gekry het in die godsdienstige lewe van die volk ná die Babiloniese ballingskap.

## 5. Die vervulling van die sabbat deur Jesus Christus.

Die inhoud van die sabbatte in die Ou Testament is nie dat ’n bepaalde dag as **feesdag** gevier is nie, maar as **rusdag**. Op elkeen van die sabbatte was dit die kenmerkende; die werklike teken: dat ’n mens moes ophou met sy daaglikse, alledaagse werk. Die teken is dus die teken van rus – en die ware rus het Christus gebring.

In Ex. 20:11 en in Deut. 5:15 word twee verskillende aspekte van die rus wat in die sewende dag as sabbat uitgebeeld word, onder woorde gebring. God, wat die Tien Gebooie op Sinaï met sy eie hand gegee het, het by die bevestiging van die verbond met die volk net voor die intog in Kanaän, nou deur Moses ’n ander motivering vir die vierde gebod gegee as by Sinaï. Dit beklemtoon dat die sabbatsrus twee aspekte dra.

### 5.1 Die rus in Eksodus 20:11

In Ex. 20:11 word die ware sabbatsrus verbind met die skeppingswerk van God. Elke sewende dag is daar opnuut opgehou met werk as teken daarvan dat God se skeppingswerk nie alleen voltooi is nie, maar dat dit goed is! Maar: elke sewende dag word die ou verbondsvolk daaraan herinner. Hulle moet tot rus kom en die goedheid van God se

skeppingswerk in gedagte roep, want intussen het die sondeval plaasgevind. Ses dae moet jy arbei – onder die vloek daarvan dat jy in die sweet van jou aangesig jou brood moet eet, en op die sewende dag moet jy rus – as teken daarvan dat slegs as die sondekloof tussen mens en God oorbrug is, is daar waarlik rus in God as Skepper en Onderhouer van jou lewe en wêreld. Dit is die ware rus wat Jesus Christus bring deur sy dood en opstanding. Dit is die rus wat daar is vir die gelowiges in die skepping wat steeds aan die nietigheid onderworpe is, wat steeds sug en in barensnood is. Dit is die sekerheid wat daar is vir gelowiges dat God as Skepper en Onderhouer alles ten goede laat meewerk vir hulle wat God liefhet, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. Dit is die rus in Christus wat die gelowiges laat ophou met hulle eie bose werke, om vrugte te dra wat by die bekering pas.

### 5.2 Die rus in Deuteronómium 5:15

In Deut. 5:15 word die sabbatsrus verbind met die verlossing uit die slawerny in Egipte. Elke sewende dag het die ou verbondsvolk gerus en die slawerny in Egipte in herinnering geroep. Maar dit was tegelyk ’n teken wat hulle herinner het aan die ware slawerny – die slawerny onder die sonde. Uit hierdie slawerny het Jesus Christus ons bevry met sy versoeningsdood en sy opstanding tot die nuwe lewe. In Hom is ons bevry van die slawebande van dood en sonde en bevry tot ’n nuwe lewe vir God. Dit is die rus vir die gelowige dat hy deur die Heilige Gees deel kry aan die dood en opstanding van die Here Jesus – dood vir die sonde, maar lewend vir God. Reeds hier en nou werk die Heilige Gees in die gelowige se hart dat ons, wat nie langer slawe van die sonde is nie, die ware sabbatsrus in die wêreld kan begin.

### 5.3 Die rus in Christus

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar in die Ou Testament nie slegs van die sewende dag as sabbat sprake is nie, maar dat al die groot feesdae as **sabbatte** beskou is. Die feesdae wat as sabatte en ewige insettinge deur God aan Israel gegee is, was elkeen verbind aan ’n spesifieke dag in die jaar. Die spesifieke dag is egter nie net so deur die gelowige Christene oorgeneem nie. Daarom val die Goeie Vrydag, Paasondag, Hemelvaart en Pinkster nie meer saam met die Joodse pasgafees of oesfees nie. **Hierdie feesdae** word ook nie meer deur die kerk soos deur die volk van die Ou Verbond gehou nie. Die rede daarvoor is voor die hand liggend: die feesdae was tekens wat vooruitgewys het na die vervulling daarvan in Jesus Christus. So is die pasga gevier as skaduwee van en heenwysing na die ware verlossing uit die slawerny van die sonde; die Groot Versoendag as skaduwee van die ware versoening deur die Lam van God; die oesfees as vooruitwysing na die ware oeswerk deur die Heilige Gees vanaf Pinksterdag.

Soos die ander feeste as sabatte, is ook die sabbat van die sewende dag ’n vooruitwysing en skaduwee wat in Christus vervul is. Die inhoud van die pasga wat vervul is in die paasfees, is die verlossing uit die slawerny van die sonde deur die dood en opstanding van die Here. Die inhoud van die Groot Versoendag (en die offers wat daarmee verband hou) is vervul in die soenoffer van Christus aan die kruis. Net so verwys die sewende dag as sabbat na dit wat Christus met sy sterwe en opstanding kom vervul het.

In die lig van wat ons nou uit die Woord vasgestel het, is dit duidelik dat die ware sabbat nie daarin bestaan dat ’n mens die sewende dag van die week rus nie. Die ware sabbat bestaan daarin dat ’n mens in Christus rus vind van die sondeval en die slawerny van die sonde en dood (Mt. 11:28).

Hebreërs 3-4 maak dit bo alle twyfel duidelik waarin die ware sabbatsrus bestaan: in die volhardende geloof in Jesus Christus. Die getuienis van die Nuwe Testament is eenduidig: Soos al die seremonies in die Ou Testament ’n skaduwee is wat na Jesus wys, is ook die seremonie om op die sewende dag te rus en so die sabbat te hou, ’n verwysing na Jesus Christus (Kol. 2:16-17). Die ware sabbat is om in Hom die ware rus te vind.

Die beskuldiging dat die kerk nie die ware sabbat hou nie, omdat die gemeente op Sondag en nie op Saterdag nie sy onderlinge byeenkoms hou, ontken dat Christus die sabbatsgebod vervul het.

### 5.4 Die rus van ons bose werke

Die ware sabbat is verder dat ons ophou met die sonde. Die Heidelbergse Kategismus sê in vraag en antwoord 103 die volgende: *Wat gebied God in die vierde gebod?* En die antwoord is onder meer*: …ten tweede, dat ek al die dae van my lewe van my bose werke moet rus, die Here deur sy Gees in my moet laat werk, en so die ewige sabbat in hierdie lewe begin.*

Die rus van ons bose werke vind gelowiges deur die Heilige Gees wat ons in Christus herskep tot kinders van God, sodat

ons nie langer vir onsself lewe nie, maar Christus in ons. So lei die Heilige Gees ons in Christus uit die slawehuis van die sonde uit na die beloofde land.

In sy *Institusie* beklemtoon Calvyn baie sterk dat die rus wat in die vierde gebod voorgeskryf word, die rus is van ons heiligmaking. *We must rest entirely, in order that God may work in us; we must resign our own will, yield up our own heart, and abandon all the lusts of the flesh. In short, we must desist from all the acts of our own mind, that God, working in us, we may rest in Him, as also the apostle teaches (Heb. iii:13; iv:3,9).* (Institusie II/viii:29. Vertaling: H Beveridge 1962; vol. 1, bl. 340.)

Hebreërs 3-4 maak dit bo alle twyfel duidelik dat die sabbatsrus wat God aan ons beloof in Jesus Christus, nie daarin bestaan dat ons een of ander dag as sabbat hou nie. Dit bestaan daarin dat ons met ons hele lewe, elke dag, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus sal leef en ons aan Hom sal toewy. Die ware sabbat is nie 'n saak van een of ander dag wat jy heilig hou nie; dit is 'n saak van rus in 'n heilige lewe deur die krag van die Heilige Gees, wat jou met Jesus Christus één maak.

Anders gesê: die ware sabbat is nie om op die sewende dag op te hou werk; nie te kook; nie verder as 'n sekere afstand te reis; nie die selfoon te antwoord, of ander uiterlike en formele dinge te doen en te laat nie. Die ware sabbat is om elke dag 'n heilige lewe te lei, deur te rus van die sonde (Hebr. 4) en die Heilige Gees in jou en deur jou te laat werk.

### 5.5 Die rus in die ewigheid

Net soos ons steeds skuldig staan omdat ons nie één van God se gebooie volkome hou nie, staan ons ook skuldig dat ons in die wêreld nie die ware sabbatsrus volkome hou nie. In ons bly steeds baie gebreke oor en sonde waarteen ons voortdurend moet stry. Die Here skenk self die ware sabbatsrus in die ewigheid (Hebr. 4:3, 11; Openb. 14:13). Daarom leef ons enersyds in die verwagting van die sabbatsrus wat in die hiernamaals volkome ons deel sal wees, en andersyds in die strewe om in daardie ewige rus in te gaan.

## 6. Sabbat in die Nuwe Testament

### 6.1 Die Here Jesus en die sabbat

Die sabbat word meestal in die Nuwe Testament genoem in verband met die optrede van die Here Jesus op die sabbatdag.

Lukas 4:16 sê dat Hy gewoond was om op die sabbatdag na die sinagoge te gaan. Die gevolgtrekking dat die gewoonte van die Here Jesus nou beteken dat die sewende dag daarom steeds as sabbat gevier moet word, is egter nie houdbaar nie. Jesus is immers ook soos die gebruik onder die Jode was, op die agtste dag na sy geboorte besny. Hy is op twaalfjarige ouderdom in die tempel "voorgestel", en het gedeel in sy ouers se gewoonte om met die pasga na Jerusalem toe te gaan. Dit beteken egter nie dat Hy daarmee aangedui het dat almal wat in Hom glo, ook besny moet word, die pasga moet hou en jaarliks met die paasfees na Jerusalem toe moet gaan nie. Al wat Jesus se gewoonte bevestig, is dat Hy as lid van die Joodse volk gebore is, gedeel het in hulle gewoontes en gebruike en die wette van die Ou Verbond wat aan hulle voorgeskryf was, gehou het.

Teen die agtergrond daarvan dat die Here Jesus juis die wet gehou het, is dit merkwaardig dat sy optredes op die sabbat wat die Nuwe Testament noem, telkens in stryd was met wat die Jode gedink het op die sabbat behoorlik is. Hy het mense op die sabbat genees; toegelaat dat sy dissipels op die sabbatdag are uitvryf en eet; bose geeste uitgedryf en boonop die Skrif só op Homself toegepas dat die mense Hom wou vermoor. Die swaar pak van 'n wettiese onderhouding van die sabbatsgebod het Hy afgewys as vals. Die uitsprake dat Hy die Here is ook oor die sabbat en dat die sabbat gemaak is vir die mens en nie die mens vir die sabbat nie, spreek daarvan dat Jesus nie soos die Joodse leiers van sy tyd (of die Sabbatariërs van vandag) die sabbatsgebod as 'n dwingende voorwaarde vir die saligheid of as 'n maatstaf van die ware godsdiens beoordeel het nie.

### 6.2 Die sabbat in Handelinge

In Handelinge word die sabbat op verskeie plekke genoem as die dag waarop Paulus die evangelie aan die Jode in die sinagoge of die gereelde bidplek (Hand. 16:13) verkondig het. Die optrede van Paulus was vanselfsprekend: dit was die

plek en die geleentheid (dag) waarop hy die Jode aan wie hy die evangelie wou bring, bymekaar kon kry. Waar die Jode die evangelie verwerp het, het hy anders gedoen: hy het nie langer in die sinagoge verkondig nie (Hand. 18:8; 19:9) en ook nie net op die sabbat nie (Hand. 18:11; 19:9). Daar word egter nie in die Nuwe Testament enige melding gemaak daarvan dat die Christene op die sewende dag in 'n sabbatviering byeengekom het nie.

### 6.3 Die sabbat by Paulus

Die sendingwerk van Paulus het spanning onder die vroeë gelowiges gebring. Sommige gelowiges uit die Jodedom het geoordeel dat bekeerdes uit die heidendom die wet van Moses moes onderhou. Die eise, veral met betrekking tot die besnydenis, maar ook in sake soos die onderhouding van voedselwette en die Joodse feeste, het Paulus sterk teengestaan. Om naas die verkiesende genade van God in Jesus Christus ander eise te stel, is om op die nek van die gelowiges 'n juk te lê en God te versoek (Hand. 15:8-11). Die sogenaamde apostelkonvent, waaroor Handelinge 15 berig, het Paulus gelyk gegee. *Want die Heilige Gees en ons het besluit om geen verdere las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle, julle hiervan onthou, sal julle goed doen.*

Enige optrede wat daartoe lei dat die gelowiges weer onder die juk van die wet en die vloek van selfregverdiging sou kom, wys Paulus af as in stryd met die evangelie (vgl. Gal. 1:6-7). Daarom het hy selfs nie geskroom om Petrus tereg te wys nie (Gal. 2:14-16). Hy noem dit *…die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien.* As die Galásiërs van voor af, *dae en maande en tye en jare [waarneem]* (Gal. 4:9-10). Hy vermaan die gemeente in Rome om mekaar nie te oordeel oor die onderhouding van sekere dae nie, maar om in alles te leef tot eer van die Here. *Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk* (Rom. 14:5). Ook in die Kolossensebrief laat hy hom skerp uit oor mense wat die gelowiges met drogredes en valse leringe van die geloof in Jesus Christus aftrek (Kol. 2:4, 8). Wat die drogredes en valse leringe behels, word duidelik in Kol. 2:16 gestel: *Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge…*

### 6.4 Samekomste van gelowiges in die Nuwe Testament

Op enkele plekke vermeld die Nuwe Testament die spesifieke dag waarop die gelowiges byeen was na die kruisiging en opstanding van Jesus. Die Evangelies van Markus, Lukas en Johannes berig dat die dissipels, en ander gelowiges saam met hulle, op die opstandingsdag bymekaar was. Dit was die eerste dag van die week, die Sondag, en die Here Jesus het self die aand aan hulle verskyn. Johannes maak duidelik dat hulle ook die volgende Sondag bymekaar was, en toe was Thomas ook saam met hulle. By hierdié geleentheid het die Here Jesus weer aan hulle verskyn. In Hand. 2:1 word gesê dat almal op die Pinksterfees bymekaar was. Die Pinksterfees, die vyftigste dag na die opstanding en tien dae na die hemelvaart, was op die eerste dag van die week, die Sondag. In Hand. 20:7 lees ons: *En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek…* Die gebruik om op die eerste dag van die week bymekaar te kom, word weerspieël in 1 Kor. 16:2: *Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle opsy sit en opspaar…* vir die gemeentes in Judea. In Openb. 1:10 skryf Johannes: *Ek was in die Gees op die dag van die Here…* Die uitdrukking "dag van die Here" verwys ongetwyfeld na die Sondag, soos duidelik blyk uit die gebruik en verduideliking van die uitdrukking in geskrifte uit die eerste eeu na Christus.

Daarom is die viering van die eerste dag van die week in die Nuwe Testament reeds anders as die sabbatsviering van die Jode in daardie tyd. Die samekoms van die gelowiges is nie gekenmerk deur offers by die tempel, soos die voorgeskrewe sabbatsviering van die Ou Testament is nie. Dit was ook nie dieselfde as die sinagogediens, wat die gewoonte onder die Jode van daardie tyd was nie. Ons lees nie in die Nuwe Testament dat die gelowiges dit as 'n rusdag gehou het nie. Dit was waarskynlik ook nie moontlik nie, omdat baie gelowiges in diens was van heidene wat vereis het dat hulle op die dag sou werk. Hulle samekomste was 'n geleentheid van viering. Dit was 'n geleentheid waar onderling saamgekom is; brood gebreek is; gebid is; verkondig is (Hand. 2:42); gesing is (Efés. 5:19) en gawes vir diens van barmhartigheid ingesamel is (1 Kor. 16:1-2).

## 7. Het die Rooms-Katolieke Kerk die sabbat na die Sondag verander?

Die bewering dat die Pous of die Rooms-Katolieke Kerk of 'n kerklike vergadering die sabbat na die Sondag verander het, is óf te wyte aan onkunde óf dit is kwaadwillige misleiding. In die eerste twee eeue van die Christelike jaartelling het die Bybelboeke wat deur die kerk erken word (die kanon), die belydenis en die kerk saam uitgekristalliseer in die stryd om

die regte leer. Die ware kerk, in onderskeid tot die ketterse en sektegroepe, is voorgegaan deur kerkleiers uit wyd verskillende gebiede en gemeentes. Die gesag waarop hulle leer berus het, was nie die van 'n pous of van Rome nie, maar die gesag van die apostoliese tradisie wat in die kanon oorgelewer is en in die vroegste belydenisse verwoord is.

Die geskrifte van die kerkvaders vermeld egter al so vroeg as die einde van die eerste en begin van die tweede eeu nC dat die Christene die Sondag in onderskeid tot die Joodse sabbat gevier het. In die ***Didaché*** (die leer van die Twaalf Apostels) wat omstreeks 85 nC geskryf is, word die Christene vermaan om *op elke dag van die Here saam te kom* (Didaché 14).

***Die brief van Barnabas*** (135 nC) wys uitdruklik die sabbatsviering van die Jode af. Die nuwe sabbat is die een wat die Here gemaak het (15:6-8). Dan stel hy in 15:9: *Daarom bring ons die agtste dag met blydskap deur. Dit is die dag waarop Jesus uit die dood opgestaan het.*

Ignatius van Antiogië skryf in sy ***Brief aan die Magnesiërs*** in 110 nC dat diegene wat volgens die ou orde opgevoed is [die Jode] 'n nuwe hoop verkry het en nie langer die sabbat hou nie, maar *leef in die waarneming van die dag van die Here, waarop ook ons lewe opnuut gewek is deur Hom en deur sy dood.*

Justinus die Martelaar skryf in sy ***Apologie** I:67* (140 nC): *Sondag is die dag waarop ons, ons gesamentlike byeenkoms hou.*

Die lys kan nog aansienlik uitgebrei word: Dionisius van Korinthe (170 nC); die gnostikus Bardesanes van Edessa (180 nC); Klemens van Alexandrië (194 nC) en Tertullianus van Afrika (200 nC) verwys almal dat Sondag die dag is waarop die Christene byeenkom, in onderskeid van die Jode en die Joodse sabbat. Belangrik is ook die getuienis van Plinius, goewerneur van Bitinië, wat in 107 nC aan die keiser 'n verslag skryf waarin hy noem hoe die Christene op 'n bepaalde dag van die week voor sonop bymekaarkom; sing; bid en die gemeenskaplike maaltyd hou. Dat die dag die Sondag is, word bevestig uit Hand. 20:7.

Natuurlik word die getuienis van die kerkvaders nie gebruik om die Sondagviering as leerstelling te begrond nie. Daarvoor dien die getuienis uit die Bybel, soos ons dit reeds uiteengesit het. Maar die getuienis van die vroeë kerkvaders weerlê die bewerings dat die Pous of die Roomse Kerk of 'n kerkvergadering of keiser Konstantyn of enigiemand anders die sabbat na die Sondag verander het. Dwarsoor die Christelike kerk is die Sondag reeds in die eerste eeu as die Christelike dag, die Dag van die Here, in onderskeid tot die Joodse sabbat gevier. Veral Justinus die Martelaar in sy ***Dialoog met Tripho*** (155 nC) en Tertullianus in sy ***Antwoord teen die Jode*** (203 nC), argumenteer uitvoerig dat die Sondag juis in onderskeid met die sabbat gevier word. Die sabbatdag is 'n Joodse dag en wettiese instelling; die Sondag 'n Christelike viering, gedra deur die opstanding van die Here Jesus.

Met die Edik van Milaan (313 nC) het Konstantyn nie die Sondag "ingevoer" nie, maar die bestaande gebruik van die kerk eerbiedig. Net so het die Konsilie van Laodicéa (363 nC; Kanon 29) nie 'n Sondagwet in die kerk ingestel nie, maar dit wat eeue lank reeds in die kerk gedoen is, formeel gereël. Dit was selfs nog voor die Roomse Kerk of die Pous enige deurslaggewende sê in die kerk se sake gehad het. Eers teen die vyfde eeu het die Roomse Kerk en die biskop van Rome vir hulleself 'n voorrangsposisie opgeëis. Die konsilie van Chalcedon (451 nC) het egter die biskopsetels en biskoppe van Konstantinopel en Rome op feitlik gelyke voet geplaas.

Net so is die bewering wat gemaak word dat die Sondagviering 'n verering is van die songod, 'n moedswillige valsheid. Nóg in die Nuwe Testament self, nóg in enige van die geskrifte van die vroeë kerkvaders, is enige verwysing na die verering van die son op Sondag. Dit is so dat die dag na die songod vernoem is en dat die songod in die Romeinse Ryk deur die heidene vereer is; maar net so is Saterdag na die god Saturnus vernoem en hy is deur die heidene in die Romeinse Ryk vereer. Dit beteken egter nie dat deur die sabbat op Saterdag te hou, die Saterdagsabbat nou meteens 'n verering van Saturnus is nie.

## 8. Sondagviering.

Sondagviering en sabbatdagonderhouding is nie dieselfde saak nie. Dit moet steeds in gedagte gehou word. 'n Mens kry soms die indruk dat daar probeer word om die ou wyn van sabbatsonderhouding in die nuwe sak van Sondagviering te gooi.

Maar net so min as wat die Ou Testamentiese voorskrifte met betrekking tot die pasga die viering van die Nagmaal bepaal, of die voorskrifte met betrekking tot die besnydenis voorskrifte vir die bediening van die doop is, of die bepalings met betrekking tot die Joodse feeste dwingend is vir die viering van die Christelike feesdae, net so min stel die voorskrifte in die Ou Testament met betrekking tot die sabbatsheiliging die vorm en grense vas van die Christelike viering van die Sondag.

Uit die Nuwe Testament blyk dit duidelik dat die kern van die Sondagviering nie die sabbatdagrus van die Ou Testament is nie. Let op: ons bedoel nie die sabbatsrus nie – dit is steeds in die Nuwe Testament die kern van die sabbatsgebod. Maar in Christus is die sabbatsrus nie 'n saak van die heiliging van één dag nie. Dit is 'n saak van die heiliging van die hele lewe; elke dag. Só het ons as gelowiges deel aan die sabbat van God, terwyl ons die vervulling van die sabbatsbelofte in die ewigheid verwag (Hebr. 3-4; Heidelbergse Kategismus, Sondag 38).

Oor die waarneming van een dag uit sewe, is dit duidelik dat die seremoniële nakoming daarvan deur Christus opgehef is. Daarom is dit nie belangrik dat dit op hierdie dag (sewende dag – Saterdag) of daardie dag (eerste dag – Sondag) of 'n ander dag (sesde dag – Vrydag) van die week is nie, asof die dag as sodanig van belang is nie. Christene mag niks te doen hê met 'n bygelowige verering en waarneming van dae nie. *Hence, as the apostle elsewhere says, 'Let no man therefore judge you in meat, or in drink, or in respect of an holyday, or of the new moon, or of the Sabbath days; which are a shadow of things to come; but the body is of Christ' (Col. ii:16,17); meaning by body the whole essence of the truth, as is well explained in that passage. This is not contented with one day, but requires the whole course of our lives, until being completely dead to ourselves, we are filled with the life of God* (Institusie II/viii:31; Beveridge, bl. 341).

Vra 'n mens na die Sondagviering in die Nuwe Testament, word die samekoms op elke eerste dag van die week as 'n gereelde samekoms aangedui. Tydens die samekoms is die nagmaal gevier; gebid; gesing; die Woord verkondig en die bydraes wat vir die armes opgespaar is, gegee. Dit is merkwaardig dat die Nuwe Testament geen voorskrif bevat dat op die eerste dag van die week, die Sondag, gerus moet word nie. Dit was waarskynlik ook nie vir die gelowiges moontlik nie, omdat hulle moes werk. Tog skryf die Nuwe Testament voor dat die onderlinge byeenkoms nie versuim mag word nie (Hebr. 10:25).

Justinus die Martelaar beskryf in sy ***Apologie*** die viering van die Sondag. Dieselfde elemente as in die Nuwe Testamentiese viering kom voor. Daar is uit die Skrifte gelees; dit is uitgelê; daar is saam gebid en 'n gesamentlike ete gehou (Nagmaal); die diakens het die armes wat nie by die samekoms kon wees nie, versorg; daar is deur almal wat kon, offergawes gegee vir die armes.

Byna al die kerkvaders meld dat die kerk die Sondag vier omdat dit die dag is waarop die Here opgestaan het. In Jesus Christus word die ware rus gevind; die rus wat die gelowige die hele week en 'n hele leeftyd laat deelneem aan die ware sabbat van God. 'n Stylvolle Sondagviering begin dus by 'n egte en lewende geloof in die Here Jesus. Só begrond die Hebreërbrief ook sy opdrag om die onderlinge byeenkoms te hou. In die sin is die Sondagviering primêr 'n belydenis en 'n getuienis.

Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 38, stel dat die vierde gebod eis dat die kerkdiens of predikamp en die skole onderhou moet word. Dit sluit aan by die Nuwe Testamentiese viering van die Sondag. Daarby stel die Heidelbergse Kategismus dat ek op die rusdag ywerig met die gemeente moet opkom om die Woord van God te hoor; die sakramente te gebruik; God die Here openlik aan te roep en aan die armes Christelike liefdesgawes moet bring.

Daarmee is die hoofkontoere van 'n gelowige en stylvolle viering van die Dag van die Here getrek, in ooreenstemming met die getuienis van die Nuwe Testament. Die eerste, en belangrikste deel van die Sondagviering is om op te gaan na die onderlinge byeenkoms. Erediensbywoning op Sondag is vir die gelowige die hartklop van sy sabbatslewe. Sondag ná Sondag roep die gelowige dit opnuut juigend uit saam met die kerk oor die eeue: Die Heer het opgestaan; Hy het die dood oorwin. Sondag ná Sondag versterk die Heilige Gees die gelowige opnuut deur die Woord in die geloof: Deur die dood en opstanding van die Here ontvang ek die lewe; die ware rus van al my bose werke. Maar daarmee saam vind daar op die Sondag onderrig plaas vir die onvolwasse gelowiges, sodat hulle die skat van die Woord kan ontgin en daarin verryk kan word. Gelowige ouers se geloofsverhouding met die Here behoort hulle daartoe te dring dat die belangrike VBO-onderrig nie verwaarloos word nie. Waar prediking en VBO-onderrig tot werklike geloofsontmoeting met die Here

lei, word die opstanding van Jesus Christus waarlik gevier. Dit vind sy vreugdevolste uitdrukking in die sakramente. By doop en Nagmaal juig die bruid van die Here in die vreugde van haar Heer.

Die onderlinge byeenkoms van gelowiges is egter nie iets wat net maar gebeur en afgehandel is nie. Dit is die drakrag vir die gelowige deur die week vorentoe. Huisgodsdiens en persoonlike Bybelstudie behoort aan die weeklikse erediens verbind te word. Ten minste word in die AP kerkverband die weeklikse VBO-lesse daaraan verbind. Maar dit is meer as net verbind – daar moet oor die samekoms van die gelowiges nagedink en nagepraat word; saamgedink en saamgepraat word. Prediking en erediens wat tuis bedink, bespreek en so eie gemaak word, voed waarlik in die geloof. Daarom behoort dit deel te wees van sinvolle, vrugbare Sondagviering dat gelowiges onder mekaar en met ander oor die wonder van die evangelie, die genade van die erediens en die krag van die prediking sal praat.

Só gesien, is die belangrikste deel van Sondagviering die geloofstoerusting wat in die onderlinge byeenkoms ontvang word. Dit kan ook nie anders nie, want geloof, geloofstoerusting en die sabbatsrus loop hand aan hand. Maar dit eindig nie daar nie. Sondagviering keer ons nie as gelowiges in onsself in nie. Dit is viering wat blydskap meedeel en uitdeel. Daarom is dit deel van die vrugbare Sondagviering om ook die offergawes vir die armes in te samel, sodat dit aan die sorgbehoewendes uitgedeel kan word.

In ’n sinvolle Sondagviering lê die klem nie op die rus en die ontspanning nie. Wie van sy daaglikse arbeid rus, sonder om in die vreugde van die geloof te deel, het nog geen werklike rus gevind nie. Veel eerder word ’n sinvolle Sondagviering gekenmerk deur ’n toegewyde en ywerige strewe om in die geloof opgebou, versterk en toegerus te word; om in die gemeenskap met die Here Jesus Christus te tree deur sy Woord en Gees en die ware rus wat net in Hom te vinde is, deur barmhartigheidsdiens en verkondiging van die evangelie in die wêreld te versprei.

In die 1536-uitgawe van sy *Institusie* (vertaling deur H W Simpson, 1980, bl. 58) vat Calvyn dit kernagtig saam: *Dit het betrekking op die dag van die Here waarop ons nou ag gee: dit is nie daarom ingestel dat ons dit bo die ander dae heilig nie, dit is, heiliger as die ander moet ag nie, want dit is ’n voorreg van God alleen wat al die dae ewe veel geëer het (Rom. 14:5). Maar dit is ingestel sodat die kerke op die dag kan versamel vir gebede en die lof van God, om na sy Woord te luister en die sakramente te gebruik (Gal. 4:8; Kol. 3:16). En om onbesorg hierdie pligte met groter ywer te vervul moet ons van ons werktuiglike handearbeid afsien en van al die afleidinge wat op die loop van hierdie lewe betrekking het.*

Dit is duidelik dat verskynsels soos Sondagsport, Sondaginkopies, Sondagfilmvertonings en enige soortgelyke Sondagaktiwiteite ons aandag aflei van Jesus Christus en die ware rus wat Hy gee. Daarom behoort ons as gelowiges alle dinge en aktiwiteite te vermy op die Sondag wat ons aandag in die onrustige loop van hierdie wêreld vasvang en vashou. Sondagviering behoort vir die gelowiges ’n kosbare geleentheid te wees tot stigting, tot onderwysing, tot opbou in ons allerheiligste geloof. Waar dit gebeur, word die Sondag ’n viering. Dan word dit die hoogtepunt van die week, die dag wat die toon aangee vir ons hele week se sabbatslewe in die rus van Christus.

**AANBEVELINGS**

**4.2.1 Die Sinode keur die studiestuk oor Sondagviering goed.**

**4.2.2 Die Sinode versoek die Publikasiekommissie om hierdie studiestuk in pamfletvorm te publiseer.**

### 4.3. TER HELLE NEERGEDAAL (HANDELINGE 2010, bl. 277, pt. 141)

*2010-AANBEVELING GOEDGEKEUR*
*Die saak word verwys na die KKCE om die vertaling en alle ander sake wat die belydenis “ter helle neergedaal het” raak, te ondersoek en aan die volgende sinode verslag te gee.*

Die motivering vir die voorstel by die Sinode spruit uit ’n beswaarskrif wat ontvang is en wat stel: *Die misverstand wat by baie lidmate* [voorkom] *oor die woorde: “en neergedaal het na die hel” is Skriftuurlik en dogmaties onhoudbaar en moet daarom voorkom word.* Hoewel die KKCE, wat die voorstel ingedien het, van mening was dat die motivering die leemte inhou dat nie gesê word wat die misverstand is nie, en geen lidmaat dit behoort mis te verstaan nie, aangesien die Heidelbergse Kategismus verklaar wat dit beteken, het die Kommissie dit tog as ’n geldige motivering beskou.

Hoewel dit nie deel is van die KKCE se opdrag nie, het die Kommissie kennis geneem van 'n studiestuk deur prof JH Jordaan, 'n lidmaat van die AP Kerk Pretoria-Oos: *Die "ter helle neergedaal" in die Twaalf Artikels – Bybels/Skriftuurlik verantwoord?* Die argumente in die studiestuk word in die verslag van die KKCE verdiskonteer.

**1. Vraagstukke**

Die argument dring egter dadelik twee vrae op. Die eerste vraag is na die vertaling van die belydenis. Die vertaling wat deur die AP kerkverband gebruik word, is immers: *"en ter helle neergedaal het",* en nie *"neergedaal het na die hel"* nie. Word met "ter helle neergedaal" en "neergedaal het na die hel" dieselfde ding bedoel of is daar 'n aanduibare nuanse-verskil? Die tweede vraag hang hiermee saam: Indien daar 'n nuanse- verskil is, is die misverstand wat by lidmate voorkom dieselfde misverstand? Wat is die misverstand(e) dan?

Die voorstel om die Apostolicum te wysig sodat dit slegs die uitleg in 'n ander belydenisskrif, te wete die Heidelbergse Kategismus weerspieël, bring 'n hele aantal ander kwessies na vore.

Die Apostolicum is een van die drie algemene belydenisskrifte van die Christelike kerk. As sodanig is dit nie die alleenbesit van die gereformeerde kerke nie; nog minder net van die AP kerkverband. Indien die AP kerkverband dit sou oorweeg om die bewoording te wysig slegs in ooreenstemming met die uitleg daarvan in 'n gereformeerde belydenisskrif, raak dit die verhoudinge met nie slegs die ander gereformeerde kerke nie, maar ook met ander protestantse kerke en selfs met die algemene Christelike kerk. Dit is iets wat nie ligtelik gedoen behoort te word nie.

Die Apostolicum is 'n historiese dokument wat as historiese dokument waardeer en uitgelê moet word. Waardering vir die dokument hou op sy minste in dat die dokument self nie gewysig en verander word nie, tensy daar baie gewigtige en ernstige redes voor bestaan. Hoewel die bewoording *ter helle neergedaal* na die mening van onder andere Luther, Calvyn en Ursinus (die opsteller van die *Heidelbergse Kategismus*) verkeerd verstaan en uitgelê is deur verskillende kerke (en Luther en Calvyn dit ook onderling verskillend vertolk het), was dit vir nie een van die reformatore 'n rede wat swaar genoeg geweeg het om die Apostolicum te herskryf nie.

Vanselfsprekend is die historiese waarde en waardigheid van 'n dokument, ook die Apostolicum, nie 'n deurslaggewende argument om enige wysiging daaraan af te wys nie. Die Apostolicum is immers ook 'n kontemporêre dokument. Dit is 'n belydenisskrif van die AP Kerke en gelowiges in die kerkverband bely dit elke Sondag. Dit word bely omdat dit in volkome ooreenstemming is met die Woord van God. Indien die belydenis *ter helle neergedaal* níe in volkome ooreenstemming met die Woord is nie, móét dit gewysig word. In geen erkende gereformeerde kerk word dit egter beskou as in stryd met die Skrif nie.

Die Heidelbergse Kategismus (HK) is in volkome ooreenstemming met die Woord van God, en die uitleg van die *ter helle neergedaal* is ook in volkome ooreenstemming met die Skrif. Maar: is die uitleg van die HK die volle en enigste uitleg van die artikel wat met die Woord ooreenstem? In die HK word immers die hoofsake van die leer verwoord en nie alle sake nie. So, byvoorbeeld, gee die *Nederlandse Geloofsbelydenis* in Artikel 1, 8 en 9 ander perspektiewe op die Drie-eenheid as die HK in Sondae 8-10. Dieselfde geld ook, onder meer, ten opsigte van die belydenis oor die doop en die nagmaal. Maar by die perspektiewe van die belydenisskrifte oor doop en nagmaal, kom ook nog dié wat gebied word in die klassieke en eietydse formuliere. In die prediking word daar nog meer perspektiewe geopen, wat nie in die belydenisskrifte verwoord is nie, maar die uitleg is in ooreenstemming met die Skrif. Net so is daar ook perspektiewe ten opsigte van die belydenis dat Jesus Christus ter helle neergedaal het, wat in ooreenstemming is met die Woord, maar nie deur die HK geformuleer is nie.

In die Heilige Skrif kom ook tekste voor wat verkeerd verstaan of misverstaan word. 1 Petrus 3:18-20 is 'n voorbeeld daarvan: *18) Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring – Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; 19) in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis, 20) wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God eenmaal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is;…* Die teks word nie gewysig om die uitleg daarvan in ooreenstemming te bring met die verstaan in ons belydenisskrifte nie en ook nie van 'n voetnoot voorsien om dit te verduidelik nie. Die regte uitleg word in die prediking en kategese aan die gelowiges geleer, en so word die verkeerde verstaan en misverstaan van die teks uit die weg geruim.

Die weg waarlangs misverstand oor die woorde *ter helle neergedaal* in die Apostolicum uit die weg geruim behoort te word, is dieselfde weg van prediking en kategese.

Dit is nie altyd moontlik om in vertaling reg te laat geskied aan die seggingskrag of die nuanseringe, wat in 'n bepaalde woord of teks in die oorspronklike taal opgesluit lê nie. Daar word in sommige vertalings gebruik gemaak van voetnote om 'n alternatiewe lesing van die teks of 'n bykomende nuanse onder die aandag te bring. Die voetnoot is nie 'n uitleg van die teks nie, maar dui die alternatiewe aan. Indien die vertaling van *descendit in inferna* (alternatiewe lesings: *descendit ad inferos/descendit ad inferna*) nie bevredig nie, kan die alternatief in 'n voetnoot aangedui word. Net soos die voetnoot by 'n bepaalde teks nie in die Skriflesing noodsaaklikerwys gelees word nie, hoef die voetnoot ook nie in die belydenis noodsaaklikerwys gesê te word nie. Dit dui egter aan dat daar méér opgesluit is in die oorspronklike teks as in die vertaalde teks en die méér kan in die uitleg verdiskonteer word.

By die uitleg en vertaling van die Skrif en die belydenisskrifte geld dat die teks eerstens in sy historiese konteks verstaan moet word; dat die teks in die lig van die Skrif as geheel vertolk moet word; dat die geskiedenis van die verstaan van die teks in die kerk in ag geneem word en dat die konteks waarin die eietydse uitlegger die teks verstaan, krities bygereken word. Dit bly nodig dat ons sal begryp: die AP kerkverband in 2013 is deel van die algemene Christelike kerk. Ons deel in die belydenis soos die kerk in die derde of vierde eeu en as ons daarmee worstel, is ons tegelyk in debat met die kerk van daardie tyd. Ons is ook nie die eerstes wat daarmee worstel nie: deur die geskiedenis is met die Skrif en die regte verstaan van die Skrif geworstel. Dit is immers hierdie stryd om die regte leer wat wéér en wéér daartoe gelei het dat die regte leer in belydenisskrifte saamgevat is. Ons wil soos en saam met die ware kerk oor alle eeue bely – daarom moet ons met die grootste versigtigheid enige wysiging aan die Apostolicum benader. Indien ons egter oortuig is dat die belydenisskrif op een of ander punt die leer van die Skrif nie korrek vertolk nie, al is dit hoe oud en word dit hoe lank reeds deur die kerk bely, dan moet ons dit verander – maar slegs dan.

Die effek van 'n verandering in die Apostolicum, wat Sondag ná Sondag in die AP kerke deur lidmate bely word, moet in ag geneem word. Die Apostolicum is meer as net 'n bekende formule in die erediens. Dit dra 'n bepaalde emosionele lading van bekendheid en geliefdheid, wat saambind en iets van die aard en karakter van 'n erediens in 'n AP Kerk weergee.

**2. Die bewoording**

Die Apostolicum het 'n lang en veelkleurige ontstaansgeskiedenis, waarop nie verder ingegaan word nie. Die saak wat in die artikel *ter helle neergedaal* verwoord word, word reeds in die tweede eeu aangetref in geskrifte van onder andere Ireneaus, Ignatius en Justinus. Die woorde *descendit in inferna* word die eerste keer gebruik in die Sinode van Sirmium (359 nC). Rufinus neem dit vir die eerste keer op in die belydenisskrif in sy *Expositio Symboli Apostolici*, in die plek van *begrawe is* (*sepultus*). Hy stel dat die woorde nie voorkom in enige van die bestaande Oosterse of Westerse belydenisse nie, en dit kom voor asof hy die woorde bloot as sinonieme begrip gebruik. Teen 750 nC is die teks van die Apostolicum finaal vasgestel en het die woorde *ter helle neergedaal* (*descendit in inferna)* in die artikel naas *begrawe is* (*sepultus*) plek gekry.

Daar is reeds in die vroegste tye verskillende verklarings gegee vir die betekenis van die woorde *ter helle neergedaal*. Dit is duidelik dat die betekenisverskille berus op 'n verskil in verstaan van wat die woord *infernum/inferna* beteken. In Hebreeus word twee woorde gebruik wat albei in Latyn met *infernum* weergegee word. Die Hebreeus gebruik die woord *she'ol*, en dui daarmee die doderyk aan. Die doderyk is die plek waarheen alle afgestorwenes na hulle dood gaan, en die begrip kom in die Ou en Nuwe Testament voor. *Gehenna* dui die plek aan van ewige oordeel en kom ooreen met wat ons gewoonlik bedoel as ons praat van die hel. In die Grieks word die onderskeid gehandhaaf. Die Griekse teks van die Apostolicum maak duidelik dat die *infernum* van die Latynse teks verstaan behoort te word as "doderyk" en nie as "hel = die plek van veroordeling" nie.

Rufinus gebruik die woorde *ter helle neergedaal* in die plek van *begrawe*. Die bedoeling is duidelik om daarmee te beklemtoon dat Jesus Christus werklik gesterf het. Hy is nie net in die graf neergelê nie, maar het werklik in die dood ingegaan. Die beklemtoning was nodig teen die dwaalleer van die docetisme en die gnostici.

**3. Onaanvaarbare vertolkings**

Daarteenoor is duidelik dat reeds vóór die opname van die woorde in die Apostolicum, daar allerlei vertolkings gegee is aan die saak, wat nie met die Bybel rym nie. Die vertolkings dui op die verwarring in die terminologie tussen die doderyk en die hel en op vindingryke en kleurvolle voorstellings van die doderyk enersyds en die hel andersyds, wat geen steun het in die Bybel nie. Die voorstellings en vertolkings kan in sommige apokriewe geskrifte, veral in die evangelie van Nikodemus, nagespoor word.

Veral drie vertolkings van die belydenis dat Jesus Christus *ter helle neergedaal* het, moet afgewys word as onskriftuurlik.

1. Hy het na die doderyk/hel neergedaal om mense 'n tweede kans te gee om tot geloof te kom.
2. Hy het in die doderyk sy oorwinning aangekondig aan die regverdiges wat Hom verwag en op sy koms gehoop het, en hulle uit die doderyk uitgelei.
3. Hy het gedurende die drie dae in die graf in die hel neergedaal om daar onder die mag van Satan te wees en het dus sy lyding in die hel voortgesit.

Die eerste twee van die verklarings sluit aan by die Roomse dwaalleer oor die vagevuur en die bewaarplekke (*limbus*) van die siele van die Ou Testamentiese heiliges; die ongedooptes en die wat nooit die evangelie gehoor het nie. Die eerste word ook deur die moderne liberale teoloë verdedig. Vir geeneen van die verklarings is egter enige Bybelse gronde nie.

## 4. Die Lutherse verklaring

Die Lutherse verklaring van die belydenis word nie deur die gereformeerde kerke gedeel nie. Die Lutherse standpunt is dat die Here Jesus na sy sterwe ter helle neergedaal het om sy oorwinning oor die Satan en sy mag ten toon te stel. Die belydenis dat Hy ter helle neergedaal het, is dus nie die laagtepunt van sy vernedering nie, maar die beginpunt van sy verhoging. Ursinus skryf in sy kommentaar op die *Heidelbergse Kategismus*, nadat hy aangetoon het hoekom hy die verklaring afwys, die volgende: *Tog is daar in hierdie beskouing, of mening, oor Christus se neerdaling in die hel, niks ongelowigs nie en dit is deur baie van die vadere gedeel. Daarom is dit nie behoorlik dat ons ernstig met iemand daaroor sal argumenteer nie.* Dit is merkwaardig dat Ursinus die beskouing afwys met verwysing na 1 Petr. 3:19; 4:6 en Efés. 4:9, terwyl die beskouing van Luther nie op die tekste gebou is nie. Luther self laat sy beskouing rus op Lk. 11:21-22. Daarom kan die Lutherse perspektief op die belydenis dat Jesus ter helle neergedaal het, nie sonder meer verontagsaam word nie: ten minste nie die nuanse dat in die neerdaling ter helle die begin van die triomf van Jesus Christus lê nie.

## 5. Die reformatoriese interpretasie

### 5.1 Die interpretasie van Ursinus en die *Heidelbergse Kategismus*

Die reformatoriese interpretasie van die belydenis *ter helle neergedaal* loop in twee rigtings. Die een rigting word gevind in die interpretasie van Calvyn en op sy voetspoor van Ursinus in die *Heidelbergse Kategismus*. Die interpretasie kan 'n metaforiese interpretasie genoem word. In die uitleg van die belydenis word *inferna* verstaan as hel, maar nou nie in die sin daarvan dat dit 'n plek aandui nie, maar 'n toestand. Ursinus onderskei drie betekenisse van die woord *hel*.

- Dit word gebruik om die graf aan te dui (Gén. 42:38; Ps. 16:10).
- Dit word gebruik vir die plek van verdoemenis (Lk. 16:23).
- Dit word gebruik om die uiterste nood en angs aan te dui (Ps. 116:3; 1 Sam. 2:6).

Na sy oordeel pas nóg die eerste nóg die tweede betekenis in die belydenis *ter helle neergedaal*. Die eerste betekenis is onvanpas, omdat reeds bely word dat Hy begrawe is, omdat dit die belydenis dat Hy begrawe is nie ophelder nie en omdat dit 'n toutologie is. Dit kan ook nie die tweede betekenis hê nie, omdat Hy na sy Godheid nie neergedaal het nie, maar oral is; na sy liggaam nie neergedaal het nie, want dit is in die graf; en na sy siel nie neergedaal het nie, want Hy het dit aan sy Vader oorgegee en sy siel was in die paradys (Lk. 23:46; 43).

Die regte uitleg, volgens Ursinus, is dat dit dui op die uiterste martelinge, pyne en angste wat Christus in sy siel ondergaan het, soos wat die verlorenes deels in hierdie lewe en deels in die lewe hierna ondergaan. Verder dui dit op die grootste en uiterste vernedering wat Christus deur sy hele lyding ondergaan het. Daarvoor haal Ursinus 'n reeks ander tekste aan, soos Jes. 53:6, 10; Mt. 26:28 en 27:46. Hy voer drie ander argumente aan om sy standpunt te staaf:

i) Christus het nie slegs ons liggaam verlos nie, maar ook ons siel. Daarom het Hy nie net na die liggaam nie, maar ook na die siel gely.

ii) Dit was nodig vir Christus om ons van die angs en pyn van die hel te verlos. Dit het Hy gedoen voordat Hy gesterf het, soos die woorde: *Dit is volbring* aantoon. Maar hierdie lyding van die hel het Hy nie na sy liggaam gely nie, want sy liggaamlike lyding was slegs uiterlik. Hy het dit dus in sy siel gely.

iii) Dit hoort so dat die ernstige lyding en angste van sy siel (wat die swaarste deel van sy lyding was), nie ongenoem bly in die Apostolicum nie. Maar as die artikel van sy neerdaling na die hel dit nie noem nie, sou dit ongenoem bly, want die voorafgaande artikels praat slegs oor sy lyding na die liggaam, wat Christus uiterlik gely het. Daar is dus geen twyfel dat die lyding van sy siel in besonder deur die artikel aangedui word nie.

Ursinus verwerp twee moontlike besware teen hierdie interpretasie van die artikel. Die eerste is dat die artikels van die Apostolicum in hulle gewone en natuurlike sin verstaan moet word, en nie figuurlik nie. Dit is, sê hy, net waar indien die artikels in hulle gewone sin nie met die Skrif bots nie. Maar as die artikel in natuurlike sin verstaan word, bots dit met Jesus se woorde: *Dit is volbring*. Want as Hy ons verlossing aan die Kruis volbring het, is daar geen rede waarom Hy sou neerdaal na die hel, die plek van verdoemenis nie.

Die tweede beswaar is dat die sielslyding van Jesus sy begrafnis voorafgaan, maar die belydenis van sy neerdaling daarop volg. Daarom kan dit nie die sielelyding voor sy begrafnis bedoel nie. Daarop antwoord hy dat die volgorde nie 'n tydsorde is nie. Dit is 'n orde van verduideliking: die lyding aan die liggaam word eerste gestel, en die sielelyding daarna om duidelik te maak dat Hy nie slegs aan sy liggaam gely het nie, maar ook na sy siel. Die belangrikste en swaarste lyding van Christus word dus tereg laaste gestel, volgens die orde van die Apostolicum; dit beweeg van die pyne van die liggaam na dié van die siel; en van die lyding wat sigbaar is na dit wat onsigbaar is; as 't ware van die mindere na die meerdere.

### 5.2 Die interpretasie van Zwingli

Die ander reformatoriese rigting word gevind by Zwingli en in die Westminsterse Kategismus. Beide neem die betekenis van *infernum* nie op as *hel* nie, maar as doderyk/graf. Daarmee is hulle aansienlik nader aan die oorspronklike interpretasie van die artikel as Calvyn en Ursinus, sonder dat die woorde 'n toutologie word of 'n verduistering van *begrawe*. Zwingli stel: As Hy nie gesterf het en begrawe is nie, wie sou geglo het dat Hy waarlik mens was? En om dieselfde rede het die apostoliese vaders die woorde by die Apostolicum gevoeg: *Hy het ter helle neergedaal*. Hulle het die uitdrukking perifrasties [omskrywend] gebruik, om daarmee die realiteit van sy dood uit te druk. Die interpretasie hou hom ook aan die orde van die Apostolicum – gekruisig, gestorwe, begrawe, neergedaal.

### 5.3 Die interpretasie van Westminster

Die Groot Kategismus van Westminster vra in Vraag en Antwoord 50:

*Vraag: Waarin het Christus se vernedering bestaan na sy sterwe?*

*Antwoord: Christus se vernedering na sy sterwe het daarin bestaan dat Hy begrawe is, en in die staat van die dood en onder die mag van die dood verkeer het, wat op 'n ander wyse uitgedruk word in die woorde: Hy het ter helle neergedaal.*
*(Q. Wherein consisted Christ's humiliation after his death?*
*A. Christ's humiliation after his death consisted in his being buried, and continuing in the state of the dead, and under the power of death till the third day; which hath been otherwise expressed in these words, He descended into hell.)*

Die Klein Kategismus van Westminster voeg by die artikel *ter helle neergedaal* 'n verduidelikende voetnota by: dit beteken dat Hy in die staat van die dood en onder die mag van die dood verkeer het tot op die derde dag. (*i.e. Continued in the state of the dead, and under the power of death till the third day.)*

Die uitleg van die artikel beklemtoon dat Jesus Christus vir die drie dae in die graf werklik dood was en in die dood (doderyk) gebly het. Sy gees het Hy aan God gegee, en só was Hy na sy belofte aan die misdadiger saam met hom in die paradys. Maar sy liggaam was koud en leweloos in die graf, oorgegee aan die mag van die dood. Hy was werklik dood; in die doderyk.

## 6. Hedendaagse interpretasies wat afgewys word

Beide reformatoriese interpretasies wys duidelik die dwaallerings wat in punt 3 genoem is, af. Die dwaallerings is egter steeds in ons eie tyd springlewendig. In (post)moderne liberale kringe word die artikel by voorkeur uitgelê in die rigting van universele redding – daarom kry almal 'n tweede kans. In die Rooms-Katolieke teologie word die vagevuur en die verskillende *limba* waaruit die dood bestaan, steeds geleer. In sekere kringe van die sogenaamde *evangelicals* word geleer dat Christus gedurende die tyd wat Hy in die graf was, 'n doodstryd teen die Satan en sy magte moes voer om só sy oorwinning te verseker.

Daar is egter ander dwalings wat in die huidige teologiese debat hier te lande deur die artikel van Jesus se neerdaling ter helle afgewys word. In die afwysing van hierdie dwalings mag die artikel nie één van die twee kante van die reformatoriese uitleg ontbeer nie. Enersyds ontken die hedendaagse Pelagiaanse dwaling dat 'n mens 'n sondaar is; dat die oordeel en straf van God op 'n sondaar rus en dat daar gevolglik iets is soos 'n hel en helse straf. Die uitleg van die Heidelbergse Kategismus is nodig om steeds weer die dwaling af te wys dat God nie óók oordeel en straf nie, en dit met die helse benoudheid en pyn. Slegs wie in Hom glo en daaraan vashou dat Hy aan die kruis die oordeel en straf ten volle weggedra het, kan reeds in hierdie wêreld in die troos leef dat hy vrygelaat is onder die oordeel van God uit.

Aan die ander kant is daar die hedendaagse gnostiese en self docetiese dwaling wat ontken dat die Here Jesus werklik dood was of uit die dood opgestaan het. In sommige kringe word veronderstel dat Hy slegs 'n skyndood ondergaan het, en dat Hy deur sy dissipels uit die graf verwyder is. Ander meen weer dat Hy nie uit die dood opgestaan het nie, maar dat Hy slegs in die herinneringe of skuldgevoelens van sy volgelinge herleef het. In albei gevalle word die werklikheid van Christus se dood ontken. In die afwysing van die dwalings is die uitleg van die artikel in die sin van die Westminister Kategismus belangrik. Dit lê die klem daarop dat Hy waarlik dood was; verneder was tot in die doderyk vir die duur van sy verblyf in die graf. Uit hierdie ware dood het Hy waarlik opgestaan. Ten slotte is die interpretasie van Luther nie sonder meer af te wys nie: in die diepste vernedering van Christus breek die eerste moment van sy verhoging reeds aan. Hy roep nie nét uit: *My God, my God, waarom het U My verlaat*? nie, maar ook: *In u hande gee Ek my gees oor* – want dit is as oorwinnaar volbring! Hy bly nie in die graf nie – Hy triomfeer oor die graf in sy opstanding; breek die poorte van die doderyk oop.

## 7. Onlangse hantering van die Belydenis

Verskillende gereformeerde kerkverbande het oor die afgelope jare aandag gegee aan die artikel in die Apostolicum en die Belydenis van Athanasius. Daar is redelike konsensus dat dit nie gaan om 'n leerstellige saak nie, maar dat dit eerder 'n formuleringskwessie is. In die hantering van die saak word in vier weë gegaan:

Die formulering van die Apostolicum en Belydenis van Athanasius word onveranderd gelaat. Dit is die weg wat meestal gevolg word. In Suid-Afrika is dit die weg wat beide die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk gekies het, met die formulering *ter helle neergedaal*.

Die teks word onveranderd gelaat, met 'n voetnoot wat óf die alternatiewe formulering *neergedaal het na die doderyk* óf die interpretasie van die Heidelbergse Kategismus gee.

Die teks word vertaal om te lees: wat neergedaal het na die doderyk.

Die teks word gewysig om die interpretasie van die Heidelbergse Kategismus te weerspieël. Dit is die keuse wat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gemaak het, met die weergawe: …*gestorwe het en begrawe is. Hy het die lyding van die hel ondergaan.*

Daar moet in ag geneem word dat hierdie wysiging nie slegs die teks van die Apostolicum en die Belydenis van Athanasius raak nie, maar ook die teks van die Heidelbergse Kategismus by Sondag 7, Antwoord 23 en Sondag 16, Vraag 44.

**AANBEVELING**

**4.3.1 Die Sinode besluit dat die bewoording en vertaling *ter helle neergedaal* in die Apostolicum onveranderd behou word.**

Motivering
Die beredenering in die verslag dien as motivering. Dit word kortliks saamgevat:

Die vertaling *ter helle neergedaal* in sy argaïese Afrikaans laat die ruimte om beide nuanses in die oorspronklike teks van die Apostolicum en Belydenis van Athanasius na vore te bring. 'n Vertaling *neergedaal na die hel* lê die klem op die plek van veroordeling, soos deur die Heidelbergse Kategismus verstaan en uitgelê; terwyl 'n vertaling *neergedaal na die doderyk* die klem op die werklike sterwe van Christus lê, soos in die Kategismus van Westminster uitgelê.

Die wysiging of vertaling met die klem op die uitleg van die Heidelbergse Kategismus verdiskonteer nie die oorspronklike bedoeling en uitleg van die artikel, soos deur die apostoliese vaders gegee nie.

Die wysiging of vertaling met die klem op die uitleg van die liggaamlike dood van Christus, soos deur die Kategismus van Westminster gegee, verdiskonteer nie die belangrike perspektief dat Jesus ook werklik ons ewige straf met sy helse pyn en lyding weggedra het nie.

Die gebruik van 'n voetnota om die artikel te verduidelik is nie aan te beveel nie. Die weg om te volg in die AP Kerke is om die geloofsleer in die prediking en die verbondsonderrig oor te dra.

Die Apostolicum en Belydenis van Athanasius is algemene belydenisse. Die AP kerkverband deel dit oor die eeue met die kerk van Christus. Enige verandering in die formulering wat nie op grond van 'n duidelike afwyking van die Skrif gedoen word nie, verbreek die band wat ons aan die kerk oor die eeue verbind en moet vermy word.

Die Apostolicum en Belydenis van Athanasius as historiese dokumente verdien agting en respek en behoort nie sonder baie grondige redes gewysig te word nie.

Dit is nie duidelik presies watter misverstand(e) die bestaande bewoording veroorsaak nie. Dit is dus nie sonder meer te aanvaar dat 'n verandering in die formulering of vertaling daarin sal slaag om die misverstande uit die weg te ruim nie. Misverstande oor die interpretasie van die Skrif en belydenis kan net deur suiwer bediening van die Woord opgeklaar word.

Die wysiging in die formulering of vertaling van die Apostolicum (veral) en die Belydenis van Athanasius kan in die AP Kerke onrus, ongelukkigheid, verdagmakery en selfs tweespalt saai, wat deur die behoud van die bestaande formulering en vertaling vermy word.

## 4.4 KLEUTERKERK (HANDELINGE 2010, bl. 233, pt. 4.9.2)

*2010-AANBEVELING GOEDGEKEUR*
*4.9.2 Die beskrywingspunt word terugverwys na die KKCE vir voorlegging tydens die volgende sinode.*

### 1. Agtergrond
Die vorige Sinode het 'n beskrywingspunt van die Ring van Bloemfontein ontvang waarin hulle vra dat die Sinode hom uitspreek oor die wenslikheid, al dan nie, van die hou van 'n kleuterkerk tydens 'n gewone erediens en dat indien dit goedgekeur word daar riglyne gegee sal word oor hoe dit moet plaasvind (Sakelys 2010, bl. 41). Die Sinode het besluit dat die beskrywingspunt na die KKCE terugverwys word vir studie en voorlegging tydens die volgende sinode.

### 2. Werkswyse
Die KKCE het prof. J Bosman gevra om ons oor die *kinderkerk* te adviseer. Hy het aan ons die volgende inligting verskaf:

Die KKCE het my versoek om te kyk na die k*inderkerk* as praktyk vir die gereformeerde erediensbeoefening.

Ek kan julle ongelukkig nie dien met 'n behoorlike uitgewerkte stuk nie. Uit wat ek oor die saak kon naspeur in die korte tyd aan my gegee, kan ek slegs 'n voorlopige gevolgtrekking aan die KKCE deurgee.

Voorlopige Gevolgtrekking:
Hoe sterker die leer van die verbond funksioneer in die huisgesinne van 'n plaaslike gemeente, hoe minder sterk is die drang tot 'n spesiale *kinderkerk* tydens en wel naas die amptelike erediens.

Vervolgens kan ek poog om 'n aantal aandagspunte uit te lig –

a) Ekklesiologie: Water kerkbeskouing bepaal keuse in verband met die verskynsel *kinderkerk*?

b) Karakter van die erediens: Wat is 'n erediens?

c) Opdrag tot erediens: Op wie se gesag word 'n erediens belê?

d) Bywoning van die erediens: Vir wie is die erediens bedoel?

e) Roldefiniëring in verband met kinders; waar lê die gesagsgrense tussen ouers en kerkraad? Berus gesag oor kinders in die eerste plek by die ouers of by die kerkraad? Het 'n kerkraad enigsins Skriftuurlik 'n sê oor kinders se erediensbetrokkenheid, behalwe om te verwag dat hulle in die erediens behoort te wees? Het 'n kerkraad Skriftuurlike gesag om kinders uit die erediens te stuur, al is dit goed bedoel, selfs teen die wil van die ouers?

f) Verhouding tot die ampsbediening: Hoe hou die verskynsel *kinderkerk* verband met die opsig, tug en uitoefening van die ampte? Wat is die verhouding erediens en kategese/verbondsonderrig? Wat is die verhouding erediens en huisgodsdiens? Wat is die verhouding *kinderkerk* en VBO/huisgodsdiens?

Prakties:
Dikwels word vir <u>voor</u>skoolse (0 tot 4-jaar) kinders 'n vergunning gemaak om eredienste te versuim, hetsy per moederskamer of hetsy per oppasgeleentheid en ook net as 'n tydelike vergunning om (veral vanaf 5 tot 7 jaar) gewoond te raak aan en deel te raak van erediensbywoning. Die formulering stel egter die uitgangspunt duidelik oor waar kinders tuishoort en kan nie gerek word of selfs vervang word, om 'n heel alternatief daar te stel nie, natuurlik afhangende die teologiese begronding van kerk- en erediensbywoning.

Indien die KKCE tog aanbeveel om *kinderkerk* goed te keur, sal Skrif, Belydenis en die beginsels van die gereformeerde kerkreg die deurslag moet gee by die ouderdomsgrens, aangesien daar kerke is wat die erediens sodanig hanteer dat allerlei spesiale groepe per erediens (oftewel samekomste) afsonderlik vergader, selfs jeug van die senior skoolfase of selfs daarna.

Hoewel nie teologies van aard nie, verplig die gereformeerde lewensbeskouing om – in die lig van die Skrifopenbaring, ook ander vakgebiede te betrek, soos byvoorbeeld die psigologie, opvoedkunde en sosiologie oor byvoorbeeld die vroeë skeiding van ouers en kinders tydens die erediens.

Gesien die kind se groei in terme van 'n gesonde gehegtheid of bandvorming (het die kind reg van bestaan in en tydens die erediens), verkenningsdrang (waaroor gaan die erediens), identiteit (erediens is deel van my en ek daarvan), vaardigwording (ek kry dit reg om deel van die erediens te wees), tuiste-gewaarwording (*sense of belonging*) (die erediens is my plek waar ek wil wees), intimiteit (die erediens is God se ontmoetingsgeleentheid met my en ander)? Wat is die langtermyn implikasies daarvan vir kerk, erediens en die gemeenskap van die heiliges wat moet plaasvind? Wat is die effek van sodanige skeiding op groepsidentiteit en groepsetos, asook oor die verhouding met mense oor generasies heen?

Ek is bevrees, ek het nog maar pas die oppervlakte geskraap.

Wysheid en seën die KKCE toegebid vir baie belangrike koersgewing aan Sinode 2013.

Die KKCE het van bogenoemde advies kennis geneem. Ons meen dat 'n moederskamer wat ingerig is met 'n eenrigtingglas en geriewe om luiers om te ruil en babas te voed nie 'n kinderkerk is wat los van die res van die gemeente

funksioneer nie, maar eerder 'n handige hulpmiddel. Verder lyk vir ons asof die idee van 'n *kinderkerk* nie 'n gesonde praktyk is nie. Ons voel saam met prof. Bosman dat die opdrag nog baie meer studiewerk vra.

**AANBEVELINGS**

**4.4.1 Die Sinode beveel aan dat die KKCE voortgaan met die opdrag sodat grondige studie oor die *kinderkerk* gedoen kan word met rapport aan die volgende Sinode.**

**4.4.2 Die Sinode beveel aan dat daar nie *kinderkerke* in die AP kerkverband toegelaat word nie totdat die sinode van 'n deeglike studie voorsien is om sy besluit te begrond.**

## 5. Beskrywingspunte

### 5.1 Ring van Brandfort: AP Kerk standpunt oor Homo-seks en verwante sake

Die Sinode gee opdrag aan die permanente Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE) om:

1. 'n Indringende wetenskaplike, maar terselfdertyd Bybelsgefundeerde studie te maak van homoseksualiteit (waaronder ook lesbianisme), sg. gay-verhoudinge en die beoefening van homoseksuele dade.

2. Alle begripsverwarring wat daar mag bestaan, uit die weg te ruim deur duidelike definiëring van alle tersaaklike terme en beskrywings. (Soos bv. Is gay wees en die beoefening van homo-seks noodwendig dieselfde en/of sinonieme? Kan 'n tipiese Dawid-Jonathan-verhouding oor dieselfde kam geskeer word as gay-verbintenisse? Wanneer ontaard so 'n intieme verhouding soos tussen Dawid en Jonathan in sonde? Wat word onder promiskuïteit verstaan, ensovoorts?)

3. Die volgende sinode met hulle bevindings en aanbevelings te bedien rondom die Skriftuurlike beginsels ten opsigte van die pastorale hantering van en kerklike optrede teenoor homoseksuele persone in gay verbintenisse sodat die AP kerkverband sy ondubbelsinnige standpunte en profetiese getuienis hieroor die lig kan laat sien.

Motivering

1. Ons bevind ons in 'n gevaarlike humanistiese tydsgewrig waarin ou gevestigde Skriftuurlike norme en standaarde al hoe meer bevraagteken word of dan sogenaamd herinterpreteer moet word in die lig van nuwere navorsing.

2. Die sg. Postmoderne mens se regte, behoeftes en "seksuele oriëntasie" word al hoe meer gepropageer ten koste van Bybelse beginsels.

3. Daar heers (begrips-) verwarring onder ons lidmate oor hierdie aangeleentheid omdat die Heilige Skrif deur (erkende?) teoloë op verskillende maniere uitgelê en vertolk word.

4. Wêreldwyd word in sekere kringe "gay" persone in die besondere ampte (diakens, ouderlinge en predikante) toegelaat.

5. 'n Susterskerk sal diesulkes ("gays") selfs legitimeer solank die belofte en voorneme van selibaatskap onderneem word.

6. Dit is lankal tyd (indien nie reeds te laat nie) dat die AP kerkverband ook sy ondubbelsinnige standpunte en profetiese stem oor hierdie voortwoekerende kwaad in ons midde moet laat hoor.

**AANBEVELINGS:**

**5.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is ontvanklik.**

**5.1.2 Die Sinode besluit beskrywingspunt word nie aanvaar nie.**

Motivering

1. Studiewerk behoort slegs deur die Sinode aan 'n permanente kommissie opgedra te word indien die Sinode nie staande die Sinode in staat is om 'n verantwoorde besluit te neem nie. Studie deur 'n permanente kommissie is 'n duur onderneming in terme van tyd en geld.

2. Die vraagstuk oor homoseksualisme is nie 'n vraagstuk wat uit die kerk na vore gebring is nie. Daar kan geen of weinig onduidelikheid bestaan oor die uitsprake van die Skrif in die verband.

3. Die voorskrifte van die Bybel en die Kerkorde oor die hantering van sonde en die sondaar wat daarin volhard, is duidelik. Die voorskrifte geld ook die hantering van die sonde van die beoefening van homoseksualisme.

4. Die kwessie van homoseksualisme is 'n sensasionele kwessie in die post-moderne samelewing wie se norme gedra en bepaal word deur die kultuur van menseregte. Die debat wentel nie werklik om die reg of verkeerd van homoseksualisme nie, maar om die aanvaarbaarheid en aanvaarding van elke mens se reg op eie keuse.

5. Die AP kerkverband hoef nie in 'n sinode aan die debat oor elke kwessie in die wêreld deel te neem nie. Trouens, hy mag ook nie net ter wille van die debat daaraan deelneem nie, omdat hy nie mensewysheid verkondig nie, maar die Woord van God.

6. Die verkondiging vind plaas waar die plaaslike AP Kerk die Woord bedien in al die verskillende gestaltes van Woordbediening. 'n Sinodale studie en sinodale besluit oor homoseksualisme kan weinig bydra tot die duidelike spreke van die Woord oor die saak. Dit is die verantwoordelikheid van elke gelowige in die AP Kerk om die Woord daaroor te laat spreek en nie te wag op 'n ondersoek deur die KKCE nie.

### 5.2. Ring van Mooinooi: Lidmate van die NG Kerk wat ná 2002 belydenis van geloof afgelê het.

Die Sinode dra dit aan die kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek op om 'n studie te maak na die stand van die gereformeerde leer in die NG Kerk met aanbeveling aan die eersvolgende sinode, om te bepaal:

1. Of enige lidmaat wat ná 2002 in die NG Kerk belydenis van geloof gedoen het, sonder meer as lidmaat van die AP Kerk aanvaar kan word sonder dat sodanige applikant nie spesifieke onderrig hieroor moet deurloop nie?

2. Of dit nodig is dat versoeke van lidmate van die NG Kerk om nagmaal by die AP Kerk te gebruik, versigtig oorweeg moet word of verkieslik nie toegelaat moet word nie?

3. Dat enige predikant van die NG Kerk wat ná 2002 in die NG Kerk as predikant diens verrig het en wat sodoende bogenoemde aangeleenthede aan niksvermoedende jong voornemende lidmate as "reg" oorgedra het (hulle dus gekatkiseer en belydenis van geloof laat aflê het), mag preek in die AP Kerk?

Motivering

Die finalejaar-katkisasieboek met die naam *Geloof wat rêrig is*, is deur die Algemene Jeugkommissie in opdrag van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk uitgegee. Die eerste druk was in 2002. Of hierdie boek deur alle gemeentes van die NG Kerk gebruik was, en of dit al in 2002 beskikbaar was, is onbekend. Wat wel waar is, is dat daar wel NG Gemeentes was wat hierdie boek vanaf 2003 gebruik het as handboek vir die kategese en dat die boek se inhoud die Sinode van die NG Kerk se steun gehad het

Eerstens wil ek verwys na die buiteblad van die betrokke NG Kerk handboek vir katkisante. Op die voorblad word heel onskuldig getoon hoe 'n bergklimmer aan 'n tou hang tydens 'n bergklimuitstappie. Die werklikheid is dat hierdie voorstelling 'n geel halfmaan toon met die son daarin. Die son word egter gerieflikheidshalwe verberg deur die mensfiguur. Hierdie halfmaan met die son daarin staan bekend as die *BAÄL-HADAT*, wat spesifiek verwys na die betrokkenheid van die *New Age*, Vrymesselary, ensovoorts.

Die agterblad, net soos die voorblad is vol simboliek. Hier word die kosmiese eier baie duidelik getoon asook die *RED DOT* (of dan die son-simbool) in die woord *jeugfokus*. Soos almal weet, is sonaanbidding nie 'n nuwe verskynsel nie. Dit is egter ook nie in lyn met die siening van Calvinistiese Protestantse Christene nie. Die verdere simboliek in die voor- en agterblad moet gelees word in die *mens* en die *rots*. Ons weet dat die rots verwys na die kerk en na Jesus Christus (Mt. 16:18 e.v.). Op die voorblad klim die mens op na die rots, maar aan die einde van die boek (agterblad) is die mens besig om die rots te oorwin, want hy is al amper bo, maar sal as hy verskyn ook voor die son wees. Met bogenoemde moet die gevaarligte reeds vir ons aangaan nog voordat die boek oopgemaak word, want hierdie simboliek is baie duidelik humanisties georiënteerd.

Dit is duidelik dat die NG Kerk, sowel as lede van die Kategeseboekkommissie, die Adviseurs en die Eindredaksie absoluut geen beswaar met enige iets van hierdie boek het nie.

In die laaste gedeelte van die boek word kategete ingelig oor ander *kerke* en *gelowe*. Interessant is dat duidelik getoon word indien daar met sekere standpunte, sienings en gebruike van kerke verskil word, soos in die geval van die Rhema Kerk waar die gevaar van hul siening in die laaste sin (bladsy 330) duidelik gestel word. Tog is daar probleme met sommige sienings van ander kerke en gelowe, byvoorbeeld 'n oorvereenvoudiging van die inligting wat aan kategete deurgegee word (bladsy 330). Op bladsy 332 van die handboek word verwys na … *hy (dit is nou die Pous) is ook Christus se verteenwoordiger onder ons.* Wie is hierdie *ons* wat hier na verwys word? Hier word geen verduidelikende nota gegee wat daarna verwys dat dit slegs die Rooms-Katolieke Kerk se siening is nie. Of is dit die NG Kerk se standpunt? Die verskille met die Rooms-Katolieke Kerk word onder op bladsy 332 en bo aan bladsy 333 gelys, maar dan word daar onder die opskrif *Roomse gevaar?* verwys dat die tyd verby is dat daar teen die Roomse gevaar gewaarsku moet word omdat ons (hier word vermoedelik na die NG Kerk verwys alhoewel die indruk geskep word dat dit die totale protestantisme is) … *die afgelope jare … baie nader aan mekaar beweeg het …*

Na aanleiding van bogenoemde is dit dan ook geen wonder dat kategete aan die einde van die gedeelte aangemoedig word om *by hulle Katolieke bure te gaan inloer nie*. Hier is ook nie meer 'n verwysing na Rooms-Katolieke nie, (vergelyk die betrokke gedeeltes op bladsy 332 en 333).

Daar kan sekerlik met reg gevra word of die NG Kerk nog protestants is?

**AANBEVELINGS:**

**5.2.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is ontvanklik.**

**5.2.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

Motivering

1. Die AP kerkverband staan in 'n verhouding van korrespondensie met die NG Kerk. 'n Studie na die stand van die gereformeerde leer in die NG Kerk deur die AP kerkverband is binne die verhouding nie gepas nie en kan die verhouding ernstig versteur.

2. Om 'n studie te onderneem na die stand van die gereformeerde leer in 'n ander kerkverband is 'n baie ingrypende saak. Dit kan nie gedoen word bloot op grond van vermoedens of 'n enkele uitspraak nie.

3. Die motivering bied nie voldoende gronde om so 'n ondersoek te regverdig nie. Daar kan hoogstens 'n ondersoek gedoen word na die inhoud van die enkele geskrif waarna verwys word. Indien bevind sou word dat die gereformeerde leer in die geskrif op een of ander punt nie gehandhaaf word nie, behoort die AP kerkverband dit via die bestaande kanale, byvoorbeeld via die TKR, onder die aandag van die NG Kerk te bring.

4. Die motivering vir die studie wat aangevra word, rus in hoofsaak op die interpretasie van uitbeelding(s) op die buiteblad van die betrokke geskrif. Slegs oor een saak word na die inhoud verwys, maar so dat dit ook nie seker is in watter opsig die gereformeerde leer aangetas word nie. Die Sinode moet daarteen waak dat studiewerk op yl begronding aangepak word. Studiewerk verg immers baie tyd, moeite en koste en moet nie ligtelik vir elke saak aangepak word nie.

### 5.3 Ring van Moot Sentraal: Toelating van lidmate uit ander kerke

Die Sinode besluit om die KKS en KKCE te versoek om ondersoek te doen na die toelating van lidmate vanuit die NGK, NHK en GKSA as lidmate in plaaslike kerke.

Motivering
1. Gesien in die lig dat die NG Kerk se algemene sinode besluite geneem het wat nie meer ooreenstem met die Drie Formuliere van Eenheid nie.

2. Belhar belydenis as 'n vierde belydenisskrif van die kerk aanvaar is.

3. Die gebruik aanbeveel dat kinder-dooplidmate die sakrament van die Nagmaal kan gebruik.

4. Die sakrament van die doop aan lidmate wat reeds gedoop is weer bedien kan word. Hierdie gebruik is direk in stryd met Artikel 34 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

5. Ons is ernstig besorg oor die uitwerking wat hierdie dwaallering in ons gemeentes kan hê, indien van die NG Kerk-lidmate sonder meer as lidmate van die AP Kerk aanvaar word.

**AANBEVELINGS**

**5.3.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is ontvanklik.**

**5.3.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**5.3.3 Die Sinode besluit dat die SKK en die KKCE versoek word om gesamentlik 'n ondersoek te doen of die bestaande verhouding van die AP Kerke tot die Nederduits Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika steeds gehandhaaf kan word en aan die volgende sinode verslag te doen.**

Motivering
1. Die AP kerkverband staan in 'n verhouding van korrespondensie met genoemde kerkverbande. Die verhouding is histories gevorm en is in baie opsigte 'n sensitiewe saak wat met omsigtigheid hanteer moet word.

2. Die verhouding raak méér as bloot die vraag na toelating van lidmate uit die kerkverbande tot 'n AP Kerk.

3. Die verhouding tussen die AP kerkverband en die genoemde drie kerkverbande is 'n uitdrukking van die eenheid van die kerk van Christus en van die gereformeerde kerke oor die wêreld. Die eenheid van die kerk is egter 'n eenheid in die waarheid van die evangelie.

4. Die AP Kerke mag hulself nie vereenselwig met enige aantasting van die waarheid, soos uitgedruk in die belydenisskrifte van die Kerk nie, maar moet steeds waak dat die regte leer gehandhaaf word. Dit is bepalend vir sy verhouding met ander kerkverbande.

5. Uitsprake en besluite van die sinodale vergaderings van genoemde kerke; uitsprake en studies deur hoogleraars verbonde aan genoemde kerkverbande en praktyke in plaaslike gemeentes van genoemde kerkverbande stem tot onrus oor die gesonde leer en die verhouding waarin die AP kerkverband tot hulle staan.

6. Die SKK behoort in terme van punte 9 en 12 van sy lasgewing by die ondersoek betrokke te wees, terwyl dit nie duidelik is watter rol die KKS in so 'n ondersoek moet speel nie.

7. Omdat leerstellige sake ter sprake is, behoort die KKCE deel te wees van die ondersoek.

**AANBEVELINGS**

**5.3.4 Die Sinode versoek die Publikasiekommissie om alle goedgekeurde sinodale studiestukke vanaf die eerste tot en met die veertiende sinode in 'n bundel uit te gee.**

**5.3.5 Die Sinode versoek die Publikasiekommissie om alle goedgekeurde sinodale studiestukke ten minste een maal per dekade in 'n bundel uit te gee.**

**5.3.6 'n Register van alle gepubliseerde studiestukke moet telkens in die jongste bundel opgeneem word.**

Motivering

1. Sinodale studiestukke waardeur die kerkverband se standpunte weerspieël word, is nie geredelik ter insae beskikbaar aan lidmate nie, en lidmate het gevolglik nie die nodige kennis om 'n standpunt te kan verwoord nie.

2. Baie kosbare navorsingsmateriaal gaan verlore omdat dit nie gepubliseer word nie.

3. Opdragte tot studies word deur sinodes herhaal omdat daar nie kennis gedra word van reeds goedgekeurde studiestukke nie.

4. 'n Register wat bygehou word, is noodsaaklik vir die ontsluiting van die studiestukke uit die verlede.

**6. Slot**

Die KKCE vertrou dat hy sy opdragte bevredigend uitgevoer het en bid die Sinode en al die gemeentes die seën van die Here toe.

DR. TM SNYMAN (VOORSITTER)
DS. MJL JORDAAN (SKRIBA)

# VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.)

***Tydperk 22 April 2010 tot 14 Maart 2013***

## 1. LEDE VAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.)

**Die volgende lede is aangewys:**
Di. IP du Preez, AP Boshoff, AS van Staden, WA Burger (jr.), prof. GDS Smit, di. MR Burger en LD Greyling. Sekundus: Ds. RJ Pretorius.

Die Dagbestuur het bestaan uit di. IP du Preez (voorsitter), AP Boshoff (ondervoorsitter), prof. IA Brink (gekoöpteer) dr. CA Swanepoel (skriba) tot hy oorsee vertrek het.

## 2. PERSONEEL IN DIE SENTRALE KERKKANTOOR

**Die volgende persone het diens gedoen:**
Dr. CA Swanepoel Redakteur *Die Boodskapper* en Hoof: Afdeling Publikasies (tot 30 Julie 2011. Tydens sy studies oorsee het dr. HJ Smith waargeneem in sy plek).
Mev. JP van Lille – Senior Publikasiebeampte en Sekretaresse *Die Boodskapper*
Mnr. JEA Bester – Hoofklerk Boekwinkel en Bemarker (tot Julie 2009)
Mev. L Dippenaar – Rekenaaroperatrise/Klerk (tot September 2009)
Mev. L Dippenaar – Hoofklerk Boekwinkel (vanaf Oktober 2009 tot Desember 2011
Mev. A Geel – Junior Publikasiebeampte (vanaf November 2007 tot Augustus 2012
Mnr. A Bierman – Rekenaaroperateur/Klerk (vanaf Desember 2009)
Mnr. J Coetzee – Boekwinkelklerk (vanaf 1 Februarie 2010) (Vaste termynkontrak)

**AANBEVELINGS**

**2.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor dr. HJ Smith wat in die afwesigheid van dr. CA Swanepoel as Redakteur van *Die Boodskapper* waargeneem het.**

**2.2 Die Sinode neem met groot waardering kennis van die diens wat deur die personeel van die Publikasie-afdeling gelewer word.**

## 3. VERGADERINGS

Die volle Pk. het in 2010 vir die verslagtydperk een keer vergader. Gedurende 2011 twee keer; in 2012 twee keer en in 2013 een keer.

## 4. OPDRAGTE VAN SINODE

### 4.1 KONKORDANSIE VAN DIE PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK (HANDELINGE 2010, bl. 228, pt. 3.11.1)

**(Kyk pt. 3.12, bl. 5 in SKK verslag.)**

**Teologiese student H Dafel is tans besig met die opstel van die konkordansie om dit as skripsie in te lewer.**

### 4.2 HERSKRYF VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE (HANDELINGE 2010, bl. 274, pt. 3.9.2)

*2010-AANBEVELING GOEDGEKEUR:*
*3.9.2 Die Sinode gee die ad hoc-kommissie opdrag om voort te gaan met die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en handleidings en dit so gou moontlik, ná voorlegging aan en goedkeuring van die SKK, Pk. en KJV, te implementeer.*

In die lig van die opdrag van die Sinode van 2010 aan die *ad hoc*-kommissie om die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en -handleidings, word daar steeds voortgegaan met die voorsiening van huidige publikasies totdat die nuwe reeks wat deur die Sinode goedgekeur is, gereed is om te verskyn.

### 4.3 *DIE BOODSKAPPER* IN ELEKTRONIESE FORMAAT (HANDELINGE 2004, bl. 405 pt. 9.5)

*2004-AANBEVELING GOEDGEKEUR:*

*9.5 Die Sinode versoek die Pk. om die moontlikheid te ondersoek en te implementeer om publikasies soos die Handelinge, Die Boodskapper en andere, in elektroniese formaat of formate, beskikbaar te stel en te versprei.*

Aan die besluit is uitvoering gegee in soverre dit *Die Boodskapper* aanbetref. Daar word tans ook daaraan gewerk om ter wille van maksimale blootstelling, 'n **eie webwerf** vir *Die Boodskapper* te vestig. Die bedoeling is om een maand nadat *Die Boodskapper* verskyn het, dit op die webwerf te plaas. Hiermee word gehoop om die boodskap van ons kerkverband baie wyer bekend te stel.

**AANBEVELING**

**4.3.1 Die Sinode neem kennis van die beskikbaarheid van *Die Boodskapper* in elektroniese formaat veral vir mense in die buiteland.**

## 5. VERSLAG OOR PUBLIKASIES

### 5.1 Sinodaal-goedgekeurde publikasies wat sedert Sinode 2010 verskyn het

#### 5.1.1 *Die Kerkorde 2012*

Hierdie publikasie het op 9 Januarie 2012 verskyn. Daar is 1 000 eksemplare gedruk waarvan op 5 Februarie 2013 5 eksemplare oor was. Die verkope van die Kerkorde neem gewoonlik toe namate 'n Sinode nader kom, daarom is 'n herdruk van 200 eksemplare aangevra.

#### 5.1.2 *Kerkjaarboek 2011, 2012, 2013*

Van die *Kerkjaarboek 2011* (oplaag 3 200) is daar geen eksemplare in voorraad nie, asook van die *Kerkjaarboek 2012* (oplaag 3 200). Van die *Kerkjaarboek 2013* (oplaag: 3 000) was 363 eksemplare oor op 25 April 2013.

Die Kerkjaarboek weerspieël in 'n baie hoë mate die beeld van die AP Kerk, bevat uiters nuttige naslaangegewens, en die dagstukkies kan baie vrugbaar deur enkelinge en huisgesinne vir geestelike verryking gebruik word.

**AANBEVELING**

**5.1.3 Die Sinode doen 'n dringende beroep op skribas van gemeentes en ringe om betyds te reageer op die versoek om gegewens aan die Sentrale Kerkkantoor te stuur vir opname in die volgende jaar se Kerkjaarboek.**

### 5.2 Verbondsonderrigpublikasies (leerboeke en lesgidse/handleidings) wat sedert Sinode 2010 verskyn het:

Die Pk. gaan voort om die huidige reeks beskikbaar te stel vir gebruik deur gemeentes. (Kyk 4.2 hierbo.)

**AANBEVELING**

**5.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verbondsonderrigpublikasies (leerboeke en lesgidse/handleidings) se versorging wat steeds sal plaasvind totdat die nuwe reeks gereed sal wees om te verskyn.**

### 5.3 Ander publikasies wat sedert Sinode 2010 verskyn het:

Die volgende nuwe publikasies het verskyn:
*5.3.1 Sterkte en eer – M Bosman*
*5.3.2 Kerkorde 2012*
*5.3.3 Die bedekking weggeneem – ds. JH Theron*
*5.3.4 Dwergieman – AM le Grange*
*5.3.5 Om Christus te ken – di. S Botes, GJ Hugo, dr. HJ Smith, prof. J Bosman*
*5.3.6 Kerkjaarboek 2011*
*5.3.7 Die bordeel in jóú huis? – mini-Boodskapper*
*5.3.8 Want in ses dae – dr. EM Viljoen*
*5.3.9 Woord in die Hart – deel II – prof. IA Brink en dr. CA Swanepoel*
*5.3.10 Gemeentebou as penwortelkwessie – prof. J Bosman*
*5.3.11 Sokkies – PAS Lombard*
*5.3.12 Diere-plesier in die natuur – H Schoeman*
*5.3.13 Bybelse blydskap elke dag – ds. AS van Staden*
*5.3 14 Kerkjaarboek 2012*
*5.3.15 Christen-vrouwees vandag – H Schoeman*
*5.3.16 Handleiding vir kerklike administrasie – ds. LD Greyling*
*5.3.17 Kerkjaarboek 2013*
*5.3.18 Volhard enduit – prof. HCG Robbertze*

Daar het ook hersiene uitgawes die lig gesien:
*5.3.19 Volwasse in die Geloof – prof. R Marè*
*5.3.20 Finansiële bestuur deur kerkrade – CJ de la Rey*

Dit bly 'n bekommernis dat daar min eksemplare van publikasies verkoop word. Ons leef in 'n tyd wat die leeskultuur afneem ten gunste van ander mediums. Daar word gepoog om skrywers te identifiseer om oor bepaalde onderwerpe te skryf en so meer mark-gerig op te tree. Die moontlikheid van die vertaling van werke uit ander tale is baie duur en vir die oomblik is daarvan afgesien. Dit is vrae waaraan die Pk. voortdurend aandag skenk.

In sy strewe na hoë gehalte publikasies is heelwat manuskripte wat aangebied was, nie aanvaar nie. Die Pk. wil hom voortaan dan ook beywer om ons skrywers in die verskillende kategorieë aan te moedig om eers skematiese uiteensettings oor 'n beoogde publikasie aan die kommissie voor te hou, alvorens daar verder gegaan word. Die Pk. is ook besig om ondersoek in te stel na nuwe publikasiemoontlikhede met behulp van die elektroniese media alhoewel dit op die oomblik nie bekostigbaar blyk te wees nie. Promosiegesprekke is oor Radio Pretoria gevoer. Tydens ringsbesoeke word spesifiek na eie publikasies verwys en die moontlike bemarking daarvan deur ons eie lidmate.

**AANBEVELINGS**

**5.3.21 Die Sinode neem met dank kennis van die publikasies wat verskyn het.**

**5.3.22 Die Sinode versoek leraars en lidmate om eers na ons eie publikasies wat beskikbaar is te kyk voordat daar na ander boekwinkels gegaan word om boeke aan te koop.**

**5.3.23 Die Sinode versoek leraars en lidmate om boeke uit ons Boekwinkel wyd bekend te stel aan vriendekringe en elders.**

**5.3.24 Die Sinode dra dit aan die Pk. op om steeds alternatiewe media te ondersoek waarmee die boodskap van die kerkverband gedien kan word.**

### 5.4 Ander publikasies in die pyplyn:
*5.4.1 Preekbundel om o.m. die Kerkjaar te ondervang – verskeie skrywers*
*5.4.2 Kerkjaarboek 2014*

*5.4.3 Bybelstudie van die Psalms*
*5.4.4 Woord in die Hart 3*

**5.5 Diverse publikasies wat sedert Sinode 2010 verskyn het**
*5.5.1 Aandenkingskaarte by die doop*
*5.5.2 Kwitansieboeke*
*5.5.3 Konsistorieboeke*

**5.6 Publikasies van buite (ander uitgewers):**
Die Kommissie gaan steeds voort om publikasies van ander uitgewers wat onder ons aandag kom en wat vir ons kerkverband van nut geag word, streng te keur en, indien aanvaar, te bemark. Dit bring mee dat die Boekwinkel nie 'n groot voorraad van sulke publikasies hoef te dra nie. Dit gebeur ook soms dat ons besluit om sulke publikasies nie self te bemark nie; dan word dit net in *Die Boodskapper* bekendgestel, met vermelding van die adres waar dit bestel kan word.

**5.7 Pamflette**
Pamflette word intern afgerol en versprei:
*5.7.1 Almal doen dit* – ds. Wimpie Burger
*5.7.2 Apartheid: Begripsverduistering* – ds. MC Adendorff
*5.7.3 Aborsie* – dr. LJ Blom
*5.7.4 Waarom die AP Kerk gestig is – 'n terugblik* – prof. IA Brink
*5.7.5 Calvinisme – wat bedoel ons eintlik daarmee?* – dr. HJ Smith
*5.7.6 Demokrasie?* – dr. HJ Smith
*5.7.7 Die Belydenis van Belhar* – 'n uittreksel uit *Belhar bely of bestry?* – ds. AS van Staden
*5.7.8 Die Evangelies Gereformeerde Kerk en die Belydenisskrifte* – ds. AS van Staden
*5.7.9 Die Heilige Gees in jou huwelik* – dr. CI van Heerden
*5.7.10 Die Heilige Gees in my ('n vraag of 'n uitroep?*) – ds. WJA van Schalkwyk
*5.7.11 Die Skrifbeskouing van die Roomse Kerk* – prof. JC Lombard
*5.7.12 Hoekom sal die Here my (ook) red?* – prof. R Marè
*5.7.13 Humanisme* – die gees van ons tyd – dr. HJ Smith
*5.7.14 Jou roeping* – dr. CA Swanepoel
*5.7.15 Kan elke gemeente maak soos hy wil?* – prof. R Marè
*5.7.16 Wat doen ek as ek nie saamstem nie of seergemaak is?* – prof. R Marè
*5.7.17 Kinders by die nagmaal?* – ds. WJA van Schalkwyk
*5.7.18 Sal daar iets soos wegraping plaasvind?*
*5.7.19 Ubuntu en die Christelike alternatief* – ds. Erik van der Merwe
*5.7.20 Ons is by 'n Kruispad* – dr. HJ Smith
*5.7.21 Vryetydsbesteding* – dr. JH Ellis
*5.7.22 Die gebruik van "Kinderbybels"* – dr. JAE Adendorff
*5.7.23 Die wese van Protestantisme* – dr. CA Swanepoel
*5.7.24 Die wonder van Vriendskap* – ds. G Botes
*5.7.25 'n Gelowige gesin is 'n gelukkige gesin* – dr. SD Nel
*5.7.26 Bied die Israelvisie die antwoord?* – dr. HJ Smith
*5.7.27 Kry geestelike luiheid die oorhand?* – ds. A Swart
*5.7.28 Saamslaap en Saamwoon* – prof. R Marè

Die pamflette is uiters geskik om 'n pakkende oorsig oor 'n bepaalde onderwerp te kry en is baie bekostigbaar. Dit is geskik om deur kerkrade as studiemateriaal in gemeentes versprei te word waar oor onderwerpe gepraat word.

AANBEVELING

**5.7.29 Die Sinode vestig opnuut die aandag van kerkrade op die pamflette wat by die Boekwinkel beskikbaar is en moedig kerkrade aan om die pamflette optimaal te benut.**

## 6. BEMARKING

### 6.1 Die bemarkingsfunksie in die Sentrale Kerkkantoor

Daar bestaan steeds nie 'n selfstandige pos vir 'n bemarker in die Sentrale Kerkkantoor nie. In samewerking met die GKK word 'n pos geadverteer waarin ook vir elektroniese bemarking van boeke voorsiening gemaak word. Daar word beplan om op ons eie webwerf boeke te adverteer wat daar bestel en betaal kan word.

**AANBEVELING**

**6.1.1 Die Sinode versoek kerkrade om die elektroniese bemarking van ons boeke te ondersteun aangesien dit baie voordele inhou vir die koper en verkoper.**

### 6.2 Die Kolporteurstelsel

Die kolporteurstelsel funksioneer steeds goed en daar is baie om oor tevrede en dankbaar te wees.

**AANBEVELINGS**

**6.2.1 Die Sinode doen opnuut 'n beroep op die hele kerkverband om die kolporteurstelsel van harte te ondersteun sodat die literatuur van ons Kerk so effektief moontlik tuisgebring kan word.**

**6.2.2 Die Sinode versoek kerkrade wat nog nie oor die dienste van 'n kolporteur beskik nie, om ernstige oorweging aan die aanwysing van 'n kolporteur te gee**.

**6.2.3 Die Sinode versoek kerkrade om die kolporteurs geleentheid te gee om literatuur in die gemeentes Bekend te stel**.

## 7. LIG IN DUISTERNIS-PRYS

Die Pk. verander die reëls waar nodig, aan die hand van bepaalde beginsels. Die jongste verandering aan die reëls het beoog om dit vir die beoordelaars makliker te maak om die boeke in 'n betrokke verskyningstydperk beter te kan beoordeel deur die verskyningsdatum na 31 Januarie van die volgende jaar te verleng. Ter wille van duidelikheid word die drie kategorieë soos dit tans daar uitsien, hier onder uiteengesit:

**Kategorie 1**

Toekenning vir die beste publikasie van *Lig in Duisternis Uitgewers* van die afgelope jaar. Hierdie toekenning kan uit enige van die volgende 6 sub-kategorieë gemaak word:

a. Wetenskaplike werke (bv. Intreeredes of bydraes in Teologiese Blad)
b. Stigtelik-filosofiese werke (bv. Bybelse lig op aktuele sake bv. polities, eties, ens.)
c. Pastorale werke (bv. bemoediging in siekte, huweliks- en gesinstemas)
d. Sosiaal-maatskaplike werke (bv. werke vir susters, bejaardes, jeug, kleuters, ens.)
e. Bybelstudiehandleidings (bv. kommentare, Bybelstudiegidse en preekbundels)
f. Die *Kerkjaarboek met Bybelse dagstukkies* in sy geheel

**Kategorie 2**

Toekenning vir bydraes in *Die Boodskapper* (ook *Die Jeugboodskapper*) en dagstukkies van 'n bepaalde skrywer in die *Kerkjaarboek* van die vorige jaar. Hier geld ook 5 sub-kategorieë, nl.:

a. Polemies (bv. artikels wat 'n debat in *DB* uitlok)
b. Informatief (bv. artikels oor sinodebesluite)
c. Godsdienstig-filosofies (bv. artikels of dagstukkies oor Bybelse temas of oordenkings)
d. Reekse (bv. 'n reeks artikels oor die onderwys of 'n pinksterreeks)
e. Jeug (bv. artikels of bydraes in *Die Jeugboodskapper*)

**Kategorie 3**

Toekenning vir die beste publikasie in die kategorie publikasies wat nie enger-godsdienstig van aard is nie, bv. oor die geskiedenis, verhale vir die jeug, ensovoorts.

Die wenners in elke kategorie word gereeld in *Die Boodskapper* gepubliseer.
Vir die jaar 2010 het die Pk. besluit om nie die prys toe te ken nie.

**Vir 2011 is die Lig in Duisternis-prys soos volg toegeken:**
Kategorie 1: *Die Woord in die Hart deel 2* – prof. IA Brink en dr. CA Swanepoel
Vermelding: *Handleiding vir Kerklike Administrasie* – ds. LD Greyling
*Bybelse Blydskap elke dag* – ds. AS van Staden

Kategorie 2: *Hoe om werklik te verander* – dr. CA Swanepoel – *Die Boodskapper* Julie/Augustus 2011
Dagstukkies April: *Kerkjaarboek* 2011 – ds. WA Burger
Vermelding: *Afgode en Ideologie* – prof. J Bosman – *Die Boodskapper* Julie/Augustus 2011
Dagstukkies Augustus: *Kerkjaarboek* 2011 – ds. GJ Hugo

Kategorie 3: *Diere-plesier in die natuur* – H Schoeman – vermelding.
Vir die jaar 2012 het die Pk. besluit om geen toekennings te maak nie.

**AANBEVELING**

**7.1 Die Sinode neem kennis van die toekennings.**

## 8. BEGROTING

Die Pk. slaag, met die genade van die Here, daarin om steeds binne sy begroting te bly. Die nuutste begroting is betyds aan die GKK voorgelê en word by die GKK se verslag hanteer.

## 9. BESKRYWINGSPUNTE

### 9.1 Ring van Petrusburg: Voorbereiding van preekbundels

Die Sinode gee opdrag dat die Publikasiekommissie dringend sal aandag skenk aan die samestelling en publiseer van preekbundels vir die gebruik in veral gemeentes waar geen leraars is nie. Die bundels moet ook enkele preke bevat vir Christelike feesdae, Geloftefees sowel as preke vir voorbereidings- en dankdienste.

Motivering
1. Die bestaande aantal preekbundels is totaal onvoldoende.
2. Gemeentes wat lank reeds nie deur enige leraar bedien word nie, is verplig om dieselfde bundels en dieselfde preke oor en oor te gebruik.

**AANBEVELING**

**9.1.1 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt aangesien dit laat ontvang is. Die Pk. is in elk geval besig met ’n preekbundel soos versoek.**

## 10. DANKBETUIGING

Die Kommissie is dankbaar teenoor die Here dat Hy die krag gegee het sodat hierdie werk gedoen kon word.

**AANBEVELING**

**10.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor die lede van die Publikasiekommissie, personeel in die Sentrale Kerkkantoor, skrywers, keurders en beide die redakteurs van *Die Boodskapper* wat in die verslagtyd opgetree het en vir hul aandeel om die werk van hierdie kommissie te kon doen.**

w.g. di. IP du Preez (voorsitter); AP Boshoff (ondervoorsitter); AS van Staden (skriba)

**BYLAE Pk.1**

# VERSLAG: *DIE BOODSKAPPER* EN *DIE JEUGBOODSKAPPER*

**23 April 2010 – 28 Februarie 2013**

## 1. REDAKSIE VAN *DIE BOODSKAPPER (DB)*

Die Pk. het die redaksie van *DB* soos volg aangewys:
Di. AS van Staden, IP du Preez, JJ Venter en AC Jordaan.

Die kernredaksie was die voorsitter dr. CA Swanepoel vanaf April 2010 – Julie 2011; daarna dr. HJ Smith vanaf 1 Augustus 2011 – 30 April 2013 (waarnemend), di. IP du Preez, AS van Staden en JJ Venter (sedert Nov. 2011).

Mev. JP van Lille dien as redaksiesekretaresse en lewer 'n buitengewone bydrae tot die versorging van *Die Boodskapper* en *Jeugboodskapper*.

Die Pk. het bepaalde portefeuljes aan die Redaksielede toegewys.

## 2. *DIE JEUGBOODSKAPPER*

Ds. JB Trollip het aanvanklik opgetree as mede-redakteur vir albei jeugblaaie. Vanaf Julie/Augustus 2010 is daar net een jeugblad, nl. *Die Jeugboodskapper*. Ds. AC Jordaan tree sedert Augustus 2011 op as mede-redakteur vir *Die Jeugboodskapper.* Mev. JP van Lille speel steeds 'n groot rol in die tegniese én inhoudelike versorging van die jeugblaaie.

## 3. PERSONEEL

Dr. CA Swanepoel het in Augustus 2011 met studieverlof vertrek en dr. HJ Smith is versoek om tydens sy afwesigheid as Redakteur waar te neem. Afgesien van die baie bekwame bystand van mev. Van Lille, is die Redakteur ook ondersteun, veral wat voorbladuitleg betref, deur mev. Adéle Geel (wat op 31 Julie 2012 bedank het), en die boekwinkelpersoneel t.o.v. die verpakking en versending van *Die Boodskapper* en die *Jeugboodskapper*.

## 4. VERGADERINGS

Die Redaksie het drie keer gedurende 2010 en 2011 vergader. As gevolg van die verhuising van dr. HJ Smith vanaf Pretoria na Kaapstad, is die werk verder deur middel van e-pos afgehandel en het die Redaksie eers weer op 7 Februarie 2013 byeengekom. Waar Redaksievergaderings op 'n gereelde grondslag plaasvind, word die Kernredaksie net met hoë uitsondering bymekaar geroep.

## 5. AANTAL UITGAWES

In ooreenstemming met vorige sinodebesluite, verskyn *Die Boodskapper* steeds tien keer per jaar: elke afsonderlike maand, behalwe wanneer die Desember/Januarie-uitgawe einde November, en die Julie/Augustus-uitgawe in Julie verskyn.

## 6. VERSPREIDING *DB* en *DJB*: Maart 2010 – Maart 2013

| Jaar | Die Boodskapper | Die Jeugboodskapper(s) |
|---|---|---|
| **Maart 2011** | 11 600 | 6 000 |
| **Maart 2012** | 10 400 | 5 200 |
| **Maart 2013** | 10 107 | 5 079 |

Wanneer in ag geneem word dat die belydende lidmate tussen 2009 en 2012 met 3 112 en die dooplidmate met 1 001 in die kerkverband verminder het, asook die ekonomiese knyptang in ag genome, wil dit lyk asof dit die vernaamste oorsake is vir die afname in getalle wat versprei word. Komplimentêre eksemplare is steeds gelewer aan gemeentes wat daarom vra; CVO-skole; amptelike verteenwoordigers vanuit ander kerkverbande; personeel (Sentrale Kerkkantoor en AP Akademie); argief; boekwinkel; portaal (Sentrale Kerkkantoor); Eindredakteur; Subredakteur (*DJB*); adverteerders (by

eerste verskyning van advertensie); Bybelgenootskap, Redakteurs van ander Afrikaanse gereformeerde kerkblaaie en uitgesoekte nuusblaaie soos die Pk. by geleentheid besluit. Pligleweringseksemplare is aan pligleweringsbiblioteke gelewer.

Kerkrade word daaraan herinner dat hulle vyf addisionele eksemplare gratis kan bestel. Hierdie eksemplare kan beskikbaar gestel word aan belangstellendes wat nie lidmate is nie. Dit kan in wagkamers van dokters of hospitale geplaas word om die AP Kerk effektief bekend te stel.

**AANBEVELINGS**

**6.1 Die Sinode bevestig opnuut dat *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* uiters belangrike kommunikasiemiddele is waardeur kerknuus, en inligting versprei word om lidmate op te bou en weerbaar te maak vir die geloofstryd in ons tyd. Sodoende word 'n gemeenskaplike etos in die kerkverband gebou.**

**6.2 Die Sinode versoek kerkrade om sorg te dra dat *Die Boodskapper* by elke besoekpunt afgelewer word deur 'n kerkraadslid en dat elke verbondskind *Die Jeugboodskapper* sal ontvang. Ouers word aangemoedig om dit saam met hulle kinders te lees en dit met hulle te bespreek.**

**6.3 Die Sinode bring dit onder die aandag van kerkrade dat 5 gratis eksemplare per uitgawe van *Die Boodskapper* beskikbaar is vir gemeentes wat daarom vra.**

**6.4 Die Sinode roep kerkrade weereens met die grootste erns op om klem daarop te lê dat ons kerklike tydskrifte en ander publikasies gelees word. Ouers behoort ook opgewek te word om hul kinders te stimuleer om die kerklike leesstof gereeld te lees en om elke maand gepaste gedeeltes uit die jeugblad aan hulle kleuters voor te lees.**

**6.5 Die Sinode versoek predikante en ander persone wat die afkondigings by geleentheid van eredienste waarneem, om moeite te doen om elke nuwe maand se *Die Boodskapper*, te adverteer. Die Sinode wys daarop dat gereelde bekendstelling van artikels, berigte, ensovoorts in *Die Boodskapper,* die leeslus prikkel.**

Motivering
Die media word in ons dag oorheers deur die visuele en die boek en dagblad verdwyn. Dit skep ander probleme soos 'n verdwynende leeskultuur. Dit lei weer tot gebrekkige kennis en swak taalvaardighede. Inligting oor ons kerkverband gaan verlore waar die leesstof van die kerkverband nie gelees word nie. Dit is juis goeie leesstof met 'n Bybelgefundeerde inhoud wat vormend inwerk op die denke van die lidmaat en veral die dooplidmaat. Die kind sal 'n liefde vir lees in die ouerhuis geleer moet word.

Lidmate met 'n skryftalent moet hulle daarop toelê om publikasies die lig te laat sien wat lidmate sal aanmoedig om te lees. Artikels vir *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* is altyd welkom en sal vir publikasie beoordeel word.

**7. KOSTE** (Die volgende staat is deur die Rekenmeester voorsien)

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK** | | | | | | | |
| **VERSLAG OOR DIE DIREKTE KOSTE EN INKOMSTE VAN DIE AMPTELIKE BLAD VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK VIR DIE SINODE TYDPERK 1/04/2010 – 28/02/2013** | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | **2013** | **2010** | | | **2013** | **2010** |
| | | **Sinode** | **Sinode** | | | **Sinode** | **Sinode** |
| *AANTAL VERSKYNINGS* | | *30* | *30* | | | *30* | *30* |
| **DIREKTE UITGAWES** | | **R** | **R** | **DIREKTE INKOMSTE** | | **R** | **R** |
| | | | | | | | |
| Drukkoste | 19% | 1,546,750 | 1,298,298 | Boodskapper verkope | 22% | 1,943,791 | 1,592,187 |
| Ander uitgawes | | | | | | | |
| Posgeld | 4% | 134,700 | 129,244 | Advertensies | 12% | 213,600 | 191,522 |
| Medewerkers | 21% | 55,539 | 45,756 | | | | |
| Verpakkers | 9% | 28,877 | 26,527 | | | | |
| | | | | | | | |
| **Totale Uitgawe** | **18%** | **1,765,866** | **1,499,825** | **Totale Inkomste** | **21%** | **2,157,391** | **1,783,709** |
| | | | | | | | |
| Oorsig: | | | | | | | |
| *1. Totale direkte uitgawes styg met 18% sedert die 2010-Sinode, of ongeveer 6% per jaar.* | | | | | | | |
| *2. Totale direkte inkomste styg met 21% sedert die 2010-Sinode, of ongeveer 7% per jaar.* | | | | | | | |
| *3. Die inkomste uit advertensies vergoed die ander direkte uitgawes wat ast'ware die verkoopprys van die Boodskapper verlaag* | | | | | | | |
| *4. Indirekte koste soos salarisse, telefoon-uitgawes, waardevermindering, kantoorhuur word nie in hierdie staat weerspieël nie en word u na die finansiële state van die GKK verwys vir 'n totale oorsig.* | | | | | | | |

Dit blyk dat die styging in sowel die inkomste as die uitgawe sedert die vorige verslag verminder het, maar dat daar nog 'n gunstige verhouding tussen die twee is. Inkomste uit advertensies speel steeds 'n belangrike rol.

Gemeentes betaal tans R9.00 per eksemplaar vir die gedrukte uitgawe (*DB* en *Jeugboodskapper*, d.w.s. R90-00 per jaar vir 10 uitgawes) en indiwiduele intekenaars R160-00 per jaar vir 10 uitgawes. Die Pk. doen alles in sy vermoë om die intekengeld op ons kerkblaaie so laag as moontlik te hou ten einde te verseker dat dit deur soveel as moontlik lesers benut kan word. Gemeentes kan die volle bedrag betaal vir die aantal eksemplare van *DB* wat hulle bestel, of maandeliks afbetaal of slegs 'n donasie volgens die kerkraad se vermoë skenk.

Oor die algemeen het gemeentes eintlik gunstig gereageer met betrekking tot die betaling van hulle Boodskapper-rekeninge – waaroor ons uiteraard baie dankbaar is.

**AANBEVELING**

**7.1 Die Sinode spreek sy dankbaarheid uit teenoor die gemeentes wat hulle *Boodskapper*-rekeninge so getrou betaal het en doen 'n beroep op ander om hul rekeninge getrou te vereffen.**

## 8. DANKWOORD

**AANBEVELINGS**

**8.1 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor alle medewerkers wat meehelp om van *Die Boodskapper* ’n lesenswaardige publikasie te maak.**

**8.2 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor die Publikasie-afdeling in die Sentrale Kerkkantoor vir hulle bydrae tot die beplanning, versorging, verpakking en versending van *Die Boodskapper* en die *Jeugboodskapper*.**

**8.3 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor alle ondersteuners van ons kerkblaaie: lesers, adverteerders, intekenaars en almal wat daartoe meewerk om van dié spreekbuise binne die AP Kerk 'n sukses te maak. Die Sinode spreek die bede uit dat die Here *Die Boodskapper* en die *Jeugboodskapper* ook vorentoe tot sy eer en tot opbou van die geloof sal gebruik.**

**Goedgekeur tydens ’n vergadering van die Redaksie op 7 Februarie 2013**
Dr. HJ Smith (Waarnemende Redakteur); Ds. IP du Preez (Voorsitter Pk. en Redaksielid)

# AFDELING B

# VERSLAG: RAAD EN AP AKADEMIE

**Tydperk 2 September 2010 tot 20 Maart 2013**

## 1. INLEIDING

Die Vierde Raad van die AP Akademie doen hiermee verslag aan die Veertiende Sinode van die AP Kerke vir die periode vanaf die Dertiende Sinode tot 14 Maart 2013.

## 2. PRIVAAT TERSIÊRE INSTITUUT

Die AP Akademie is kragtens die Onderwyswet nr. 101/1997 deur die Onderwysdepartement as 'n Privaat Tersiêre (Hoër Onderwys) Instituut geregistreer, registrasiesertifikaat Nr. 1999/HE08/001

## 3. ARTIKEL 21 MAATSKAPPY

Die AP Akademie is volgens die eis van bogemelde Wet as 'n Artikel 21 Maatskappy geregistreer, registrasienommer 2002/031756/08. Volgens voorskrif van die Departement van Onderwys word die feit dat die Akademie 'n nie-winsgewende organisasie is, ná die naam van die instelling aangedui, nl. Die Afrikaanse Protestantse Akademie NWO.

## 4. REGSPERSOON

Die Raad van die AP Akademie is as regspersoon geregistreer.

## 5. SAMESTELLING VAN DIE RAAD

Die Statuut van die Raad bepaal dat die Raad soos volg saamgestel word:

5.1 Die Raad bestaan uit:

(1) Die Vise-kanselier of Rektor van die APA;

(2) Die Registrateur;

(3) Ander lede van die Raad tot die maksimum van sewentien (17) lede, bestaande uit die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| a. | **Benoemings** deur die AP Kerk | 7 |
| b. | **Benoemings** deur die APA wat saamgestel word uit: | |
| | **benoemings** deur die Senaat | 2 |
| | **benoeming** deur die Studenteraad | 1 |
| | **benoemings** deur die Konvokasie | 2 |
| c. | **Benoemings** van die APA Trustfondsraad (sien artikel 6.11) | 2 |
| d. | **Genomineerdes** uit die burgerlike samelewing tot die maksimum van drie. | 3 |

Die Dertiende Sinode het, wat die benoeming van die sewe lede van die AP Kerk aan betref, soos volg besluit: (HANDELINGE, bl. 271, pt. 5.1.2-5.2.2)

*5.1.2 Die Sinode besluit op 'n modus operandi vir die benoeming van die sewe lede en dít word aanbeveel dat dit soos volg sal geskied:*
*Vier lede word deur die Sinode benoem - afgevaardigde ouderlinge.*
*Twee lede word deur die Kuratorium benoem.*
*Een lid word deur die GKK benoem.*

*Die Sinode neem kennis van die volgende:*

*5.2.1 Die ampstermyn van die lede van die Raad is drie jaar vanaf die datum van konstituering van die Raad in Oktober/November na die aanwysing van die lede.*

*5.2.2 Die nuutsaamgestelde Raad word op die eerste gradeplegtigheid van die APA, na hulle verkiesing of aanwysing, amptelik ingestel.*

Die Vierde Raad is na die Dertiende Sinode sedert November 2010 soos volg saamgestel:
Prof. JAE Adendorff (Vise-kanselier en Rektor), ds. IP du Preez (Kanselier en namens die Kuratorium van die AP Kerk), mnr. LG Dreyer (AP Kerk), mnr. J Verdoes (Studenteraad), ds. JC Gericke (Konvokasie), ds. A. Hough (Konvokasie), prof. N Joubert (ICP), mnr. GJJ van Rensburg (Trustfondsraad), mnr. HR Lemmer (AP Kerk), prof. R Maré (Senaat), mnr. L Minnaar (GKK), mnr. DB Pretorius (AP Kerk), prof. SD Nel (Registrateur), prof. GDS Smit (Senaat), dr. TM Snyman (Kuratorium), Ds. A. Boshoff (Sekunduslid – Konvokasie), mnr. JH Venter (AP Kerk).

Die Raad van die AP Akademie het ses keer vergader; 24 November 2010, 17 Maart 2011, 20 Oktober 2011, 15 Maart 2012, 25 November 2012 en 14 Maart 2013.

'n Nuwe Raad sal ná die sinodesitting volgens die Statuut saamgestel word en die nuwe Raad sal ingestel word by die eersvolgende gradeplegtigheid.

## 6. KANSELIER

Op die eerste vergadering van die Vierde Raad is ds. IP du Preez as kanselier van die Raad aangewys vir 'n termyn van drie jaar. Tydens sy termyn het hy as kanselier alle vergaderings van die Raad gelei en tydens gradeplegtighede by die APA sowel as die ICP opgetree. Sy termyn verstryk aan die einde van 2013 of sodra die Raad konstitueer om 'n kanselier aan te wys. Hoewel 'n kanselier hoogstens vir nog een termyn gekies kan word (Statuut, bl. 20, pt. 1.7), bly dit die prerogatief van die Raad.

**AANBEVELING**

**6.1 Die Sinode betuig sy dank en waardering aan ds. IP du Preez vir sy ampstermyn van drie jaar as kanselier van die Raad van die Afrikaanse Protestanste Akademie.**

## 7. VISE-KANSELIER/REKTOR

Die rektor is *ex officio* vise-kanselier van die Raad. Op die Raadsvergadering van Junie 2008 is prof. JAE Adendorff as rektor vir die termyn van vyf jaar verkies met ingang vanaf 1 Januarie 2009. Op 'n Raadsvergadering van 14 Maart 2013, is prof. JAE Adendorff vir 'n tweede termyn as rektor en vise-kanselier aangewys soos bepaal word deur die Statuut (Statuut, bl. 21, pt. 2.9).

**AANBEVELINGS**

**7.1 Die Sinode spreek besonderlike dank uit teenoor prof. JAE Adendorff vir die werk as rektor en dosent aan die AP Akademie.**

**7.2 Die Sinode wens prof. JAE Adendorff geluk met sy aanwysing as rektor en vise-kanselier vir 'n volgende termyn van vyf jaar.**

## 8. DIE AP AKADEMIE (2011 – 2013)

### 8.1 FAKULTEITE EN PROGRAMME

Lettere en Wysbegeerte – BA, BPsig
Teologie – BTh

In 2011 is aansoek gedoen om die registrasie van die BDiv-graad in die fakulteit teologie. Die program is nie goedgekeur nie en die Senaat het na die Raad op Hoër Onderwys geappèlleer. Die appèl het ongelukkig nie geslaag nie.

Daar is egter intussen weer begin met die aansoek van die BDiv-graad wat 'n vierjarige kwalifikasie sal wees en waar studente vanaf die intreevlak met 'n professionele teologiese kwalifikasie besig sal wees. Daar is ook hulp aangevra in die persoon van prof. Dolf Britz van die Universiteit van die UOVS wat die programakkredidasie by die teologiese fakulteit hanteer het voordat hy by die Jonathan Edwards Teologiese Sentrum van die UOVS betrokke geraak het.

## 8.2 STUDENTEGETALLE

STUDENTE GETALLE (2011 – 2013)
- Kontak student (K)
- Afstand student (A)

| **2011** | | | **2012** | | | **2013** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **KURSUS** | **K** | **A** | **KURSUS** | **K** | **A** | **KURSUS** | **K** | **A** |
| BA 1 = 36 | 20 | 16 | BA 1 = 46 | 20 | 26 | BA 1 = 29 | 10 | 19 |
| BA 2 = 12 | 10 | 2 | BA 2 = 21 | 11 | 10 | BA 2 = 34 | 12 | 22 |
| BA 3 = 7 | 5 | 2 | BA 3 = 11 | 10 | 1 | BA 3 = 18 | 7 | 11 |
| **TOTAAL = 55** | **35** | **20** | **TOTAAL = 78** | **41** | **37** | **TOTAAL = 81** | **29** | **52** |
| | | | | | | | | |
| BTh 1 = 5 | 5 | | | | | BTh 1 = 6 | 6 | |
| BTh 2 = 8 | 8 | | BTh 2 = 5 | 5 | | | | |
| BTh 3 = 10 | 10 | | BTh 3 = 11<br>(1 is oorlede) | 11 | | BTh 3 = 6 | 6 | |
| **TOTAAL = 23** | **23** | | **TOTAAL = 16** | **16** | | **TOTAAL = 12** | **12** | |
| | | | | | | | | |
| **GROOTTOTAAL = 78** | | | **GROOTTOTAAL = 94** | | | **GROOTTOTAAL = 93** | | |

Propedeutiese studente:

| **2011** | **2012** | **2013** |
|---|---|---|
| **KURSUS** | **KURSUS** | **KURSUS** |
| BA 1 = 6 | BA 1 = 7 | BA 1 = 3 |
| BA 2 = 5 | BA 2 = 3 | BA 2 = 4 |
| BA 3 = 2 | BA 3 = 5 | BA 3 = 0 |
| **TOTAAL = 13** | **TOTAAL = 15** | **TOTAAL = 7** |

Vergelyking met vorige jare:

2005 – 37, waarvan l7 propedeutiese studente was.
2006 – 36, waarvan 19 propedeutiese studente was.
2007 – 40, waarvan 23 propedeutiese studente was.
2008 – 51, waarvan 20 propedeutiese studente was.
2009 – 47, waarvan 19 propedeutiese studente was.
2010 – 43, waarvan 21 propedeutiese studente was.

## 8.3 DEKANE

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte: Prof. GDS Smit.
Fakulteit Teologie: Prof. R Marè.

## 8.4 INSTITUUT VIR CHRISTELIKE SIELKUNDE

Die Instituut vir Christelike Psigologie (ICP) is deur die Onderwysdepartement as satellietkampus van die AP Akademie geregistreer met die reg om die graad B.Psig. toe te ken as synde ook by die Mediese Raad geregistreer, wat graduandi toelaat om as professionele beraders te registreer.

**AANBEVELINGS**

**8.4.1 Die Sinode neem kennis van die fakulteite sowel as die geregistreerde programme wat by die APA aangebied word.**

**8.4.2 Die Sinode neem met spyt kennis dat die aansoek om die BDiv-graad onsuksesvol was.**

**8.4.3 Die Sinode keur goed dat daar weer aangesoek gedoen word vir die vierjarige BDiv-program, om in lyn met teologiese opleiding van ander tersiêre instellings in Suid-Afrika te kom.**

**8.4.4 Die Sinode neem kennis van die aanwysing van proff. R Marè en GDS Smit as dekane van die fakulteite by die eerste Senaatsvergadering van 2013 en wens hulle geluk met hulle benoemings.**

**8.4.5 Die Sinode neem met dank kennis van die toename in getalle by die APA vanaf 2011 maar neem ook met kommer kennis dat die getalle in 2013 'n effense plato aantoon.**

**8.4.6 Die Sinode neem kennis van die groot toename in afstandstudente en dra dit aan die Raad op om gegewe die ekonomiese omstandighede wat in die land heers, die moontlikhede van afstandstudie verder uit te bou en selfs ook die moontlikheid te ondersoek dat 'n gedeelte van die teologiese opleiding ook deur afstandstudie gedoen kan word.**

**8.4.7 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die dalende getal teologiese studente vanaf die BA-jare, aangesien dit die beskikbaarheid van predikante in die AP kerkverband direk raak.**

## 9. OPVOEDKUNDE

Opvoedkunde as vak word aangebied sedert die BA–graad in 1999 geregistreer is. Studente voltooi 'n BA graad by die Akademie waarna hulle volgens ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria, 'n NGOS (Nagraadse Gevorderde Onderwyssertifikaat) kan verwerf. Dit is ook moontlik om 'n onderwyskwalifikasie by Unisa of die NWU te verwerf.

**By die Sinode van 2007 is oor 'n Fakulteit Opvoedkunde soos volg berig:**
*'n Voorgenome fakulteit onder aansoek, wat intussen bedryf word kragtens 'n ooreenkoms met NWU Potchefstroom-kampus, wat tydelik opgeskort is, terwyl NWU nuwe aanpassings aan hul opleiding doen. Die opleiding gaan voort.* Hierdie reëling kon as gevolg van 'n verskeidenheid van faktore nie realiseer nie.

Die nood in die onderwys het daartoe gelei dat die Raad op sy vergadering van 29 Oktober 2009 in beginsel besluit het dat, met inagneming van die finansiële implikasies, die registrasie van 'n eie onderwyskwalifikasie ondersoek moet word.

**Die Sinode van 2010 het ook besluit:**
*Die Sinode besluit dat die opleiding van onderwysers 'n saak van prioriteit is en versoek die Raad en die AP Akademie om deurlopend aandag aan die saak te gee en indien moontlik, 'n eie onderwyskwalifikasie te registreer.*

**Die Sinode 2010 het ook verder besluit:**
*Die Sinode doen 'n beroep op donateurs om die opleiding van onderwysers te steun met bydraes aan die AP Akademie Ondersteuningsfonds sodat 'n taakspan vir dié doel saamgestel kan word met verslag aan die volgende sinode.*

Aan die begin van 2012 is gesprekke gevoer tussen lede van die Raad, die Senaat, privaat indiwidue en professionele persone oor die registrasie van 'n eie onderwyskwalifikasie. Die Raad het toe ook 'n ruim skenking ontvang om die proses aan die gang te sit. Die Registrateur het ook op 'n besoek aan Dendron spesifiek fondse vir die projek geïn. Die ondersoek na watter soort kwalifikasie, die inhoud van die kwalifikasie en hoe dit aangebied kan word, het begin. Die aanvanklike loodskomitee het bestaan uit die Rektor, die Registrateur, die Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, prof. Cor Basson, dr. Izak Marais en Mev. Swanepoel (Dosent: Opvoedkunde).

Ná vele oorweging is besluit om aansoek te doen vir die NGOS (Nagraadse Gevorderde Onderwyssertifikaat) vir die heel senior onderwysfase. Iemand in die persoon van mnr. Hennie Momberg, wat ook by die registrasie van AROS in 'n stadium betrokke was, is ná goedkeuring deur die Raad op 'n kontrakbasis aangestel tot Februarie 2013 om die aanvanklike ondersoek te doen en die registrasieproses van stapel te stuur onder leiding van die dagbestuur van die Raad. In Januarie en Februarie 2013 is voor 'n nuwe probleem te staan gekom, nl. die spesifieke vakke, studiegidse en programkoördineerder wat die aansoek by die onderwysdepartement kan indien. Mnr. Riaan van Rooyen, onderwysman en voormalige adjunkhoof van die Dirk Postma Gereformeerde skool in Pretoria, is toe op 'n sesmaande-kontrakbasis aangestel vanuit die fondse om die program te finaliseer met alles wat daarmee gepaard gaan.

**AANBEVELINGS**

**9.1 Die Sinode neem kennis van die vordering wat gemaak is met die indiening van die aansoek om die NGOS by die APA en bid om die seën van die Here vir die projek.**

**9.2 Die Sinode neem kennis van alle betrokkenes by die projek tot op hede.**

**9.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor lidmate en veral die aanvanklike donateur, maar ook teenoor ander donateurs wat dié saak ondersteun het deur bydraes en voorbidding.**

**9.4 Die Sinode doen 'n beroep op lidmate en ander belangstellendes asook goedgesindes om die opleiding van onderwysers te steun met bydraes aan die AP Akademie Ondersteuningsfonds sodat indien die kwalifikasie goedgekeur word, daar onmiddellik met die aanbied van die program begin kan word soos deur die onderwysowerhede vereis word.**

## 10. TEOLOGIESE DEPARTEMENTE, CURRICULA EN PERSONEEL

| | | |
|---|---|---|
| Departement Ou Testament | **Prof. dr. JAE Adendorff**<br><br>BA, BD, DiplTeol, MTh, DTh (Diakoniologie) | Bybelse Hermeneutiek (1)<br>Bybelse Kanongeskiedenis (1)<br>OT Inleiding (3)<br>OT Teologie (3) |
| | **Prof. dr. GDS Smit** | OT Eksegese (3) |
| Departement Nuwe Testament | **Prof. dr. GDS Smit**<br><br>BA, BAHons, BTh, MA (Grieks), MA (Sem. Tale), DLitt (Antieke Tale) | NT Argeologie (3)<br>NT Eksegese (3)<br>NT Inleiding (3)<br>NT Tekskritiek (1) |
| | **Prof. JAE Adendorff** | NT Teologie (3) |
| Departement Dogmatologie | **Prof. dr. R Marè**<br><br>BCom, ThB, HOD, BEd, DTh (Kerkreg), DTh (Dogmatiek) | Apologetiek (1)<br>Christelike Etiek (3)<br>Dogmatiek (3)<br>Dogmageskiedenis (3)<br>Simboliek (2)<br>Sektekunde (1) |
| Departement Ekklesiologie | **Prof. dr. FAH van Staden**<br><br>BA, DiplTeol, BD, BA (SW), DD (Geskiedenis van die Christendom en Kerkreg) | Algemene Kerkgesk. (3)<br>(Sendinggeskiedenis)<br>Vaderlandse Kerkgesk. (3)<br>Ensiklopedie (½)<br>Ekumenika (½)<br>Kerkreg (3)<br>Kybernetiek (3) |

| | | |
|---|---|---|
| Departement Diakoniologie | **Prof. dr. J Bosman**<br><br>BA, BD,<br>ThM (Diakoniologie),<br>PhD (Diakoniologie) | Gemeentebou (3)<br>Homiletiek (3)<br>Homiletiek Prakties (3)<br>Kategetiek (2)<br>Praktiese werk (3)<br>Liturgiek (1) |
| | **Prof. dr. SD Nel**<br><br>BA, BAHons, BD, DiplTeol,<br><br>MA (Afrikaans), PhD | Gemeentebestuur en -administrasie (1)<br>Pastorale Psigologie (2)<br>Poimeniek (3) |
| Departement Missiologie | **Prof. dr. J Bosman**<br><br>BA, BD,<br>ThM (Diakoniologie),<br>PhD (Diakoniologie) | Fenomenologie (½)<br>Elenktiek (½)<br>Godsdiensgeskiedenis (1)<br>Sendingteorie (1 ½ )<br>Sendingmetodiek |

## 11. DUITS, KERKLATYN EN BDIV

Sinodes het sedert Kerkstigting verskeie besluite geneem oor Duits, Latyn, Kerklatyn en Afrikaans. Die toneel van teologiese opleiding in Suid-Afrika het die afgelope aantal jare drasties en dramaties verander. Teologiese opleiding aan die AP Akademie is tans nog op die patroon van twee grade wat ná mekaar aangebied word. Dit is reeds vermeld dat die APA aansoek moet doen vir 'n ander struktuur van teologiese opleiding wat met die aansoek van BDiv begin.

Die nuwe struktuur van BDiv sal uiteraard die besluite van vorige sinodes oor gemelde vakke raak, aangesien studente nie eers 'n driejarige BA en daarna 'n BTh. van drie jaar doen nie maar onmiddellik met teologiese studies in die vierjarige BDiv sal begin.

## 12. Beswaarskrif

Gegewe die BDiv-aansoek wat ingedien word, sal sekere besluite van die sinode oor gemelde vakke nie meer uitgevoer kan word nie. Dienooreenkomstig dien die Raad dus 'n beswaarskrif daaroor in:

Huidige bewoording:

- Die Sinode het in 1987 besluit: *Die volgende vakke is verpligtend: Grieks en Hebreeus minstens op tweedejaarsvlak, Latyn en 'n leeskennis van Duits…* (HANDELINGE 1987, bl. 52, pt. 2).

- Die Sinode besluit dat die besluit van die Sinode 1987, nl. dat Latyn of Latyn 1B 'n verpligte vak saam met Grieks II en Hebreeus II is vir admissiestudente en met 'n leeskennis van Duits, soos volg gewysig word:

*1. Dat Grieks II en Hebreeus II verpligtend is vir admissiestudente;*
*2. Dat student 'n keuse het om óf Latyn 1 (of 1B) óf Duits 1 vir die admissiestudie te neem;*
*3. Dat indien Latyn 1 of 1B wel as vak geneem word in plaas van Duits 1, 'n leeskennis van Duits steeds vereis word, dat oorweging geskenk word aan Afrikaans 1 as verpligte admissievak* (HANDELINGE 1989, bl. 414, pt. 39.9).

- In 1989 neem die Sinode ook die volgende besluit:
  *dat 'n lys opgestel word van Latynse woorde/uitdrukkings wat wel nog in een of ander teologiese vak gebruik mag word, met die Afrikaanse vertaling daarnaas, vir beskikbaarstelling aan studente wat nie Latyn kies nie…* (HANDELINGE 1989, bl. 414, pt. 12.2).

- Die Sinode 2010 neem die volgende besluit:

*Die Sinode besluit dat Kerklatyn saam met Grieks II en Hebreeus II verpligtend is vir admissiestudente. Studente moet sover moontlik aangemoedig word om Duits 1 en/of Afrikaans 1 as vak te neem* (HANDELINGE 2010, bl. 272, pt.19.1).

Voorgestelde bewoording:
*Die Sinode neem kennis van die veranderinge wat genoodsaak word met die aansoek van BDiv en versoek die Senaat van die APA om ondersoek te doen op welke wyse besluite van vorige sinodes i.v.m. Duits, Latyn en Afrikaans, met die nuwe graad versoen kan word, met verslag aan die volgende sinode.*

**AANBEVELINGS**

**12.1.1 Die Sinode keur die beswaarskrif goed.**

**12.1.2 Die Sinode neem kennis van die veranderinge wat genoodsaak word met die aansoek van BDiv en versoek die Senaat van die APA om ondersoek te doen op welke wyse besluite van vorige sinodes i.v.m. Duits, Latyn en Afrikaans, met die nuwe graad versoen kan word, met verslag aan die volgende sinode.**

**12.1.3 Die Sinode betuig sy dank en waardering aan teologiese student Andries Pieterse wat die basiese lys van Latynse terme opgestel het en aan dosente en studente beskikbaar gestel het.**

**12.1.4 Die Sinode keur goed dat die Raad, Kuratorium en die Senaat op 'n werkswyse besluit as die nuwe graad geïmplementeer word, sodat studente nadat hulle BDIv voltooi het, voor legitimasie en beroepbaarstelling steeds dieselfde vlak van teologiese opleiding as tans ontvang, al sou dit beteken dat aansoek gedoen moet word vir een of twee verdere kwalifikasies by die Onderwysdepartement.**

## 13. PRAKTIESE OPLEIDING

### 13.1 Homiletiek prakties:

**13.1.1 Klaspreke:** Elke week lewer een student in sy vierde, vyfde of sesde jaar 'n klaspreek wat deur die dosent in Diakoniologie asook sy medestudente beoordeel word. Preekstof kom uit die Ou of Nuwe Testament, asook die Belydenisskrifte.

**13.1.2 Kritiekpreek:** 'n Student in sy vyfde jaar lewer 'n preek in 'n plaaslike kerk wat deur die dosent in Diakoniologie asook twee medestudente beoordeel word.

**13.1.3 Proefpreek:** 'n Student in sy sesde jaar lewer 'n proefpreek in 'n plaaslike kerk onder leiding en toesig van 'n dosent, wat dit beoordeel en 'n akademiese punt daarvoor toeken. Twee kuratore woon ook die proefpreek by en beoordeel dit as deel van die kerklike eksamen.

**13.2 Pinksterbyeenkomste:** Al drie jaargange is verplig om jaarliks in 'n plaaslike kerk Pinksterdienste waar te neem soos gereël met plaaslike kerkrade en met die goedkeuring van en verslag aan die dosent in Diakoniologie.

### 13.3 Praktiese werk in 'n plaaslike kerk

Praktiese werk word in oorleg met die dosent in Diakoniologie gereël.

**13.3.1 Vierdejaarstudente** was tot 2008 verplig om tien dae per jaar allesinsluitende praktiese werk in 'n plaaslike kerk onder leiding van die plaaslike leraar te doen.

**13.3.2 Vyfdejaarstudente** was tot 2008 verplig om twee weke per jaar allesinsluitende praktiese werk in 'n plaaslike kerk onder leiding van die plaaslike leraar te doen.

**13.3.3 Sesdejaarstudente** was tot 2008 verplig om drie weke per jaar allesinsluitende praktiese werk in 'n plaaslike kerk onder leiding van die plaaslike leraar te doen.

Sesdejaarstudente kan alternatiewelik die voorgeskrewe praktiese werk in ’n gemeente met ’n vakante leraarspos onder leiding van die ouderlingraad doen.

Sedert 2009 het die tydperk van praktiese werk in die gemeentes verander en alle teologiese studente (vierde-, vyfde- en sesdejaarstudente), doen ongeveer vyf tot ses weke praktiese werk in gemeentes, afhangende van die akademiese kalender.

**13.3.4 Verslag:** Predikante en ouderlingrade moet skriftelik verslag van bg. praktiese werk aan die dosent in Diakoniologie doen sodat dit geëvalueer en met elke betrokke student behandel kan word. Hierdie verslae word in die studente se persoonlike lêers opgeneem wat aan die Kuratorium ter insae beskikbaar gestel word.

**13.4 Preek- en bedieningsvergunning:**
Aan die einde van 2012 het die Senaat die Kuratorium versoek om weer te kyk na die preekvergunning van die teologiese studente.

Op die vergadering van Januarie 2013 het die Kuratorium die volgende besluit geneem:

**13.4.1** Vierdejaarstudente (B.Th. 1) het nie preekvergunning nie. Dit word wel van B.Th. 1-studente verwag om tydens Pinkster prakties in ’n gemeente te doen. Vir die praktiese tydperk wat oor Pinkster val, word aan die studente die vergunning gegee om leespreke te gee. Hierdie praktiese werk moet onder toesig van ’n plaaslike leraar gedoen word.

**13.4.2** Vyfdejaarstudente (B.Th. 2) kry met ingang vanaf hulle vyfde jaar preekvergunning om leespreke te lewer. Hulle word ook toegelaat om praktiese werk, steeds onder toesig van ’n leraar te doen.

**13.4.3** Sesdejaarstudente (B.Th. 3) ontvang vergunning om ná suksesvolle voltooiing van hulle tweede jaar teologie hul eie preke te lewer. Hulle kan ook prakties doen in ’n gemeente wat vakant is.

**13.4.4** Studente in hulle vyfde en sesde jare kry ook die geleentheid om op ’n meer gereelde en vaster basis in gemeentes behulpsaam te wees met aspekte van die gemeentelike bediening. Hierdie hulp word in oorleg met die dosent in Diakoniologie gereël.

**13.5 Poimeniek prakties**
Studente in al drie jaargange moet op spontane basis betrokke wees by siekebesoek, hospitaalbearbeiding en ander pastorale aangeleenthede. Elke student in die eerste jaar handig jaarliks een verslag daaroor in, tweedejaarstudente handig twee verslae in en en derdejaarstudente handig jaarliks drie verslae by die dosent in vir opname in die student se persoonlike lêer. Die helfte van hierdie verslae moet besoeke by siekes in hospitale wees terwyl die ander helfte siekbesoekverslae van besoeke by siekes tuis kan wees.

**13.6 Verbondsonderrig**
Elke student moet ten minste ses maande as voorganger by verbondsonderrig betrokke wees. ’n Skriftelike verslag daaroor word by die dosent in Diakoniologie ingehandig vir opname in die student se persoonlike lêer.

**13.7 Gemeentebestuur en –administrasie**
Studente ontvang ook onderrig in gemeentelike bestuur en administrasie, wat finansiële en argivale sake insluit.

**AANBEVELINGS**

**13.8 Die Sinode neem met dank kennis van die gehalte studente wat by die Akademie opgelei word.**

**13.9 Die Sinode betuig, soos in die verlede, sy volle vertroue in die teologiese dosente, hulle suiwer Skrifbeskouing, hulle onderskrywing en handhawing van die Belydenisskrifte, hulle hoë teologiese kennis, die hoë standaard van gereformeerd teologiese opleiding wat hulle die teologiese studente bied en die gehalte student wat aan die kerkverband gelewer word as predikante.**

## 14. ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

**Registrateur:** Prof. SD Nel
**Persoonlike assistent vir die Rektor en Registrateur:** Mej. E Nicklbauer
**Sekretaresse-fakulteite en afstandstudente:** Mej. A van der Westhuizen
**Ontvangsdame:** Mev. E Bierman (tydelik-deeltyds) (Vastetermynkontrak)
**Bibliotekaresse:** Mev. E Adendorff (tydelik-deeltyds) (Vastetermynkontrak)
**Nutsman/Tuinier:** VM Coetzee (Mediese ongeskiktheid 30/04/13)

## 15. TERREIN EN GEBOUE

Ná uitbreiding aan die geboue van die APA teen 2005, het die Raad goedgekeur dat die APA ook die gebou in Kirknessstraat 423 van die GKK huur vanaf die begin 2012. Die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is sedert 2012 in die gebou gehuisves en die gebou in Farendenstraat 430 is hoofsaaklik as administratiewe kantoor en teologiese fakulteit gebruik.

## 16. VAKKE VIR GRAAD BA

| DOSENT | VAK | |
|---|---|---|
| Mev. H Basson | Latyn 1,2,3, Kerklatyn | Deeltyds |
| Dr. TA Coetzee | Geografie 1,2,3<br>Sosiologie 1,2,3 | Deeltyds |
| Mnr. AG du Toit | Rekenaartegnologie 1,2,3<br>Rekenaargeletterdheid | Deeltyds |
| Mej. A Griffiths | Wiskunde 1,2,3 | Deeltyds |
| Dr. AM Jacobs | Afrikaans 1,2,3<br>Duits Spes. Duits 1<br>Frans Spes. (Module 1)<br>Frans Spes. (Module 2)<br>Nederlands 1,2,3<br>Praktiese Afrikaans | Deeltyds |
| Prof. N Joubert (ICP) | Sielkunde 1,2,3<br>Sielkunde-statistiek (semesterkursus) | Deeltyds |
| Prof. R Marè | Bybelkunde 1,2,3<br>Christelike Berading 1,2,3 | Voltyds |
| Mev. P Marx | Engels 1,2,3 | Deeltyds |
| Prof. GDS Smit | Grieks 1,2,3<br>Hebreeus 1,2,3 | Voltyds |
| Mev. MA Swanepoel | Opvoedkunde 1,2,3 | Deeltyds |
| Dr. A Postuma | Geskiedenis 1,2,3 | Deeltyds |

## 17. ONDERRIGFOOIE

Die Raad het op aanbeveling van die Senaat die onderrigfooie van die Akademie vanaf Januarie 2013 soos volg verhoog:

BA: R 4 250 per vak vir eerste- en tweedejaarsvakke.
R 6 000 per vak vir derdejaarsvakke.

B.Th.: R10 800 per jaar.

## 18. SENTRUM VIR MISSIONALE KERKWEES

**18.1 Agtergrond**

Kerklike statistiek t.o.v. kerke met gereformeerde oortuigings skets ’n donker prentjie. Dalende lidmaatgetalle is aan die orde van die dag. Volgens sommige geleerdes se standpunt is die Afrikanervolk die volk wat op die oomblik die vinnigste versekulariseer – ’n mens sou ook kon sê verheidens. Dan is daar ook ’n groeiende aantal Christene wat van hulle kerke vervreemd geraak het oor teologiese dwalings, ens. en wat verkies om hulle Christenskap buite ’n kerk uit te leef.

Die AP kerkverband spring bg. tendense nie vry nie. Voeg daarby dat meer as 50% van die AP gemeentes ’n lidmaattal van minder as 100 lidmate het, en ons sien dat ons kerkverband voor ’n grootse roeping staan.

Die vraag is nou: Wie moet inisiatief en koersgewende leiding t.o.v. hierdie roeping neem? Die AP Akademie het ’n onontkombare verantwoordelikheid in hierdie verband. As navorsingsinstituut is dit die liggaam wat vir die kerkverband die Skrifgegewens aangaande hierdie saak moet blootlê, samelewingstendense moet uitwys en die pad na kerkvernuwing en kerkplanting moet karteer. Dat die kerkverband dit van die APA verwag, blyk uit die feit dat die SKK die Akademie by vorige geleenthede versoek het om navorsing oor die bediening aan kleiner gemeentes te doen.

In die lig van bg. roepingsdrang het die Senaat die vestiging van ’n sentrum vir missionale kerkwees binne die Departement Missiologie bespreek. Hierdie bespreking het plaasgevind in die lig van twee belangrike faktore:

- die feit dat ’n lidmaat onderneem het om vir die finansiering van so ’n sentrum verantwoordelikheid te aanvaar
- die feit dat een van die AP-predikante op die oomblik met verdere studie in die Missiologie besig is met kerkplanting as fokus.

Die doel van die Sentrum vir Missionale Kerkwees (SMK) is:

- Om navorsing te doen oor die oorblywende sending- en evangelisasietaak van die kerk en die navorsingsresultate tot beskikking van die AP Akademie en AP kerkverband te stel.
- Om bystand aan plaaslike kerke te bied in die proses van kerkvernuwing en/of kerkplanting.

Die SMK sal vir die finansiering van sy werksaamhede volledig op homself aangewese wees en word nie via die begroting van die AP Akademie onderhou nie. Indien daar nie genoegsame fondse vir die werksaamhede gevind kan word nie, ontbind die sentrum met geen finansiële verantwoordelikheid vir die Raad/AP Akademie nie.

Die Raad het op sy vergadering van November 2012 beginselgoedkeuring verleen dat die Sentrum tot stand gebring word op voorwaarde dat dit finansieel selfversorgend sal wees en nie finansiële verpligtinge vir die Raad/AP Akademie sal inhou nie.

**AANBEVELINGS**

**18.2 Die Sinode neem met dank kennis van die totstandkoming van die Sentrum vir Missionale Kerkwees (SMK).**

**18.3 Die Sinode wil lidmate bedank wat die inisiatief geneem het om by te dra vir die totstandkoming van die SMK.**

**18.4 Die Sinode neem kennis dat die Sentrum vir Missionale Kerkwees (SMK) homself as ’n navorsingsinstituut binne die Departement Missiologie gevestig het met ’n eie hoof om leiding te gee.**

**18.5 Die Sinode neem kennis dat die aanstelling van die hoof van die SMK, die normale aanstelling van personeel by die AP Akademie volg, soos in die Statuut bepaal word.**

**19. SKENKINGS EN FONDSE**

**AANBEVELINGS**

**19.1 Die Sinode neem kennis van die nougesette beheer en administrasie van die Raadsfondse en die totstandkoming van die APA Studentefonds, die APA Navorsingsfonds en die APA Ondersteuningsfonds.**

**19.2 Die Sinode besluit om sy dank te boekstaaf teenoor die donateurs vir hulle belangstelling in en spontane finansiële ondersteuning aan die Akademie (Bylae APA1).**

**19.3 Die Sinode doen ’n beroep op lidmate om voortdurend skenkings aan die Akademie te doen by wyse van erflatings, donasies en bemakings.**

## 20. JEUGTUISTE

Die Sinode van 2007 het besluit (HANDELINGE 2007, bl. 319, pt. 12.3.1) dat die Senaat die beheer van die Jeugtuiste oorneem. Daar is gevolg gegee aan dié besluit van die Sinode en aan die einde van 2009 het die Registrateur dit as deel van sy verpligtinge geneem. Die Eiendomskomitee van die GKK is steeds verantwoordelik vir die instandhouding van die gebou en die toerusting. Sedert die begin van 2012 het die GKK weer beheer geneem van die Jeugtuiste.

## 21. OOREENKOMS TUSSEN DIE SINODE (GKK EN KUR) EN DIE RAAD VAN DIE APA (Bylae GKK2, pt. 13)

## 22. GEOUDITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE

Die geouditeerde finansiële jaarstate van die AP Akademie vir die jaar 2012, met geouditeerde vergelykende syfers vir 2011 en 2010, asook die finansiële jaarstate van die Ontwikkelingstrust vir 2012, word as aparte bylae (Bylae APA2, APA2.1) bygevoeg.

## BEGROTING

Die begroting verskyn in Bylae APA3.

## 23. SLOT

Die AP Akademie bid die Sinode die seën van die Here toe op die sitting, werksaamhede en besluite.
Kanselier: Ds. IP du Preez; Vise-kanselier: Prof. JAE Adendorff; Registrateur: Prof. SD Nel.

BYLAE APA1

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
**Stand van Fondse vir die tydperk: 01/01/2010 tot 31/12/2012**

## 1. DIE APA STUDENTEFONDS

| | R |
|---|---|
| **Balans op 01.01.2010** | **508,426** |
| **Tel by:** | |
| **Skenkings deur:** | |
| Anonieme skenking | 42,000 |
| F Mentz | 1,000 |
| APK Gemeentes | 29,075 |
| Rente verdien op belegging | 155,382 |
| **Trek af:** | |
| Beurse uitbetaal - 2010 | (39,500) |
| Beurse uitbetaal - 2011 | (29,000) |
| Beurse uitbetaal - 2012 | (31,125) |
| **Balans op 31.12.2012** | **636,258** |

## 2. DIE APA NAVORSINGSFONDS

| | |
|---|---|
| **Balans op 01.01.2010** | **256,753** |
| **Tel by:** | |
| Rente verdien op belegging | 48,057 |
| Bydrae van Prof. FAH van Staden | 8,000 |
| **Trek af:** | |
| Navorsingsuitgawes | (2,250) |
| **Balans op 31.12.2012** | **310,560** |

## 3. DIE APA ONDERSTEUNINGSFONDS

| | |
|---|---|
| **Balans op 01.01.2010** | **2,096,310** |
| **Tel by:** | |
| **Skenkings deur:** | |
| Heymans/Koch | 20,000 |
| Euan Besigheids- en Fin. dienste | 7,500 |
| D Fick | 30,000 |
| APK Tweeling | 569,104 |
| Opus Belegging | 300,000 |
| AL 3 Boerdery | 25,000 |
| APK Gemeentes | 16,478 |
| Anoniem | 10,100 |
| Rente verdien op belegging | 429,324 |
| **Trek af:** | |
| Ontwikkelingsuitgawes | -50,180 |
| Aanwending vir 2010 tekort | -202,880 |
| **Balans op 31.12.2012** | **3,250,755** |

**BYLAE APA2**

# DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE NPC

Registration number: 2002/031756/08

Registered with the Department of Education as a private higher education institution under the Higher Education Act, 1997

**Registration Certificate No. 1999/HE08/001**

# ANNUAL FINANCIAL STATEMENTS - 2012

# FINANSIËLE STATE VIR - 2012

| INDEX | PAGE | INHOUD |
|---|---|---|
| Auditor's report | 2 - 3 | Ouditeursverslag |
| Director's report | 4 - 5 | Direkteursverslag |
| Approval of the annual financial statements | 6 | Goedkeuring van die finansiële state |
| Statement of Financial Position | 7 | Staat van Finansiële Posisie |
| Statement of Comprehensive Income | 8 | Staat van Omvattende Inkomste |
| Statement of changes in equity | 9 | Staat van ekwiteitsverandering |
| Statement of Cash Flow | 10 | Staat van Kontantvloei |
| Notes to the annual financial statements | 11-12 | Notas tot die finansiële state |

**BYLAE APA2**


# STRACHAN & CROUSE

GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA) / CHARTERED ACCOUNTANTS (SA)
GEREGISTREERDE OUDITEURE / REGISTERED AUDITORS

HARROGATE PARK G01
PRETORIUSSTRAAT 1237 PRETORIUS STREET HATFIELD PRETORIA
POSBUS / P O BOX 12701 HATFIELD 0028

TEL: +27 (0) 12 430 3420 FAKS / FAX: +27 (0) 12 430 3422 / 0866 878 676
www.strachancrouse.co.za E-POS / E-MAIL: info@strachancrouse.co.za


ONS VERW: 5/0052/0
OUR REF : ----------------------------

15 March 2013

INDEPENDENT AUDITOR'S REPORT

TO THE MEMBERS OF
**THE AFRIKAANS PROTESTANT ACADEMY NPC**

**Report on the financial statements**

We have audited the accompanying financial statements of THE AFRIKAANS PROTESTANT ACADEMY NPC, which comprise the directors' report, the balance sheet at 31 December 2012, and the income statement, statement of changes in equity and cash flow statement for the year then ended, and a summary of significant accounting policies and other explanatory notes as set out in pages 4 to 12.

*Directors' Responsibility for the Financial Statements*

The company's directors are responsible for the preparation and fair presentation of these financial statements in accordance with the International Financial Reporting Standards and in the manner required by the Companies Act of South Africa. This responsibility includes: designing, implementing and maintaining internal control relevant to the preparation and fair presentation of financial statements that are free of material misstatement, whether due to fraud or error; selecting and applying appropriate accounting policies; and making accounting estimates that are reasonable in the circumstances.

*Auditor's Responsibility*

Our responsibility is to express and opinion on these financial statements based on our audit. We conducted our audit in accordance with International Standards on Auditing. Those standards require that we comply with ethical requirements and plan and perform the audit to obtain reasonable assurance whether the financial statements are free from material misstatement.



VENNOTE / PARTNERS: D G STRACHAN, C CROUSE, D SNYMAN, G S MEIRING

**BYLAE APA2**

An audit involves performing procedures to obtain audit evidence about the amounts and disclosures in the financial statements. The procedures selected depend on the auditor's judgement, including the assessment of the risks of material misstatement of the financial statements, whether due to fraud or error. In making those risk assessments, the auditor considers internal control relevant to the entity's preparation and fair presentation of the financial statements in order to design audit procedures that are appropriate in the circumstances, but not for the purpose of expressing an opinion on the effectiveness of the entity's internal control. An audit also includes evaluating the appropriateness of accounting policies used and the reasonableness of accounting estimates made by management, as well as evaluating the overall presentation of the financial statements.

We believe that the audit evidence we have obtained is sufficient and appropriate to provide a basis for our audit opinion.

*Opinion*

In our opinion, the financial statements fairly present, in all material respects, the financial position of THE AFRIKAANS PROTESTANT ACADEMY NPC as of 31 December 2012 and of its financial performance and its cash flows for the year then ended in accordance with the International Financial Reporting Standards for Small and Medium Sized Entities and in the manner required by the Companies Act of South Africa.

*Going concern*

In accordance with paragraph 5(j) of the Manual for the registration of Private Higher Education Institutions, we report that, based on the going concern review performed as part of our audit, we concur with the directors' statement on the going concern status of the institution set out in their report.

In accordance with International Standards of Auditing, our going concern review was limited to information that relates to a minimum of six months following the date of the auditor's report or one year after the balance sheet date, whichever is the later. However, there can be no certainty as to the outcome of future events. Accordingly the financial statements and the auditor's report only reflect the position that could reasonably be foreseen at the time of our report.

*Obligation to students*

We hereby confirm that we have no reason to believe that this institution is not financially capable of satisfying its obligations to its students as contemplated in Section 53 (1) (a) of the Higher Education Act, 1997.

**STRACHAN & CROUSE**

Page 3

VENNOTE / PARTNERS: D G STRACHAN, C CROUSE, D SNYMAN, G S MEIRING

**BYLAE APA2**

# DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE NPC

Registration number: 2002/031756/08

Registered with the Department of Education as a private higher education institution under the Higher Education Act, 1997
**Registration Certificate No. 1999/HE08/001**

Farendenstraat 430
SUNNYSIDE
0002

Tel. (012) 344-3960/1/2
Faks. (012) 344-5480
E-pos: info@apa.ac.za
Webblad: www.apa.ac.za

Posbus 11488
HATFIELD
0028

**March 15, 2013**

## DIRECTOR'S REPORT

### 1. Directors and secretary

Please see the answers to questions 12 and 13 of the *Annual Report Form APX* 2004.

### 2. Principal activities/Nature of institution

The institution is a tertiary institution with the primary goal to train students to become ministers in the Afrikaans Protestant Church or to gain a BA degree in Christian Psychology. Some students, however, prefer to gain the normal BA degree and then enter into an occupation in one of several spheres, or to take up post graduate studies at another institution.

### 3. Director's responsibilities

The responsibilities of the directors are described in the Companies Act.

### 4. Going concern

The Afrikaanse Protestantse Akademie is a going concern. I confirm the statement in this regard, made by the auditor, Strachan & Crause Chartered Accountants (SA).

### 5. Operating results

I am thankful to our Lord that 8 students obtained the BA degree and 9 the B. Th. degree in 2012. Furthermore, the Afrikaans Protestant Church supplied the balancing finances for the Afrikaanse Protestantse Akademie. The academic work, as well as the administrative and financial tasks took it's normal course with excellent results.

### 6. Dividends

Not applicable.

**BYLAE APA2**

## 7. Review of operations

### Revenue

Revenue for the Afrikaanse Protestantse Akademie was obtained through class fees, subsidies from the Afrikaans Protestant Church from the Republic of South Africa and donations. The total revenue for the year 2012, amounted to R5 350 276, (2011: R4 671 215; 2010: R4 158 964). A growth of 14.50% in revenue, compared to 2011.

### Profit before tax

The Afrikaanse Protestantse Akademie is registered as an non profitable company under the Companies Act and has been exempt from company taxation for 2012 under the provision of Section 10 of the Income tax Act.

### Extraordinary items

There were no extraordinary items to report for the financial period.

## 8. Share capital

This is not applicable to the Afrikaanse Protestantse Akademie.

## 9. Post-balance-sheet events

None

## 10. Financial viability statement

I hereby confirm that I have no reason to believe that the Afrikaanse Protestantse Akademie is not financially capable of meeting its obligations to its students as contemplated in section 53(1)(a) of the Higher Education Act 1997, (Act No. 101 of 1997).

## 11. Statement of accounting policies

We have highly qualified personnel in our financial department. Through the years we had been satisfied that our finances are sound, our policies adequate, and our controls excellent.

.......................................

**Rev. IP du Preez**
**CHIEF EXECUTIVE OFFICER**

**BYLAE APA2**

# DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE NPC

REGISTRATION NUMBER 2002/031756/08

## ANNUAL FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED 31 DECEMBER 2012

### DIRECTORS RESPONSIBILITIES AND APPROVAL

The directors are required by the South African Companies Act to maintain adequate accounting records and are responsible for the content and the integrity of the financial statements and related financial information included in this report. It is their responsibility to ensure that the annual financial statements fairly present the state of affairs of the company as at the end of the financial year end and the results of its operations and cash flows for the period then ended, in conformity with the International Financial Reporting Statndards for Small and Meduim Sized Entities. The external auditors are engaged to express an independant opinion on the annual financial statements.

The annual financial statements are prepared in accordance with South African Statements of Generally Accepted Accounting Practice and are based upon appropriate accounting policies consistently applied and supported by reasonable and prudent judgements and estimates.

The directors acknowledge that they are ultimately responsible for the system of internal financial control established by the company and places considerable importance on maintaining a strong control environment. To enable the directors to meet their responsibilities, the board of directors sets standards for internal control aimed at reducing the risk of error or loss in a cost effective manner. The standards include the proper delegation of responsibilities within a clearly defined framework, effective accounting procedures and adequate segregation of duties to ensure an acceptable level of risk. These controls are monitored throughout the company and all employees are required to maintain the highest ethical standards in ensuring the company's business is conducted in a manner that in all reasonable circumstances is above reproach. The focus of risk management in the company is on identifying, assessing, managing and monitoring all known forms of risk across the company. While operating risk cannot be fully eliminated, the company endeavours to minimise it by ensuring that appropriate infrastructure, controls, systems and ethical behaviour are applied and managed within predetermined procedures and constraints.

The directors are of opinion, based on the information and explanations given by management, that the system of internal control provides reasonable assurance that the financial records may be relied on for the preparation of the annual financial statements. However, any system of internal financial control can provide only reasonable, and not absolute, assurance against material misstatement or loss.

The directors have reviewed the company's cash flow forecast for the year to 31 December 2013 and in the light of this and the current financial position, they are satisfied that the company has or has access to adequate resources to continue in operational existence for the foreseeable future.

**The Constitution of the Afrikaans Protestant Church guarantees in Article 10.9 financial subsidy to the Afrikaanse Protestantse Akademie.**

**The directors hereby confirm that they have no reason to believe that the Afrikaanse Protestantse Akademie is not financially capable of meeting its obligations to its students as contemplated in section 53(1)(a) of the Higher Education Act, 1997, (Act No. 101 of 1997).**

The external auditors are responsible for independently reviewing and reporting on the company's annual financial statements. The annual financial statements have been examined by the company's external auditors and their report is presented on pages 2 to 3.

The annual financial statements set out on pages 4 tot 13, which have been prepared on the going concern basis, were approved by the board of directors on the 14th March 2013 and were signed on its behalf by:

Rev. IP du Preez
Chairman

Prof. JAE Adendorff
Vice-chairman

6

**BYLAE APA2**

**DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE NPC**
REGISTRATION NUMBER 2002/031756/08

**STATEMENT OF FINANCIAL POSITION AS AT 31 DECEMBER 2012**
***STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP 31 DESEMBER 2012***

| | Notes/ Notas | 2012 R | 2011 R | 2010 R | |
|---|---|---|---|---|---|
| **ASSETS** | | | | | ***BATES*** |
| NON CURRENT ASSET | | | | | *NIE BEDRYFSBATES* |
| Loan account - AP Church | 2 | **4 211 381** | 3 446 886 | 2 626 719 | *Leningsrekening - AP Kerk* |
| OTHER ASSETS | | | | | *ANDER BATES* |
| Library Books | | **438 279** | 376 101 | 359 374 | *Biblioteekboeke* |
| CURRENT ASSETS | | | | | *BEDRYFSBATES* |
| Accounts Receivable | 3 | **145 648** | 99 331 | 116 554 | *Gelde ontvangbaar* |
| **TOTAL ASSETS** | | **4 795 309** | **3 922 318** | **3 102 647** | ***TOTALE BATES*** |
| **FUNDS AND LIABILITIES** | | | | | ***FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE*** |
| FUNDS | | | | | *FONDSE* |
| Accummulated fund | 4 | **471 023** | 92 867 | 35 153 | *Opgelope fonds* |
| Specific funds | 5 | **4 216 939** | 3 751 984 | 3 042 694 | *Spesifieke fondse* |
| Current liabilities | | **107 347** | 77 467 | 24 800 | *Bedryfslaste* |
| **TOTAL FUNDS AND LIABILITIES** | | **4 795 309** | **3 922 318** | **3 102 647** | ***TOTALE FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE*** |

**BYLAE APA2**

**DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE NPC**
REGISTRATION NUMBER 2002/031756/08

## STATEMENT OF COMPREHENSIVE INCOME FOR THE YEAR ENDED 31 DECEMBER 2012
## *STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2012*

| | 2012<br>R | 2011<br>R | 2010<br>R | |
|---|---|---|---|---|
| **INCOME** | **5 350 275** | **4 671 215** | **4 158 964** | ***INKOMSTE*** |
| Class and registration fees received | **975 975** | 784 687 | 783 250 | *Klasgeld en registrasiefooie* |
| Registration fees for sundry coarses | **-** | 9 791 | - | *Registrasiefooie vir diverse kursusse* |
| Gift from the APA Development Trust | **73 589** | 57 713 | 35 153 | *Skenking van die APA Ontwikkelingstrust* |
| Subsidy received - AP Church | **4 300 711** | 3 819 024 | 3 340 561 | *Subsidie ontvang - AP Kerk* |
| **EXPENDITURE** | **4 972 119** | 4 816 381 | 4 123 811 | ***UITGAWES*** |
| Remuneration : Lecturers - Fulltime | **2 783 391** | 2 609 196 | 2 392 006 | *Vergoeding: Dosente - Voltyds* |
| Remuneration : Lecturers - Part time | **326 814** | 275 500 | 267 461 | *Vergoeding: Dosente - Deeltyds* |
| Audit fees | **12 683** | 11 349 | 10 317 | *Ouditfooie* |
| Advertising expenses | **33 043** | 15 331 | 16 418 | *Reklame koste* |
| Bank charges | **5 468** | 4 105 | 3 694 | *Bankkoste* |
| Class fees written off | **-** | 59 150 | - | *Klasgelde afgeskryf* |
| Costs to present sundry coarses | **-** | 10 550 | - | *Koste vir aanbied van diverse kursusse* |
| Compensation fund contributions | **9 612** | 8 900 | 8 091 | *Vergoedingskommissarisheffing* |
| Insurance cost | **15 018** | 13 266 | 12 783 | *Versekeringsuitgawe* |
| Legal fees | **-** | 2 770 | - | *Regskoste* |
| Maintenance and security | **217 642** | 242 491 | 211 320 | *Instandhouding en sekuriteit* |
| Municipal costs | **37 770** | 33 810 | 27 869 | *Munisipale koste* |
| Refreshments | **5 723** | 4 935 | 7 114 | *Verversings* |
| Rent paid - Buildings | **120 000** | 120 000 | - | *Huur betaal - Geboue* |
| Registration fees | **200** | 2 000 | 12 000 | *Registrasiefooie* |
| Salaries : Administrative | **1 272 082** | 1 294 349 | 1 083 332 | *Salarisse - administrasie* |
| Stationery costs | **30 324** | 35 309 | 23 324 | *Skryfbehoeftes* |
| Subscription fees - Sabinet and other | **27 205** | 19 215 | - | *Ledegelde - Sabinet en ander* |
| Telephone costs | **46 237** | 40 428 | 38 081 | *Telefoonuitgawes* |
| Traveling expenses | **28 907** | 13 727 | 10 001 | *Reisuitgawes* |
| **SURPLUS / (SHORTAGE) BEFORE TRANSFERS** | **378 156** | **(145 166)** | **35 153** | ***SURPLUS / (TEKORT) VOOR OORDRAGTE*** |
| **Transfer to/(from) the AP Academy Relief fund** | **-** | 202 880 | - | ***Oordrag na/(van) APA Ondersteuningsfonds*** |
| **NET SURPLUS FOR THE YEAR AFTER TRANSFERS** | **378 156** | **57 714** | **35 153** | ***SURPLUS VIR DIE JAAR NA OORDRAGTE*** |

**BYLAE APA2**

**DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE NPC**
REGISTRATION NUMBER 2002/031756/08

## STATEMENT OF CHANGES IN EQUITY FOR THE YEAR ENDED 31 DECEMBER 2012
## *STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2012*

| | R | |
|---|---|---|
| Balance at the beginning of the year | 92 867 | *Balans aan die begin van die jaar* |
| Surplus/(shortage) for the year | 378 156 | *Surplus/(tekort) vir die jaar* |
| **Balance at the end of the year** | **471 023** | ***Balans aan die einde van die jaar*** |

# BYLAE APA2

**DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE NPC**
REGISTRATION NUMBER 2002/031756/08

## STATEMENT OF CASH FLOW FOR THE YEAR ENDED 31 DECEMBER 2012
## *STAAT VAN KONTANTVLOEI VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2012*

| | Note | 2012 R | 2011 R | 2010 R | |
|---|---|---|---|---|---|
| **CASH FROM OPERATING ACTIVITIES** | | **361 719** | **(75 277)** | **(32 228)** | ***KONTANT GEGENEREER UIT BEDRYFSAKSIES*** |
| Cash receipts by the AP Academy | | 5 303 957 | 4 688 438 | 4 094 458 | *Kontant ontvang van studente, AP Kerk en ander* |
| Cash paid by the AP Academy | | (4 942 238) | (4 763 715) | (4 126 686) | *Betalings deur AP Akademie* |
| Cash generated by operations | 1 | 361 719 | (75 277) | (32 228) | *Kontant gegenereer uit aktiwiteite* |
| **CASH APPLIED IN INVESTING ACTIVITIES** | | **(62 178)** | **(16 726)** | (359 375) | ***KONTANT AANGEWEND IN BELEGGINGSAKSIES*** |
| Increase in Library Books | | (62 178) | (16 726) | (359 374) | *Toename in Biblioteekboeke* |
| **CASH (TO)/FROM FINANCING ACTIVITIES** | | **(299 540)** | **92 003** | **391 603** | ***KONTANTVLOEI (NA)/VAN FINANSIERINGSAKSIES*** |
| Increase / (decrease) in loan granted, after setting off movement in Spesific funds | | (677 698) | 34 290 | 356 450 | *Toename / (Afname) in lening toegestaan, na verrekening van beweging in Spesifieke fondse* |
| Increase in accumulated fund | | 378 156 | 57 713 | 35 153 | *Toename in opgehoopte fonds* |
| **CASH AND CASH EQUIVALENTS at the end of the year** | | **1** | **-** | **-** | ***KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE aan die einde van die jaar*** |

**NOTE TO THE STATEMENT OF CASH FLOW** — ***NOTA TOT DIE STAAT VAN KONTANTVLOEI***

**1. RECONCILIATION OF NET SURPLUS TO CASH GENERATED BY OPERATIONS** — ***1. REKONSILIASIE VAN NETTO SURPLUS TOT KONTANT GEGENEREER DEUR AKTIWITEITE***

| | 2012 | 2011 | 2010 | |
|---|---|---|---|---|
| Net surplus / (deficit) before transfers | 378 156 | (145 167) | 35 153 | *Netto surplus / (tekort) voor oorplasings* |
| **OPERATING PROFIT BEFORE WORKING CAPITAL CHANGES** | 378 156 | (145 167) | 35 153 | ***BEDRYFSWINS VOOR VERANDERING IN BEDRYFSKAPITAAL*** |
| Working capital changes | (16 437) | 69 890 | (67 381) | *Verandering aan bedryfskapitaal* |
| Decrease / (Increase) in account receivables | (46 317) | 17 223 | (64 506) | *Verlaging / (Verhoging) in handelsdebiteure* |
| (Decrease) / Increase in current liabilities | 29 880 | 52 667 | (2 875) | *(Verlaging) / Verhoging in handelskrediteure* |
| **CASH GENERATED/ (USED) BY OPERATIONS** | **361 719** | **(75 277)** | **(32 228)** | ***KONTANT DEUR AKTIWITEITE GEGENEREER*** |

**DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE NPC**
REGISTRATION NUMBER 2002/031756/08

**BYLAE APA2**

**NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED 31 DECEMBER 2012**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2012**

## PRESENTATION OF ANNUAL FINANCIAL STATEMENTS

The annual financial statements have been prepared in accordance with the International Financial Reporting Standards for Small and Medium-sized Entities and the Companies Act of South Africa.
The annual financial statements have been prepared on the historical cost basis, except for the measurement of certain financial instruments at fair value and incorporate the principal accounting policies set out below.

*Die finansiële jaarstate is opgestel in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaarde vir klein- en medium grootte Ondernemings en die Maatskappye Wet van Suid Afrika.*
*Die finansiële jaarstate is voorberei volgens die historiese koste basis, met die uitsondering van die waardasie van sekere finansiële instrumente teen redelike waarde en die hoof rekeningkundige beleidspunte word hieronder aangedui.*

Financial instruments

Initial recognition

The company classifies financial instruments, or their component parts, on initial recognition as a financial asset, a financial liability or an equity instrument in accordance with the substance of the contractual arrangement.

Financial assets and liabilities are recognised on the company's statement of financial position when the company becomes party to the contractual provisions of the instrument.

Trade and other receivables

Trade receivables are measured at initial recognition at historical cost. Appropriate allowances for estimated irrecoverable amounts are recognised in profit or loss when there is objective evidence that the asset is impaired.

*Finansiële instrumente*

*Aanvangserkenning*

*Die maatskappy klassifiseer finansiële instrumente, of gedeeltes daarvan, met aanvang as 'n finansiële bate, 'n finansiële verpligting of 'n ekwiteitsinstrument in ooreenstemming met die bepalinge volgens die kontraktuele ooreenkoms. Finansiële bates en laste word in die staat van finansiële posisie erken wanneer die maatskappy verbind word tot die kontraktuele voorsienings van die instrument.*

*Handelsdebiteure en ander items ontvangbaar*

*Handelsdebiteure word gemeet by aanvang teen historiese koste. Voldoende voorsiening is gemaak vir bedrae wat onverhaalbaar blyk te wees teen die surplus en tekort rekening.*

**TAXATION**

No provision has been made for 2012 tax as the company has been exempt from company taxation under the provision of Section 10(1)(cN) of the Income Tax Act, (2011: R Nil)

***INKOMSTEBELASTING***

*Geen voorsiening word gemaak vir inkomstebelasting nie aangesien die maatskappy vrygestel is van inkomstebelasting ingevolge Afdeling 10(1)(cN) van die Inkomstebelasting wet, (2011: R Nul).*

**DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE NPC**
REGISTRATION NUMBER 2002/031756/08

**BYLAE APA2**

**NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED 31 DECEMBER 2012**

| | | 2012<br>R | 2011<br>R | 2010<br>R | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2 | **LOAN ACCOUNT:** | | | | **LENINGSREKENING:** |
| | **AFRIKAANS PROTESTANT CHURCH** | | | | **AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK** |
| | Balance at year end | **4 211 381** | **3 446 886** | **2 626 719** | Balans op jaareinde |
| | The funds for this claim against the Afrikaans Protestant Church are held as a special deposit in the General Fund of the Afrikaans Protestant Church. | | | | Die fondse vir hierdie eis teen die AP Kerk word gehou as 'n spesiale deposito in die Algemene Fonds van die AP Kerk. |
| 3 | **ACCOUNTS RECEIVABLE** | **145 648** | **99 331** | **116 554** | **HANDELSDEBITEURE** |
| | Class fees after provision for bad debts of R177 850, (2011:R118 700) | 77 820 | 41 618 | 74 854 | Klasgelde na voorsiening vir oninvorderbare klasgelde vanR 177 850, (2011:R118 700) |
| | Donation receivable | 67 828 | 57 713 | 41 700 | Skenking ontvangbaar |
| 4 | **EQUITY FUND** | | | | **EKWITEITSFONDS** |
| | Surplus at beginning of year | 92 867 | 35 153 | - | Surplus aan begin van jaar |
| | Surplus / (Shortage) for the period | 378 156 | 57 714 | 35 153 | Surplus vir die tydperk |
| | Accumulated surplus at end of year | 471 023 | **92 867** | **35 153** | Opgelope surplus einde van die jaar |
| 5 | **SPECIFIC FUNDS** | **4 216 939** | **3 751 984** | **3 042 694** | **SPESIFIEKE FONDSE** |
| 5.1 | **The AP Academy Research fund** | | | | **Die AP Akademie Navorsingsfonds** |
| | Balance at the beginning of the year | 293 451 | 271 388 | 256 753 | Balans aan die begin van die jaar |
| | Add: Receipts for the year | - | 8 000 | - | Tel by: Ontvangste vir die jaar |
| | Interest received | 17 109 | 14 063 | 16 885 | Rente ontvang |
| | Less: Payments for the year | - | - | (2 250) | Trek af: Uitbetalings |
| | **Balance at the end of the year** | **310 560** | **293 451** | **271 388** | Balans aan die einde van die jaar |
| 5.2 | **The AP Academy Relief fund** | | | | **AP Akademie Ondersteuningsfonds** |
| | Balance at beginning of the year | 2 849 462 | 2 233 252 | 2 096 311 | Balans aan die begin van die jaar |
| | Add: Interest received | 168 550 | 122 029 | 138 745 | Tel by: Rente ontvang |
